DIE TOEGANKLIKHEID VAN INTERNETBRONNE IN INLIGTINGVERSKAFFING AAN REGSGELEERDES

Tanya Feiertag
B.Bibl.

Verhandeling voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Bibliothecologiae in die Skool vir Kommunikasie en Inligtingstudies, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Mev. M.A. Buys

POTCHEFSTROOM
1999

DIE TOEGANKLIKHEID VAN INTERNETBRONNE IN INLIGTINGVERSKAFFING AAN REGSGELEERDES

T FEIERTAG

Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

INHOUDSOPGAWE

ABSTRACT

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEM- EN DOELSTELLINGS

1.1 Inleiding en probleemstelling 2

1.2 Doelstellings 5

1.3 Terreinafbakening 6

1.4 Sentrale teoretiese stellings 6

1.5 Metode van ondersoek 7

1.5.1 Navorsingsontwerp 7

1.5.2 Literatuurstudie 8

1.5.3 Data-insameling 8

1.5.3.1 Ondersoekgroep 8
1.5.3.2 Vraelys 8
1.5.3.3 Dataverwerking 9

1.6 Argumentasielyn en hoofstukindeling 9

HOOFSTUK 2

DIE REGSGELEERDE SE INLIGTINGSBEHOEFTES EN DIE REGSNAVORSINGSPROSES

2.1 Inleiding 11

2.2 Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis: 'n kort oorsig 11

2.2.1 Romeinse invloed 12

2.2.2 Hollandse invloed 13

2.2.3 Engelse invloed 14

2.2.4 Inheemse invloed 15

2.3 Die Suid-Afrikaanse regsgemeenskap 15

2.4 Suid-Afrikaanse regsbronne 16

2.4.1 Suid-Afrikaanse regsbronne: primêre bronne 18

2.4.1.1 Ou Outoriteite: Romeins-Hollandse geskrifte 19
2.4.1.2 Wetgewing 20
2.4.1.3 Regspraak 21
2.4.1.4 Gewoonte 21

2.4.2 Suid-Afrikaanse regsbronne: sekondêre bronne 22

2.4.2.1 Regshandboeke 23
2.4.2.2 Regstydskrifte 23
2.4.2.3 Navorsingsliteratuur 23
2.4.2.4 Naslaanbronne 24

2.5 Die toeganklikheid van regsinligting 24

2.6 Die regsnavorsingsproses 25

2.6.1 Belangrike aspekte tydens regsnavorsing 26

2.6.1.1 Gesaghebbendheid 27
2.6.1.2 Tydfaktor (currency) 27
2.6.1.3 Tydsbenutting 27
2.6.1.4 Regsgebied 27
2.6.1.5 Kontrole 28
2.6.1.6 Soekterme 28

2.6.2 Fases in die regsnavorsingsproses 28

FASE 1: Probleemstelling en identifisering van kernfeite en sleutelterme 29
FASE 2: Aanvanklike navorsing 30
FASE 3: Die integrasie van navorsing en analise 31
FASE 4: Intensiewe navorsing en analisering van hofuitsprake 32
FASE 5: Intensiewe inligtingsoektogte na tersaaklike wetgewing 32
FASE 6: Die kruiskontrolering van navorsing 33
FASE 7: Argumentasielyn 33
FASE 8: Die finale uitleg, analisering en verwoording van die navorsingsresultaat 34

2.7 Samevatting 34

HOOFSTUK 3

REGSINLIGTING OP DIE INTERNET

3.1 Inleiding 36

3.2 Die Internet as inligtingsbron 37

3.2.1 Die aard van die Internet 38

3.3 Inligtingherwinningsinstrumente van die Internet 39

3.3.1 Elektroniese pos (nuusgroepe) 39

3.3.2 Lêerversendingsprotokol 41

3.3.3 Gopher 41

3.3.4 Telnet 42

3.3.5 Wêreldwye Web 42

3.4 Inligtingsoektogte op die Internet 44

3.4.1 Web-onderwerpsgidse 44

3.4.2 Web-soekenjins 45

3.5 Regsinligting beskikbaar op die Internet 49

3.5.1 Akademiese instansies 50

3.5.2 Regerings 52

3.5.3 Organisasies en assosiasies 53

3.5.4 Regsfirmas 54

3.5.5 Regsuitgewers 55

3.6 Samevatting 56

HOOFSTUK 4

DIE GEBRUIK VAN INTERNETBRONNE TYDENS REGSNAVORSING

4.1 Inleiding 58

4.2 Vaardighede nodig vir die herwinning van inligting op die Internet 59

4.2.1 Opspoor van presiese inligting 59

4.2.2 Keuse van inligtingherwinningsinstrument 60

4.2.2.1 Algemene inligtingherwinningsinstrumente 60

4.2.2.2 Regsgespesialiseerde inligtingherwinningsinstrumente 60

4.2.3 Uitvoer van sleutelwoordsoektogte 61

4.2.3.1 Selekteer 'n geskikte soekenjin 63
4.2.3.2 Formuleer 'n paslike soekstelling 64
4.2.3.3 Beperk die soekgebied 65
4.2.3.4 Interpreteer die soekresultate 66

4.2.4 Rondblaai op die Internet 67

4.2.5 Samevatting 68

4.3 Kwaliteit van regsinligting op die Internet 68

4.3.1 Evaluering van regsinligting volgens spesifieke kriteria 69

4.3.1.1 Outoriteit 69
4.3.1.2 Akkuraatheid 70
4.3.1.3 Objektiwiteit 71
4.3.1.4 Resentheid en tydigheid 72
4.3.1.5 Inhoud en omvang 72
4.3.1.6 Funksionaliteit 73

4.3.2 Slotgedagte 75

4.4 Regsnavorsing met behulp van Internetbronne 76

4.4.1 Probleemstelling en identifisering van kernfeite en sleutelterme 76

4.4.2 Aanvanklike navorsing 77

4.4.3 Die integrasie van navorsing en analise 78

4.4.4 Intensiewe navorsing en analisering van hofuitsprake 78

4.4.5 Intensiewe inligtingsoektogte na tersaaklike wetgewing 79

4.4.6 Die kruiskontrolering van navorsing 80

4.5 Samevatting 80

HOOFSTUK 5

DIE ROL VAN DIE BIBLIOTEEK IN VERBETERDE TOEGANG TOT REGSINLIGTING OP DIE INTERNET

5.1 Inleiding 83

5.2 Benaderings ten opsigte van verbeterde toegang tot Internetbronne 84

5.2.1 Inligtingbestuur deur intranettegnologie 85

5.2.1.1 Die voordele wat intranettegnologie vir regsnavorsing inhou 85
5.2.1.2 Ekstranette en hibriede netwerke 86

5.2.2 Onderwerpsgidse as inligtingsopritte 87

5.2.2.1 Toegang deur middel van sleutelwoordsoekfasiliteite 87

5.3 Biblioteekkundige benaderings in die opbou van onderwerpsgidse 88

5.3.1 Kwaliteitbeheer deur middel van seleksie 89

5.3.2 Inligtingbeheer deur middel van bronbeskrywing 90

5.3.2.1 Die gebruik van standaardformate by bronbeskrywing: AACR2 en MARC 91
5.3.2.2 Die gebruik van metadatastandaarde 92

5.3.3 Ordening van inligting deur middel van klassifikasie 93

5.3.4 Inligtingherwinning en indeksering 96

5.3.4.1 Web-indekseringsprosesse 97
5.3.4.2 Moontlike oplossings vir Web-indekseringsprobleme 100

5.3.5 Die biblioteek se bydrae in tegniese aspekte soos mirroring en caching 101

5.3.6 Samevatting 101

5.4 Bestaande inligtingsopritte vir regsinligting op die Internet 102

5.4.1 Suid-Afrikaanse inligtingsopritte vir regsnavorsers 103

5.4.2 Internasionale inligtingsopritte vir regsnavorsers 104

5.5 Gevolgtrekking 105

HOOFSTUK 6

AFLEIDINGS, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding 107

6.2 Afleidings uit die bevindinge van die opname 107

6.3 Samevatting 110

6.3.1 Oriëntering 111

6.3.2 Regsnavorsers, regsinligtingsbronne en die regsnavorsingsproses 111

6.3.3 Regsinligting op die Internet 112

6.3.4 Die gebruik van Internetbronne in die regsnavorsingsproses 112

6.3.5 Die rol van die biblioteek in die toeganklikheid van Internetbronne 112

6.4 Gevolgtrekking 113

6.5 Aanbevelings 114

6.5.1 Verdere navorsing 115

6.6 Slotgedagte 116

AANHANGSELS

AANHANGSEL A1: WERKSWYSE VAN DIE KWALITATIEWE ONDERSOEK

A1.1 Ondersoekgroep 117

A1.2 Meetinstrument 118

A1.2.1 Die gebruik van 'n vraelys as meetinstrument 118
A1.2.2 Die voorlopige vraelys 119
A1.2.3 Die finale vraelys 120
A1.2.4 Beskrywing en uiteensetting van die vraelys 121

A1.3 Prosedure en ontledingstegnieke 124

AANHANGSEL A2: VRAELYS

A2.1 Begeleidende brief (soos aan Afrikaanssprekende deelnemers versend) 125

A2.2 Opvolgbrief (soos aan Engelssprekende deelnemers versend) 126

A2.3 Finale vraelys 127

AANHANGSEL A3: BEVINDINGE VAN DIE KWALITATIEWE ONDERSOEK

A3.1 Agtergrondinligting 130

A3.2 Die Internet as inligtingsbron 131

A3.3 Voorkeure ten opsigte van navorsingsmateriaal 133

A3.4 Regsinligting op die Internet 134

A3.5 Die waarde van inligting opgespoor tydens Internet-inligtingsoektogte 138

A3.5.1 Voordele van die Internet as 'n bron van inligting 139
A3.5.2 Nadele van die Internet as 'n bron van inligting 140
A3.5.3 Versoeke met betrekking tot die Internet as 'n bron van inligting 140
A3.5.4 Algemene opmerkings met betrekking tot die Internet as 'n bron van inligting 140

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Suid-Afrikaanse regsbronne 17
Figuur 2: Primêre bronne van die reg 19
Figuur 3: Sekondêre bronne van die reg 22

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Selekteer 'n soekenjin op grond van die inhoud van die soekenjin se databasis 63
Tabel 2: Formuleer 'n soekstelling deur die gebruik van korrekte soektaal 64
Tabel 3: Beperk die soekgebied na gelang van die spesifieke inligtingsnavraag 65
Tabel 4: Korrekte interpretasie van die soekresultate 66
Tabel 5: Meningsopname met betrekking tot die nut van Internettoegang 137

Dankbetuiging

BRONNELYS

ALFABETIESE URL-LYS

ABSTRACT

The accessibility of Internet resources in providing information to jurists

Keywords: INTERNET, ELECTRONIC LEGAL INFORMATION, JURISTS, INFORMATION RETRIEVAL SKILLS, LAW, LEGAL RESEARCH

Research problem

The information needed for any law related research problem ultimately must be found in the law as expressed in the primary sources *inter alia* in statutes and cases. In addition secondary sources, for example textbooks, law journals, digests, indexes, dictionaries, encyclopaedias and loose-leaf publications are used to provide citations to relevant statutes and cases. In the past jurists were bound to make use of the basically chronological publication of statutes and cases and secondary resources in library holdings which were mainly in printed format. Nowadays the Internet can be used as additional source of information to find federal and state cases, statutes and regulations of countries worldwide as well as various other legal and non-legal information commonly in demand by jurists. Expert witness information, public and company information as well as trademark and copyright information are some of the resources available to the legal profession on the Internet (Adkins, 1997a:2). The question is whether jurists are aware of this additional information source and whether they are skilled in search techniques in order to efficiently and effectively retrieve relevant documents.

According to Adkins (1997b:1) a problem most researchers face when using any new research tool is the "comfort factor". That is, researchers are comfortable using research tools with which they are familiar. It is very difficult to venture out of that mode, especially when computers and technology come into play. The Internet though, can be a boon in certain areas of the law and according to Bekker (1997:70) legal research is in some cases not completely done if the Internet was not used during the research.

Research procedures and methodology

A study of literature was done in order to determine the special skills legal researchers need when conducting legal research on the Internet. Steps in the legal research process were studied and the role of the library in the process of information retrieval, researched. Recent criteria for the rating of legal information on the Internet were identified and discussed. A qualitative study has been performed as to ascertain the state of awareness and the use of Internet resources by legal researchers. A questionnaire was used to investigate the information needs and research activities of a group of legal researchers at three South African academic institutions.

The aim of the study

This study is aimed at analysing the informational needs of jurists, in particular that of the academic legal researcher and to determine the information sources of law needed during the legal research process. To scout the existence of authoritative legal information on the Internet and if there is, to determine whether academic legal researchers are aware of the availability of Internet resources as additional information to be accessed and whether they dispose of the skills needed to retrieve the information. To further examine academic legal researchers' present use of the Internet and the extent to which it facilitates the research process as well as to determine whether the information retrieved from the Internet is considered of high quality and substance with regard to academic legal researchers' needs.

Conclusion

In conclusion the library's contribution in making Internet legal information more accessible was investigated in an attempt to answer to legal researchers' information needs. Though often described as the "information super highway", the Internet however, has a long way to go before it becomes an electronic replacement for the thousands of old cases and law review articles found in law libraries. As any sort of information can be made available *via* the Internet, organised knowledge could easily get damaged or lost in the vast amounts of other data (Floridi, 1996:51). Standardised methods of organising Internet resources and developing effective methods of information retrieval has become part of the task of the librarian as network navigator.

In the light of the core findings it is infered that legal researchers do to a certain extent need some of the information resources the Internet potentially holds, but that various problems are experienced during information retrieval. Using the Internet requires certain skills, for example the use of search engines, Web directories and ListServ lists in retrieving relevant information and the knowledge as to evaluating the relevance, authenticity and quality of the retrieved information. Consequently this study is an endeavour to emphasise the importance of information retrieval skills in order to assure the retrieval of accurate and relevant information and to make an appeal on libraries to further the use of the Internet by developing and implementing ways to make the Internet more accessible.

HOOFSTUK 1

Inleiding, probleem- en doelstellings

1.1 Inleiding en probleemstelling

In die 1960's het die idee ontstaan om 'n rekenaarnetwerk te ontwikkel wat die uitruil van inligting tussen twee of meer instansies sou vergemaklik (Pitter & Minato, 1996:2). Sedertdien het die inligtingstegnologie tot so 'n mate ontwikkel dat 'n wêreldwye rekenaarnetwerk van netwerke, naamlik die Internet, ontstaan het. Deur hierdie Internet word daar tans aan mense wat oor die nodige apparatuur en programmatuur beskik, toegang gebied tot inligting, onder meer wetenskaplike inligting in verskillende vakgebiede, wat voorheen nie onmiddelik of geredelik toeganklik sou wees nie of wat tradisioneel nooit gepubliseer sou word nie (Adkins, 1997b).

Soos wat die inligtingstegnologie ontwikkel, word onder andere die betekenis van die begrip inligtinggeletterdheid aangepas en uitgebrei om alle moontlike menslike vaardighede, kennis en vermoëns wat nodig is tydens die inligtingherwinningsproses, te omskryf. Samuel Johnson, bekende kritikus, digter en leksigraaf, het inligtinggeletterdheid in 1775 soos volg omskryf: "*Knowledge is of two kinds, we know a subject ourselves or we know where to find information upon it.*" (Boswell, 1949:1). Tans is dit steeds nodig om te weet watter inligting daar is en waar om dit te vind, maar die proses om relevante inligting te herwin, is dikwels meer gekompliseerd en vereis soms kennis en vaardighede wat voorheen nie ter sprake was nie. In die hedendaagse geoutomatiseerde elektroniese inligtingsomgewing waarin tegnologiese ontwikkeling gereeld tot verandering lei, is dit dus 'n uitdaging om nuttige en betroubare inligting op 'n effektiewe wyse te bekom.

Verandering het egter nie slegs op die inligtingsgebied plaasgevind nie, maar ook op talle ander gebiede, soos onder andere die regsgebied. In 'n verslag van die Organisasie van Suid-Afrikaanse Regsbiblioteke (OSAR), word met die wisseling van die Suid-Afrikaanse regering in 1994 gesê dat regstoepassing in die toekoms moontlik sal verander (OSALL, 1994:3). Hierdie verandering wat onder meer die Suid-Afrikaanse regstelsel en die inligtingsbronne wat benodig word vir aktiwiteite soos regstoepassing, regspraktyk en regsnavorsing raak, is reeds in 1991 deur regter Olivier (1991:5) voorspel. Olivier se voorspellings sluit onder andere die volgende aspekte in wat vir hierdie studie relevant is:

- regters en advokate sal 'n behoefte ontwikkel aan relevante inligting oor aspekte wat voorheen minder nagevors was;
- die tekort aan goeie naslaanwerke in die meeste regsbiblioteke sal aangespreek moet word;
- daar sal 'n gebrek aan inligtingsbronne oor menseregte ontstaan;
- en nuwe aspekte sal in die wet ontstaan waaroor daar nog nie inligting gepubliseer is nie.

Waar die Suid-Afrikaanse regstelsel hoofsaaklik op die Romeins-Hollandse en Engelse reg gebaseer is, hou die huidige wegbeweeg van die Engelse reg en konvensies as primêre bron van outoriteit volgens Olivier (1991:5) 'n groot uitdaging vir regsgeleerdes en regsbibliotekarisse in. Hofverslae van ook ander lande soos die VSA, Kanada, Australië, Indië en Duitsland, sal meer geredelik beskikbaar moet wees in die regsnavorsingsproses (OSALL, 1994:3). Omdat slegs sekere Suid-Afrikaanse regs- en ander biblioteke oor hierdie gepubliseerde bronne beskik, ontstaan die vraag of hierdie tipe inligting ook in ander tipes bronne en op ander maniere, byvoorbeeld elektronies, te vinde is.

Die inligting wat volgens Pickhard (1998a) en Russell (1989) benodig word by regsaktiwiteite soos wetstoepassing, regspraktyk en regsnavorsing, word gewoonlik in statute en hofverslae as primêre bronne gevind en verdere artikels wat aspekte van wetgewing omskryf in sekondêre bronne soos regstydskrifte, regshandboeke en ensiklopedieë. Tans is hierdie tipe inligting ook in elektroniese formaat beskikbaar en kan die Internet veral gebruik word om sekondêre bronne op te spoor waarin daar na primêre bronne verwys word. Die Internet kan deesdae ook gebruik word om verskillende lande se hofverslae, statute en regulasies op te spoor (Botluk, 1997b: ch3c1:1)*.

In die verlede was regsgeleerdes in hul inligtingsbehoeftes grootliks beperk gewees tot tradisioneel gepubliseerde inligting en bronne in die fisiese besit van die biblioteek, maar tans is groot hoeveelhede regs- en ander inligting elektronies beskikbaar, onder andere op die Internet. Waar dit byvoorbeeld 'n aspek van die wet soos konstitusionele hofbeslissings aangaan, wys Bekker (1997:70) daarop dat die uitspraak op dieselfde dag as wat die hofbeslissing gemaak is ook op die Internet beskikbaar is. Op grond hiervan is Bekker van mening dat navorsing op byvoorbeeld hierdie gebied in sommige gevalle onvoltooid sal wees indien die Internet nie geraadpleeg is nie.

Waar regsgeleerdes wat onder meer met regsnavorsing bemoeid is moontlik nuttig van die Internet as 'n bron van inligting gebruik sou kon maak, word die Internet egter volgens Cnossen en Smith (1997:1) en Botluk (1997b) nog nie optimaal en effektief deur regsgeleerdes benut nie. Die rede vir hierdie onderbenutting kan moontlik wees dat mense nie bewus is van die inligting nie of nie weet hoe om die inligting te herwin nie (Adkins, 1997a, 1997b & Floridi, 1996:51). Daarom is dit noodsaaklik dat die probleme wat in hierdie verband ondervind word, geïdentifiseer word en maniere om dit te verbeter of op te los, ontwikkel sal word.

**Hierdie bibliografiese verwysingstyl word gebruik om 'n meer presiese aanduiding te gee van die betrokke gedeelte van die Webdokument wat aangehaal word.*

Volgens Hults (1995:238) is die Internet grootliks 'n ongeorganiseerde bron van sowel bruikbare as onbeduidende of irrelevante inligting en daarom speel die inligtingsvaardighede van gebruikers 'n belangrike rol in die suksesvolle herwinning van inligting. Juis omdat dit moeilik is om relevante en gesaghebbende bronne op die Internet te bekom, is dit nodig dat Internetgebruikers oor spesiale vaardighede beskik. Cnossen en Smith (1997:1) meen daarom dat 'n uitgebreide mate van inligtinggeletterdheid, wat onder andere die bewustheid van beskikbare elektroniese inligting en gepaardgaande inligtingherwinningsvaardighede behels, ook belangrik in die regsnavorsingsproses is.

In die regsgemeenskap is die optimale benutting van inligtingsbronne 'n noodsaaklikheid vir funksionering in die praktyk en onontbeerlik in regsnavorsing. Volgens Russell (1989:18) was dit reeds in 1989 vir regsgeleerdes moeilik haalbaar om die groot hoeveelheid beskikbare regsinligting doeltreffend te benut en kan aanvaar word dat met die toenemende groei van inligting wat tans elektronies beskikbaar is, die situasie steeds bestaan en die probleem selfs groter geword het. Dit is egter deur Adkins (1997a, 1997b) en Botluk (1997b:ch3c1) bevind dat regsgeleerdes in 'n sekere mate konserwatief in die gebruik van elektroniese media is en dat 'n sekere ongemak ontstaan wanneer rekenaargebruik in regsnavorsing en regspraktyk ter sprake kom. Die probleem dat relevante inligting op die Internet verkrygbaar is, maar nie effektief opgespoor en benut word nie, behoort dus nagevors te word.

Die aanname dat tradisionele inligtingherwinningsvaardighede tans met elektroniese inligtingherwinningsvaardighede gekombineer sal moet word alvorens voldoende inligting vir regsnavorsingsdoeleindes opgespoor word, word deur onder andere Botluk (1997b) en Tyburski (1997c) gestaaf. Om intensief en volledig na te vors is die aanleer van bepaalde elektroniese inligtingherwinningsvaardighede vir byvoorbeeld die uitvoer van Internet-inligtingsoektogte nodig. Dit hou in dat 'n mate van elektroniese inligtinggeletterdheid in sekere omstandighede van regsnavorsers vereis word.

Voordat die vraag rakende inligtinggeletterdheid beskou kan word, is dit nodig om te bepaal watter tipe regsinligtingsbronne wat gewoonlik by regsgeleerdes in aanvraag is, daar op die Internet beskikbaar is en of regsgeleerdes bewus is van dié Internetbronne as addisionele navorsingsmateriaal. Probleemareas in hierdie verband wat deur regsgeleerdes ervaar word, moet daarom eerstens geïdentifiseer word. Nadat die problematiek van die Internet *per se* in aanmerking geneem is, kan die probleme wat daaruit voortvloei soos die toenemende vraag na gevorderde inligtingherwinningsvaardighede, aangespreek word. Faktore wat die toeganklikheid tot elektroniese inligting vertraag, steur of vernietig, belemmer navorsing, lei tot frustrasie en verkwis tyd en geld. Navorsing behoort daarom gedoen te word om sulke probleme sover moontlik te verwyder of te beperk.

Met hierdie probleme voorhande is 'n verdere aanname vir hierdie studie dat die biblioteek 'n belangrike rol in die inligtingontsluitingsprosesse van Internetbronne speel om daardeur ook in gebruikers se Internet-inligtingsbehoeftes te voorsien. Volgens Floridi (1996:51) sal die potensiële intellektuele kennissfeer wat deur die Internet geskep is slegs as 'n massa ongeordende inligting bly voortbestaan indien akademiese en kulturele instansies nie 'n mate van kwaliteitbeheer toepas nie. Die rol wat die bibliotekaris speel brei in hierdie lig uit van onder andere die konvensionele "*keeper of books*" tot dié van netwerknavigator. Floridi (1996:47-51) beskryf die funksie van die biblioteek, benewens ander take, soos volg:

- om konstante toegang tot resente elektroniese inligting te skep;
- om die kwaliteit en betroubaarheid van elektroniese inligting te evalueer;
- om wyses te ontwikkel om primêre, sekondêre en afgeleide of nabootsende inligting te beheer vir latere herwinning;
- en om ondersteuning te bied in die verbetering van navorsingsmetodes en soektegnieke op die Internet.

Volgens Dodd (1996:275) was biblioteke in 1996 nog in die aanvangstadium van die proses waartydens ontsluitingsmetodes en -standaarde vir Internetbronne ontwikkel word en Cover (1999) verskaf 'n lys van konferensies, seminare en werkswinkels wat aantoon dat hierdie prosedures tans steeds ontwikkel. Navorsing aangaande die effektiewe ontsluiting en suksesvolle herwinning van elektroniese inligting soos Internetbronne is ongetwyfeld tans noodsaaklik.

Uit die voorafgaande word die volgende navorsingsvrae gestel:

1. Wat is regsnavorsers se inligtingsbehoeftes en watter tipes inligting en inligtingsbronne benodig hulle in die regsnavorsingsproses?
2. Watter regsinligting is op die Internet beskikbaar; in watter mate is regsnavorsers bewus van hierdie inligting en watter vaardighede word benodig om dit op te spoor?
3. In watter mate kan Internetbronne die regsnavorsingsproses bevorder en is die kwaliteit van Internetregsinligting geskik vir navorsingsdoeleindes?
4. Watter bydrae kan die biblioteek lewer om regsinligting op die Internet meer toeganklik te maak?

1.2 Doelstellings

Die algemene doelstelling van hierdie navorsing is om die Internet as 'n addisionele bron van inligting met potensiële waarde vir die regsgemeenskap en in besonder die regsnavorser, te verken en beskryf.

Die spesifieke doelstellings vir hierdie studie kan soos volg gestel word:

1. Om regsnavorsers se inligtingsbehoeftes en die onderskeie regsinligtingsbronne en tipes inligting wat vir die navorsingsproses benodig word, te ontleed.
2. Om te bepaal watter regsinligting en regsinligtingsbronne op die Internet beskikbaar is en watter vaardighede regsnavorsers waarskynlik oor sal moet beskik om dit te kan opspoor.
3. Om die mate te bepaal waarin Internetbronne die regsnavorsingsproses moontlik kan bevorder en of die kwaliteit van Internetregsinligting voldoende is vir die navorsing.
4. Om vas te stel watter bydrae die biblioteek kan lewer om regsinligting op die Internet meer toeganklik te maak.

1.3 Terreinafbakening

Soos in die inleiding en probleemstelling genoem is (vergelyk 1.1), bied die Internet toegang tot elektroniese inligting in verskillende vakgebiede waarvan regsinligting slegs 'n gedeelte vorm. Vir die doeleindes van hierdie studie is die terrein soos volg afgebaken:

- Die inligtinggebruiker is vir hierdie studie beperk tot **regsgeleerdes**, en spesifiek **regsnavorsers** aan Suid-Afrikaanse universiteite.
- Die fokus is **elektroniese inligting** wat deur die **Internet** toeganklik gemaak word en in besonder die **Wêreldwye Web**. Omdat die situasie daagliks verander ten opsigte van die beskikbaarheid van Internetbronne, word hierdie navorsing onderneem op inligting wat in die tydperk **1998-1999** beskikbaar gestel is.
- Die stappe in die **regsnavorsingsproses** word afgebaken en in verband gebring met die gepaardgaande inligtingherwinningsvaardighede. Die perspektief in hierdie opsig is die wenslikheid vir regsnavorsers as Internetgebruikers om oor sekere basiese **elektroniese inligtingherwinningsvaardighede** te beskik.
- Waar dit hoofsaaklik handel oor die **toeganklikheid** van Internetregsinligting en die effektiewe **herwinning** van relevante Internetbronne vir gebruik deur regsnavorsers, word die rol wat die biblioteek speel, afgebaken tot doeltreffende **inligtingbeheer** en die toepassing van bestaande **ordeningsbenaderings** in 'n elektroniese inligtingsomgewing.

1.4 Sentrale teoretiese stellings

Die ontwikkeling van die inligtingstegnologie vereis nuwe inligtingsvaardighede van inligtinggebruikers. Waar sommige gebruikers die Internet as 'n goeie bron van inligting beskou, ervaar ander die gebruik van die Internet as 'n verkwisting van tyd. Die inligtinggebruiker wat elektronies inligtinggeletterd is, daarenteen, sal die potensiaal van die Internet as 'n addisionele bron van inligting na waarde kan evalueer en benut.

Met betrekking tot die genoemde doelstellings (vergelyk 1.2) word daar by die aanvang van hierdie studie die volgende basiese teoretiese stellings gemaak:

- Regsnavorsing word nie deur 'n standaardprosedure gekenmerk nie, maar 'n vereiste tydens die onderskeie fases van navorsing is dat **betroubare en relevante bronne** tydig opgespoor moet word. Waar regsnavorsers in die lokalisering van spesifieke bronne geïnteresseerd is, word die *suksesvolle herwinning van inligting* wat vir navorsing benodig word beïnvloed deur die *inligtingherwinningsvaardighede* waaroor regsnavorsers beskik.
- 'n Belangrike aspek tydens die regsnavorsingsproses is **doeltreffende toegang** tot akkurate inligting. Alhoewel die Internet verskeie inligtingherwinningsinstrumente bied, word irrelevante inligting tot 'n groot mate tydens Internetsoektogte opgespoor. Die mate waarin *bruikbare inligting* effektief aan regsnavorsers *toeganklik* gemaak word, word onder andere beïnvloed deur die mate waarin Internetbronne *beheer, georden en ontsluit* word.

1.5 Metode van ondersoek

Die ondersoek geskied volgens 'n navorsingsontwerp van verkennende en beskrywende aard en is hoofsaaklik gegrond op 'n uitgebreide studie van die tersaaklike literatuur, die raadpleging van kundiges en intensiewe praktiese verkenning van strategiese Internetbronne. Hiermee saam word verslag gedoen van die data wat met betrekking tot regsnavorsers se gebruik van die Internet ingesamel is. Vervolgens word die navorsingsmetodes wat gebruik is, kortliks uiteengesit.

1.5.1 Navorsingsontwerp

Verkennende en beskrywende navorsingsontwerpe word gebruik ten einde antwoorde op die navorsingsvrae te vind (vergelyk 1.1). Met 'n verkennende studie word 'n relatief onbekende terrein verken. Hoewel daar reeds navorsing met betrekking tot die toeganklikheid van elektroniese inligting gedoen is, is die studie aangaande die toeganklikheid van spesifiek regsinligting in 'n netwerkgebaseerde inligtingsomgewing in die lig van die agtergrondinligting (vergelyk 1.1) nie uitgeput nie.

Saam met die verkennende ontwerp word 'n beskrywende ontwerp gevolg met die doel om op 'n sistematiese wyse 'n, sover moontlik volledige beskrywing van die werklikhede te gee. Waar beskrywende navorsing met kwalitatiewe data werk (Leedy, 1997:156-158), is die beskrywende ontwerp vir hierdie studie gebaseer op die gebruik van 'n vraelys vir die verkryging van inligting. Met die gebruik van dié ontwerpe is navorsing meer gerig op die verkryging van insig en

verwerwing van begrip as op die insameling van akkurate, repliseerbare kwantitatiewe data (Slater, 1990:109-110).

1.5.2 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie behels die proses vanaf die heuristiese fase waar inligting opgespoor word, die hermeneutiese fase waarin die inligting verwerk word tot by die komposisionele fase waarin die navorsingsverslag geskryf word (Van der Walt, 1992:1). Wat die ondersoek na die toeganklikheid van Internetbronne aan regsnavorsers betref, is 'n literatuurstudie gedoen:

- om te bepaal wat regsnavorsers se inligtingsbehoeftes is en vas te stel watter tipes inligting en inligtingsbronne in die regsnavorsingsproses benodig word;
- om die Internet as 'n potensiële bron van regsinligting te verken en die vaardighede wat vir die suksesvolle opspoor van Internetbronne nodig is, te identifiseer;
- om die mate waarin die gebruik van Internetbronne die regsnavorsingsproses kan bevorder te ondersoek en die evalueringskriteria vir die kwaliteit en betroubaarheid van Internet-regsinligtingsbronne vas te stel;
- om die biblioteek se bydrae in die ontsluiting en toeganklikheid van Internetbronne te ondersoek.

1.5.3 Data-insameling

Met die oog op die doelstellings van die studie is inligting aangaande regsnavorsers se gebruik, voorkeure, vaardighede en evaluering van die Internet as 'n bron van inligting deur middel van 'n vraelys ingesamel. Daar is soos volg met die data-insameling te werk gegaan:

1.5.3.1 Die ondersoekgroep

Die ondersoekgroep bestaan uit persone wat beskryf kan word as regsnavorsers verbonde aan akademiese instansies of LL.D-studente aan die regsfakulteite van drie Suid-Afrikaanse universiteite. 'n Groep van 30 persone is geïdentifiseer waarvan 24 persone in totaal aan die ondersoek deelgeneem het (vergelyk A1.1).

1.5.3.2 Vraelys

Handleidings vir die wetenskaplike navolging van prosedures by die opname van data deur middel van 'n vraelys is gebruik (Leedy, 1997:191-199; Powell, 1991:86-104 & Slater, 1990:112-116). 'n Finale vraelys (vergelyk A1.2.3 en A2.3) met hoofsaaklik verkennende vrae en 'n aantal

kontingente- en matriks vrae is met die hulp van kundiges opgestel. Die vraelys is aan die geselekteerde deelnemers gestuur vir die insameling van data wat moontlik sal aandui:

- of regsnavorsers wat toegang tot die Internet het, dit gebruik as 'n bron van inligting vir navorsingsdoeleindes en of spesifieke tegnieke vir inligtingherwinning gebruik word;
- of regsnavorsers sekere voorkeure met betrekking tot navorsingsmateriaal het en of die behoefte na spesifieke tipes regsinligting in verskillende mates ondervind word;
- of regsnavorsers bewus is van die nasionale en internasionale regsinligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word en of dit nodig geag word dat die Internet daartoe toegang bied;
- of regsnavorsers die Internet beskou as 'n bron van inligting wat die navorsingsproses moontlik kan bevorder en of die kwaliteit van die inligting vir navorsing geskik is;
- en of die biblioteek 'n bydrae kan lewer in die toeganklikheid van die regsinligting op die Internet.

1.5.3.3 Dataverwerking

In die verwerking en interpretasie van die gegewens is die stappe wat volgens Finch (1990:132) in die analiseringsproses onderskei word, gevolg. Nadat die resultate van die opname per hand verwerk is, het 'n sistematiese ontleding gevolg waaruit gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak is.

1.6 Argumentasielyn en hoofstukindeling

Die situasie rondom die inligtingsbronne wat in regsnavorsers se inligtingsbehoeftes voorsien en die gebruik van die Internet as 'n bykomende bron van inligting is inleidend in die probleem- en doelstellings van hierdie studie bespreek. Om 'n begrip van regsnavorsers in Suid-Afrika se inligtingsbehoeftes te vorm word die Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis oorsigtelik in hoofstuk twee bespreek. Hieruit kan onder andere die vertakkinge van die regsprofessie en die onderskeie inligtingsbehoeftes van die verskillende lede van die regsgemeenskap asook die verskillende tipes regsinligtingsbronne en die wyse waarvolgens dit tydens die regsnavorsingsproses benut word, gekategoriseer word.

In hoofstuk drie word die Internet as 'n inligtingsbron en die instrumente wat vir die herwinning van Internetbronne gebruik kan word aan die hand van toepaslike literatuur en die Internet self, ondersoek. Om die aard en omvang van die gebruik van Internetbronne tydens regsnavorsing te verken, word die vaardighede wat nodig is vir die herwinning van relevante Internetbronne in hoofstuk vier geïdentifiseer. Waar Internetsoektogte dikwels lei tot die herwinning van irrelevante inligting word die kriteria vir die evaluering van Internetbronne soos wat dit in die

literatuurstudie aangetref word, beskou ten einde nuttige bronne op te spoor vir gebruik tydens die verskillende fases van die regsnavorsingsproses.

Hoofstuk vyf bied 'n analise van die rol wat die biblioteek moontlik ten opsigte van die toeganklikheid van regsinligting op die Internet kan speel. Verslag word in hoofstuk ses gedoen van die bevindinge van die opname en geïntegreer met perspektiewe waartoe in die voorafgaande hoofstukke gekom is. In 'n slotgedagte word 'n aantal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak wat moontlik ter bevordering van die toeganklikheid van die Internet aan regsgeleerdes aangewend kan word.

Waar daar deurgaans van belangrike Internet-adresse (URL's) in hierdie navorsingsverslag melding gemaak is, word dit vir verwysing in 'n alfabetiese lys aan die einde van die bronnelys verskaf.

HOOFSTUK 2

Die regsgeleerde se inligtingsbehoeftes en die regsnavorsingsproses

2.1 Inleiding

In 'n ondersoek na die inligtingsbehoeftes van regsgeleerdes en die regsnavorsingsproses is dit eerstens belangrik om 'n oorsig te kry oor die ontstaansgeskiedenis van die besondere regstelsel waarbinne daardie regsgeleerdes funksioneer. Hoe die reg in 'n spesifieke land ontwikkel het, beïnvloed die tipes ken- en ontstaansbronne van die reg van daardie land asook die wyse waarop dit deur regsgeleerdes gebruik word om die reg toe te pas. Daar word in hierdie hoofstuk oorsigtelik aandag gegee aan die bronne van die reg soos vanuit die perspektief van die regsgeleerde. Die doel van hierdie hoofstuk is om die tipes inligtingsbronne wat regsgeleerdes meestal vir inligtingdoeleindes gebruik, te beskryf. Die onderskeid in terminologie word deurgaans vanuit die konteks duidelik as óf vanuit 'n regsperspektief, byvoorbeeld "wetgewing is 'n primêre bron waaruit die reg ontstaan", óf vanuit 'n inligtingkundige perspektief, byvoorbeeld "gedrukte hofverslae is 'n primêre bron van regsinligting wat voorsien in die inligtingsbehoeftes van regsgeleerdes".

Ten einde die samestelling van die Suid-Afrikaanse reg en die ontwikkeling van regsnavorsing in Suid-Afrika te begryp, is dit nodig om kortliks aandag te skenk aan die oorsprong en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse regstelsel. Dit is verder ook nodig om regsgeleerdes te tipeer soos wat hulle binne die regsgemeenskap funksioneer. Hieruit kan daar vasgestel word wat die inligtingsbehoeftes is van verskillende tipes regsgeleerdes tydens regsnavorsing. Omdat regsgeleerdes so 'n diversiteit vorm, sal ook regsnavorsing baie variasies toon. Daar word gepoog om die basiese fases tydens regsnavorsing te identifiseer. Vanuit hierdie fases word die inligtingsbehoeftes van regsnavorsers duidelik en word die tipes inligtingsbronne wat in hierdie behoeftes voorsien telkens genoem.

2.2 Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis: 'n kort oorsig

Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse reg is besonder ryk en interessant omdat dit vele uiteenlopende en soms botsende fasette vertoon (Du Plessis & Du Plessis, 1995:68). Die oorheersende kenmerk is die "gemengdheid" of hibridiese aard van die Suid-Afrikaanse reg, want die Suid-Afrikaanse regstelsel stem in sommige opsigte ooreen met regstelsels in die Romeins-Germaanse regsfamilie en in ander opsigte met stelsels in die Anglo-Amerikaanse regsfamilie (Du Plessis & Du Plessis, 1995:68). Hierdie gemengdheid is histories verklaarbaar. In 1652 is 'n verversingstasie aan die Kaap gestig en daarmee saam het die Suid-Afrikaanse reg ontstaan deur die oorname van Europese en Engelse regsbeginsels (Pienaar, 1990:23). Sedertdien het

die Suid-Afrikaanse reg ontwikkel tot 'n regstelsel wat, vir die doeleindes van hierdie studie op 'n vereenvoudigde wyse verklaar kan word as 'n produk van drie strominge, naamlik Romeinse reg, Hollandse reg en Engelse reg (Burdzik, 1982:2). Daarby speel die inheemse reg van die verskeie swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika ook 'n rol in die ontwikkeling van die reg in Suid-Afrika (Kleyn & Viljoen, 1996:27).

Vervolgens word die faktore wat oor die algemeen beskou word as daardie faktore wat die Suid-Afrikaanse reg beïnvloed het, kortliks bespreek.

2.2.1 Romeinse invloed

Die ou Romeinse reg is hoofsaaklik die oorsprong van die Suid-Afrikaanse regstelsel en die reg wat amptelik in Suid-Afrika toegepas word, het die Romeins-Hollandse gemenereg as grondslag (Du Plessis & Du Plessis, 1995:16). Die Romeinse regstelsel het ontwikkel in die periode 753 vC tot 565 nC. Verskillende tydperke van die Romeinse beskawing se sosiale en maatskaplike omstandighede het die regsontwikkeling beïnvloed (Kleyn & Viljoen, 1996:31-32). Tydens die koningstydperk het sekere oorgelewerde gewoontes en godsdienstige reëls gegeld. Volgens hierdie beginsel het die gewoontereg ontwikkel wat vandag steeds geld. Met die Romeinse republiekwording het 'n nuwe staatstruktuur ontstaan, bestaande uit drie komponente: Konsuls as uitvoerende amptenare, die volksvergadering wat wette gemaak het en 'n adviserende liggaam of senaat.

In hierdie tyd is die wet vir die eerste keer op skrif gestel (gekodifiseer) en spesiale amptenare is aangestel om regsreëls neer te lê in verordeninge (edikte) wat dan uitgevaardig was. Juriste het tydens hierdie tydperk die reg as wetenskap begin bestudeer. In 27 vC het die Romeinse republiek oorgegaan in die keisertydperk waartydens keisers die funksie van die volksvergadering oorgeneem en keiserlike wette gemaak het. Die Romeinse Ryk het feitlik die hele Wes-Europa, dele van Brittanje asook gedeeltes van Klein Asië en Noord-Afrika beslaan. Die reg wat in hierdie tydperk beoefen was staan bekend as die "klassieke Romeinse reg" omdat die Romeinse beskawing in hierdie tydperk 'n hoogtepunt bereik het. Geskrifte van Romeinse juriste wat dateer uit dié tydperk word tans steeds in Suid-Afrikaanse howe gebruik (Du Plessis & Du Plessis, 1995:46).

Die Romeinse Ryk het egter aan die einde van die vierde eeu in twee dele verdeel. In die Oos-Romeinse ryk onder keiserskap van Justinianus het die *Corpus Iuris Civilis* ontstaan, 'n regswerk bestaande uit vier eenhede, naamlik: 'n leerboek vir regstudente, afsonderlike eenhede waarin die juriste se geskrifte en keiserlike wette saamgevat is asook 'n eenheid wat die nuwe wette van Justinianus insluit. Volgens Kleyn en Viljoen (1996:34) word hierdie regswerk steeds in Suid-Afrika deur regsgeleerdes as 'n regsbron, onder andere, geraadpleeg. Die Wes-Romeinse ryk is

in 476 nC deur die Germane met hul Germaanse regstelsel oorgeneem. Op hierdie wyse het die Romeinse en Germaanse regstelsels vermeng.

2.2.2 Hollandse invloed

Nadat die Germane die Wes-Romeinse ryk oorgeneem het, is daar in Wes-Europa volgens Germaanse en vereenvoudigde Romeinse reg geleef. Die Middeleeue is gekenmerk deur 'n spesifieke sosiale en ekonomiese bestel, naamlik die feodalisme of leenstelsel. Die feodale gemeenskappe het volgens Germaanse regsbeginsels geleef en die Romeinse reg het vir 'n tydperk van ongeveer ses eeue bykans geen rol gespeel nie. Eers aan die begin van die twaalfde eeu is die *Corpus Iuris Civilis* weer wetenskaplik bestudeer by die regskool van die glossatore in Italië (Kleyn & Viljoen, 1996:37). Hierdie regskool het spoedig ontwikkel tot die Universiteit van Bologna wat studente van die hele Wes-Europa en Engeland geskool het. Op hierdie wyse het die wetenskaplike inhoud van die *Corpus Iuris Civilis* versprei en het dit die karakter van 'n subsidiêre regstelsel in Wes-Europese lande soos die Nederlande, aangeneem. Hierdie vermenging van regstelsels wat in Wes-Europa plaasgevind het, word resepsie genoem (Kleyn & Viljoen, 1996:34).

In Wes-Europa is die Romeinse regstrukture ook verder uitgebou en ontwikkel deur die kanoniste of kerkregsgeleerdes van die Rooms-Katolieke kerk. Die Romeinse reg en Kanonieke reg het vermeng geraak en is die "geleerde reg" genoem. Hierdie "geleerde reg" is mettertyd deur die Germaanse regstelsels van Wes-Europa oorgeneem (Kleyn & Viljoen, 1996:40). Aan die einde van die veertiende eeu het die kommentatore as opvolgers van die glossatore, die oorname van die "geleerde reg" in die Germaanse regstelsels van Wes-Europa in so 'n mate bewerkstellig dat dit die geldende praktyksreg geword het (Kleyn & Viljoen, 1996:41). Die invloed van die Germaanse reg het stelselmatig verdwyn en teen die einde van die sestiende eeu was die Wes-Europese reg geromaniseer.

Die ou Nederlande was 'n gebied in Wes-Europa wat uit sewe provinsies bestaan het waarvan Holland een was (Kleyn & Viljoen, 1996:41). Die Nederlande het ook resepsie van die "geleerde reg" beleef; dit hou in dat die plaaslike Hollandse (Germaanse) gewoontereg oorgeneem is deur die Romeinse reg. Op hierdie wyse het die sogenaamde "Romeins-Hollandse reg" ontstaan. Met die begrip "Romeins-Hollandse reg" word dus bedoel die geldende praktyksreg van die destydse provinsie Holland gedurende ongeveer die sewentiende en agtiende eeue. Sedert 1652 met die koms van Jan van Riebeeck aan die Kaap, is hierdie Hollandse reg in die Kaap bekendgestel en uitgebrei en vorm dit die grondslag van die hedendaagse Suid-Afrikaanse reg (Van Zyl & Van der Vyver, 1982:329).

2.2.3 Engelse invloed

Behalwe vir die Romeins-Hollandse regsinvloede word die Suid-Afrikaanse regstelsel ook beïnvloed deur die Engelse reg. Die Engelse reg het die Suid-Afrikaanse reg beïnvloed deur veral wetgewing, maar ook deur middel van die regspraak (Du Plessis & Du Plessis, 1995:50-51). Volgens Pienaar (1990:29) is daar tydens die Britse besettings in 1795 en 1806 uitdruklik verklaar dat die reg aan die Kaap, naamlik die Romeins-Hollandse reg, as die geldende reg behou moes word. Dit het egter gebeur dat regsgeleerdes, geskool in die Engelse reg, die interpretasie en toepassing van die Romeins-Hollandse reg problematies gevind het. Die Britse goewerneurs het hulle daarom gehou aan regsbeginsels wat aan hulle meer bekend was soos die Engelse regstradisie van *stare decisis** (Pienaar, 1990:29). Op hierdie wyse is talle Engelse gebruike en tradisies oorgeneem en sekere grondbeginsels van die Engelse reg is ingevoer wat uiteindelik 'n invloed gehad het op die huidige Suid-Afrikaanse reg (Du Plessis & Du Plessis, 1995:52).

Ontevredenheid as gevolg van die Britse besetting het daartoe gelei dat die Trekkers in 1836 vanuit die Kaap na die binneland getrek het (Kleyn & Viljoen, 1996:44). So het die toepassing van die Romeins-Hollandse reg uitgebrei na die binneland van Suid-Afrika. Later is die binneland ook deur Brittanje geannekseer en teen 1910 het Suid-Afrika uit vier kolonies bestaan. Op 31 Mei 1910 het hierdie vier kolonies met die uniewording, verenig. Die Unie van Suid-Afrika het tot stand gekom deur 'n wet van die Britse parlement. Hierdie grondwet, die *Zuid-Afrika wet*, was baie sterk Engelsregtelik georiënteer (Du Plessis & Du Plessis, 1995:52-53).

Engelse regsinvloede het gelei tot verskillende strominge onder regsgeleerdes, soos onder andere die moderniste en puriste. Historiese gebeurtenisse en prosesse soos die rasse-skeidingsbeleid en apartheidswetgewing het die besondere aard van regsontwikkeling in die moderne Suid-Afrika beïnvloed. Met die inwerkingtrede van 'n oorgangsgrondwet op 27 April 1994 is 'n onherroeplik nuwe fase van regsontwikkeling in Suid-Afrika betree (Du Plessis & Du Plessis, 1995:64). Volgens Du Plessis en Du Plessis blyk dit dat die Romeins-Hollandse- en Engelsregtelike basis van die Suid-Afrikaanse reg waarskynlik nie met iets anders vervang sal word nie. Daar word wel veranderinge in die bestaande regstelsel meegebring deur byvoorbeeld die menseregtekonsep waaraan tans amptelike erkenning gegee word (Kleyn & Viljoen, 1996:47). Die volle uitwerking van die nuwe grondwet op die Suid-Afrikaanse regstelsel is op hierdie stadium egter nog nie ten volle bepaalbaar nie.

Stare decisis: *"...to abide by authorities or cases already adjudicated upon." (Wharton's, 1938:951). Vereenvoudigd beteken dit dat vorige hofbeslissings nagevolg moet word.*

2.2.4 Inheemse invloed

Reeds voor die koms van Jan van Riebeeck aan die Kaap was daar inheemse bevolkingsgroepe wat volgens hulle eie Afrika-gebonde regsreëls gelewe het (Kleyn & Viljoen, 1996:47). Daar word na hierdie regstelsels as inheemse reg verwys. Volgens Du Plessis en Du Plessis (1995:65) is die inheemse reg in 'n groot mate deur die Romeins-Hollandse en Engelse reg verdring en het dit 'n geringe rol in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse reg gespeel. Aanvanklik was die inheemse reg in Suid-Afrika nie amptelik erken nie. Sedert 1885 word inheemse reg in die Zuid-Afrikaanse Republiek erken in soverre dit gestrook het met die "erkende beskawingstandaarde", maar in die Oranje-Vrystaat was die inheemse reg nie erken nie. Na uniewording in 1910 was daar in 1927 'n eenvormige beleid vir die hele Suid-Afrika neergelê wat die toepassing van die inheemse reg amptelik erken het.

Die inheemse reg was as aanvullende reg net in uitsonderlike gevalle toegepas in Suid-Afrikaanse howe (Du Plessis & Du Plessis, 1995:67). Namate 'n nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika gestalte aangeneem het, is die status van die inheemse reg meer intens gedebatteer. Die inheemse reg word vandag deur Suid-Afrikaanse howe en howe van kapteins en hoofmanne in bepaalde omstandighede in gedinge tussen swartmense toegepas (Kleyn & Viljoen, 1996:48, Du Plessis, 1995:225). Gevolglik bestaan daar ook in hierdie verband 'n dualisme in die Suid-Afrikaanse regstelsel.

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat regsgeleerdes in hulle navorsing inligtingsbronne sal benodig wat hierdie verskeidenheid van invloede op die Suid-Afrikaanse reg sal verteenwoordig.

2.3 Die Suid-Afrikaanse regsgemeenskap

Tradisioneel word die vertakkinge van die regsprofessie beskou as die beroepe van regter, landdros, staatsaanklaer, prokureur, advokaat en regsakademikus (Du Plessis & Du Plessis, 1995:112). Lede van die regsgemeenskap kan volgens Russell (1989:15) in vier kategorieë gedeel word, naamlik:

- **Die regsprekers:** Regters, magistrate, voorsittende regsbeamptes, lede van die industriële howe en arbiters van die reg in hofsittingsituasies.
- **Die praktisyns:** Advokate en prokureurs, "*corporate lawyers*" en enige ander regsgekwalifiseerde persoon wat 'n beroep daarvan maak om die reg toe te pas in praktiese situasies.
- **Regsakademici:** Regsnavorsers, dosente aan regsskole en regsfakulteite van universiteite of ander akademiese instansies.
- **Regstudente:** Mense wat besig is om die reg te bestudeer alvorens 'n regskwalifikasie bekom kan word.

Meeste van die lede van die regsgemeenskap is regsnavorsers in die sin dat 'n regsnavorser 'n persoon is wat op 'n sistematiese wyse regs- en ander inligting inwin en samehangende gegewens interpreteer om met die resultate 'n regsprobleem of vraagstuk te verklaar of op te los (Du Plessis & Venter, 1990:2-3). Alhoewel alle regsgeleerdes die basiese regsinligtingsbronne benut, het nie alle regsgeleerdes dieselfde inligtingsbehoeftes nie omdat die doel waarmee navorsing gedoen word, verskil. So byvoorbeeld doen 'n advokaat regsnavorsing om soveel moontlik inligting in te samel sodat 'n kliënt van akkurate regsadvies voorsien kan word, 'n weldeurdagte regsmening skriftelik gegee kan word, of 'n kliënt in die hof verteenwoordig kan word (Davis, 1985:13). Regters doen regsnavorsing sodat hulle 'n regverdige regsuitspraak kan gee (Milton, 1991:8). Prokureurs doen regsnavorsing om soveel as moontlik relevante inligting so gou as moontlik in te samel sodat 'n betroubare "regsproduk", byvoorbeeld 'n kontrak, aan 'n kliënt gelewer kan word (Surrency, 1966:1).

In hierdie studie word daar gekonsentreer op die inligtingsbehoeftes van regsakademici en nagraadse regstudente as regsnavorsers. Volgens Russell (1989:17) is hierdie groep regsnavorsers persone wat daarna strewe om die kennisbasis van hul regsvakgebied te verbreed en het daarom in vergelyking met regspraktisyns, 'n groter behoefte aan uitgebreide bibliografiese inligting en 'n groot verskeidenheid literatuur. 'n Regsakademikus se navorsingsbenadering is dikwels internasionaal en interdissiplinêr. Die doel van regsnavorsing wat deur regsakademici gedoen word, is gewoonlik nie om na praktiese oplossings vir spesifieke regsprobleme te soek nie, maar eerder na konsepte of idees wat rigtinggewend mag wees in hul spesifieke regsvakgebiede (Russell, 1989:17-18). Dit bring sekere gevolge mee wat regsakademici se inligtingsbehoeftes betref soos dat regsakademici nie onder dieselfde tydsdruk verkeer as regspraktisyns nie en dat 'n regsakademikus se metodes waarop inligting opgespoor word mag verskil van dié van 'n regspraktisyn.

2.4 Suid-Afrikaanse regsbronne


Om vas te stel wat die inligtingsbehoeftes en navorsingsaktiwiteite van regsnavorsers behels, is dit eerstens nodig om te bepaal watter bronne daar in die reg bestaan vir regsnavorsers om te gebruik. Volgens Pienaar en Venter (1990:118) bestaan daar verskillende wyses waarop die kenbronne van die reg ingedeel kan word. 'n Breë raamwerk word daargestel wat die verskillende tipes regsbronne in twee kategorieë deel, naamlik die primêre en die sekondêre bronne van die reg (figuur 1). Elke kategorie word kortliks omskryf (vergelyk 2.4.1 en 2.4.2) sodat 'n begrip gevorm kan word van watter bronne primêr en watter sekondêr is en wat bedoel word met gesaghebbende of outoritêre bronne. Soos die terrein in hoofstuk een afgebaken is, is hierdie studie daarop gerig om regsnavorsers se inligtingsbehoeftes te ondersoek en die wyse waarop die regsnavorsingsproses verloop, vas te stel. Dit is daarom belangrik om daarop te wys

dat die sleutel tot goeie regsnavorsing daarin lê om die bronne waarin regsinligting voorkom, te ken en om te verstaan hoe die inligting daarin opgeneem is (Clinch, 1992:23).

Volgens Van Zyl en Van der Vyver (1984:272) kan die uitdrukking "bron" in die regskonteks verskillende betekenisse dra, soos blyk uit die volgende voorbeelde:

- Wanneer die woord "bron" in die sin: "*Wetgewing is 'n bron van reg*" gebruik word, word bedoel dat wetgewing 'n medium (bron) is waardeur die reg gepositiveer word. Die woord "bron" dra in hierdie sin die betekenis van ontstaansbron.
- In die sin: "*Die werke van die ou Romeins-Hollandse skrywers is bronne van die Romeins-Hollandse reg*", word met "bron" geskrifte bedoel waaruit die reg geken kan word en staan bekend as kenbronne.
- In die sin: "*Die Romeinse reg is 'n bron van die Suid-Afrikaanse reg*", word met "bron" historiese bron bedoel, oftewel dit waaruit die Suid-Afrikaanse reg histories ontwikkel het.
- In die sin: "*God is die bron van alle reg*", word met die woord bron die oorsprong (begin) in religieuse sin bedoel.

Vir die doel van hierdie studie word die eerste twee betekenisse van die woord "bron", naamlik ontstaansbron en kenbron, respektiewelik benut. Die term "regsbronne" word gebruik om beide ken- en ontstaansbronne in te sluit. Vanuit die konteks word dit duidelik of 'n ontstaansbron van die reg bedoel word, byvoorbeeld die gemenereg, en of die fisiese regsinligtingsbron ter sprake is, byvoorbeeld 'n hofverslag of regstydskrif. Daar word gekonsentreer op die ontstaans- en kenbronne van die reg omdat dit vanuit 'n biblioteekkundige perspektief, die inligtingdraers van die reg is. Suid-Afrikaanse regsbronne kan in twee kategorieë ingedeel word soos wat skematies in figuur 1 voorgestel word.



Figuur 1: Suid-Afrikaanse regsbronne

In die meeste Romeins-Germaanse regstelsels is die reg sistematies opgeteken (gekodifiseer) in 'n omvattende wetboek of kode wat as primêre ontstaans- en kenbron daarvan dien, maar die Suid-Afrikaanse reg is egter net soos die Engelse reg, grotendeels ongekodifiseerde gemenereg (Du Plessis & Du Plessis, 1995:72,201-202). Omdat Suid-Afrikaanse reg ongekodifiseer is, beïnvloed dit die vindbaarheid van die reg tydens die navorsingsproses (vergelyk 2.5).

Die regsprofessie genereer altyd nuwe inligting (Kloppers, 1991:117). Volgens Kloppers is die generering van nuwe regsinligting gekoppel aan bestaande regsinligting en daarom is die akkumulasie en bewaring van regsinligting 'n noodsaaklikheid. Die unieke groei en ontwikkeling van die reg impliseer dat juis die ou bronne steeds waardevol is en in gebruik sal bly solank as wat geregtigheid toegepas word (Blunt, 1980:12-13). Terselfdertyd is resente regsbronne vir die regsgeleerde onontbeerlik. Regsgeleerdes se belang lê dus by die inhoud van die ouer outoritêre bronne sowel as by die nuutste ontwikkelinge en veranderinge wat opgeteken word in die verskillende bronne van die reg soos wat vervolgens bespreek word.

2.4.1 Suid-Afrikaanse regsbronne: primêre bronne

Die Suid-Afrikaanse reg vind primêre gesag in wetgewing, regspraak en gewoonte en in die ou Romeins-Hollandse gesagsbronne (Russell, 1989:15). Volgens Clinch (1992:23) is primêre bronne gesaghebbende bronne terwyl sekondêre bronne kommentare is op die primêre bronne. Primêre bronne is daardie bronne wat bestaan uit die oorspronklike en outoritêre opgawes van die wet, naamlik wetgewing (wette of statute), of die regspraak (hofverslae of hofbeslissings), of die gewoonte, of die ou Romeinse regsbronne (Du Plessis & Du Plessis, 1995:201).


Die medium waardeur die reg tot gelding kom is deur regsbronne. Du Plessis en Du Plessis (1995:201,207) en Van Zyl en Van der Vyver (1982:288) gee die Suid-Afrikaanse indeling van hierdie media in twee kategorieë, soos volg weer:

- **Statute- of wettereg**: Statutereg as formeel geskrewe reg word opgeneem in die Suid-Afrikaanse statute en is die belangrikste wyse waarop staatlike reg tans in Suid-Afrika gevorm word.
- **Gemenereg**: Die gemenereg kom tot gelding in die regspraak soos opgeneem in die Suid-Afrikaanse hofverslae. Die Suid-Afrikaanse gemenereg word gevorm deur die reg wat deur gewoonte gevorm word, naamlik gewoontereg (insluitend Hollandse wetgewing wat in Suid-Afrika deur gewoonte geresipieer is) en die reg wat deur hofuitsprake gevorm word, naamlik presedentereg.

Volgens Pienaar en Venter (1990:119) en Du Plessis en Du Plessis (1995:207) is dit uit die bogenoemde indelingswyse duidelik dat die bronne van die Suid-Afrikaanse reg (hetsy ontstaansbronne, hetsy kenbronne) die volgende is (vergelyk figuur 2):

- ou outoriteite (Romeins-Hollandse gesag)
- wetgewing (statutereg)
- regspraak (presedentereg en gemenereg)
- gewoonte (moderne gewoontereg)

Hierby noem Du Plessis en Du Plessis (1995:213) dat Engelse regsbronne (Engelse hofsake) ook in sommige gevalle as gesagsbronne geraadpleeg kan word.



Figuur 2: Primêre bronne van die reg

In hierdie studie word na primêre bronne verwys as daardie "plekke" waar gesaghebbende regsinligting opgespoor kan word. Sommige van hierdie bronne is ook op die Internet beskikbaar en word later weer na verwys (vergelyk 3.5, 4.4 en 5.4). Vervolgens word elke tipe bron wat onder primêre bronne sorteer kortliks bespreek om daarmee aan te toon waar regsinligting opgespoor kan word.

2.4.1.1 Ou Outoriteite: Romeins-Hollandse geskrifte

Die opgetekende Romeinse reg bestaan uit die skrywes van bekende juriste soos Gaius, Paulus, Papinianus, Ulpianus, die praetor se edik of prosesprogram en die "Wet van die Twaalf Tafels" of volksvergaderingswette (Burdzik, 1982:2; Kleyn & Viljoen, 1996:31). Kodifikasie van hierdie groeiende hoeveelheid inligting het gekulmineer in die *Corpus Iuris Civilis* wat in 529-533nC saamgestel is en bestaan uit die volgende:

- *Codex Iustinianus* ('n Samevatting van die keiserlike wette)
- *Institutiones* (Gaius se Institute - 'n leerboek vir studente)
- *Digesta* of *Pandectae* ('n Kodifikasie van die Juristereg)
- *Novellae* (Nuwe keiserlike wette wat afgekondig is na die totstandkoming van die *Codex Iustinianus*)

(Burdzik, 1982:2; Du Plessis, 1995:24-25; Kleyn & Viljoen, 1996:34.)

Volgens Du Plessis en Du Plessis (1995:77) is die geskrifte van ou Romeins-Hollandse skrywers in beginsel net so gesaghebbend as hofbeslissings. Die Romeins-Hollandse reg van die sewentiende en agtiende eeu vorm die grondslag van die Suid-Afrikaanse gemenereg en daarom is dit moontlik om na regsgeskrifte uit daardie tydperk te verwys as gesag vir wat die regsposisie vandag in Suid-Afrika is (Du Plessis & Du Plessis, 1995:213). Daar word na hierdie regsgeskrifte verwys as ou outoriteite of ou bronne en dit word tans steeds in en deur Suid-Afrikaanse howe gebruik (Du Plessis & Du Plessis, 1995:46-47). Hierdie ou bronne kan in vier kategorieë gedeel word:

- Die geskrifte van ou skrywers, byvoorbeeld die verhandelinge van ou skrywers soos Hugo De Groot se *Inleidinge tot de Hollandsche Rechtsgeleertheyd.*
- Die uitsprake van Hollandse en Nederlandse howe, byvoorbeeld die regspraak van die Hoë Raad, versamel deur Van Bynkershoek in sy werk *Observationes Tumultuariae.*
- Die regsmenings van regsgeleerdes oor praktiese regskwessies, byvoorbeeld die opinies wat versamel is in die *Hollandsche Consultatien.*
- Wette wat in Holland en aangrensende Nederlandse provinsies gegeld het, byvoorbeeld die *Ewige Edik,* wat in 1540 uitgevaardig is deur Karel V.

(Du Plessis & Du Plessis, 1995:46-47; Van Zyl & Van der Vyver, 1982:329; Kleyn & Viljoen, 1996:42.)

2.4.1.2 Wetgewing

Wetgewing word verdeel in primêre of oorspronklike wetgewing en sekondêre of ondergeskikte wetgewing soos wat aangetoon word in figuur 2 (Clinch, 1992:23; Du Plessis & Du Plessis, 1995:202,203). Die doel van wetgewing is hoofsaaklik om aangeleenthede van 'n meer eietyds tegniese aard te reël of te wysig, dit te sistematiseer of konsolideer of om die gemenereg aan te vul op terreine waar dit ontoereikend is, waar daar onsekerheid bestaan of waar vernuwing nodig is (Du Plessis & Du Plessis, 1995:72). Ondergeskikte wetgewing is byvoorbeeld proklamasies wat uitgevaardig word deur die Staatspresident, regulasies wat uitgevaardig word deur ministers, sekere aangewese persone of statutêre liggame, die verordeninge van plaaslike besture asook die provinsiale proklamasies in die tydperk 1 Julie 1986 tot 27 April 1994 (Du Plessis & Du Plessis, 1995:203).

Die belangrikste kenbronne van Suid-Afrikaanse wetgewing is parlementswette, provinsiale ordonnansies en proklamasies, verordeninge van plaaslike owerhede, proklamasies en regulasies deur die Staatspresident en deur ministers (Pienaar & Venter, 1990:119-120). Tydens regsnavorsing word daar benewens wetgewing ook van wetsontwerpe as inligtingsbronne gebruik gemaak. 'n Wetsontwerp is 'n dokument wat 'n wet of gedeelte van 'n wet voorhou aan

die parlement of provinsiale wetgewers met die doel om 'n bestaande wet aan te pas of te verander. Dit is daarom belangrik om ook wetsontwerpe saam met wetgewing te gebruik vir enige wysigings of toevoegings tot 'n bestaande wet (Clinch, 1992:23).

2.4.1.3 Regspraak

'n Funksie van die hof is om die reg te spreek, met ander woorde howe is die instansies wat die reg daagliks moet toepas (Van Zyl & Van der Vyver, 1982:298). Die reg wat deur hofuitsprake gevorm word, is presedentereg (Du Plessis & Du Plessis, 1995:202). Regspraak word gerapporteer (gepubliseer) in die Suid-Afrikaanse hofverslae. 'n Hofverslag is 'n gedrukte weergawe van 'n regsgeding. Daarin word 'n opgaaf gegee van die feite van 'n hofsaak, die argumente van beide partye en die redes vir 'n hofbeslissing en die beslissing of uitspraak. Nie alle sake wat in howe beslis word, word gerapporteer nie. Daar is sekere faktore wat in ag geneem word voordat 'n hofsaak in 'n hofverslag opgeneem word, naamlik die feit dat 'n nuwe regspunt beslis is, dat dit 'n botsende uitspraak is, dat dit belangrike sosio-politieke implikasies het of dat 'n sterk minderheidsuitspraak gegee is (Kleyn & Viljoen, 1996:71). Hierdie faktore is belangrik vir regsnavorsers wat 'n sekere regsvraagstuk moet oplos en daarom is hofverslae as inligtingsbronne onontbeerlik tydens regsnavorsing.

Die funksie van die hof is nie om as wetgewer op te tree nie, maar tog vloei daar dikwels uit die nakoming van die hof se plig om reg te spreek, nuwe reg voort (Van Zyl & Van der Vyver, 1982:298). Nuwe reg wat so ontstaan geskied uit hoofde van die *stare decisis*-reël (Van Zyl & Van der Vyver, 1982:298, vergelyk ook 2.2.3). Hierdie reël is vanuit die Engelse reg in die Suid-Afrikaanse reg opgeneem deur die gewoonte (Pienaar, 1990:29; Van Zyl & Van der Vyver, 1982:298).

2.4.1.4 Gewoonte

Volgens Van Zyl en Van der Vyver (1982:293) is gewoonte 'n ontstaansbron van staatlike positiewe reg. Gewoonte as regsbron is meestal ongeskrewe reëls van die reg; dit is gebruike waarvolgens mense lewe wat tot so 'n mate ingeburger geraak het, dat dit as "die reg" beskou word (Kleyn & Viljoen, 1996:93). Die begrip "gewoonte" hou nie alle gewoontes, byvoorbeeld die nakoming van sekere beleefde gedragsreëls, in nie. Slegs sekere handelswyses wat oor 'n lang tydperk 'n bepaalde patroon aanneem kan, indien dit aan sekere vereistes voldoen, 'n regsnorm daarstel wat as gewoonte beskou word. Hierdie handelinge (gewoonte) word as 'n stilswyende wilsverklaring beskou, en die reg wat op hierdie wyse tot stand kom, is gewoontereg (Du Plessis & Du Plessis, 1995:205).

Die ontstaan van (regs)gewoonte kan op verskillende maniere vasgestel word: 'n regter kan geregtelike kennis neem van 'n algemeen bekende regsgewoonte; of vanuit vorige hofbeslissings blyk die bestaan van 'n gewoonte; of uit die afwesigheid van hofbeslissings kan afgelei word dat 'n bepaalde gewoonte nie meer bestaan nie; of die geskrifte van regsgeleerdes dien as kenbronne van 'n bepaalde regsgewoonte; of die getuies aangaande die bestaan van 'n bepaalde regsgewoonte word aangehoor (Van Zyl & Van der Vyver, 1982:298).


Hierdie bronne is bespreek ter illustrasie van die tipes primêre bronne waaraan regsnavorsers moontlik vir regsnavorsing 'n behoefte mag hê. Saam met die primêre bronne word ook sekondêre bronne onderskei soos vervolgens bespreek word.

2.4.2 Suid-Afrikaanse regsbronne: sekondêre bronne

Inligting wat tydens regsnavorsing benodig word, word soos hierbo gesien gewoonlik in wette en hofverslae as primêre regsinligtingsbronne gevind (Blunt, 1980:55). Omdat wette en hofverslae basies chronologies gepubliseer word, bemoeilik dit die direkte gebruik daarvan en is sekere hulpmiddele dikwels nodig om 'n begrip van byvoorbeeld spesifieke wetgewing te vorm (Pickhard, 1998a:1). Daar word na hierdie hulpmiddele verwys as sekondêre bronne (Blunt, 1980:55). Tydens regsnavorsing word dus ook ánder bronne behalwe primêre bronne gebruik, naamlik regstydskrifte, regshandboeke, naslaanbronne soos ensiklopedieë en woordeboeke asook navorsingsliteratuur byvoorbeeld regsproefskrifte. Hierdie bronne omskryf onder meer aspekte van wetgewing en word veral gebruik om verwysings na primêre bronne te vind (Pickhard, 1998a:1).

Volgens Blunt (1980:55) is daar 'n duidelik omskrewe onderskeid tussen primêre bronne en sekondêre bronne, naamlik dat sekondêre bronne in teenstelling met primêre bronne nie gesaghebbend is nie. Sekondêre bronne is nie gesaghebbend nie, omdat die reg nie in hierdie bronne ontstaan nie (Kleyn & Viljoen, 1996:96). Tog word sekondêre bronne wel tydens hofsake aangehaal en vervul sekondêre bronne 'n belangrike funksie in regsnavorsing (Blunt, 1980:55).

Daar word telkens in hierdie studie na sekondêre bronne verwys as daardie "plekke" waar niegesaghebbende regsinligting opgespoor kan word. Die Internet is 'n inligtingsbron wat 'n groot hoeveelheid sekondêre bronne beskikbaar stel (Pikowsky, 1999 & Pickard, 1998a). Daar word in hoofstuk drie in meer besonderhede na die Internet as inligtingsbron verwys.



Figuur 3: Sekondêre bronne van die reg

In figuur 3 is die verskillende sekondêre bronne skematies voorgestel om 'n beeld te vorm van die oorsigtelike indeling van sekondêre regsinligtingsbronne. Vervolgens word elke tipe kortliks bespreek om daarmee aan te toon watter inligtingsbronne gebruik kan word om in die inligtingsbehoeftes van regsgeleerdes te voorsien.

2.4.2.1 Regshandboeke

Die wet word in regshandboeke georganiseer en geanaliseer (Pickhard, 1998b:1). Volgens Van Zyl en Van der Vyver (1982:334) word die handboeke en ander geskrifte van moderne regsgeleerdes nie deur Suid-Afrikaanse howe as gesaghebbende uiteensettings van die Suid-Afrikaanse reg beskou nie. As sekondêre bronne is regshandboeke egter nuttige hulpmiddele in die opspoor van primêre bronne (Van Zyl & Van der Vyver, 1982:334). Die menings van moderne regsgeleerdes is onder andere waardevol in gevalle waar bestaande regsleemtes gevul moet word. Daarom is die gebruik van regshandboeke tydens die regsnavorsingsproses besonder belangrik.

2.4.2.2 Regstydskrifte

Blunt (1980:62) ag regstydskrifte as 'n effektiewe medium vir die verspreiding van regsinligting en opinies met die doel om regsgeleerdes daardeur op hoogte te hou van die aktualiteitsgebeure op hul onderskeie spesialiteitsgebiede. Vir navorsingsdoeleindes is dit essensieël om behálwe die inligting wat ouer bronne bied, ook die mees resente inligting te gebruik. Regstydskrifte bevat resente inligting omdat dit publikasies is wat gewoonlik met kort tussenposes op 'n gereelde basis verskyn (Sidorko, 1998:7). Dit is belangrik om regstydskrifte tydens regsnavorsing te gebruik omdat die inligting wat in primêre bronne opgeneem is in regstydskrifte opgesom, geanaliseer, bespreek en gekritiseer word (Cuffe, 1997).

2.4.2.3 Navorsingsliteratuur

Onder navorsingsliteratuur sorteer die gepubliseerde navorsingsresultate (dit sluit in: proefskrifte en navorsingsresultate soos wat onder meer in tydskrifartikelvorm gepubliseer word en variasies soos bronne- en vonnisbundels) van regsgeleerdes sowel as ongepubliseerde navorsingsverslae wat weens die vertroulike aard daarvan nie gepubliseer mag word nie (Van der Walt & Venter, 1990:303). Anders as in die geval van die geskrifte van ou Romeinse skrywers soos Gaius en Papinianus en die verhandelinge van skrywers soos Hugo de Groot wat dateer uit die Romeins-Hollandse tydperk (vergelyk 2.4.1.1), word die geskrifte van moderne regsgeleerdes nie deur

Suid-Afrikaanse howe as gesaghebbende uiteensettings van die Suid-Afrikaanse reg beskou nie (Van Zyl & Van der Vyver, 1984:334). Tog is navorsingsliteratuur, byvoorbeeld die proefskrifte van nagraadse regstudente, in werklikheid belangrike sekondêre kenbronne van die Suid-Afrikaanse reg, want die navorsing wat deur moderne regsgeleerdes gedoen word brei die bestaande kennisbasis van 'n spesifieke regsgebied uit en identifiseer regsleemtes wat verdere navorsing aktiveer.

2.4.2.4 Naslaanbronne

Volgens Blunt (1980:62) gebruik regsgeleerdes verskeie naslaanbronne tydens regsnavorsing, byvoorbeeld regsensiklopedieë en -woordeboeke, tydskrifindekse, samevattings van hofbeslissings (*digests*) en ander gidse tot regsinligting, algemene en spesiale regsbibliografieë, gepubliseerde biblioteekkatalogusse en indekse. Ensiklopedieë word gebruik om 'n algemene oorsig oor 'n onderwerp te kry wanneer daar geen bespreking van die onderwerp in regshandboeke of in ander sekondêre bronne gevind kan word nie (Pickhard, 1998b:1). Regsnavorsers maak gewoonlik van 'n samevatting van 'n hofbeslissing gebruik om vas te stel of spesifieke hofbeslissings verband hou met die regsprobleem wat nagevors word, maar hierdie bronne is slegs naslaanbronne en kan nie as plaasvervangend vir hofverslae gebruik word nie (Pickhard, 1998b:2).

Regsindekse en bibliografieë is ook belangrike naslaanbronne. Nie alle regsgebiede beskik oor regsindekse en bibliografieë nie, maar waar sulke bronne wel bestaan is dit 'n effektiewe manier om tydskrifartikels en verwysings na primêre bronne op te spoor (Pickhard, 1998b:2). Die klassifikasieskemas van indekse lei die regsnavorser om ook ander relevante hofverslae op te spoor, terwyl die gebruik van bibliografieë tot spesifieke regsgebiede die regsnavorser help om te kontroleer of alle verbandhoudende regsaspekte in aanmerking geneem is (Pickhard, 1998b:5).

Na bogenoemde uiteensetting van regsbronne, kom 'n belangrike vraag na vore, naamlik of regsnavorsers maklike en onbelemmerde toegang het tot dié bronne wat vir navorsing benodig word en of dit geredelik vindbaar is.

2.5 Die toeganklikheid van regsinligting

Die toeganklikheid van regsinligting is belangrik omdat die antwoord op 'n regsvraag dikwels in een of meerdere van verskeie tipes regsbronne opgesluit kan wees (Van Zyl & Van der Vyver, 1984:234). Uitgebreide navorsing is dus nodig om die antwoord op 'n bepaalde regsvraag te vind en vereis van die navorser sekere heuristiese vaardighede (Van der Walt, 1992:14). Die WAT (1961:239) omskryf heuristiek as "...die kuns om te vind...". Toegepas in konteks van hierdie

studie behels dit die vaardighede wat 'n regsnavorser benodig om regsinligting op te spoor. Du Plessis en Du Plessis (1995:73) wys egter op verskeie faktore wat die toeganklikheid van regsinligting bemoeilik. Regsreëls en regsbeginsels kom byvoorbeeld verspreid voor in hofsake en daar bestaan nie altyd eenstemmigheid oor die wyse waarop die ou Romeins-Hollandse gesagsbronne geraadpleeg behoort te word nie. Omdat die Engelse reg 'n ongekodifiseerde regstelsel is, is die verwysing na Engelse regspraak as gesagsbron ook problematies en word die vindbaarheid van regsinligting in 'n mate daardeur belemmer (Du Plessis & Du Plessis, 1995:73).

Die toeganklikheid van regsinligting word verhoog deur die kodifikasie van 'n regstelsel. Deur kodifikasie word 'n regstelsel omvattend gesistematiseer soos in die geval van die *Corpus Iuris Civilis* (vergelyk 2.4.1.1) wat die Romeinse reg in sy geheel gekodifiseer het (Kleyn & Viljoen, 1996:33). Die Suid-Afrikaanse regstelsel is egter soos die Engelse (vergelyk 2.4) en Amerikaanse regstelsels, 'n ongekodifiseerde regstelsel (Van Zyl & Van der Vyver, 1982:229). Dit beteken dat daar vir die Suid-Afrikaanse reg nie slegs 'n enkele kode bestaan waar regsinligting gevind kan word nie, maar meerdere bronne soos wetgewing, regspraak, gemenereg en gewoontereg (vergelyk 2.4.1). Alhoewel die Suid-Afrikaanse regstelsel ongekodifiseer is, is dit na die mening van onder andere Du Plessis en Du Plessis (1995:73) wel redelik goed gesistematiseer. Tog word daar probleme ondervind met die toeganklikheid van regsinligting in Suid-Afrika. Die vindbaarheid van die reg hang dus inderdaad in 'n mate daarvan af of die reg gekodifiseer is of nie.

Die mate waarin die navorsingsproses suksesvol verloop, is grotendeels afhanklik van die wyse waarop die navorser die literatuur in die betrokke vakgebied bestudeer (Van der Walt, 1992:10). Die toeganklikheid van regsinligting speel dus 'n essensiële rol tydens die navorsingsproses, want die essensie van navorsing is per slot van rekening die sistematiese inwin en ordening van samehangende gegewens (Du Plessis & Venter, 1990:1). Regswetenskaplike navorsing vertoon tipiese, eiesoortige kenmerke en word vervolgens onder die loep geneem.

2.6 Die regsnavorsingsproses

Die oorspronklike betekenis van navorsing (*research*) is "*the continued repetition of search*" (Hicks, 1942:23). Hierdie betekenis hou huidig steeds stand indien die herhaalde ondersoek na 'n spesifieke vraagstuk metodies aangepak en doelgerig uitgevoer word. Dit verg sekere eienskappe en vermoëns van 'n navorser soos onder andere intelligente, sistematiese en abstrakte denke, doelgerigtheid, kennis van die vakgebied, afbakening van die onderwerp, die vasstelling van die feite en die insameling, ordening en verwerking van relevante gegewens vanuit verskeie inligtingsbronne (Hicks, 1942:23; PU vir CHO, 1995:36).

Vanweë die sogenaamde "inligtingsontploffing" is Van der Walt (1992:20) van mening dat die navorser vanuit die groot verskeidenheid inligtingsbronne 'n feitlik onhanteerbare hoeveelheid inligting kan insamel. Hierdie studie ondersoek die inligtingsbehoeftes van regsgeleerdes en spesifiek regsakademici tydens die regsnavorsingsproses. Van 'n regsnavorser word nié verwag dat hy alles rakende die reg moet weet nie, maar eerder dat hy moet weet waar om die regte inligting binne 'n bepaalde tyd op te spoor en toe te pas (Russell, 1989:17; Sidorko, 1995:5). Die sleutel tot goeie regsnavorsing is dus om die bronne waarin regsinligting voorkom, te ken en te verstaan hoe die inligting daarin opgeneem is (Clinch, 1992:23; Sidorko, 1995:5).

Regsnavorsing kan beskryf word as die soeke na gesag en presedent soos gevind in primêre bronne, sodat 'n regsprobleem deur die toepassing van die reg opgelos kan word (Surrency, 1966:1). In die uitvoering van regsgeleerdes se onderskeie funksies, vorm regsnavorsing 'n belangrike komponent. Dit beteken dat bykans alle regsgeleerdes, hetsy praktisyns, hetsy akademici, regsnavorsing doen (vergelyk 2.3). Alhoewel alle regsgeleerdes in 'n mindere of meerdere mate regsnavorsing doen, verskil regsakademici se regswetenskaplike navorsing daarin dat dit die kennisbasis van 'n spesifieke regsgebied wil verbreed met relatiewe klem op die toepassing van die resultate in die praktyk (Milton, 1991:8 & Russell, 1989:17).

Regsnavorsing kan omskryf word as die aktiwiteit waartydens 'n regsgeleerde as navorser poog om alle diverse regsfaktore wat 'n sekere regsprobleem betref, op te spoor; die relevante en toepaslike wette en hofverslae met betrekking tot die feite te ontleed; die betrokke feite en die toepaslike reg skriftelik voor te stel ten einde die regsoplossing of gevolgtrekking duidelik en omvattend weer te gee (Pickhard, 1998a:1; Surrency, 1966:1). In hierdie aktiwiteite is daar 'n paar aspekte wat 'n belangrike rol speel en word vervolgens bespreek.

2.6.1 Belangrike aspekte tydens regsnavorsing

Soos reeds genoem is dit belangrik dat die regsnavorser tydens navorsing op sekere belangrike aspekte let. Hierdie aspekte word genoem omdat die inligtingsbehoeftes van regsnavorsers daardeur beïnvloed word. So byvoorbeeld beïnvloed die aspek van tydsbenutting en die tydfaktor die prokureur se inligtingsbehoeftes in die sin dat die mees resente regsinligting so gou moontlik opgespoor moet word (Surrency, 1966:1). Daarenteen verkeer regsakademici gewoonlik nie onder dieselfde tydsdruk nie en benodig die akademiese navorser eerder omvangryke bibliografiese inligting wat in sy behoefte aan resente sowel as historiese regsinligting sal voorsien (Russell, 1989:17). Nie elk van die volgende aspekte is ewe belangrik ten opsigte van regsakademiese navorsing nie, maar dit het wel betrekking op regsakademici se navorsingsaktiwiteite en word kortliks bespreek ter wille van volledigheid.

2.6.1.1 Gesaghebbendheid

Regsnavorsing is alleenlik geldig indien gesaghebbende regsbronne gebruik word (Milton, 1991:7). Die Suid-Afrikaanse reg is hiërargies gestruktureer volgens gesaghebbendheid. Dit behels die toepassing van die reg soos vervat in die primêre bronne in die eerste plek, en daarna die gebruik van sekondêre bronne (Milton, 1991:7). Tydens regsnavorsing is die gebruik van sekondêre bronne naas primêre bronne belangrik omdat primêre bronne tot 'n groot mate deur 'n verskeidenheid sekondêre bronne georganiseer en geanaliseer word (Pickhard, 1998a:1).

2.6.1.2 Tydfaktor (*currency*)

Tydens regsnavorsing is die tydfaktor fundamenteel (Pickhard, 1998a:1). Daar moet altyd gelet word op die datum van 'n bron en enige wysigings of verbeteringe daarop moet opgespoor en aangeteken word. Die gebruik van sekondêre bronne soos regstydskrifte en regsindekse (regsdatabasisse) is essensieël in die opsporing van die nuutste regsinligting (Pickhard, 1998a:1).

2.6.1.3 Tydsbenutting

Omdat regsnavorsers gewoonlik 'n tydsbeperking het om met 'n regsoplossing of -mening vorendag te kom, is dit belangrik dat regsnavorsers weet hoe om sekondêre regsbronne doelmatig te gebruik (Pickhard, 1998a:2). Sekondêre bronne is naslaanbronne en moet as sulks gebruik word. Met ander woorde sekondêre bronne word gebruik in die aanvanklike vasstelling van die regskwessies en regsaak. Die waarde van sekondêre bronne lê daarin dat 'n begrip van die toepaslike reg daaruit gevorm word. Daarby word die sekondêre bron gebruik om verwysings na primêre bronne te vind (Pickhard, 1998a:2). Onnodige tyd moet dus nie bestee word aan die lees van irrelevante inligting in sekondêre bronne nie.

2.6.1.4 Regsgebied

Dit is as algemene reël belangrik om eerstens van regsbronne wat tot die eie regsgebied behoort, gebruik te maak voordat daar gesoek word na regsbronne in ander regstelsels (Pickhard, 1998a:1). Dit beteken dat byvoorbeeld Kanadese regsbronne, hoewel dit oorredende bronne mag wees, nie direk van toepassing gemaak kan word op 'n Suid-Afrikaanse regsgebied nie. Die gebruik van "vreemde" regsbronne word egter nie uitgesluit in regsnavorsing nie. Inteendeel, volgens Van der Walt (1990:207) is die vergelyking van eie reg met vreemde reg sinvol in die ontwikkeling van elke nasionale regstelsel, en daarom is die gebruik van vreemde regsbronne wel tydens sekere regsnavorsing uiters belangrik.

2.6.1.5 Kontrole

Soos in die voorafgaande bespreking gesien is, word daar tydens regsnavorsing van 'n verskeidenheid bronne gebruik gemaak en is dit belangrik om die inligting wat in een bron gevind word te kontroleer deur dit met inligting in ander bronne te vergelyk (Pickhard, 1998a:2). Daar kan met ander woorde nie sonder meer vertrou word dat die inligting wat in 'n regsdatabasis gevind word, opgedateer is nie. So byvoorbeeld kan wetgewing gekontroleer word deur 'n Internetsoektog na wetsontwerp te doen, of die soekresultate van een soektog in 'n regsdatabasis kan met die resultate van verwante soektogte in ander regsdatabasisse vergelyk word.

2.6.1.6 Soekterme

Dit is na die mening van Pickhard (1998a:1) dikwels tydens regsnavorsing moeilik om die wyses waarop inligting in verskillende inligtingsbronne ingedeel is, vas te stel en om die korrekte of toepaslike soekterme (*keywords*) met betrekking tot 'n spesifieke vraagstuk, uit te lig (vergelyk 4.2.3.2). Daarom is regsnavorsing 'n proses bestaande uit verskillende fases en verskillende stappe wat gewoonlik verskeie kere herhaal moet word ten einde akkurate inligting te bekom (Pickhard, 1998a:2).

2.6.2 Fases in die regsnavorsingsproses

In vergelyking met sosiale- en natuurwetenskaplike navorsing is daar geen formele metodologie in regsnavorsing nie (Milton, 1991:6). Regswetenskaplike navorsing vertoon wel tipiese, eiesoortige kenmerke soos blyk in byvoorbeeld regshistoriese en regsvergelykende navorsing (Du Plessis & Venter, 1990:2,3). Daar word drie tipes regswetenskaplike navorsing onderskei, naamlik basiese navorsing, akademiese navorsing en empiriese navorsing. Vir die doeleindes van hierdie studie word die tipes navorsing nie bespreek nie, maar slegs die fases van die navorsingsproses sodat die inligtingsbehoeftes van regsgeleerdes vasgestel kan word.

Omdat regsinligting vroeër grotendeels in boeke gevind kon word, het Milton (1991:6) tot die gevolgtrekking gekom dat regsnavorsing uit die opsoek van regsinligting soos hoofsaaklik in gedrukte primêre bronne gevind word, bestaan. Gesaghebbende regsinligting word wel in gepubliseerde primêre bronne gevind, maar die basiese chronologiese publikasie van statute en hofverslae maak die direkte gebruik van hierdie outoriteite moeilik (Pickhard, 1998a:1). Daarom is die gebruik van sekondêre bronne soos regsdatabasisse en ander naslaanbronne noodsaaklik om alle relevante regsinligting op te spoor. Regsnavorsing bestaan dus nie net uit die gebruik van boeke as die enigste bronne van inligting nie.

Regsnavorsing word nie op een spesifieke manier gedoen nie (Pickhard, 1998a:1). Volgens Pickhard vind die regsnavorsingsproses in agt verskillende fases plaas. Hierdie agt fases sluit die stappe van wetenskaplike navorsing in soos vasgestel is in die handleiding vir nagraadse studie van die PU vir CHO (1995:39-41). Die stappe word soos volg uiteengesit:

- die duidelike omskrywing van die probleem;
- die formulering van 'n hipotese of sentrale teoretiese stelling;
- die insameling en ordening van gegewens;
- en die verwerking van gegewens wat lei tot 'n gevolgtrekking.

Dit moet beklemtoon word dat hierdie stappe onderskei word, maar nie geskei kan word nie. Die stappe volg ook nie noodwendig chronologies op mekaar nie, want dit gebeur wel soms dat twee of meer stappe gelyktydig plaasvind. Daar word dus nie in hierdie studie gepoog om 'n rigiede navorsingsplan vas te stel nie, maar eerder om die moontlike fases in die proses te beskryf sodat regsgeleerdes se inligtingsbehoeftes daaruit geïdentifiseer kan word.

'n Voorvereiste vir die effektiewe uitvoering van navorsing is die navolging van 'n navorsingsplan, want dit vorm die basis van 'n regsnavorser se geskrewe raamwerk van die regsprobleem wat ondersoek word. Daarvolgens word byvoorbeeld onder die hoofde van die verskillende regskwessies opsommings gemaak van die relevante hofverslae en statute (Pickhard, 1998a:3). Soos wat daar met regsnavorsing gevorder word, word die navorsingsplan aangepas sodat die fokus gerig bly op die analisering van die betrokke regskwessies. Die navorsingsplan ontwikkel uit die volgende agt fases wat globaal deur Pickhard (1998a:3-12) vasgestel is en word vervolgens bespreek.

FASE 1: Probleemstelling en identifisering van kernfeite en sleutelterme

Die eerste fase in die navorsingsproses is om die navorsingsterrein af te baken en om deur middel van analise 'n duidelike en logiese beeld van die probleemkomponente te vorm (PU vir CHO, 1995:39). Regswetenskaplike navorsing is daarop gemik om wetenskaplike regsvrae te ondersoek en te beantwoord (Venter, 1990:103). Voordat daar dus met navorsing begin kan word, moet die navorser die probleem wat ondersoek gaan word duidelik omskryf (Botluk, 1997b:ch3b:1).

Tydens hierdie fase het die regsgeleerde inligting nodig vanuit bronne (mense, gedrukte bronne of elektroniese dokumente) wat met die bepaling van die regsprobleem, die vasstelling van die feite, en die identifisering van voorlopige regskwessies sal help (Pickhard, 1998a:3). Die regskonsepte word in algemene of breë terme sowel as enger, beskrywende terme uiteengesit. Sinonieme of alternatiewe woorde of begrippe vir beide die feite en die regskonsepte word tydens fase een vasgestel.

Die afbakening van die navorsingsprobleem word gewoonlik vergemaklik deur bepaalde veronderstellings te maak (Venter, 1990:105). 'n Veronderstelling is die formulering van 'n samevattende oordeel of mening wat voorlopig as die waarheid aanvaar word, maar wat nog reg of verkeerd bewys moet word (Du Plessis, 1990:78). So 'n veronderstelling oftewel hipotese is die "wegspringplek" waarvandaan die regsnavorser verdere ondersoek doen. In 'n hipotese word verskynsels "grypbaar" of "tasbaar" gemaak en beskryf aan die hand van dit wat die verskynsels teweeg gebring het (PU vir CHO, 1995:39). Indien empiriese regsnavorsing gedoen word, moet begrippe en konsepte in die hipotese empiries manipuleerbaar wees (PU vir CHO, 1995:40). Dit is egter gewoonlik nie van toepassing op navorsingsonderwerpe wat verskynsels probeer beskryf en verklaar soos wat meestal die geval is met basiese of akademiese regsnavorsing nie (vergelyk 2.6.2).

Die regsgeleerde gebruik dus tydens die eerste fase van regsnavorsing hoofsaaklik sekondêre bronne sodat regskonsepte en begrippe wat die probleem definieer, vasgestel kan word.

FASE 2: Aanvanklike navorsing

Sodra die probleem in die breë vasgestel is, is die volgende stap om agtergrondkennis te bekom (Pickhard, 1998a:3). Aanvanklike navorsing behels die insameling en ordening van gegewens wat in gedrukte sowel as elektroniese inligtingsbronne opgespoor is. Die regsnavorser maak tydens hierdie fase steeds hoofsaaklik van sekondêre regsbronne gebruik deur byvoorbeeld:

- agtergrondinligting oor die betrokke onderwerpe te lees in regshandboeke en ander boeke;
- regs en/of ander ensiklopedieë vir 'n algemene oorsig te raadpleeg, byvoorbeeld die regs-ensiklopedie *LAWSA*;
- relevante artikels in regstydskrifte soos byvoorbeeld die *South African Law Journal, Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* en die *South African Journal on Human Rights* te bestudeer;
- en/of in gedrukte en rekenaarmatige regsindekse oorsigtelik van 'n paar relevante hofverslae kennis te neem, byvoorbeeld in die *Index and Annotations to the South African Law Reports* van Juta regsuitgewers.

Die wyse waarop gegewens ingesamel word, word bepaal deur die tipe navorsing wat gedoen word (PU vir CHO, 1995:40). Tydens 'n literatuurstudie word tersaaklike literatuur deurgewerk en die feite, standpunte en opinies word sistematies aangeteken. Die regsnavorser stel homself ten doel om die regskwessie(s), -vraag, onderwerp of -probleem* wat tydens die eerste fase vasgestel is, te begryp. Die tweede fase is dus nie daarop gerig om alle moontlike hofverslae en

**Vervolgens word die term "regsprobleem" as omvattende begrip gebruik.*

statute op te spoor nie, maar om te verstaan waaroor daar nagevors word. Die verwysings na belangrike statute en hofverslae wat in sekondêre bronne opgespoor word, word voorlopig tydens fase twee aangeteken.

FASE 3: Die integrasie van navorsing en analise

Nadat die inligting wat opgespoor is tydens die tweede fase in aanmerking geneem is, word daar op die aanvanklike regsprobleem uitgebrei en word die regsprobleem nader omskryf soos wat die feite dit bepaal (Pickhard, 1998a:6). Die regsnavorser maak aantekeninge van enige regsbeginsels wat die betrokke regsprobleem mag beïnvloed en lys verwysings na leidende hofsake en relevante wetgewing.

Daar word gedurende hierdie fase hoofsaaklik van primêre regsbronne gebruik gemaak. Die regsnavorser lees en analiseer relevante statute en hofuitsprake en teken enige meerderheidsbeslissings of afwykende uitsprake aan (Pickhard, 1998a:6). In 'n voorlopige raamwerk stel die regsnavorser verskillende aspekte van die regsprobleem in volgorde van belangrikheid op en maak onder elke aspek 'n aantekening van die hoofgesag of voorste gesaghebbende asook van alle verbandhoudende aspekte. Belangrike vrae wat die regsnavorser homself moet afvra, is: watter hofuitsprake is bindend, is die hofuitsprake kenbaar aan die feite wat nagevors word en watter bronne is oorredende bronne?

'n Voorlopige regsanalise word gedoen nadat net die leidende hofsake en tersaaklike wetgewing indringend gelees is. Die probleem word geanaliseer deur byvoorbeeld die antwoorde op Pickhard (1998a:6) se voorgestelde vrae hieronder, te ontleed. In die praktyk is dit die taak van regsgeleerdes om reële regsprobleme op te los (Kleyn & Viljoen, 1996:312) en word praktisyns eerder as akademici met die genoemde vrae tydens regsnavorsing gekonfronteer. Hierteenoor is regswetenskaplike navorsing soos in 2.3 en 2.6 genoem is, nie op die oplossing van praktykgerigte probleme gerig nie. Tog is van die vrae ook vir die akademikus van belang tydens regsnavorsing en word dit ter wille van volledigheid genoem. Pickhard lys tien belangrike vrae wat die regsgeleerde moontlik in die regsnavorsingsproses kan stuur, naamlik:

1. Watter regsaspekte is redelik goed vasgestel met die reg en die feite as gegewe?
2. Watter aspekte is onseker in die lig van, of die reg, of die feite?
3. Ten opsigte waarvan word daar die meeste gesag gevind?
4. Nadat die regsaspekte vanuit verskillende perspektiewe beskou is, wat is die sterk- en swakpunte van die argument?
5. Hoe sal sukses die waarskynlikste in byvoorbeeld 'n regsgeding behaal word?
6. Kan enige hofuitsprake direk van toepassing gemaak word op die regsaspekte?

7. Kan daar op grond van die feite sekere hofuitsprake uitgeken word?
8. Watter hofuitsprake is bindend en watter slegs oorredend, en hoekom?
9. Watter moontlike verweer sal in byvoorbeeld 'n regsgeding aangevoer kan word?
10. Watter moontlikhede bestaan daar om die probleem op te los of te verlig?

Daar word gedurende die derde fase nog nie gepoog om alle moontlike hofverslae vir analise op te spoor nie, maar eerder om in die lig van onder andere die bogenoemde vrae wat gestel is, die toonaangewende hofuitsprake en tersaaklike wetgewing, te herwin (Pickhard, 1998a:6). Die rede hiervoor is dat die regsnavorser sodoende 'n duidelike idee of begrip van die navorsingstema kan vorm alvorens daar 'n volskaalse soektog in regsindekse (gedruk of rekenaarmatig) gedoen word. Dit is die taak van die regsnavorser om tydens fase drie enige tekortkominge in die navorsing wat tot dusver gedoen is te identifiseer deur die gebruik van sekondêre bronne.

FASE 4: Intensiewe navorsing en analisering van hofuitsprake

Behalwe vir die verwysings wat tydens die aanvanklike navorsing opgespoor is, word daar in die vierde en vyfde fases van regsnavorsing volskaalse soektogte na tersaaklike wetgewing en hofuitsprake onderneem (Pickhard, 1998a:7). Fase vier behels die intensiewe navorsing en analisering van hofuitsprake. Hofuitsprake word in hofverslae wat in gedrukte of in rekenaarmatige formaat beskikbaar is, gevind.

Regsgeleerdes maak gedurende hierdie fase gebruik van 'n primêre bron van die reg, naamlik die regspraak (vergelyk 2.4.1.3). Die regspraak word in hofverslae gevind en die gebruik daarvan word deur sekondêre bronne soos regsindekse vergemaklik. Daar verskyn verskeie reekse hofverslae onder meer die *Suid-Afrikaanse Hofverslae* (Juta-regsuitgewers), die *Suid-Afrikaanse Strafregverslae* en die *Butterworths' Constitutional Law Reports* (Kleyn & Viljoen, 1996:315).

Wat die regspraak betref, is dit volgens Kleyn en Viljoen (1996:315) belangrik dat die regsgeleerde tydens navorsing die losbladpublikasies raadpleeg sodat vasgestel kan word of daar enige veranderinge plaasgevind het deur byvoorbeeld 'n beslissing wat omvergewerp is. Dit geld veral vir die praktisyn, maar is ook vir regsakademici van belang.

FASE 5: Intensiewe inligtingsoektogte na tersaaklike wetgewing

Die regsnavorser het reeds in die verloop van sy navorsing relevante wetgewing opgespoor. Gedurende fase 5 word 'n intensiewe soektog na alle verbandhoudende wetgewing en regulasies onderneem (Pickhard, 1998a:9). Hierdie proses is veral van belang in die praktyk waar

wetgewing toegepas word om regsprobleme op te los. Nie net die praktisyn nie, maar ook die regsakademikus en -student maak tydens die vyfde fase van gedrukte en elektroniese bronne gebruik om primêre regsinligting op te spoor.

Wetgewing (vergelyk 2.4.1.2) is 'n primêre bron van die reg en kan byvoorbeeld in elektroniese weergawes opgespoor word, soos in die program JUTASTAT se afdeling *Suid-Afrikaanse Statute* of in die gepubliseerde *South African Statutes* wat deur Juta-regsuitgewers uitgegee word. Wetgewing verskyn ook in losbladpublikasies soos wat deur die Butterworths-regsuitgewers gepubliseer word. Dit is belangrik dat regsnavorsers hulle van die verskillende wyses waarop wetgewing opgespoor kan word, vergewis sodat deeglike navorsing verrig kan word (Pickhard, 1998a:9). So byvoorbeeld moet die regsgeleerde weet waar om wetgewing op te spoor sonder 'n wetnommer of die jaar waarin wetgewing gepromulgeer is. Daarby moet vasgestel word of die wetgewing geldend is deur byvoorbeeld 'n bron soos die Butterworths *Is it in force?* te gebruik (Kleyn & Viljoen, 1996:57).

Hierdie intensiewe navorsingsfases (fases vier en vyf) het eerstens ten doel om alle relevante wetgewing en regulasies asook alle hofverslae wat die regsprobleem betref, op te spoor en te verstaan. Tweedens moet die regsnavorser die belangrikste inligting van minder belangrike gegewens kan onderskei, die inligting orden, interpreteer en verwerk ten einde die regsprobleem op te los.

FASE 6: Die kruiskontrolering van navorsing

Tydens die sesde fase word die inligting wat opgespoor en deur die navorser gebruik is, nagegaan. Deur middel van kruiskontrolering in verskeie sekondêre bronne, byvoorbeeld gekonsolideerde indekse soos die *Consolidated Index and Noter-up to the South African Law Reports* en *Annotations to the South African Law Reports* moet die navorser homself vergewis dat geen hofuitspraak of geannoteerde wetgewing agterweë gebly het nie (Pickhard, 1998a:11). In die geval van wetgewing wat geïnterpreteer is, moet die regsnavorser kontroleer of die oogmerk van die wetgewer korrek vasgestel is en dat die woorde wat in die wet voorkom korrek ontleed is (Kleyn & Viljoen, 1996:60). Fase ses is, benewens die kontrolering van gegewens, ook belangrik vir die samestelling van 'n bibliografie en die nagaan van korrekte bronverwysings.

FASE 7: Argumentasielyn

Regsnavorsing verg objektiwiteit van die regsgeleerde en die kundigheid om kennis produktief en strategies reg te hanteer (Pickhard, 1998a:11). Tot dusver het die regsnavorser inligting vanuit primêre en sekondêre bronne ingesamel en na kritiese oorweging die tersaaklike inligting van die nie-tersaaklike inligting geskei. Die tersaaklike inligting is in die vorige fases wetenskaplik

hanteer deur die feite, standpunte, opinies en beslissings sistematies aan te teken. Nou behoort die regsnavorser die regsprobleem aan die hand van 'n logiese raamwerk te benader.

Een van die kernbeginsels in die proses van probleemoplossing, is logika (Kleyn & Viljoen, 1996:287). Deur logika poog regsnavorsers om die objektiewe analise van die gegewens te verseker. 'n Raamwerk dien as visuele voorstelling van die argumentasielyn sodat die regsnavorser kan kontroleer of die aanbieding van sy navorsing verstaanbaar sal wees vir latere lesers soos ander regsakademici, ensomeer.

FASE 8: Die finale uitleg, analisering en verwoording van die navorsingsresultaat

Een van die karakter- en persoonlikheidseienskappe wat van 'n regsgeleerde geverg word, is die vermoë om doeltreffend te kommunikeer (Du Plessis & Du Plessis, 1995:119). Tydens die agtste fase word hierdie vaardigheid van die regsnavorser beproef deurdat die gegewens wat reeds wetenskaplik verwerk is, finaal geanaliseer en die navorsingsresultaat skriftelik weergegee moet word (PU vir CHO, 1995:41). Dit hou in dat die betekenis van gegewens blootgelê word en tendense aangetoon word deur die beklemtoning van die feite. Feite en standpunte word met mekaar vergelyk en verbande wat bestaan word aangedui. Uiteindelik word verskillende standpunte geëvalueer, die navorser se eie beskouing van die regsprobleem word skriftelik weergegee en in 'n samevatting of gevolgtrekking kan alternatiewe standpunte gestel en/of aanbevelings gemaak word (PU vir CHO, 1995:41).

2.7 Samevatting

Deur 'n begrip te vorm van die ontstaan en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse regstelsel word dit duidelik dat verskillende invloede 'n rol gespeel het in die Suid-Afrikaanse regstelsel van vandag. Die wyse waarop die Suid-Afrikaanse regstelsel ontwikkel het, kenmerk die verskillende tipes ontstaans- en kenbronne van die reg. Vanuit die tipes regsbronne (primêre en sekondêre bronne) word vasgestel waar regsinligting opgespoor kan word om sodoende die reg daardeur toe te pas. Regsgeleerdes het dus vir die uitvoering van hulle onderskeie funksies daagliks 'n behoefte aan regsinligting soos wat in verskillende primêre en sekondêre regsinligtingsbronne gevind word (Sidorko, 1995:2).

Regsinligting word in primêre en sekondêre bronne wat in gedrukte en elektroniese formaat beskikbaar is, opgespoor. Die opspoor van regsinligting word vergemaklik indien regsgeleerdes die verskillende tipes inligtingsbronne ken en bewus is van die verskeie metodes waarop primêre en sekondêre regsinligting opgespoor kan word. Die effektiewe opspoor van regsinligting word gekenmerk deur 'n navorsingsplan. Dit is dus belangrik dat die regsakademikus besig met regs-

navorsing, navorsing as 'n ordelike aktiwiteit beskou wat doelgerig op die bereiking van regswetenskaplike resultate afgestem moet wees (Du Plessis & Venter, 1990:3). Regsnavorsing kan volgens 'n verskeidenheid van metodes en kombinasies van metodes gedoen word, maar word deur 'n konstante behoefte aan inligting vanuit primêre en sekondêre regsbronne gekenmerk.

HOOFSTUK 3

Regsinligting op die Internet

3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is regsgeleerdes se inligtingsbehoeftes en die regsnavorsingsproses bespreek. Daar is gesien dat regsgeleerdes daagliks 'n behoefte aan regsinligting vir die uitvoering van hul onderskeie regsfunksies het. So byvoorbeeld benodig regsakademici tydens die regsnavorsingsproses uitgebreide bibliografiese inligting vir die opspoor van regs- en ander tersaaklike inligting. Regsinligting word, soos in hoofstuk twee bespreek is, opgespoor in primêre en sekondêre bronne wat in gedrukte of in elektroniese formaat beskikbaar is. Tot op hede is daar hoofsaaklik van gedrukte bronne gebruik gemaak tydens die regsnavorsingsproses. Die ontwikkeling van elektroniese formate soos CD-ROM en die Internet bied tans alternatiewe inligtingsbronne vir gebruik deur regsgeleerdes.

Volgens Wall (1998:2) het veranderinge in die samelewing en in onder andere die reg gelei tot die ontwikkeling van die inligtingstegnologie. Die samelewing het verander deurdat faktore soos tyd en ruimte nie meer gebonde is aan die oorspronklike betekenis van tyd en ruimte nie. So byvoorbeeld hou die tydfaktor in die regsnavorsingsproses onderhewing aan beskikbare apparatuur en programmatuur, nie meer in dieselfde mate verband met faktore soos onder meer pos- en vervoerdienste nie, want die stuur van elektroniese pos bied 'n meer effektiewe manier van inligtingversending (Van der Walt, 1998a:147 & Wall, 1998:2). Die samelewing se begrip van ruimte het ook verander. Ruimte is tans nie altyd fisies aan 'n plek gebonde nie, wat daartoe gelei het dat terminologie soos "kuberruimte" en "webruimte" ontstaan het.

Verandering wat in die samelewing plaasvind bring mee dat die reg en die toepassing van die reg ontwikkel en verander (Olivier, 1991:5 & Wall, 1998:2). Die hoeveelheid regsinligting groei daagliks en ingewikkelde regsprosedures stel hoë eise aan regsgeleerdes. Veranderinge in die Suid-Afrikaanse regering, die inwerkingtrede van 'n oorgangsgrondwet op 27 April 1994 (vergelyk 2.2.3) en die wegbeweeg van die Engelse reg en konvensies as primêre bron van outoriteit hou 'n groot uitdaging vir regsgeleerdes en regsbibliotekarisse in (Olivier, 1991:5). Hierdie uitdaging behels onder andere dat byvoorbeeld die hofverslae van ook ander lande soos die VSA, Kanada, Australië, Indië en Duitsland vir navorsingsdoeleindes beskikbaar sal moet wees. Waar slegs sekere Suid-Afrikaanse regs- en ander biblioteke oor hierdie bronne beskik (Olivier, 1991:5), bied die Internet as inligtingsbron toegang tot 'n verskeidenheid databasisse wêreldwyd (Pickhard, 1998b:7). Deur die Internet en instansies wat aan die netwerk verbind is se webtuisbladsye (*home pages*) word toegang tot nasionale en internasionale regsdatabasisse dus op 'n alternatiewe manier gebied.

Alhoewel die Internet toegang tot 'n oorvloed regs- en ander inligting bied, word akkurate en relevante inligting taamlik selde deur regsnavorsers opgespoor (Botluk, 1997b:ch1e & ch3c1). Redes wat hiervoor aangevoer kan word is onder andere dat regsnavorsers redelik onbewus is van die regsinligting wat op die Internet voorkom en 'n onvolledige kennis van inligtingherwinningstegnieke of -vaardighede het (Botluk, 1997b:ch3c1).

In hierdie lig word die faktore wat na die menings van Adkins (1997a:2), Pickhard (1998a:1) en Botluk (1997b:ch1e & ch3c1) die herwinning van regsinligting op die Internet sal vergemaklik, vervolgens bespreek. Dit behels 'n basiese agtergrondkennis van die Internet se ontstaan en aard; kennis van die verskillende tipes inligtingherwinningsinstrumente van die Internet; 'n bewustheid van die tipes regsinligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word en die aanleer van verskeie inligtingherwinningsvaardighede.

3.2 Die Internet as inligtingsbron

Daar bestaan vele wanbegrippe ten opsigte van die Internet as inligtingsbron en die inligting wat dit bied, daarom beklemtoon Miller (1997:6) dat nie alle inligting op die Internet volledige teksdokumente is nie en dat betroubare inligting gewoonlik teen 'n inskrywingsfooi bekombaar is. Tog is die Internet 'n inligtingsbron wat nie geïgnoreer kan word tydens die regsnavorsingsproses nie, en is navorsing in sekere regsgebiede onvolledig indien die Internet nie geraadpleeg is nie (Bekker, 1997:70).

Om 'n begrip te kan vorm van die Internet as inligtingsbron, is kennis van die ontstaan en aard van die Internet nodig (Adkins, 1997a:1). Omdat daar in die literatuur en op die Internet reeds baie geskryf is oor die ontstaansgeskiedenis van die Internet, word dit nie hier in besonderhede bespreek nie. 'n Belangrike aspek in die geskiedenis van die Internet is dat hierdie netwerk as konsep ontstaan het gedurende die Koue Oorlog toe die moontlikheid van 'n atoombomaanval dreigend was.

Hierdie konsep is tot uitvoer gebring met die doel om verskeie bevelsentrums in staat te stel om inligting te versend sonder dat die versendingsroete nagespoor kon word. 'n Voorvereiste vir die suksesvolle werking van die netwerk was dus dat daar geen sentrale kommunikasiebeheerpunt kon wees nie sodat, sou dit die geval wees dat een bevelsentrum vernietig word, die ander bevelsentrums steeds in verbinding sou kon bly (Adkins, 1997a:2). Hierdie aspek word beklemtoon sodat die aard van die Internet, wat vervolgens bespreek word, sodanig verstaan kan word as dat dit 'n wêreldwye netwerk is sónder enige beherende instansie.

3.2.1 Die aard van die Internet

Die Internet is 'n globale netwerk of metanetwerk van rekenaarnetwerke wat onderling verbind is en kan nie fisies vertoon of gelokaliseer word nie (Pickhard, 1998b:7 & Van der Westhuizen, 1997:1). 'n Netwerk ontstaan wanneer twee of meer rekenaars met mekaar verbind word deur middel van verbindingslyne (*routers*) (Van der Westhuizen, 1997:1). Wanneer plaaslike netwerke met mekaar verbind word, ontstaan 'n tipe internet (kleinletter i). Die Internet (hoofletter I) is 'n omvattende internasionale netwerk van ander internette en bevat 'n onkwantifiseerbare hoeveelheid inligting waarby daagliks meer inligting toegevoeg word (Botluk, 1997b:ch1a).

Die belangrikste funksie van die Internet is die kommunikasie of uitruil van inligting (Botluk, 1997b:ch1a). Hierdie funksie word moontlik gemaak deurdat rekenaars wat aan 'n netwerk gekoppel is, van 'n gebruikers- en bedienersprogram gebruik maak om plaaslike- of afstandsinligtingslêers te onttrek van of te versend aan ander rekenaars wat aan die netwerk gekoppel is (Van der Westhuizen, 1997:2). Kommunikasie tussen die tuisrekenaar en afstandsrekenaar vind nie direk plaas nie, maar *via* verskeie ander netwerke en rekenaars wat as roetewysers bekend staan (Van der Westhuizen, 1997:2). Sodoende stel die Internet mense van oor die wêreld in staat om inligting uit te ruil en inligting op te spoor in databasisse wat aan 'n netwerk gekoppel is wat aan die Internet gekoppel is.

'n Belangrike onderskeid moet egter tussen 'n internet en 'n intranet getref word (vergely 5.2.1). Die private rekenaarnetwerk van een instansie of firma staan as 'n intranet bekend en stel rekenaargebruikers van die spesifieke instansie in staat om onder andere dieselfde inligtingslêers en drukkers te deel (Brown, 1997:1-2). 'n Intranet verskil van 'n internet in die opsig dat 'n intranet vertroulike inligting bevat wat ontoeganklik is vir ongemagtigde persone. Daarenteen is die Internet juis 'n metanetwerk wat toeganklik is aan alle rekenaargebruikers wat van Internetdiensverskaffers gebruik maak om aan die Internet gekoppel te wees (Botluk, 1997b:ch1a & ch1d).

Die Internet is dus 'n kommunikasienetwerk *per se* wat in omvang slegs aan die telekommunikasienetwerk ondergeskik is (Botluk, 1997b:ch1a). Rekenaars wat deel uitmaak van 'n netwerk asook netwerke onderling word op verskeie maniere, onder andere deur middel van telefoonlyne, gekoppel aan mekaar en aan ander netwerke. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar nie op die tegniese aspekte van die Internet nie gekonsentreer. Net soos in die geval van die telekommunikasienetwerk, is dit vir die Internet-eindgebruiker eerder belangrik om te weet waarvoor en hoe om die tegnologie aan te wend as hoe die tegnologie self funksioneer.

Regsnavorsers benader die Internet met die doel om inligting te herwin of inligting te bekom. Die Internet bied verskeie instrumente vir die verskaffing van inligting soos onder meer die gebruik van elektroniese pos, Internet protokols, Gopher, Telnet en die Wêreldwye Web. So byvoorbeeld is dit moontlik dat 'n regsnavorser 'n regsprobleem met 'n mede-navorser in 'n ander stad of land

deur middel van elektroniese pos kan bespreek, of navorsingsresultate kan op die Internet bekend gemaak word sodat kollegiale kommentaar daarop verkry kan word (Van Brakel, 1996:200).

Vervolgens word hierdie wyses waarop inligting gestuur of bekom kan word, oftewel die verskillende "inligtingherwinningsinstrumente" van die Internet, bespreek.

3.3 Inligtingherwinningsinstrumente van die Internet

Die Internet as inligtingsbron sluit tradisioneel verskeie instrumente in wat die stuur en ontvangs, oftewel die herwinning en versending van elektroniese inligting vergemaklik, waarvan elektroniese pos, *File Transfer Protocol*, Gopher, Telnet en die *World Wide Web** (Wêreldwye Web of WWW) 'n paar voorbeelde is. Die koms van grafiese leesprogramme het die gebruik van die Web meer op die voorgrond gestel, terwyl instrumente soos lêerversendingsprotokol (FTP) en Gopher tans nie meer in dieselfde mate as voorheen gebruik word om inligting te herwin nie (Pickhard, 1998b:7).

Die gebruik van elektroniese pos, protokols, Gopher en Telnet word slegs kortliks ter wille van volledigheid genoem. Die Web as wyse of instrument waardeur die Internet meer toeganklik gemaak word, word in meer besonderhede bespreek omdat inligtingsoektogte op die Internet hoofsaaklik deur die gebruik van Web-onderwerpsgidse en Web-soekenjins geskied. Daar word egter nie gepoog om die inligtingherwinningsinstrumente tegnies te verduidelik nie, slegs om as bekendstelling te dien van watter instrumente aangewend kan word om inligting van die Internet te onttrek. Die redes waarom regsnavorsers moontlik tydens navorsing van hierdie inligtingherwinningsinstrumente gebruik sou kon maak, is eerder hier ter sprake.

3.3.1 Elektroniese pos (nuusgroepe)

'n Rekenaargebruiker wat oor die nodige programmatuur en 'n gebruikersagent beskik word deur elektroniese pos in staat gestel om deur middel van die netwerk 'n boodskap plaaslik of internasionaal te stuur aan of ontvang vanaf 'n ander gebruiker wat ook gekoppel is aan die netwerk. Elektroniese pos is in vergelyking met die stuur van tradisionele pos, veel vinniger, goedkoper en minder moeite om te stuur (Lynden, 1996:76). Daarby is die gebruik van elektroniese pos voordelig vir gebruikers wat 'n sistematiese rekord wil hou van alle boodskappe wat gestuur en ontvang is.

Voortaan word "die Web**" as 'n korter weergawe van "die Wêreldwye Web" of "die WWW" gebruik.*

Tydens die regsnavorsingsproses sou elektroniese pos as 'n inligtingherwinningsinstrument aangewend kon word deur deelname aan USENET- en ListServ-nuusgroepe en *Internet Relay Chat*. Deur *Internet Relay Chat* (IRC) word geselskanale deur die Internet daargestel wat interaktiewe kommunikasie tussen mense wêreldwyd moontlik maak (Van der Westhuizen, 1997:3). Hierdie interaktiewe kommunikasie vind wel deur middel van elektroniese pos plaas, maar is nie in wese 'n inligtingherwinningsinstrument nie en word daarom slegs kortliks genoem. Daarenteen is deelname aan nuusgroepe 'n effektiewe wyse vir onder andere regsnavorsers om inligting oor 'n spesifieke vakgebied of onderwerp te bekom (Louis-Jacques, 1997:1).

'n Nuusgroep dien as 'n platform vir die bespreking van enige onderwerp wat deur Internet-gebruikers ter bespreking daargestel word. Deur middel van 'n nuusbediener en 'n gebruikers-program is dit moontlik vir enige persoon wêreldwyd om aan besprekings op 'n spesifieke vakgebied deel te neem. So byvoorbeeld kan 'n regsnavorser 'n vraagstuk aan 'n spesifieke USENET-nuusgroep stuur met die doel om ander vakkenners se menings te bekom (Blackman, 1998:3). Die vraagstuk verskyn dan op 'n bulletinbord sodat ander regsnavorsers deur middel van elektroniese pos daarop kan reageer. Die reaksie op die vraagstuk verskyn ook op die bulletinbord. Op hierdie wyse kan die regsnavorser self 'n vraag ter bespreking stel of op hoogte bly van aktuele besprekings tussen ander regsnavorsers deur gereeld na die bulletinbord te gaan kyk sonder om self deel te neem aan die bespreking.

ListServ's is nuusgroepe wat van USENET-nuusgroepe in die opsig verskil dat, indien 'n regs-navorser sou besluit dat 'n ListServ-nuusgroep betrekking het op die spesifieke vakgebied waaroor navorsing gedoen word, die navorser se elektroniese posadres aangeteken word by die nuusgroep en daarna word alle posstukke outomaties deur middel van elektroniese pos ontvang. Deur aangeteken te wees by 'n ListServ-nuusgroep hou dus die voordeel in dat die regsnavorser outomaties die besprekings as elektroniese posstukke sal ontvang.

Ter illustrasie van die verskeidenheid nuusgroepe wat tans bestaan, word 'n paar voorbeelde genoem:

- 'n Voorbeeld van 'n USENET-nuusgroep wat vir sekere regsnavorsers van belang mag wees, is die Tax Analysts Discussion Group* by **http://www.tax.org/notes/default.htm**
- 'n Volledige adreslys van USENET-nuusgroepe vir regsgeleerdes is beskikbaar by **http://www.lib.uchicago.edu/~llou/lawlists/newsgroups.html**
- Voorbeelde van ListServ's op regsgebied is die SA Constitutional Court Notification List by **http://www.law.wits.ac.za/ccnotify.html** en die Duitse webruimte, Forum Deutsches Recht by **http://www.recht.de/recht/forum**

**Die name van webruimtes wat genoem word, word telkens onderstreep en deur die URL (Internet-adres) van die spesifieke webruimte gevolg. Sien einde van bronnelys vir 'n volledige lys van URL's.*

- Die wyse waarop ingeskakel word op nuusgroepe word uiteengesit in Louis-Jacques (1998a) se Law lists by **http://www.lib.uchicago.edu/~llou/lawlists/intro.html**
- 'n Volledige lys van hiperteksskakels na ListServ-nuusgroepe vir regsnavorsers op alle regsgebiede kan gevind word by **http://www.lib.uchicago.edu/~llou/lawlists.txt**

Volgens Van Brakel (1996:200) en Van der Walt (1998a:37) speel die gebruik van elektroniese pos 'n beduidende rol in die kringloop van wetenskaplike inligting. Elektroniese pos stel regsnavorsers in staat om regs- en ander inligting vinnig en effektief te ontvang van of te stuur aan mede-navorsers of ander vakkenners (Botluk, 1997b:ch1e). Deur deelname aan nuusgroepe op hul onderskeie regsgebiede, kan regsnavorsers op hoogte van resente inligting op internasionale vlak bly. Terselfdertyd word regsgeleerdes bewus gemaak van die bestaan van regs- of ander inligting wat deur ander regsnavorsers as betroubaar en waardevol gereken word, asook waar en hoe dit opgespoor kan word (Doyle, 1996:13).

3.3.2 Lêerversendingsprotokol

Kommunikasie tussen rekenaars van dieselfde en verskillende vervaardigers, met ander woorde tussen dieselfde en andersoortige rekenaars, vind deur middel van verskeie protokols plaas wat in die *Transmission Control Protocol/Internet Protocol* of TCP/IP saamgevat word (Leiner *et al.*, 1997:7). Van der Westhuizen (1997:2) beskryf 'n protokol as 'n stel programme, roetines en subroetines wat twee of meer rekenaars wat aan die Internet gekoppel is, in tegniese terme in kennis stel hoe 'n inligtingversendingsopdrag uitgevoer moet word.

Die lêerversendingsprotokol, of meer bekend as *File Transfer Protocol* (FTP), is 'n inligtingherwinningsinstrument wat die tuisrekenaar met 'n afstandsrekenaar verbind met die doel om inligting vanaf die afstandsrekenaar te onttrek en af te laai in 'n tuislêer (Van der Westhuizen, 1997:2-3). Regsnavorsers sou deur sleutelwoordsoektogte in byvoorbeeld die *Archie*-databasis kon vasstel watter FTP-bedieners regsinligtingslêers vir navorsing beskikbaar stel.

- 'n Skakel na die *Archie*-databasis word deur die Welcome to Archie-Plex-webruimte gebied by **http://www.lerc.nasa.gov/archieplex**

3.3.3 Gopher

Gopher is 'n inligtingherwinningsinstrument wat in die verlede veral deur akademiese instansies gebruik was (Pickhard, 1998b:7). Gopher bevat slegs teksdokumente en inligting word herwin deur van keuselyste gebruik te maak. Dit bied steeds 'n maklike en redelik vinnige wyse van inligtingherwinning, maar sedert die koms van grafiese leesprogramme soos *Mosaic, Netscape*

Navigator en *Internet Explorer* is die gebruik van die Web as inligtingherwinningsinstrument meer op die voorgrond gestel en word Gopher nie meer so gereeld benut nie (Poulter, 1997:133). Databasisse soos *Veronica* en *Jughead* maak sleutelwoordsoektogte na Gopher-dokumente op die Internet moontlik.

- 'n Toepaslike webruimte om as wegspringpunt vir die herwinning van Gopher-regsinligting te benut, is Search Gopher Space by **http://galaxy.einet.net/gopher/gopher.html**

3.3.4 Telnet

Telnet is 'n inligtingherwinningsinstrument van die Internet wat 'n tuisrekenaar met 'n afstands-rekenaar skakel en die tuisrekenaar toelaat om van die afstandsrekenaar se programmatuur gebruik te maak (Botluk, 1997b:ch1c4). Deur van Telnet gebruik te maak verkry 'n regsnavorser wat oor 'n gebruikersnaam en wagwoord beskik, byvoorbeeld toegang tot die katalogusse van SA Media en SABINET asook internasionale biblioteekkatalogusse soos die *Harvard OnLine Library and Information Systems* (HOLLIS).

- 'n Regsnavorser wat oor 'n paslike gebruikersnaam en wagwoord beskik sou byvoorbeeld deur middel van Telnet die Harvard University: Law School by **telnet://hollis.harvard.edu** se biblioteekkatalogus vir inligtingsoektogte kon gebruik.
- 'n Lys van Telnet-adresse vir biblioteekkatalogusse word gevind by die List of Law Schools and Academic Law Libraries-webruimte by **http://www.lcp.com/The-Legal-List/ch4c.html**

3.3.5 Wêreldwye Web

Inligtingbehoeftiges word gewoonlik deur middel van die Web aan die Internet bekendgestel en daarom is die Web en die Internet dikwels sinoniem in die begrip van vele Internetgebruikers (Poulter, 1997:131). Van der Westhuizen (1997:4) beskryf die Web as 'n inligtingherwinnings-instrument wat op hipermedia gebaseer is. Wanneer 'n grafiese leesprogram soos *Netscape Navigator* of *Internet Explorer* gebruik word, verkeer 'n Internetgebruiker op die Web (Botluk, 1997b:ch1c5). Die Web tree as 'n navigator vir die regsnavorser op deurdat dit 'n gebruikers-vriendelike koppelvlak bied met hiperteksskakels wat die Internet deurkruis.

Hiperteks kan verduidelik word as teksdokumente wat deur skakels aan mekaar verbind is en deur die Internet aan rekenaargebruikers beskikbaar gemaak word. Behalwe teksdokumente, kan onder andere ook hoë resolusie grafika, klank en beeld deur die Web vertoon word omdat dit 'n hipermediastelsel is (Van der Westhuizen, 1997:4). Inligting wat op die Web gevind word, word saamgevat in webruimtes wat in 'n spesifieke taal, naamlik 'n *hypertext mark-up language*

of html-taal geskryf is (Van der Westhuizen, 1997:4). Hierdie hiperteksskakels maak dit vir die Internetgebruiker moontlik om tussen webruimtes rond te beweeg op soek na relevante inligting.

Elke webruimte beskik oor 'n unieke Internet- of Web-adres wat vir die opspoor van inligting op die Internet belangrik is. So 'n adres staan as 'n URL of *Universal Resource Locator* bekend en is uit verskeie betekenisdraende komponente saamgestel. Hierdie komponente mag vir die regsnavorser nuttig wees om tydens die inligtingherwinningsproses te kan identifiseer. 'n URL sien byvoorbeeld soos volg daar uit:

http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/1998/index.html

- **http://** Die **protokol** is in hierdie geval die *hypertext transfer protocol* en gee 'n aanduiding van watter tipe dokument, in hierdie geval 'n hiperteksdokument, daar mee gewerk word.
- **www.polity.org.za/** Die **bediener** waarop die inligting gehuisves word se naam volg direk na die protokol. Hierdie naam gee belangrike inligting weer, soos in hierdie geval kan daar uit die **org.za**-gedeelte afgelei word dat dit 'n organisasie in Suid-Afrika is.
- **govdocs/legislation/1998/** Die **pad** wat gevolg moet word voordat 'n spesifieke lêer bereik sal word, word in hierdie geval aangedui as eers deur regeringsdokumente, daarna deur wetgewing van die jaar 1998.
- **index.html** Die spesifieke **lêer** wat opgespoor sal word in hierdie geval se naam is "index" en is in die *hypertext mark-up language* geskryf.

Elke webruimte wat op die Web opgespoor kan word, het 'n tuisblad. 'n Tuisblad is soortgelyk aan 'n voorportaal met verskeie deure wat na meerdere ander vertrekke met verskillende inhoude mag lei. Dit dien dus as 'n bekendstellingspunt van 'n sekere organisasie of instansie en dien as wegspringplek na verskeie verbandhoudende webruimtes (Pickhard, 1998b:7). Hierdie verbandhoudende webruimtes waarvoor daar deur middel van 'n tuisblad skakels gebied word, mag plaaslike of internasionale inligting bevat. Die regsnavorser word sodoende in staat gestel om verbandhoudende inligting wat moontlik relevant mag wees op 'n eenvoudige wyse deur middel van hiperteksskakels op te spoor.

Aan die regsnavorser wat bewus is van die webruimtes wat betrekking het op sy vakgebied, word daar deur die Web toegang verleen tot inligting wat soms nie geredelik op 'n ander wyse as op die Internet opgespoor sou kon word nie, byvoorbeeld die tuisblad van Judgements OnLine by **http://www.butterworths.co.za/lawrept/about.htm** wat toegang bied tot hofbeslissings wat nog nie gepubliseer is nie, of wat nooit in gedrukte formaat sou verskyn het nie (Butterworths, 1998).

Die gebruik van Web-inligtingherwinningsinstrumente tydens inligtingsoektogte op die Internet word vervolgens bespreek. Die Web verleen ook toegang tot ander inligtingherwinnings-instrumente soos elektroniese pos, FTP, Gopher en Telnet (Van der Westhuizen, 1997:4). Die bespreking wat volg is daarom nie 'n eksklusiewe bespreking van een inligtingherwinnings-instrument nie, alhoewel daar slegs na *Web*-inligtingherwinningsinstrumente vir die uitvoer van inligtingsoektogte op die Internet verwys word.

3.4 Inligtingsoektogte op die Internet

Die inligting wat op die Internet en in besonder op die Web gevind word, kan vergelyk word met dieselfde tipe inligting wat in tradisionele inligtingsbronne in biblioteke gevind word, naamlik: tydskrifte, ensiklopedieë, woordeboeke, biografieë, bibliografieë, regeringsverslae, gidse, almanakke, jaarboeke, indekse, statistiese verslae, navorsingsverslae, boeke, vakhandboeke, tegniese verslae, handleidings, videomateriaal, kaarte, klank kassette, foto's en ongepubliseerde materiaal (Van der Westhuizen, 1997:4). Inligting wat bykomend op die Internet as inligtingsbron opgespoor kan word is byvoorbeeld elektroniese vooraf-publikasies, elektroniese tydskrifte en gestoorde interaktiewe kommunikasie-dokumente. Hierby bied die Web skakels tussen verband-houdende dokumente wat die opspoor van verdere inligting vergemaklik (Van der Westhuizen, 1997:4).

Van der Westhuizen (1997:4) vergelyk die Web met 'n biblioteek waar gebruikers boeke oor verskeie onderwerpe aan die biblioteek skenk en in die afwesigheid van 'n klassifikasiestelsel, self die boeke op rakke plaas ongeag die onderwerp, dit daarna ronddra en later weer op ander rakke neersit. Dit is daarom met die oog op die groot hoeveelheid, oënskynlik ongeorganiseerde inligting op die Web van kritieke belang dat regsnavorsers wat inligting op die Internet wil opspoor, effektiewe soekmetodes in die soekproses moet aanwend.

Die Web bied verskeie inligtingherwinningsinstrumente wat die soekproses vergemaklik. Hierdie inligtingherwinningsinstrumente kan aangewend word om wêreldwye soektogte oor enige moontlike onderwerp uit te voer. Vir die doeleindes van hierdie studie word inligtingherwinningsinstrumente spesifiek met betrekking tot die herwinning van regsinligting, vervolgens bespreek.

3.4.1 Web-onderwerpsgidse

Deur Web-onderwerpsgidse daar te stel, word gepoog om die groot hoeveelheid elektroniese inligting wat op die Internet is in hiërargië van verbandhoudende temas of onderwerpe te kategoriseer (Van der Walt, 1998a:132). Die tuisbladsye van onderwerpsgidse bied 'n lys van breë onderwerpe waaruit 'n keuse gemaak kan word. Nadat 'n breë onderwerp geselekteer is, verskyn

'n volgende skerm met 'n lys van enger onderwerpe waaruit 'n keuse gemaak kan word. Die selekteringsproses verloop volgens hierdie wyse totdat die regsnavorser die onderwerp in so 'n mate verfyn het, dat dit aan die regsnavorser se spesifieke inligtingsbehoefte voldoen.

'n Voorbeeld van 'n algemene Web-onderwerpsgids is Yahoo! wat internasionaal bekend is as 'n omvattende onderwerpsgids, onder andere ook vir die opspoor van regsinligting (Botluk, 1997b: ch2a1). 'n Voorbeeld van 'n Suid-Afrikaanse onderwerpsgids is die ZaZoo-onderwerpsgids. Beide hierdie onderwerpsgidse bied aan die regsnavorser die onderwerpskategorie **Law** as 'n moontlike opsie ter selektering. Na die aanvanklike keuse wat uitgevoer is, word toegang tot 'n verskeidenheid ander tematiese keuselyste verleen. Daar bestaan ook telkens 'n soekfasiliteit wat die regsnavorser in staat stel om vinnige soektogte in die spesifieke onderwerpsgids se databasis uit te voer (Botluk, 1997b:ch2a1).

- Yahoo! word gevind by **http://www.yahoo.com**
- ZaZoo word gevind by **http://www.wna.co.za/zazoo/**

Onderwerpsgidse wat spesifiek op die organisering van regsinligting gerig is, is byvoorbeeld die All Law- en FindLaw-onderwerpsgidse.

- All Law word gevind by **http://www.AllLaw.com/**
- FindLaw word gevind by **http://www.findlaw.com**

'n Vaardige Internetgebruiker kan onderwerpsgidse op verskeie maniere nuttig aanwend. Dit bied 'n vinnige en effektiewe wyse om webruimtes met inligting wat binne 'n spesifieke kategorie ingedeel kan word, op te spoor (Botluk, 1997b:ch2a1). Deur tussen die onderwerpsgebonde keuselyste rond te blaai of *browse* (vergelyk 4.2.4), verkry die regsnavorser 'n oorsig van die tipe regsinligting wat die Internet bied. Daarby stel Van der Westhuizen (1997:6) voor dat onderwerpsgidse as 'n wegspringpunt vir die identifisering van alternatiewe soekterme gebruik kan word.

3.4.2 Web-soekenjins

'n Web-soekenjin stel soekfasiliteite beskikbaar waarmee die Web deursoek kan word. Deur trefwoorde in die soekruimte van die soekenjin in te sleutel, gee die regsnavorser aan die soekenjin opdrag om die webruimtes van die Web deur te soek na woorde wat ooreenstem met die trefwoorde wat ingesleutel is. Nadat die soekenjin relevante webruimtes geïdentifiseer het, word dit aan die Internetgebruiker as 'n lys van hiperteksskakels weergegee (Van der Walt, 1998a:37). Die regsnavorser selekteer dan, na aanleiding van 'n lys hiperteksskakels van titels

en kort beskrywings van webruimtes wat moontlik relevant mag wees, dié webruimtes wat na die mening van die regsnavorser dalk toepaslike inligting mag bevat. Die inligting wat in die webruimte opgeneem is, word daarna deur die soekenjin opgespoor en aan die regsnavorser vertoon.

Dong en Su (1997:69) en Van der Westhuizen (1997:7) beskryf Web-soekenjins as meganismes wat namens 'n Internetgebruiker deur html-databasisse na inligting soek wat moontlik in die inligtingsbehoeftes van die gebruiker mag voorsien. Deur 'n begrip van die samestelling van 'n soekenjin te vorm, kan die suksesvolle uitvoer van inligtingsoektogte bevorder word. 'n Soekenjin bestaan uit drie komponente, naamlik 'n robot, databasis en agent.

- **Robot:** 'n Program wat deur middel van hiperteksskakels die Web deurkruis, staan as 'n robot bekend. 'n Robot "kommunikeer" in HTTP (*HyperText Transfer Protocol*) en kan as 'n meganisme voorgestel word wat, in die soektog na nuwe inligtingsbronne, letterlik deur die Web kruip. Bronne wat opgespoor is, word dan geïndekseer en in 'n databasis opgeneem. 'n Verdere funksie van 'n robot is om skakels na verlate webruimtes op te spoor sodat dit outomaties opgedateer kan word. Die soekstrategie van 'n robot bepaal grootliks die kwantiteit en kwaliteit inligting wat in 'n soekenjin-databasis opgeneem word en verskil van soekenjin tot soekenjin (Van der Westhuizen, 1997:7). Omdat 'n robot se soektog nie altyd op dieselfde "plek" in kuberruimte begin nie en verskillende skakels gevolg word, spoor 'n Internetgebruiker nie elke keer presies dieselfde inligtingsbronne as tydens 'n identiese vorige soektog op nie. Die afleiding wat Van der Westhuizen (1997:7) hieruit maak, naamlik dat die Internet nie volledig geïndekseer is nie, is 'n aspek waarvan kennis geneem moet word omdat dit die suksesvolle uitvoer van soektogte na regsinligting op die Internet mag beïnvloed (vergelyk 4.2.3, 5.3.4 en 6.5.1).

- **Databasis:** Nadat inligting vanaf die Web opgespoor en geïndekseer is, word dit in 'n databasis opgeneem. Hierdie databasis kan met 'n katalogus vergelyk word waarin "inskrywings" van webruimtes se unieke adresse (URL's), titels, trefwoorde, eerste reëls van die teks, ekserpte of volledige teks, opskrifte en ander data byvoorbeeld die grootte van die dokument, voorkom (Van der Westhuizen, 1997:7). Inligting wat in 'n soekenjin-databasis opgeneem is, word aan die hand van sekere kriteria 'n graad van relevansie toegeken sodat die meer relevante dokumente wat tydens 'n soektog opgespoor word, eerste in die lys van resultate aan die Internetgebruiker vertoon kan word. Soekenjin-databasisse verskil in grote. 'n Groter databasis bevat meer geïn-dekseerde inligting en daarom sal 'n soektog wat in 'n groter databasis uitgevoer word, meer resultate vertoon. Die opdatering van 'n databasis se inhoud hou verband met die kwaliteit van die soekenjin en is aan die opdateringsbeleid van die betrokke soekenjin-instansie onderhewig (Van der Westhuizen, 1997:7).

- **Agent:** Die regsnavorser se inligtingsnavraag word deur die agent van 'n soekenjin "beantwoord". Die agent is 'n program wat daarvoor verantwoordelik is om deur die databasis te soek na webruimtes wat inligting bevat wat met die inligtingsnavraag ooreenstem. Die resultate wat opgespoor word, word deur die agent in volgorde van relevansie aan die gebruiker vertoon (Van der Westhuizen, 1997:7). Alhoewel die resultate van identiese inligtingsoektogte wat deur die agente van verskillende soekenjins uitgevoer word wel soms mag oorvleuel, spoor een agent dikwels webruimtes op wat 'n ander agent nie opspoor nie. Daarom is dit belangrik dat regs-navorsers in die geval van soekenjin-soektogte, van verskeie soekenjins gebruik maak om dieselfde soektog uit te voer. Sodoende kan daar gepoog word om sover moontlik alle relevante webruimtes op te spoor.

Die Web bied algemene en vakgerigte soekenjins (Botluk, 1997b:ch2a2:2). Van der Westhuizen (1997:7) identifiseer drie kategorieë soekenjins: individuele of enkele soekenjins, veelvoudige soekenjins en die soekenjins of soekfasiliteite van onderwerpsgidse. Hierbenewens kan soekenjins ook geografies, volgens taal, volgens onderwerp, die tipe inligting waarna gesoek word of die omvang van die inligting ingedeel word (Van der Westhuizen, 1997:7).

Voorbeelde van soekenjins wat deur Botluk (1997b:ch2a2:2-4) vir regsnavorsers se gebruik aanbeveel word, sluit onder meer die individuele soekenjins Alta Vista en Infoseek in. Veelvoudige soekenjins, waarvan Inference Find 'n voorbeeld is, mag moontlik ook resultate lewer wat vir regsnavorsers van belang sal wees. Botluk verwys egter in meer besonderhede na soekenjins soos LawRunner vir gebruik deur regsnavorsers omdat dit spesifiek op die herwinning van regsinligting gerig is. Hierdie soekenjins word vervolgens kortliks bespreek.

- Alta Vista by **http://www.altavista.com/**

Alta Vista is een van die grootste en meer bekende soekenjins en 'n voorbeeld van 'n individuele of enkele soekenjin. Dit beteken dat die Alta Vista-agent slegs eie databasisse na relevante webruimtes deursoek en nie die databasisse van ander soekenjins betrek nie. Alta Vista bied ruimte vir beide eenvoudige en gevorderde soekstrategieë en voorsien uitgebreide soekwenke en soekhulpbladsye. Deur die inligtingsvaardighede wat in hoofstuk vier bespreek word aan te wend, kan regsnavorsers die Alta Vista-soekenjin effektief vir die uitvoer van sleutelwoordsoektogte benut (vergelyk 4.2.2 en 4.2.3).

- Infoseek by **http://www.infoseek.com/**

Infoseek is 'n gesofistikeerde soekenjin wat aan die regsnavorser verskeie soekmoontlikhede bied. 'n Kenmerk van Infoseek is dat daar aan webruimtes wat deur die soekenjin opgespoor is,

'n persentasie na gelang van relevantheid toegeken word. Hierdie persentasie word bereken op grond van faktore soos die aantal kere wat die regsnavorser se trefwoord(e) of soekfrase(s) in 'n webruimte voorkom; die plek waar die trefwoord(e) of soekfrase(s) in die webruimte voorkom; die uniekheid van die webruimte en die mate waarin ongewone of vakterminologie in die webruimte gebruik word.

Omdat dit belangrik is om van verskeie soekenjins tydens die inligtingherwinningsproses gebruik te maak, kan Infoseek gebruik word om webruimtes op te spoor wat dalk deur Alta Vista nagelaat is. Die vaardighede wat vir die effektiewe gebruik van Infoseek aangewend behoort te word, word in hoofstuk vier bespreek (vergelyk 4.2.2 en 4.2.3).

- Inference Find by **http://www.infind.com/infind/**

'n Veelvoudige soekenjin of meta-soekenjin voer inligtingsoektogte in die databasisse van verskeie ander soekenjins uit. So byvoorbeeld deursoek Inference Find die databasisse van Alta Vista, Infoseek, Excite, PlanetSearch en Webcrawler (Van der Walt, 1999:33). Die voordele wat die gebruik van Inference Find vir die regsnavorser inhou is dat slegs een webruimte deur die regsnavorser besoek hoef te word en slegs een soekenjin se soekskerm ingevul moet word om ses soekenjins gelyktydig te deursoek. Sodoende hoef die regsnavorser nie verskeie soekenjins se soekprosedures aan te leer nie, maar slegs die vaardighede wat vir die gebruik van een soekenjin nodig is, aanleer.

Nadat die soektog uitgevoer is bekom die regsnavorser 'n geïntegreerde lys soekresultate wat verskeie voordele vir die regsnavorser as Internetgebruiker inhou. So byvoorbeeld word die resultate wat herhaal word deur Inference Find weggelaat wat andersins deur individuele soekenjins meermale in dieselfde resultaatlys aan die regsnavorser vertoon sou word (Stanley, 1998:3). Die gebruik van veelvoudige soekenjins lei tot effektiewe tydsbenutting tydens inligtingsoektogte en mag daarom vir regsnavorsers moontlik van nut wees.

- LawRunner by **http://www.lawrunner.com/**

LawRunner is 'n soekenjin wat spesifiek op die herwinning van regsinligting van alle wêrelddele gerig is. Die soekenjin LawRunner is 'n fasiliteit van die onderwerpsgids International Legal Resource Guide by **http://www.ilrg.com/** As 'n gespesialiseerde soekfasiliteit van 'n onderwerpsgids bied LawRunner meer as 1100 gevorderde soekstrategie-template (*advanced query templates*). Hierdie template help die regsnavorser om van die meer gevorderde soekstrategieë wat in 'n groot soekenjin soos Alta Vista ingebou is in die uitvoer van ingewikkelde inligtingsoektogte aan te wend (ILRG, 1998:1). Gevorderde soekstrategieë is gewoonlik onbekend aan onervare Internetgebruikers of mag selfs vir vaardige Internetgebruikers te gekompliseerd wees.

Daarom vergemaklik hierdie template van die soekenjin LawRunner en die template van ander soortgelyke soekenjins die herwinning van regsinligting vir die regsnavorser (ILRG, 1998:1). Die vaardighede wat vir die effektiewe benutting van LawRunner aangewend behoort te word, word in 4.2.2 en 4.2.3 bespreek.

Benewens die genoemde soekenjins is daar 'n wye verskeidenheid ander soekenjins en soekfasiliteite van verskeie Web-onderwerpsgidse wat nie elkeen hier genoem of bespreek word nie. Die vaardighede en kennis wat vir die effektiewe herwinning van regsinligting op die Internet nodig is verskil van een inligtingherwinningsinstrument tot 'n ander. Saam met die gebruik van die inligtingherwinningsinstrumente wat bespreek is, is daar ook verskeie ander strategieë wat deur regsnavorsers vir die opspoor van regsinligting op die Internet nagevolg kan word. Voordat hierdie vaardighede in hoofstuk vier bespreek word, is dit egter eers nodig om vas te stel watter tipes regsinligting op die Internet beskikbaar is.

3.5 Regsinligting beskikbaar op die Internet

Soos voorheen genoem, bied die Internet toegang tot inligting wat voorheen nie onmiddelik toeganklik sou wees nie of nooit "gepubliseer" sou word nie (Adkins, 1997a & Uniacke, 1998:2). Die Internet sluit die netwerke van instansies van oor die wêreld soos universiteite en biblioteke, regerings, uitgewers, ander organisasies en diverse firmas in. Deur die Internet word afstandskakeling (*remote log-in*) tot daardie databasisse wat aan die netwerk verbind is, moontlik gemaak (Pickhard, 1998b:7). Sodoende word die regsnavorser as Internetgebruiker toegang tot inligting gebied waarvan die regsnavorser voorheen moontlik onbewus was of nie geredelik sou kon bekom nie.

In die lig van die doelstellings (vergelyk 1.2) word die beskikbaarheid van regsinligting op die Internet ondersoek. Die verskillende kategorieë van regsinligting is breedvoerig in hoofstuk twee uiteengesit. Soos gesien, word regsinligting in primêre en sekondêre bronne opgespoor waarvan primêre bronne die outoritêre bronne van die reg is en sekondêre bronne daardie bronne is wat die reg ontleed en verwysings na primêre bronne bied (vergelyk 2.4.2). Volgens Pickhard (1998a:7) is dit moontlik om inligting wat in álle kategorieë regsbronne sorteer, op die Internet op te spoor. Primêre inligting onder meer hofverslae en statute en sekondêre inligting soos regsindekse en elektroniese regstydskrifte is voorbeelde van die tipes regsbronne wat die Internet bied. Dit beteken egter nie dat alle regsinligting elektronies op die Internet beskikbaar is nie. Die Internet moet eerder as 'n nuwe inligtingsbron beskou word wat die tradisionele regsinligtingsbronne komplementeer en nie vervang nie (Pickhard, 1998a:7).

Groot hoeveelhede regsinligting word deur verskeie betroubare instansies soos universiteite, prokureursfirmas, regsuitgewers en landsregerings van oor die wêreld op die Internet geplaas (Adkins, 1997a:2). Vervolgens word 'n oorsig van die verskillende tipes regsinligting wat op die Internet opgespoor kan word, gegee. Die indeling word volgens die tipe instansie wat die regsinligting *via* die Internet beskikbaar stel, gedoen. Daar word eerstens na Suid-Afrikaanse instansies verwys en daarna na internasionale instansies. Omdat daar 'n onkwantifiseerbare aantal skakels na regs- en ander inligting op die Internet bestaan, word dit beklemtoon dat slegs 'n verteenwoordigende aantal voorbeelde van skakels na primêre en sekondêre Internetregsinligtingsbronne in hierdie bespreking vermeld word.

3.5.1 Akademiese instansies

Akademiese instansies soos universiteite, regsfakulteite en regskole en meer spesifiek die biblioteke van hierdie instansies as inligtingsdiensleweringsentra, bied aan regsnavorsers betroubare wegspringpunte waarvandaan inligtingsoektogte op die Internet geloots kan word. 'n Voorbeeld van so 'n wegspringpunt is die regsfakulteit van die Universiteit van die Witwatersrand se omvattende webruimte, naamlik Wits Law School by **http://www.wits.ac.za/law/**

Die inligting wat hierdie webruimte bied word in verskeie kategorieë ingedeel waarvan slegs 'n paar genoem word. Die kategorieë vir inligting rakende die Suid-Afrikaanse Konstitusionele Hof, die Suid-Afrikaanse Hof vir Grondeise en die Suid-Afrikaanse Arbeidshowe bied gratis toegang tot onder andere primêre regsinligting soos die onderskeie howe se hofbeslissings wat in hul argiewe opgeneem is. Ander kategorieë bied toegang tot sekondêre regsbronne soos die verslae van die Suid-Afrikaanse regs- en ander kommissies, regstydskrifte en inligting wat onder andere die Suid-Afrikaanse konstitusie en menseregte betref.

Ten slotte bied die Wits Law School-webruimte 'n kategorie met skakels na ander betroubare Suid-Afrikaanse webruimtes wat primêre en sekondêre regsinligting bevat asook skakels na internasionale webruimtes wat toegang tot regsbronne van ander lande bied soos onder meer die *German Federal Statutes Fulltext*, *European Court of Human Rights*, die *House of Commons Hansard* en die *House of Lords Hansard*.

Uitgebreide skakels na die regsinligting van ander lande word kan gewoonlik by internasionale akademiese instansies se webruimtes opgespoor word. Die Legal Information Institute at Cornell by **http://www.law.cornell.edu** word as een van die beste en volledigste webruimtes vir regsinligting op die Internet beskryf (Botluk, 1997b:ch4a1:1). Die argiewe volledige teks regsdokumente word met 'n goed georganiseerde gids gekombineer wat ook skakels na ander regswebruimtes van oor die wêreld bied. Die opdateringsdienste wat hierdie webruimte lewer is

van so 'n aard dat regsinligting wat nuut tot hierdie en ander geselekteerde webruimtes toegevoeg word, deurentyd aan regsnavorsers bekendgestel en toeganklik gemaak word.

Omdat die Legal Information Institute at Cornell 'n Amerikaanse instituut is, bied dit hoofsaaklik Amerikaanse primêre regsbronne soos die *United States Supreme Court decisions* vanaf 1990. Dit bied verder geselekteerde historiese hofbeslissings van die Hooggeregshof sowel as nuwer hofbeslissings van onder andere die *New York Court of Appeals* en die *Decisions of the International Court of Justice.* Benewens primêre inligtingsbronne bied hierdie instituut vele sekondêre bronne wat moontlik ook vir Suid-Afrikaanse regsnavorsers van belang mag wees, byvoorbeeld die elektroniese tydskrif *The Oxford Journal of Legal Studies* en die *Journal of Online Law.* Verskeie aktualiteitsdienste soos onder meer *BigEar* en *Eye on the Courts* word verskaf met die funksie om regsgeleerdes op hoogte van nuwe Internetregsinligtingsbronne en regsontwikkeling op die Internet, te hou.

Die Amerikaanse universiteitsbiblioteek van Indiana bied ook 'n baie goed georganiseerde wegspringpunt na regsinligting op die Internet, naamlik die World Wide Web Virtual Library - LAW by **http://www.law.indiana.edu/law/v-lib/lawindex.html** Dit bied primêre regsinligting soos die hofbeslissings van verskeie lande, asook sekondêre regsinligting soos die elektroniese tydskrif *Journal of African Law* wat teen 'n inskrywingsfooi bekombaar is.

Die skakels na primêre en sekondêre regsinligting wat hierdie webruimte bied, word in 'n reeks kategorieë ingedeel. Die drie hoofindelings in hierdie webruimte word gedoen op grond van die tipe organisasie wat die regsinligting op die Internet beskikbaar stel; die vakgebied waarbinne die regsinligting ingedeel word; en 'n kategorie bestaande uit 'n lys van hiperteksskakels na verskeie regsgespesialiseerde soekenjins. Regsnavorsers sou hierdie webruimte as wegspringpunt na byvoorbeeld die *Harvard University Libraries* se intydse biblioteekkatalogus, HOLLIS, kon gebruik. Deur van die HOLLIS-databasisse gebruik te maak, word aan Internetgebruikers toegang tot verskeie sitaatindekse en volledige teksdokumente verleen (Hollis, 199?:1).

Die webruimte World Wide Web Virtual Library - LAW verleen ook aan regsnavorsers hulp met die uitvoer van 'n inligtingsoektog op die Internet. Dit geskied onder andere deur middel van gidse soos *How to find United Nations Documents* en 'n *Internet Legal Resource Guide.* Verdere skakels word ook na velerlei volledige teksdokumente gevind soos die *Rules of Procedure of the European Parlement* en die persverklarings en toesprake wat deur die Amerikaanse Staatspresident gelewer.

Benewens die regs- en ander inligting wat by die webruimte(s) van een akademiese instansie opgespoor kan word, word 'n regsnavorser deur die hiperteksskakels wat die instansie se webruimte(s) bied, bewus gemaak van ander akademiese instansies met soortgelyke webruimtes wat dalk addisionele inligting mag voorsien. Akademiese webruimtes bied dus aan regsnavorsers 'n verskeidenheid nasionale en internasionale regs- en ander inligtingsbronne asook skakels

na moontlik toepaslike inligtingherwinningsinstrumente en -gidse wat die regsnavorser tydens inligtingsoektogte mag help.

3.5.2 Regerings

Net soos in die geval van akademiese instansies, stel landsregerings ook betroubare inligting op die Internet aan die publiek beskikbaar (Botluk, 1997b:ch4a:1). Die Suid-Afrikaanse webruimte Index to Government Information by **http://www.polity.org.za/gnuindex.html** bied skakels na primêre regsinligting soos Suid-Afrikaanse wetgewing en Suid-Afrikaanse hofverslae asook 'n verskeidenheid ander skakels na sekondêre inligting soos kommissieverslae, inligting rakende konstitusionele aangeleenthede, die Staatskoerant, skakels na regstydskrifte, Suid-Afrikaanse hansard, parlementêre verslae, wit- en groenskrifte, proklamasies asook die persverklarings en toesprake wat deur die Suid-Afrikaanse President gemaak is. Die Index to Government Information-webruimte bied aan die regsnavorser, benewens die uitgebreide kategorieë regsinligting wat dit bevat, ook 'n kategorie *South African Internet Resources*. Deur van hierdie hiperteksskakel gebruik te maak, verkry regsnavorsers 'n oorsig van die verskeidenheid Suid-Afrikaanse webruimtes wat huidig bestaan, insluitend dié webruimtes wat inhoudelik regsinligting bevat.

Die Amerikaanse regering, byvoorbeeld, bied aan onder andere regsnavorsers verskeie webruimtes wat by uitstek betroubare inligtingsbronne inhou. Volgens Botluk (1997b:ch42:1) is die webruimte van die House of Representatives Law Library by **http://law.house.gov** 'n webruimte wat ongeëwenaar is in hul poging om deur middel van hiperteksskakels, álle volledige teks regsdokumente wat op die Internet voorkom aan regsnavorsers van oor die wêreld toeganklik te maak. Die goed georganiseerde keuselys bied aan regsnavorsers wat spesifieke inligtingsoektogte wil uitvoer die moontlikheid om, indien die betrokke regsinligting wel elektronies beskikbaar is, dit moeiteloos op te spoor. Alhoewel hierdie webruimte oorspronklik Amerikaans is, word meer as vyfduisend skakels na ander lande se elektroniese primêre en sekondêre regsinligtingsbronne aan regsnavorsers gebied (Botluk, 1997b:ch4a2:1).

Die webruimtes van nasionale biblioteke dien gewoonlik ook as Internetopritte (*gateways*) tot regeringsinligting (vergelyk 5.3). So byvoorbeeld bied die Amerikaanse *Library of Congress* 'n geannoteerde hiperteksgids tot regsinligting wêreldwyd. Die Library of Congress Guide to Law Online by **http://lcweb2.loc.gov/glin/worldlaw.html** bied, behalwe 'n volledige lys hiperteksskakels na regsinligting, ook vooraf verklarings van die tipe inligting wat opgespoor sal word. Hiervolgens kan die regsnavorser 'n besluit met betrekking tot die moontlike relevantheid van die webruimte en die inligting wat herwin sal word, neem. Verder kan die regsnavorser 'n seleksie uit, óf die gids tot Amerikaanse regsinligting, óf gidse tot die regsinligting van ander lande, óf gidse tot multinasionale en internasionale regsinligtingsbronne, maak. Elk van hierdie gidse is op

grond van die tipe regsinligting of die onderwerp van die regsinligting in verskeie kategorieë onderverdeel. Botluk (1997b:ch4a2:2) beskryf hierdie gidse as gidse wat kenmerkend eerder op kwaliteit as kwantiteit konsentreer en daarom van moontlike waarde vir regsnavorsers tydens die regsnavorsingsproses mag wees.

3.5.3 Organisasies en assosiasies

Sedert die Internet gekommersialiseer is, word ook webruimtes van diverse organisasies, assosiasies en instansies anders as akademiese instansies en landsregerings op die Internet gevind (Leiner *et al.*, 1998:13). Vele organisasies maak van webruimtes gebruik met die doel om wêreldwyd op die Web verteenwoordig te wees.

So byvoorbeeld word die Arbitration Foundation of Southern Africa deur hul tuisblad wat by die URL **http://www.arbitration.co.za** opgespoor kan word, aan Internetgebruikers wêreldwyd bekendgestel. Hierdie webruimte bied algemene inligting oor nasionale en internasionale arbitrasie en mediasie sowel as hiperteksskakels na volledige teksdokumente soos die *International Arbitration Rules of the American Arbitration Association*, *Index of International Arbitration and Alternative Dispute Resolution Services* en 'n *Arbitration and Mediation Directory*.

'n Assosiasie soos die Pretoria Balie maak ook van 'n Web-tuisblad gebruik om wêreldwye bekendstelling te verkry. Die Pretoria Bar Association by **http://www.pretoriabar.co.za** bied, benewens algemene inligting oor die regsprofessie en die geskiedenis van die Pretoria Balie, ook aan regsnavorsers 'n belangrike wegspringpunt vir soektogte na Suid-Afrikaanse regsinligting op die Internet. Deur hierdie wegspringpunt, naamlik die *M Web Law*-hiperteksskakel tot by byvoorbeeld *Case Law* te volg, word primêre regsinligting soos die Suid-Afrikaanse Hofverslae by die indeling *All South African Law Reports* opgespoor. Aan die regsnavorser wat op die gedrukte weergawe van hierdie bron ingeteken is, word daar deur middel van 'n wagwoord onmiddelike toegang tot die Suid-Afrikaanse hofverslae in elektroniese formaat verleen. Volledige sekondêre regsinligting teksdokumente waarvoor geen intekenfooi vereis word nie, is byvoorbeeld die regstydskrif *De Rebus* se nuutste uitgawe. Toegang tot die argiewe van vorige *De Rebus*-uitgawes is ook toeganklik, maar slegs aan intekenare. Ander voorbeelde van sekondêre regsinligtingsbronne wat deur die *M Web Law*-skakel opgespoor kan word is onder meer 'n alfabetiese indeks tot hofverslae en 'n chronologiese lys van hofverslae.

Net soos die Pretoria Balie word die Amerikaanse Balie wêreldwyd op die Internet verteenwoordig deur middel van hul webruimte American Bar Association by **http://www.abanet.org** Dit bied algemene inligting oor die verskillende afdelings, publikasies en aktiwiteite van die Amerikaanse Balie. Alhoewel hierdie webruimte eerder vir regspraktisyns van belang mag wees, bied dit deur middel van die *LAWLink*-hiperteksskakel ook aan regsnavorsers 'n versameling ander

regsgespesialiseerde soekskakels. Die webruimte LAWLink is veral op die onervare Internetgebruiker gerig wat wel soektogte na regsinligting op die Internet wil uitvoer, maar wat nie ingewikkelde soekstrategieë in die soekproses wil toepas nie.

In teenstelling met LAWLink wat 'n geselekteerde lys van enkele beter soekskakels bied, bied Hieros Gamos by **http://hg.org** 'n veelomvattende versameling hiperteksskakels na regsinligting op die Internet. Hierdie organisasie poog om met 'n beleid wat toegang tot alle elektroniese regsinligting van alle wêrelddele onderskryf, 'n gids te wees wat deur enige regsnavorser op enige regsgebied gebruik kan word (Botluk, 1997b:ch4a3:2). Benewens die skakels wat dit bied, dien die Hieros Gamos-databasisse terselfdertyd as bergplekke vir groot hoeveelhede regsinligting. So byvoorbeeld word die regsinligting deur die *Practice Index* in meer as 200 onderwerpsindelings geklassifiseer wat met behulp van soekenjins of keuselyste deursoek (*browsed*) kan word. Hieros Gamos bevat verder ook inligting oor enige ander organisasie wat moontlik met die reg geassosieer kan word.

Omdat Hieros Gamos poog om alle beskikbare elektroniese regsinligting toeganklik te maak, mag dit 'n webruimte wees wat onervare Internetgebruikers kan oorweldig. Botluk (1997b: ch4a3:2) beklemtoon egter dat die Hieros Gamos-webruimte met betrekking tot die opspoor van bruikbare regsinligting, een van die meer betroubare webruimtes is wat nie tydens soektogte na regsinligting op die Internet misgekyk moet word nie.

3.5.4 Regsfirmas

In sommige gevalle mag die tuisbladsye van Suid-Afrikaanse regsfirmas sowel as internasionale regsfirmas 'n regsnavorser van waardevolle regsinligting voorsien. Hierdie tuisbladsye voorsien onder andere die elektroniese pos-adresse van die vennote of ander vakspesialiste van die firma. Deur van elektroniese pos gebruik te maak, kan 'n regsnavorser op 'n effektiewe manier met 'n spesialis op dieselfde vakgebied in Suid-Afrika of wêreldwyd kontak maak (vergelyk 3.3.1).

Sommige regsfirmas bied skakels na eie publikasies asook na ander sekondêre inligtingsbronne soos elektroniese regstydskrifte. Omdat daar te veel regsfirmas met webruimtes nasionaal en internasionaal is, word slegs twee adresse na volledige lyste van Suid-Afrikaanse en internasionale regsfirmas hier genoem, naamlik die South African Law Firms Online-webruimte by **http://www.pix.za/hlp/salu/indices.htm** en die internasionale Law Firms and Lawyers-webruimte by **http://www.findlaw.com/14firms/index.html**

3.5.5 Regsuitgewers

Regsuitgewers wat bekend is vir die publisering van betroubare regsinligting in gedrukte formaat, is gewoonlik ook betroubare bronne van elektroniese regsinligting (Pickhard, 1998b:7). Die webruimtes van 'n Suid-Afrikaanse regsuitgewer soos Jutastat by **http://www.jutastat.com** en die internasionale regsuitgewer Butterworths by **http://www.butterworths.co.za** bied aan regsnavorsers toegang tot verskeie primêre en sekondêre regsinligtingsbronne.

Hierdie webruimtes stel egter die regsinligting wat dit in elektroniese formaat bied slegs teen 'n vasgestelde intekenfooi beskikbaar of op voorwaarde dat die Internetgebruiker ook op die gedrukte weergawe van die betrokke regsinligtingsbron ingeteken moet wees. Aan regsnavorsers wat wel aan hierdie vereistes voldoen, word byvoorbeeld deur die Butterworths-webruimte toegang tot primêre regsinligting soos die *All South African Law Reports* en sekondêre regsinligting soos die *Butterworths Gracies Index to the South African Law Reports*, verleen (Uniacke, 1998:1).

Die inligting wat die Butterworths-webruimte bied word onder andere deur gebruikersvriendelike soekfasiliteite, hiperteksskakels tussen sitasies asook skakels vanaf die indekse na die hofverslae, gekenmerk. Benewens die inligting waarvoor 'n intekenfooi vereis word, bied die Butterworths-webruimte ook toegang tot gratis dienste soos die *Butterworths Legal Information Service* en *Weekly Legislation Update* wat moontlik vir regsnavorsers tydens die regsnavorsingsproses van nut mag wees.

'n Internasionale uitgewer soos *Reed Elsevier* se webruimte Elsevier Science word opgespoor by **http://www.elsevier.com** en kan met 'n Web-onderwerpsgids vergelyk word. Dit bied 'n hiërargiese indeling van onderwerpe en subtemas asook eenvoudige en gevorderde soekfasiliteite wat die opspoor van onder andere regsinligting, vergemaklik. Die verskeie Elsevier Science-webruimtes bied bibliografiese inligting van inligtingsbronne wat in gedrukte of in elektroniese formaat beskikbaar is. Hiermee saam word die prosedure waarop die bron opgespoor en aangekoop kan word aan die Internetgebruiker verduidelik. Indien die inligting elektronies beskikbaar is, word 'n hiperteksskakel voorsien wat die regsnavorser direk na die elektroniese formaat sal neem.

Benewens bibliografiese inligting verskaf Elsevier Science ook verskeie aktualiteitsdienste wat die regsnavorser op hoogte van nuwe regsinligting wat gepubliseer word, hou. Deur gebruik te maak van die webruimtes van uitgewers soos Butterworths en Elsevier Science word regs- en ander inligting soos die bibliografiese gegewens van 'n publikasie, prys van publikasie, die moontlikheid van gratis toegang tot elektroniese inligting en hiperteksskakels tot verwante webruimtes, opgespoor.

Die verskillende instansies soos hierbo vermeld, wat bekendheid verwerf het vir die betroubare regsinligtingsbronne wat hulle in die verlede aan regsgeleerdes voorsien het, is gewoonlik ook betroubare verskaffers van elektroniese regsinligting (Pickhard, 1998b:7). Net soos wat verskillende regsgeleerdes se inligtingsbehoeftes in ooreenstemming met hul onderskeie funksies verskil, sal ook die webruimtes wat in regsgeleerdes se inligtingsbehoeftes voorsien, verskil. Omdat regsakademici volgens Russell (1989:17) grootliks 'n behoefte aan uitgebreide bibliografiese inligting vir die opspoor van primêre en sekondêre regsbronne het, sal webruimtes wat hoofsaaklik volledige teksdokumente bevat nie noodwendig in die inligtingsbehoeftes van regsnavorsers voorsien nie (Botluk, 1997b:ch4a:1). Botluk beklemtoon eerder die noodsaaklikheid van deeglike en goed georganiseerde onderwerpsgidse en verteenwoordigende keuselyste, versamelings geselekteerde hiperteksskakels en effektiewe soekfasiliteite wat die volledige teksdokumente van ander betroubare webruimtes sal insluit om te voorsien in die inligtingsbehoeftes van regsnavorsers (vergelyk 5.2.2).

Omdat 'n regsakademikus se navorsingsbenadering na die mening van Russell (1989:17) gewoonlik interdissiplinêr en internasionaal van aard is, bied die Internet moontlik toegang tot inligting wat die regsnavorsingsproses mag bevorder. Deur van die tipes regsinligting wat die Internet bied bewus te wees, kan die regsnavorser daardie webruimtes en inligtingherwinningsinstrumente wat in sy spesifieke inligtingsbehoeftes sal voorsien, identifiseer. Die Internet vervang nie die tradisionele inligtingsbronne nie, maar die toenemende belangrikheid van die Internet as inligtingsbron vir gebruik tydens die regsnavorsingsproses word deur Bekker (1997:70) benadruk. Vir die regsnavorser wat wel van die Internet as addisionele inligtingsbron gebruik wil maak, bied die webruimtes van diverse instansies soos akademiese-, regerings-, regsfirmas, ensomeer dus belangrike wegspringpunte in die inligtingherwinningsproses.

3.6 Samevatting

Die veranderinge wat deurentyd in die samelewing plaasvind het die ontstaan en ontwikkeling van die Internet tot gevolg gehad wat na die mening van Pikowsky (1999:77), Wall (1998:2) en Cnossen en Smith (1997:1) ook 'n merkbare invloed op die ontwikkeling van die reg, die regsprofessie, regsakademici en die regsnavorsingsproses het. Die Internet as 'n addisionele bron van inligting speel in 'n toenemende mate 'n belangrike rol in die inligtingsamelewing (Van der Walt, 1998a:130). Dit beteken egter nie dat die Internet as inligtingsbron die tradisionele gedrukte formate soos boeke en tydskrifte in biblioteek- en die privaatversamelings van regsgeleerdes, of in ander formate soos CD-ROM, in geheel kan vervang nie (Botluk, 1997b:ch3c1).

Die Internet as inligtingsbron word ondanks aspekte soos die afwesigheid van 'n beherende instansie en die skynbare oorvloed ongeorganiseerde inligting, deur Botluk (1997b:ch3a), Cnossen en Smith (1998:1), Adkins (1997a:1) en Pickhard (1997a:1) as 'n belangrike bron van

inligting vir regsnavorsers beskou. Die inligting word deur verskeie instansies soos universiteite, landsregerings, regsfirmas, regsuitgewers en ander diverse organisasies en assosiasies beskikbaar gestel. Die belangrikste voordeel van die Internet is dat dit aan diegene wat oor die nodige apparatuur, programmatuur en gepaardgaande inligtingherwinningsvaardighede beskik, feitlik onmiddelik toegang tot inligting verleen wat voorheen skaars beskikbaar of redelik ontoeganklik sou wees (Lynden, 1996: 79 & Uniacke, 1998:2).

Omdat die inligting wat op die Internet opgespoor kan word nie net deur betroubare instansies soos universiteite en landsregerings beskikbaar gestel word nie, maar ook deur enige ander persoon of instansie, is dit nie noodwendig wetenskaplike of betroubare inligting nie (Van der Walt, 1998a:130). Daarom is dit belangrik dat die regsnavorser van sekere evalueringskriteria gebruik maak om die kwaliteit van die inligting te bepaal. Juis as gevolg van die aard van die Internet, is dit in die regsnavorser se belang om oor inligtingherwinningsvaardighede te beskik soos onder meer die selektering van geskikte inligtingherwinningsinstrumente met betrekking tot 'n spesifieke inligtingsnavraag, die toepassing van verskillende soekstrategieë en die vertolking van die soekresultate (Botluk, 1997a & Van der Walt, 1998a:133-138).

Die Internet word dus volgens Pickhard (1998a:1), Cnossen en Smith (1998:1), Adkins (1997a:1) en Botluk (1997b:ch3a) as 'n essensiële bron van inligting beskou wat addisioneel tydens die regsnavorsingsproses benut kan word. Omdat die Internet egter ook ander inligting benewens betroubare regsinligting beskikbaar stel, word die suksesvolle opspoor van relevante inligting gekenmerk deur die aanwending van sekere inligtingherwinningsvaardighede en soekstrategieë wat vervolgens in hoofstuk vier bespreek word.

HOOFSTUK 4

Die gebruik van Internetbronne tydens regsnavorsing

4.1 Inleiding

Regsnavorsing kan na gelang van die regsprobleem of tema wat nagevors word en in ooreenstemming met regsnavorsers se persoonlike voorkeure volgens 'n verskeidenheid van metodes en kombinasies van metodes gedoen word, maar word deur 'n konstante behoefte aan inligting uit primêre en sekondêre regsbronne gekenmerk. Daar is in die vorige hoofstuk gesien dat die Internet as 'n belangrike addisionele inligtingsbron beskou kan word omdat dit regs- en ander inligting wat deur verskeie instansies op die Internet geplaas word, aan regsnavorsers beskikbaar stel.

Vir die regsnavorser wat wel van die Internet as 'n addisionele inligtingsbron gebruik wil maak, bied die Internet verskeie inligtingherwinningsinstrumente soos Web-soekenjins en die soekfasiliteite van Web-onderwerpsgidse vir die uitvoer van inligtingsoektogte op die Internet (vergelyk 3.4). Hierbenewens bied die webruimtes van instansies wat regs- en ander inligting op die Internet beskikbaar stel belangrike wegspringpunte in die inligtingherwinningsproses.

Die gebruik van hierdie inligtingherwinningsinstrumente en ander wegspringpunte verg egter sekere inligtingherwinningsvaardighede van Internetgebruikers (Botluk, 1997b:ch3c6:1). Omdat regsakademici regsnavorsing as 'n ordelike aktiwiteit beskou wat doelgerig op die bereiking van regswetenskaplike resultate afgestem moet wees (Du Plessis & Venter, 1990:3), is dit belangrik dat 'n soekstrategie uitgewerk word voordat daar met 'n Internetsoektog begin word.

Soekstrategieë ontwikkel onder andere uit die selektering van 'n geskikte inligtingherwinningsinstrument, die aanwending van diverse vaardighede tydens die uitvoer van byvoorbeeld sleutelwoordsoektogte asook die effektiewe benutting van 'n leesprogram se rondblaaifunksies (Botluk, 1997a:1 & Botluk, 1997b:ch2a2:4). Benewens die vaardighede wat vir die effektiewe uitvoer van Internet-inligtingsoektogte nodig is, is dit ook belangrik dat die kwaliteit van die regsinligting wat opgespoor word, bepaal word deur dit aan die hand van sekere kriteria soos die betroubaarheid en geldigheid daarvan te evalueer (Pikowsky, 1999:94 & Tyburski, 1998).

Indien die regsinligting wat op die Internet opgespoor word aan vereistes soos betroubaarheid en geldigheid voldoen, sal dit die regsnavorsingsproses bevorder (Chabot, 1997:1). Omdat die gebruik van Internetbronne tydens die regsnavorsingsproses met die aanwending van sekere inligtingherwinningsvaardighede en die evaluering van die herwinde regs- en ander inligting gepaard gaan, word daardie vaardighede vervolgens bespreek.

4.2 Vaardighede nodig vir die herwinning van inligting op die Internet

Sedert die koms van die Internet en die ontwikkeling van effektiewe inligtingherwinnings-instrumente, word regsnavorsers toenemend gekonfronteer met elektroniese inligting wat daagliks vermeerder (Botluk, 1997b:ch3a:1). Alhoewel die Internet as addisionele bron van inligting toegang tot 'n groot hoeveelheid regsinligting bied, is nie alle regsinligting elektronies beskikbaar nie (Pickhard, 1998a:7). Daarom is dit belangrik dat die regsnavorser moet vasstel óf die Internet 'n geskikte inligtingsbron is om te raadpleeg en indien wel, kennis dra van die verskillende soekstrategieë vir die uitvoer van inligtingsoektogte (Botluk, 1997b:ch3c1).

Hierdie soekstrategieë sluit daardie vaardighede in wat nodig is vir die opspoor van presiese inligting, die selektering van 'n geskikte inligtingherwinningsinstrument, die gebruik van soekenjins om sleutelwoordsoektogte uit te voer asook die wyse waarop doelgerig op die Internet rondgeblaai (*browsing*) kan word.

4.2.1 Opspoor van presiese inligting

Regsnavorsers word deur middel van tradisionele media soos artikels in regstydskrifte en koerante, televisieprogramme en -advertensies óf deur ander regsnavorsers aan sekere webruimtes bekendgestel wat potensiële bronne van betroubare regsinligting mag wees. Op hierdie wyse bekom 'n regsnavorser die adres van 'n webruimte wat die regsnavorser in staat stel om direk na die presiese inligting in kuberruimte te beweeg (Botluk, 1997b:ch3c4:1). Hierdie unieke adres van die webruimte staan as 'n URL bekend (vergelyk 3.3.5) en kan deur regsnavorsers gebruik word om presiese inligting op die Internet op te spoor.

Regsnavorsers wat byvoorbeeld van die leesprogram *Netscape Navigator Gold 3.0* gebruik maak kan 'n spesifieke webruimte op twee maniere bereik. Die URL kan in die "*location*"-area ingesleutel word waarna die "*enter*"-sleutel gedruk word; óf deur op die "*open*"-ikoon te klik, die URL in die "*open location*" in te sleutel en daarna op "*open*" te klik. Dit is belangrik om daarop te let dat die URL presies ingesleutel word soos wat die oorspronklike voorbeeld daar uitsien, met ander woorde hoofletters, kleinletters en ander simbole presies te gebruik soos wat dit in die gegewe URL voorkom.

Indien die webruimte, selfs nadat die URL korrek ingesleutel is, nie opgespoor kan word nie is dit volgens Van der Westhuizen (1997:9) raadsaam om die URL van agter na voor in kleiner dele op te breek. So kan 'n volledige URL soos **http://www.internetlawyer.com/tutorial.tut3.htm** byvoorbeeld as slegs **http://www.internetlawyer.com/** ingesleutel word. Sodra die webruimte met die korter URL opgespoor word, sal dit waarskynlik deur middel van hiperteksskakels of 'n soekfasiliteit moontlik wees om die webruimte waarna oorspronklik gesoek was, op te spoor.

4.2.2 Keuse van inligtingherwinningsinstrument

In gevalle waar die regsnavorser nie oor 'n URL wat sal lei tot die opspoor van presiese inligting beskik nie, behoort die regsnavorser van die verskillende Web-inligtingherwinningsinstrumente gebruik te maak. Volgens Botluk (1997b:ch3c5:1) is regsnavorsers as Internetgebruikers oor die algemeen aanvanklik onseker oor aspekte soos waar en hoe om na regs- of ander inligting op die Internet te soek. Die Web bied algemene en vakgerigte inligtingherwinningsinstrumente wat in verskillende regsnavorsers se behoeftes sal voorsien.

4.2.2.1 Algemene inligtingherwinningsinstrumente

In sommige gevalle mag 'n regsnavorser 'n inligtingsoektog begin sonder om 'n vooropgestelde idee te hê van die presiese inligting wat opgespoor moet word (Botluk, 1997b:ch3c5:1). Indien die regsnavorser slegs 'n oorsig wil bekom van die omvang en die tipe inligting wat oor 'n sekere onderwerp opgespoor kan word, word die gebruik van algemene inligtingherwinningsinstrumente aanbeveel (vergelyk 3.4.1 en 3.4.2). Algemene inligtingherwinningsinstrumente is byvoorbeeld:

- Yahoo! by **http://www.yahoo.com**
- ZaZoo by **http://www.wna.co.za/zazoo/**
- Alta Vista by **http://www.altavista.com/**
- Infoseek by **http://www.infoseek.com/**
- Inference Find by **http://www.infind.com/infind/**

4.2.2.2 Regsgespesialiseerde inligtingherwinningsinstrumente

Sommige inligtingherwinningsinstrumente is spesifiek op die herwinning van regsinligting gerig. Vir die regsnavorser wat nie direk deur middel van 'n URL na 'n webruimte in kuberruimte wil beweeg nie, maar wat 'n oorsig van die tipes Internetbronne en regsinligting wat oor 'n sekere onderwerp of binne 'n spesifieke vakgebied beskikbaar is wil bekom, is dit raadsaam om van die Web se regsgespesialiseerde inligtingherwinningsinstrumente gebruik te maak (vergelyk 3.4.1 en 3.4.2). Die Web bied onderwerpsgidse en soekenjins wat die opspoor van spesifiek regsinligting op die Internet vergemaklik, soos onder andere:

- All Law by **http://www.AllLaw.com/**
- FindLaw by **http://www.findlaw.com**
- LawRunner by **http://www.lawrunner.com/**

Die vaardighede wat benodig word vir die effektiewe benutting van soekenjins en ander soekfasiliteite vir die uitvoer van sleutelwoordsoektogte word vervolgens bespreek.

4.2.3 Uitvoer van sleutelwoordsoektogte

Sleutelwoordsoektogte na Internetregsinligtingsbronne kan met redelike noukeurigheid deur middel van soekenjins of die soekfasiliteite van onderwerpsgidse uitgevoer word (Van der Walt, 1998a:133). Botluk (1997b:ch2a2:4) beklemtoon egter dat 'n sekere mate van ervaring in die gebruik van soekenjins en ander soekfasiliteite vir die opspoor van spesifieke regsinligting nodig is. 'n Sleutelwoordsoektog behels die insleutel van sekere trefwoorde, konsepte of soekfrases in die soekruimte van 'n soekenjin of in die soekruimte van 'n onderwerpsgids se soekfasiliteit. Nadat die Internetgebruiker 'n inligtingsnavraag op hierdie wyse gestel het, gee die gebruiker aan die soekenjin opdrag om die soektog uit te voer deur op die soekfunksie van die soekenjin te klik. Die soekfunksie is byvoorbeeld 'n "*search*"-, "*find*"- of "*go*"-ikoon wat gewoonlik langsaan of onder die soekruimte van die soekenjin gevind word.

Voordat 'n regsnavorser 'n sleutelwoordsoekstrategie kan beplan, is dit nodig om daardie soekenjins en onderwerpsgidse te identifiseer wat die spesifieke inligtingsnavraag die beste sal beantwoord (Botluk, 1997a:1). Die proses om 'n geskikte soekenjin te identifiseer is tans ingewikkeld omdat daar huidig 'n geskatte aantal van 2000 soekenjins is in vergelyking met die ongeveer 12 soekenjins wat in 1995 bestaan het (Stanley, 1998:1). Benewens die verskillende soekenjins wat tot regsnavorsers se beskikking gestel word, bied die verskeie onderwerpsgidse ook soekfasiliteite wat met die samestelling en werking van soekenjins ooreenstem. Elkeen van hierdie soekenjins het 'n ander koppelvlak, unieke kenmerke, verskillende funksies en fasiliteite wat die regsnavorser as Internetgebruiker moet leerken en verwerk ten einde die soekenjin effektief te kan benut (Botluk, 1997b:ch2a2 & Poulter, 1997:141).

'n Onervare Internetgebruiker sal byna altyd resultate tydens 'n soekenjinsoektog bekom, maar die hoeveelheid resultate wat opgespoor word, is gewoonlik onverwerkbaar veel en varieër in bruikbaarheid en relevansie (Botluk, 1997b:ch2a2). Daarom beklemtoon Botluk die belangrikheid van 'n weldeurdagte soekstrategie. Die soekstrategie vir die uitvoer van sleutelwoordsoektogte begin deur 'n soekenjin se soekriglyne, help-bladsye en wenke, te lees. Op hierdie wyse kom die regsnavorser byvoorbeeld te wete of afkapping (*truncation*) toegelaat word; of frasesoektogte gedoen kan word; of Boolese operatore gebruik moet word en of die soekenjin kassensitief (*case sensitive*) is.

Verdere eienskappe van soekenjins wat tydens die inligtingherwinningsproses voordelig aangewend kan word en waarvan regsnavorsers hulself uit die soekenjinwenke kan vergewis, is onder meer dat sommige soekenjins outomaties op spelvariasies let; dat relevansie met die vertoon van resultate aangedui word; dat soektogte multimedialêers insluit; of dat die volgorde van die trefwoorde die soektog sal beïnvloed (Van der Westhuizen, 1997:9).

Benewens die belangrikheid om oor vaardighede soos die gebruik van afkapping en Boolese operatore te beskik, word dit in sommige gevalle van die regsnavorser verwag om tussen

trefwoordsoektogte en konsepsoektogte te onderskei (Botluk, 1997b:ch2a2). Tydens trefwoordsoektogte word daar na die presiese woorde wat ingesleutel is, gesoek en sal die soekenjin slegs daardie webruimtes opspoor waarin ooreenstemmende woorde gevind word. 'n Soekenjin mag ook geprogrammeer wees om 'n konsepsoektog uit te voer wat tot die opspoor van presiese sowel as verwante terme sal lei. So sal 'n soektog met 'n soekfrase soos "*law reports*" tydens 'n trefwoordsoektog slegs webruimtes wat die presiese frase bevat opspoor terwyl daar tydens 'n konsepsoektog ook ander verwante konsepte soos "*case law*" en "*court decisions*" opgespoor sal word.

Dit is belangrik vir die regsnavorser om te weet of die soekenjin 'n trefwoordsoektog of 'n konsepsoektog uitvoer omdat dit die tipe soekstrategie en die aantal soekresultate wat opgespoor word, mag beïnvloed. Na gelang van die regsnavorser se spesifieke inligtingsbehoefte mag 'n trefwoordsoektog moontlik te min of 'n konsepsoektog te veel webruimtes opspoor (Botluk, 1997b:ch2a2). Vele soekenjins is geprogrammeer om beide soektogte uit te voer. So byvoorbeeld begin sommige soekenjins met konsepsoektogte vir die uitvoer van eenvoudige soektogte en verskuif dan na trefwoordsoektogte vir meer gevorderde soektogte. Sekere soekenjins bied aan regsnavorsers wat meer gevorderde soektogte wil uitvoer opsies soos 'n "*advanced search*", "*complex search*" of "*keyword search*". Omdat daar in die soekenjinpraktyk weinig voorsiening gemaak word vir gekontroleerde taalgebruik en soekterme met ander woorde nie volgens 'n standaard trefwoordlys geselekteer word nie (Van der Westhuizen, 1997:9), berus die onus by die regsnavorser om self van sinonieme of verwante terme tydens inligtingsoektogte gebruik te maak.

Daar word weereens hier na 'n aspek verwys wat die inligtingherwinningsproses beïnvloed (vergelyk 3.4.2), naamlik dat nie een enkele soekenjin waarlik 'n allesomvattende soektog in kuberruimte uitvoer nie (Stanley, 1998:1). Alhoewel die inhoude van verskillende soekenjindatabasisse oorvleuel, is nie alle dokumente op die Web geïndekseer nie. Daarom beveel Stanley (1998:1) die gebruik van verskeie individuele soekenjins óf die gebruik van 'n betroubare veelvoudige soekenjin aan. 'n Deeglike soektog word dus gekenmerk deur byvoorbeeld beide die individuele soekenjins Alta Vista en Infoseek te gebruik of 'n veelvoudige soekenjin soos Inference Find te gebruik.

Omdat dit aanbeveel word om meer as een soekenjin vir die effektiewe opspoor van relevante Web-inligting te gebruik, word die vaardighede nodig vir die doelgerigte gebruik van verskillende soekenjins in hierdie hoofstuk in tabelvorm uiteengesit. Twee algemene soekenjins, naamlik Alta Vista en Infoseek is op grond van hul omvang ter bespreking geselekteer asook 'n soekenjin soos LawRunner wat spesifiek daarop gerig is om regsinligting op te spoor. 'n Veelvoudige soekenjin soos Inference Find word nie hier bespreek nie omdat dit die algemene soekenjins wat wel bespreek word, insluit. Die soekenjins waarna in die hieropvolgende tabelle verwys word, is:

- Alta Vista by **http://www.altavista.com/**
- Infoseek by **http://www.infoseek.com/**
- LawRunner by **http://www.lawrunner.com/**

'n Vergelyking van hierdie drie geselekteerde soekenjins word vervolgens getref op grond van die onderskeie vaardighede wat aangewend kan word vir die suksesvolle uitvoer van Internet-inligtingsoektogte. Die belangrikste vaardighede is volgens Barry (1997:226), Botluk (1997a), Roznovschi (1998:1-4), Louis-Jacques (1998b) en Van der Westhuizen (1997:6-10) die vaardigheid om 'n geskikte soekenjin te selekteer; om 'n soekstelling wat tot 'n doelgerigte soektog sal lei, te formuleer; om die soekgebied na gelang van die onderwerp te beperk; en om die soekresultate korrek te interpreteer. Hierdie vergelyking word getref om as voorbeeld van die basiese inligtingherwinningsvaardighede te dien waarby die regsnavorser as Internetgebruiker moontlik sal baat.

Die vergelyking word getref na aanleiding van die gegewens, wenke en soekstrategieë soos deur Botluk (1997a), Alta Vista (1998), Infoseek (1998), LawRunner (1998), Dong en Su (1997) en Van der Walt (1998a:133-138) voorgestel word.

4.2.3.1 Selekteer 'n geskikte soekenjin

Omdat verskillende soekenjins se databasisse verskil is dit aanvanklik wenslik om 'n geskikte soekenjin te selekteer op grond van die inhoud van die soekenjin se databasis(se) wat deursoek gaan word.

TABEL 1: Selekteer 'n soekenjin op grond van die soekenjin se databasis(se)

Alta Vista	**Infoseek**	**LawRunner**
Inhoud:	Inhoud:	Inhoud:
Webruimtes wat handel oor algemene of vakgerigte onderwerpe.	Webruimtes wat handel oor algemene of vakgerigte onderwerpe.	Webruimtes wat regsinligting van alle nasies, eilande en landsgebiede bevat.
Die argiewe van USENET-nuusgroepe.	Die argiewe van USENET-nuusgroepe.	Webruimtes wat ander inligting bevat wat moontlik van belang mag wees vir regsgeleerdes.
	Elektroniese pos-adresse.	
	Maatskappye inligting.	
	Die Web se algemeen voorkomende vrae of FAQ's-argiewe.	
	Nuuskanale en nuusartikels.	

Tabel 1: Selekteer 'n soekenjin op grond van die inhoud van die soekenjin se databasis(se)

4.2.3.2 Formuleer 'n paslike soekstelling

Nadat 'n geskikte soekenjin geïdentifiseer is, word daar aan Internetgebruikers 'n verskeidenheid soekhulpmiddele gebied soos onder andere Boolese operatore, die gebruik van die plus- en minusteken, aanhalingstekens of hakies. Deur die gebruik van hierdie soekhulpmiddele word 'n soekstelling geformuleer wat ooreenstem met die regsnavorser se inligtingsnavraag. 'n Doeltreffende soekstelling word deur die korrekte aanwending van 'n soekenjin se soektaal geformuleer.

TABEL 2: Formuleer 'n soekstelling deur die gebruik van korrekte soektaal

Alta Vista	**Infoseek**	**LawRunner**
Soektaal:	Soektaal:	Soektaal:
Trefwoorde in 'n soekstelling word altyd geskei deur een spasie, tensy ander funksies soos + en - gebruik word.	Trefwoorde in 'n soekstelling word altyd geskei deur een spasie, tensy ander funksies soos + en - gebruik word.	Trefwoorde in 'n soekstelling word altyd geskei deur een spasie.
Soek na webruimtes wat alle woorde in die soekstelling moet insluit deur 'n plusteken (+) direk voor elke trefwoord in te sleutel of **AND** tussen die trefwoorde. Let wel: een spasie voor en na die AND.	Soek na webruimtes wat alle woorde in die soekstelling moet insluit deur middel van 'n plusteken (+) direk vooraan elke trefwoord.	Gevorderde soekstrategieë is onnodig aangesien daar gevorderde soekstrategie-template in die soekenjin ingebou is.
Soek alternatiewe of sinonieme woorde deur **OR** tussen die trefwoorde in te sleutel. Let wel: een spasie voor en na die OR.	Alle woorde in 'n soekstelling word as alternatiewe woorde deur die soekenjin hanteer, tensy die regsnavorser dit anders spesifiseer.	Soek na webruimtes wat alle woorde in die soekstelling moet insluit deur **AND** in te sleutel tussen die trefwoorde. Let wel: een spasie voor en na die AND.
Soek na woorde wat in die nabyheid van 10 ander woorde van mekaar voorkom deur middel van **NEAR**. Let wel: een spasie voor en na die NEAR.	Soektogte na woordnabyheid word nie deur die soekenjin uitgevoer nie.	Soek alternatiewe of sinonieme woorde deur **OR** tussen die trefwoorde in te sleutel. Let wel: een spasie voor en na die OR.
Sluit woorde uit 'n soektog uit deur die minusteken (-) direk voor die trefwoord in te sleutel of **NOT** tussen die trefwoorde. Let wel: een spasie voor en na die NOT.	Sluit woorde uit 'n soektog uit deur die minusteken (-) direk voor daardie trefwoorde wat uitgesluit moet word, in te sleutel.	Soek na woorde wat in die nabyheid van 10 ander woorde van mekaar voorkom deur middel van **NEAR**. Let wel: een spasie voor en na die NEAR.
Soek na woordfrases deur die woorde in aanhalingstekens (" ") te plaas.	Soek na woordfrases deur die woorde in aanhalingstekens (" ") te plaas, of deur 'n koppelteken (-) tussen elke woord in die frase te plaas. Let wel: geen spasies voor en na die koppeltekens nie.	Sluit woorde uit 'n soektog uit deur **NOT** of **AND NOT** tussen die trefwoorde in te sleutel. Let wel: een spasie voor en na die NOT of AND NOT.
Soekstellings in kleinletters is nie kassensitief nie en sal ooreenstemmende woorde met hoof- of kleinletters opspoor.	Soekstellings in kleinletters is nie kassensitief nie en sal ooreenstemmende woorde met hoof- of kleinletters opspoor.	
Soekstellings in hoofletters is kassensitief en sal daarom slegs woorde opspoor wat presies ooreenstem met die soekstelling.	Soekstellings waarvan eerste letters van woorde hoofletters is, is wel kassensitief en sal daarom slegs woorde opspoor wat presies ooreenstem met die soekstelling.	
Kap woorde af met 'n asterisk (*) sodat die oop woordeinde gevul kan word met passende alternatiewe woordeindes.	Kap woorde af met 'n asterisk (*) sodat die oop woordeinde gevul kan word met passende alternatiewe woordeindes.	
Bring afsonderlike soekfrases in een soekstelling byeen deur middel van hakkies ( ).		

Tabel 2: Formuleer 'n soekstelling deur die gebruik van korrekte soektaal

4.2.3.3 Beperk die soekgebied

Dit is soms nuttig om 'n soektog met betrekking tot die soekgebied te beperk. So byvoorbeeld kan 'n regsnavorser in ooreenstemming met 'n spesifieke inligtingsnavraag verskeie opsies uitoefen met die doel om slegs sekere inligting op te spoor. Op hierdie wyse kan inligting van net een land in plaas van alle wêreldlande opgespoor word of die webruimtes van een spesifieke instansie of organisasie kan opgespoor word terwyl ander instansies uitgesluit word. Sekere funksies soos **applet:** word weens die tegniese gevorderdheid daarvan nie in hierdie tabel bespreek nie.

TABEL 3: Beperk die soekgebied na gelang van die spesifieke inligtingsnavraag

Alta Vista	Infoseek	LawRunner
Soekgebied: Soektogte kan beperk word deur funksies soos **anchor:** en **domain:** as deel van die trefwoord in te sleutel. So byvoorbeeld sal die funksie; **anchor:**trefwoord(e) webruimtes opspoor wat ooreenstemmende woorde in 'n hiperteksskakel bevat. **domain:**gebiedskode alle webruimtes met 'n ooreenstemmende gebiedskode opspoor, byvoorbeeld domain:.za sal alle Suid-Afrikaanse webruimtes opspoor. **image:**leêrnaam webruimtes opspoor wat 'n beeld of fotoweergawe bevat, byvoorbeeld image:mandela sal webruimtes opspoor wat fotoweergawes van die Suid-Afrikaanse President bevat. **link:**URL-teks alle webruimtes opspoor wat 'n skakel na die spesifieke URL bevat, byvoorbeeld link:puk.ac.za sal alle ander webruimtes opspoor wat skakels bevat na webruimtes met puk.ac.za in die URL. **text:**trefwoord(e) sal trefwoorde in die teksgedeelte alleen opspoor en nie die trefwoorde wat voorkom in URL's, beeldlêers of hiperteksskakels nie. **title:**trefwoord(e) spoor slegs ooreenstemmende woorde in die titels van webruimtes op. **url:**trefwoord(e) alle URL's opspoor wat ooreenstemmende woorde in die adres bevat byvoorbeeld url:census +.za sal alle webruimtes wat moontlik oor sensus-opnames in Suid-Afrika handel, opspoor.	Soekgebied: Soektogte kan beperk word deur funksies soos **link:** en **site:** as deel van die trefwoord in te sleutel. So byvoorbeeld sal die funksie: **link:**URLteks alle webruimtes opspoor wat 'n skakel na die spesifieke Web-adres bevat, byvoorbeeld link:puk.ac.za sal alle ander webruimtes opspoor wat skakels bevat na webruimtes met puk.ac.za in die URL. **site:**gedeelte van URL alle web-ruimtes opspoor waarin ooreen-stemmende gedeeltes van adresse voorkom, byvoorbeeld site:.ac.za sal alle webruimtes van Suid-Afrikaanse universiteite opspoor. **title:**trefwoord(e) ooreenstemmende woorde in slegs die titels van web-ruimtes opspoor. **url:**trefwoord(e) alle URL's opspoor wat ooreenstemmende woorde in die adres bevat, byvoorbeeld url:census +.za sal alle webruimtes wat moontlik oor sensus-opnames in Suid-Afrika handel, opspoor.	Soekgebied: Soektogte kan beperk word tot een van 238 lande se regsinligting deur te klik op die hiperteksskakel van LawRunner Global Index. Soektogte kan beperk word tot 'n spesifieke regsgebied deur op die "*Site*"-funksie te klik. (Hierdie funksie is slegs geldig vir die opspoor van Amerikaanse regsinligting). Soektogte kan beperk word tot regs-inligting van een van die 50 state van die VSA. Ander gevorderde soekstrategieë soos die gebruik van **anchor:** of **domain:** of **title:** is onnodig aangesien daar reeds gevorderde soekstrategie-template in die soekenjin ingebou is.

Tabel 3: Beperk die soekgebied na gelang van die spesifieke inligtingsnavraag

4.2.3.4 Interpreteer die soekresultate

Die soekresultate wat deur 'n soekenjin opgespoor word, word in die vorm van 'n lys hiperteks-skakels vertoon. Die wyse waarop verskillende soekenjins die soekresultate vertoon, verskil. Die selektering van 'n geskikte webruimte vanuit hierdie lys van hiperteksskakels word vergemaklik indien die Internetgebruiker bewus is van die betekenis van die inligting wat weergegee word. So byvoorbeeld sou 'n regsnavorser uit 'n soekresultaat wat vertoon word kon aflei of die bron in 'n taal geskryf is waarin die regsnavorser vaardig is; of die inligting resent genoeg is en of die webruimte met betrekking tot die grote van die dokument wat afgelaai moet word, dalk vanweë beperkte soektyd nie afgelaai sal kan word nie.

TABEL 4: Korrekte interpretasie van die soekresultate

Alta Vista	**Infoseek**	**LawRunner**
Soekresultate:	Soekresultate:	Soekresultate:
Die aantal webruimtes wat opgespoor is word vooraf genoem.	Die aantal webruimtes wat opgespoor is word vooraf genoem.	Die aantal webruimtes wat opgespoor is word vooraf genoem.
Resultate word in dié formaat vertoon wat deur die regsnavorser geselekteer is, naamlik: 'n verkorte weergawe, 'n standaard weergawe of 'n uitgebreide weergawe.	Die kort opsommings van webruimtes wat opgespoor is, kan verskuil word indien die Internetgebruiker dit so verkies.	Indien die regsnavorser dit so verkies, word prioriteit verleen aan daardie webruimtes waarvan die woorde "LAW" en "LEGAL" in die URL, titel of trefwoord-indeks voorkom. Hierdie funksie word uitgevoer deur na gelang van die regsnavorser se keuse in die ooreenstemmende ruimte te klik.
Die opgespoorde webruimtes word numeries in volgorde van relevantheid gesorteer.	Die relevantheid van die inligting word as 'n persentasie weergegee en die webruimtes is gesorteer in volgorde van relevantheid.	Resultate word in dié formaat vertoon wat deur die regsnavorser geselekteer is, naamlik: 'n verkorte weergawe, 'n standaard weergawe of 'n uitgebreide weergawe.
Soekresultate wat vertoon word, maak die volgende inligting rakende elke webruimte wat opgespoor is, bekend: ° 'n Nommer 1, 2, 3... word na gelang van waarskynlike relevantheid aan resultate toegeken. ° Die URL van die webruimte. ° 'n Kort opsomming van die webruimte. ° Die grote van die lêer. ° Die datum waarop die webruimte gewysig of hersien is. ° Die taal waarin die inligting verskyn.	Soekresultate wat vertoon word maak die volgende inligting rakende elke webruimte wat opgespoor is, bekend: ° 'n Persentasie word na gelang van waarskynlike relevantheid aan die resultate toegeken. ° Die URL van die webruimte. ° 'n Kort opsomming van die webruimte. ° Die grote van die lêer. ° Die datum waarop die lêer op die netwerk geplaas is.	Die opgespoorde webruimtes word numeries in volgorde van relevantheid gesorteer.
Indien meer as tien resultate opgespoor is, word die volgende tien resultate vertoon deur met die muis te klik op "*next*" of op die opeenvolgende syfer onderaan die lys van resultate, te klik.	Indien meer as tien resultate opgespoor is, word die volgende tien resultate vertoon deur met die muis op die "*next 10*"-funksie onderaan die lys van resultate, te klik.	Soekresultate wat vertoon word maak dieselfe inligting rakende elke webruimte wat opgespoor is, bekend as wat die soekenjin, Alta Vista bekend maak, en word daarom nie hier herhaal nie.
'n Verdere soektog kan binne die grense van 'n vorige soektog uitgevoer word deur met die muis te klik op die "*Refine*"-funksie.	'n Verdere soektog kan binne die grense van 'n vorige soektog uitgevoer word deur met die muis op die "*Search only within these pages*"-funksie, te klik.	Indien meer as tien resultate opgespoor is, word die volgende tien resultate vertoon deur met die muis te klik op "*next*" of op die opeenvolgende syfer onderaan die lys van resultate te klik.
Soektogte binne soektogte kan herhaal word deur middel van die "*Refine again*"-funksie.		'n Verdere soektog kan binne die grense van 'n vorige soektog uitgevoer word deur met die muis op die "*Refine*"-funksie, te klik. Soektogte binne soektogte kan herhaal word deur middel van die "*Refine again*"-funksie.

Tabel 4: Korrekte interpretasie van die soekresultate

4.2.4 Rondblaai op die Internet

'n Verdere soekstrategie wat in Engels as "*point and click*" bekend staan kan bloot omskryf word as die rondbeweeg in kuberruimte deur 'n "muis" te gebruik (Van der Westhuizen, 1997:10). Hierdie rondbeweeg of rondblaai (*browsing*) op die Internet beteken dat die regsnavorser wat 'n oorsig van potensiële Internetregs- en ander inligtingsbronne wil kry, se soekstrategie behels dat daar op enige hiperteksskakels wat vir die regsnavorser interessant of relevant mag voorkom, geklik word.

Gestruktureerde rondblaai op die Internet word vergemaklik deur byvoorbeeld die inligtingsopritte wat deur inligtingsentra soos biblioteke daargestel word, te gebruik (vergelyk 5.2.2, 5.4.1 en 5.4.2). Die doel van hierdie inligtingsopritte is om Internetgebruikers te help om Web-inligting vinnig en op 'n effektiewe wyse te bekom (Van der Westhuizen, 1997:10). So byvoorbeeld bied die inligtingsoprit van die *Library of Congress*, naamlik die Library of Congress Guide to Law Online by **http://lcweb2.loc.gov/glin/worldlaw.html** 'n geannoteerde hiperteksgids tot regsinligting van alle wêreldlande.

Die inligtingsvaardighede wat nodig is om op die Internet rond te blaai behels die identifisering van 'n goed georganiseerde inligtingsoprit, die gebruik van die muis en die vorentoe- en terug-ikone van 'n leesprogram soos byvoorbeeld *Netscape Navigator Gold 3.0*. Rondblaai vind plaas deur met die muis op skakels na onderwerpe te klik of webruimtes wat met betrekking tot die regsnavorser se inligtingsnavraag, relevant voorkom. Deur op 'n skakel te klik, selekteer die regsnavorser, óf 'n volgende vlak van onderwerpsindeling in die vorm van hiperteksskakels, óf 'n webruimte as 'n volledige teksdokument. Indien die keuse nie na die regsnavorser se verwagting resultate gelewer het nie, klik die regsnavorser op die terug-ikoon van die leesprogram sodat 'n volgende keuse uitgeoefen kan word.

Die gebruik van 'n leesprogram soos *Netscape Navigator Gold 3.0* se vorentoe- en terug-funksies stel die regsnavorser dus in staat om deur webruimtes te blaai. Tydens hierdie rondblaaiproses word verskeie webruimtes opgespoor waarvan sommige relevant en ander van min of geen waarde vir die regsnavorser mag wees. Om tred te hou met watter webruimtes besoek was, kan die regsnavorser op die "*go*"-funksie van die *Netscape Navigator Gold 3.0*-leesprogram klik of van soortgelyke navigeringsfunksies van ander leesprogramme gebruik maak. Hierdie "*go*"-funksie word gebruik om 'n oorsig te kry van watter webruimtes in die soekproses opgespoor was en staan as die soekgeskiedenis-funksie (*search history*) bekend (Netscape Navigator, 1997:21-22). So byvoorbeeld kan die regsnavorser direk na 'n webruimte gaan deur na die soekgeskiedenis te kyk en met die muis op die naam van 'n webruimte wat voorheen opgespoor was, te klik.

Die navigasie-instrumente wat 'n leesprogram bied, vergemaklik die rondblaaiproses en word deur die hiperteksskakels van 'n inligtingherwinningsinstrument soos die Web moontlik gemaak

(Poulter, 1997:133,139). Deur oor die vaardighede te beskik om vorentoe en terug te beweeg asook die pad wat tydens die rondblaaiproses gevolg is na te gaan, spoor die regsnavorser moontlik bronne op wat nie deur ander inligtingherwinningsinstrumente opgespoor sou word nie.

4.2.5 Samevatting

Die vaardighede wat vir die opspoor van inligting op die Internet nodig is, is in hierdie studie beperk tot daardie vaardighede wat vir die opspoor van presiese inligting nodig is, die keuse van 'n inligtingherwinningsinstrument, die uitvoer van sleutelwoordsoektogte en die wyse waarop die regsnavorser op die Internet sou kon rondblaai. Alhoewel hierdie vaardighede deur onder andere Barry (1997:227), Botluk (1997a), Roznovschi (1998:1-4), Louis-Jacques (1998b) en Van der Westhuizen (1997:6-10) as die basiese inligtingherwinningsvaardighede beskou word, is daar 'n groot verskeidenheid ander vaardighede wat nie in hierdie studie genoem en beskryf word nie. Die rede hiervoor is dat ander meer gespesialiseerde vaardighede mettertyd aangeleer word namate die regsnavorser as Internetgebruiker meer ervare en vertroud raak (Adkins, 1997b:2-3 & Pickhard, 1998:11 & Botluk, 1997b:ch2a:2, ch3c6:1). Daar word dus by die bespreking van die basiese inligtingherwinningsvaardighede wat ten opsigte van die opspoor van relevante Internet-bronne elementêr is, volstaan.

Omdat die inligting wat op die Internet opgespoor kan word nie noodwendig wetenskaplike of betroubare inligting is nie, is dit belangrik om, benewens die vaardighede wat vir die herwinning van inligting nodig is, ook Internet-evalueringsvaardighede aan te leer (Pickhard, 1998a:7; Tyburski, 1998 & Van der Walt, 1998a:130). Deur van sekere evalueringskriteria soos die outoriteit, akkuraatheid en objektiwiteit van die inligting aan te wend, kan die regsnavorser die kwaliteit van die inligting wat op die Internet opgespoor word, bepaal.

4.3 Kwaliteit van regsinligting op die Internet

Nadat die regsnavorser regsinligting op die Internet opgespoor het, is dit noodsaaklik dat daardie inligting geëvalueer word op dieselfde wyse as wat tradisionele inligtingsbronne geëvalueer sou word (Barry, 1997:227, Botluk, 1997b:ch3c7 & Larsen, 1997). Omdat daar geen enkele beherende instansie vir die Internet verantwoordelik is nie, kan enige persoon of instansie enige inligting op die netwerk plaas (vergelyk 3.2.1). Daarom moet daar onder meer op aspekte soos die outoriteit van die outeur of instansie wat die inligting op die Internet beskikbaar gemaak het, die akkuraatheid van die inligting en die aard en resentheid van die inligting gelet word (Botluk, 1997b:ch3c7:1, Pickhard, 1998a:7 & Tyburski, 1998).

Benewens tradisionele evalueringskriteria wat byvoorbeeld die outoriteit, akkuraatheid en objektiwiteit van inligting insluit, benodig Internetgebruikers volgens Harris (1997) en Botluk (1997b:ch3c7) bykomende evalueringsvaardighede vir die evaluering van Internetbronne en webruimtes. Dit is nie slegs die inligting wat geëvalueer moet word nie, maar ook die webruimte as 'n geheel. Hiervoor is toepaslike punte soos funksionele hiperteksskakels, gereelde opdatering, 'n gebruikersvriendelike koppelvlak, nodige gebruik van grafiese- en multimedia-ontwerp, volledige voorsiening van metadata en die beskikbaarheid van effektiewe soekfasiliteite en navigasie-instrumente ter evaluering geïdentifiseer (Larsen, 1997; Smith, 1997 & Tyburski, 1998).

4.3.1 Evaluering van regsinligting volgens spesifieke kriteria

Volgens Tyburski (1997a:1-2) kan daar vasgestel word of die regsinligting wat op die Internet opgespoor word vir regsnavorsingsdoeleindes geskik is deur die volgende vyf eienskappe daarvan te vereis: geloofwaardigheid, akkuraatheid, objektiwiteit, tydigheid en geskiktheid.

Die geloofwaardigheid van 'n bron word op grond van die outoriteit en kundigheid van die persoon of instansie wat die inligting op die Internet beskikbaar gemaak het, beoordeel (Tyburski, 1997b:2). Akkuraatheid het op die volledigheid, die feitelike onweerlegbaarheid en die toetsbaarheid van die inligting betrekking. Met objektiwiteit word die onbevooroordeeldheid of onpartydigheid waarmee die inligting weergegee of geanaliseer word, ingesluit. Tydigheid en geskiktheid verwys na die mate waarin 'n inligtingsbron betyds in 'n regsnavorser se spesifieke inligtingsbehoefte sal voorsien (Tyburski, 1997b:1).

Om te toets of Internetbronne oor hierdie vyf eienskappe beskik word die kriteria wat tradisioneel vir die evaluering van gedrukte inligtingsbronne aangewend word, naamlik: outoriteit, akkuraatheid, objektiwiteit, resentheid en omvang, aangepas om Internetbronne te evalueer (Alexander & Tate, 1998 & Larsen, 1997). Benewens hierdie kriteria word die funksionaliteit van 'n Internetbron as 'n addisionele evalueringspunt ten slotte bespreek.

4.3.1.1 Outoriteit

Tydens die evaluering van Internetbronne word die outoriteit van die bron ondersoek, maar daar word beklemtoon dat dit nie hier om die gesagvolheid of outoriteit van 'n primêre regsbron soos in die perspektief van 'n regsgeleerde handel nie. Hier handel dit eerder oor die geloofwaardigheid van 'n Internetbron deur byvoorbeeld die kwalifikasies, deskundigheid en bekendheid van die persoon of persone wat die inligting beskikbaar gemaak het, te bepaal (Harris, 1997:3). Indien 'n instansie, organisasie of uitgewer vir die inligting op die Internet verantwoordelik was, moet daar

vasgestel word of dit 'n bekende en erkende instansie of uitgewer is alvorens daar aangeneem kan word dat dit 'n geloofwaardige Internetbron is (Smith, 1997:2).

Die betroubaarheid van 'n Internetbron kan op verskillende maniere vasgestel word, naamlik deur die outeur se elektroniese posadres as 'n tipe bevestigingsmaatreël te gebruik en deur 'n aanduiding van wanneer die inligting laas gekontroleer en hersien was, na te gaan (Elder & Waterstone, 1998:1). Die inligting wat 'n webruimte bevat is betroubaar indien die inligting geverifieër kan word en 'n positiewe kenmerk is wanneer daar 'n bibliografie of webliografie van inligtingsbronne voorsien word (Smith, 1997:3). Deur op kopiereg wat aangedui word te let, kan daar ook afgelei word dat die inligting betroubaar mag wees (Van der Westhuizen, 1997:10).

Die URL van 'n webruimte gee 'n aanduiding van die outoriteit van 'n Internetbron (Larsen, 1997). So sal webruimtes wat deel uitmaak van die inligting wat deur universiteite of landsregerings op die Internet beskikbaar gemaak word gedeeltes soos **.edu** (*educational*), **.ac** (*academic*) of **.gov** (*government*), bevat. Volgens Elder en Waterstone (1998:1) is die regsinligting wat deur landsregerings en akademiese instansies beskikbaar gestel word, gewoonlik betroubare inligting. Hierteenoor word webruimtes wat deur individue geskep word gewoonlik deur 'n tilde (~) gekenmerk en is dit in sulke gevalle besonder belangrik dat die betroubaarheid van die inligting vasgestel moet word (Smith, 1997:3).

Verdere vrae wat 'n aanduiding van die geloofwaardigheid van 'n Internetbron gee, is die mate waarin die webruimte stabiel is en die mate waarin die permanensie van die inligting bepaal kan word (Larsen, 1997). Addisionele kenmerke wat op 'n webruimte se geloofwaardigheid dui, is die webruimte se prestasie of werkverrigting. In hierdie verband onderskei Van der Westhuizen (1997:10) die aantal kere wat die webruimte besoek is; die mate waarin ander vakkenners op die webruimte gereageer het deur 'n elektroniese gasteboek te teken of 'n elektroniese posstuk aan die persoon verantwoordelik vir die webruimte te stuur; die aantal ander webruimtes wat na die betrokke webruimte verwys; of enige toekennings wat aan die webruimte gemaak is. Hierdie aspekte is alles punte ter evaluering van die betroubaarheid van 'n webruimte en die inligting wat dit bied.

4.3.1.2 Akkuraatheid

Die inhoud van 'n webruimte kan moontlik 'n aanduiding van die akkuraatheid van die Internet-bron gee. So byvoorbeeld kan die inhoud van 'n webruimte vir feitelike inligting ondersoek word wat die akkuraatheid van die inligting sal weerspieël in teenstelling met 'n webruimte waarin slegs die mening van die inligtingskepper weergegee word (Smith, 1997:2). In gevalle waar die inhoud van 'n webruimte uit 'n lys van hiperteksskakels bestaan, kan die akkuraatheid van die skakels getoets word. 'n Hiperteksskakel is enersyds akkuraat indien dit nie 'n "vals" of "leë" skakel is wat

tot 'n Internet-foutboodskap lei nie, en andersyds indien dit die Internetgebruiker uiteindelik by inligting bring wat met die verwagting ooreenstem wat die hiperteksskakel se omskrywing aanvanklik by die Internetgebruiker geskep het (Smith, 1997:2).

Waar akkuraatheid ook op die volledigheid van die inligting betrekking het, is dit belangrik om vas te stel of dit 'n selfstandige webruimte is en of die webruimte slegs 'n uittreksel uit 'n ander inligtingsbron is. Indien dit 'n gedeelte van 'n ander bron is, bestaan die moontlikheid dat die oorspronklike betekenis van die inligting verdraai kan wees of dat belangrike hiperteksskakels in die proses weggelaat mag wees (Smith, 1997:2).

Die akkuraatheid van inligting kan getoets word deur dit inhoudelik te vergelyk met soortgelyke bronne of te kontroleer aan die hand van 'n vakkenner se opinie (Smith, 1997:2 & Tyburski, 1997b:2). Volgens Larsen (1997) is dit belangrik dat 'n Internetbron skakels na verwante inligting bied wat die Internetgebruiker sal help om die akkuraatheid van die inligting te evalueer. So ook kan die bronnelys of bibliografie (webliografie) van 'n webruimte gebruik word om die akkuraatheid van 'n Internetbron te toets deur na te gaan waar die inligtingskepper die inligting vandaan gekry het. 'n Volledige en korrekte bronnelys toon op sigself aan of die inligtingskepper van betroubare en erkende bronne gebruik gemaak het (Van der Walt, 1998a:131).

Verdere aanduidings van die akkuraatheid van die inligting wat 'n webruimte bied, word gegee deur die aantal kere waarop ander betroubare webruimtes die betrokke webruimte se URL as 'n hiperteksskakel aanhaal asook die mate waarin die betrokke webruimte deur 'n professionele organisasie of deur erkende resensente geresenseer is (Larsen, 1997).

4.3.1.3 Objektiwiteit

Objektiwiteit as kriterium vir die kwaliteit van inligting sluit die onbevooroordeeldheid of onpartydigheid waarmee die inligting van 'n webruimte weergegee of geanaliseer word, in (Tyburski, 1997b:2). Omdat die kwaliteit van inligting 'n subjektiewe oorweging is, sal daardie webruimtes wat hul dienste of inligting aan 'n bepaalde groep persone rig, waarskynlik kwaliteit inligting met betrekking tot die belange van die spesifieke groep bied (Anagnostelis, 1997:26). In hierdie lig is twee belangrike oorwegings tydens die evaluering van die kwaliteit van Internetbronne (a) die doel waarmee die inligting op die Internet geplaas is en (b) die groep persone of lesers vir wie die inligting bestem is (Anagnostelis, 1997:26 & Harris, 1997:5-6).

Webruimtes waarvan die oogmerk van die organisasie of persoon wat die inligting beskikbaar gestel het duidelik aangedui word, se inhoud kan vir subjektiwiteit ondersoek word deur te let op pogings soos om die leser van 'n saak te oortuig of om 'n produk te verkoop (Larsen, 1997 & Tyburski, 1997b:2). Hierbenewens gee die doel van 'n webruimte 'n aanduiding van die vlak van die inligting. So byvoorbeeld kan inligting op vakspesialiste, lekepersone, studente of skool-

kinders gerig wees en mag die kwaliteit van verskillende vlakke moontlik daarvolgens varieer (Smith, 1997:4).

4.3.1.4 Resentheid en tydigheid

Die inligting wat in gedrukte bronne gevind word, word dikwels as minder resent beskou omdat die tydsverloop tussen die aanvanklike skep van die inligting en die uiteindelike publisering daarvan daartoe lei dat die inligting moontlik reeds verouderd mag wees (Larsen, 1997). Die resentheid van inligting gee dus 'n aanduiding van die nuutheid van die inligting. Hiermee saam is inligting tydig indien dit die regsnavorser betyds bereik.

Die aard van die Internet lei daartoe dat resente, aktuele of nuwe inligting tydig aan inligtingbehoeftiges toeganklik gemaak kan word (Van der Westhuizen, 1997:11), maar dit moet nie as vanselfsprekend aanvaar word dat alle inligting wat op die Internet opgespoor word, wel resent is nie (Harris, 1997:5,10). Daarom moet daar, indien moontlik, vasgestel word wanneer die inligting aanvanklik geskep was, wanneer die inligting op die Web geplaas was en wanneer die mees onlangse hersiening van die inligting plaasgevind het.

Die aard van die Internet hou egter met betrekking tot die resentheid van inligting sekere aspekte in waarop daar gelet moet word. So byvoorbeeld mag inligting wat gister resent was moontlik vandag verander of opgedateer wees (Van der Westhuizen, 1997:11 & Larsen, 1997). Dit is dus belangrik om die webruimte na te gaan vir inligting aangaande die outeur of instansie se beleid ten opsigte van die instandhouding van inligting.

Indien inligting in verskeie Web-uitgawes gepubliseer is, moet daar 'n duidelike aanduiding wees van watter uitgawe die betrokke webruimte se inligting uit afkomstig is (Alexander & Tate, 1998:2). Omdat die aard van Internetbronne veranderlik is en die resentheid van die inligting daardeur geraak word, beklemtoon Van der Westhuizen (1997:11) die belangrikheid van 'n opgaaf van bibliografiese besonderhede van alle webruimtes wat tydens navorsing gebruik word. Dit word daarom benadruk dat regsnavorsers wat wel van Internetbronne vir regsnavorsing gebruik maak, die bibliografiese besonderhede van webruimtes wat gebruik word noukeurig sal aanteken.

4.3.1.5 Inhoud en omvang

Die omvang van 'n Internetbron kan geïdentifiseer word deur 'n breedte- en diepte-ondersoek na die inhoudsdekking van die bron, te doen (Larsen, 1997). Die breedte-ondersoek hou in dat alle aspekte van die onderwerp gedek moet wees en die diepte-ondersoek bevraagteken die mate waarmee die besonderhede van die onderwerp bespreek word (Smith, 1997). Die omvang van 'n

webruimte behoort die doel van die webruimte te reflekteer. Daarom behels die evaluering van die omvang van 'n webruimte onder andere die beoordeling van daardie aspekte waarop daar, in ooreenstemming met die doelstellings van die webruimte, gefokus word. Hiermee saam moet daar op enige weglatings van belangrike inligting gelet word (Larsen, 1997).

Tydens die ondersoek na die breedte en diepte van 'n Internetbron se inhoudsdekking is dit ook belangrik om vas te stel of die inligting in die webruimte tot 'n sekere tydperk beperk is en of daar ander beperkinge ten opsigte van die formaat van die bron, byvoorbeeld FTP, Gopher, Telnet, ensomeer, gestel word (Smith, 1997:2). Indien daar sodanige beperkinge met betrekking tot 'n bron is, beklemtoon Larsen (1997) die belangrikheid van 'n argief waarin inligting vir latere herwinning gestoor word.

Deur ook op die prosedure te let waarvolgens inligting vir opname in 'n webruimte geselekteer is en die inligting wat opgeneem is met inligting in ander formate te vergelyk, kan die omvang en inhoud van 'n webruimte geëvaleer word (Van der Westhuizen, 1997:10). So byvoorbeeld kan die verband met ander formate onder meer gedrukte bronne, CD-ROM en Gopher, 'n aanduiding van die uniekheid van die inligting gee. Die uniekheid van inligting word deur enige bykomende eienskappe of voordele van die webruimte gekenmerk, soos 'n addisionele funksie vir die gereelde verskaffing van hersiene weergawes (*updates*) van 'n gedrukte bron (Smith, 1997:3).

4.3.1.6 Funksionaliteit

Die funksionaliteit van 'n webruimte word op grond van die gemaklikheid en doeltreffendheid waarmee die webruimte gebruik kan word, geëvalueer (Larsen, 1997). Verskeie aspekte het op die funksionaliteit van 'n webruimte betrekking soos 'n gebruikersvriendelike koppelvlak, die tipe apparatuur en programmatuur wat vir die effektiewe herwinning van inligting benodig word, soekfasiliteite, rondblaaifunksies, interaktiwiteit, die funksionering van hiperteksskakels, die wyse waarop die inligting georganiseer en aangebied word, die aanwendig van grafiese- en multimedia-ontwerp, volledige voorsiening van metadata en die beskikbaarheid van navigasie-instrumente. Hierdie aspekte kan beoordeel word deur die webruimte se waardetoevoegings-karakteristieke te ondersoek (Larsen, 1997; Smith, 1997 & Tyburski, 1998).

Waardetoevoegingskarakteristieke is daardie funksies of eienskappe van 'n webruimte wat tot die effektiewe herwinning van inligting lei (Larsen, 1997). Indien die inligting van 'n webruimte op 'n georganiseerde wyse aangebied word, word inligting effektief weergegee. Aspekte wat die aanbieding van 'n Internetbron betref is onder meer die uitleg van die webruimte, die duidelikheid van die organisatoriese ontwerp en die duidelikheid van die voorbeelde en hulp-afdelings wat aangebied word (Larsen, 1997).

Webruimtes waarvan metadata volledig voorsien is (vergelyk 5.3.2), is gewoonlik goed geörganiseer (Scholz-Crane, 1998:1-2). Metadata dui op inligting soos die titel en subtitels van 'n Internetbron, die outeur of instansie verantwoordelik vir die inligting, aanduidings van watter inligting tot die kopstuk of *header* van die webruimte hoort en waar die inhoudelike teksgedeelte of *body* begin. Verdere metadata in 'n voetstuk of *footer* sluit die Internetbron af deur belangrike inligting weer te gee soos die datum waarop die inligting geskep was en wanneer die inligting die laaste maal nagegaan of hersien was. Die volledigheid van metadata word in meer besonderhede in hoofstuk vyf bespreek.

'n Volgende eienskap van 'n webruimte wat tot die effektiewe herwinning van inligting lei, is die gebruikersvriendelikheid van die koppelvlak oftewel die skerm wat aan die Internetgebruiker vertoon word. 'n Gebruikersvriendelike koppelvlak word deur die funksionele, sinvolle, dinamiese dog praktiese aanwending van grafiese- en multimedia-ontwerp, gekenmerk (Larsen, 1998 & Van der Westhuizen, 1997:11). Gebruikersvriendelikheid word verder beoordeel op grond van die wyse waarop enige spesiale inligtingherwinningsvaardighede wat van die Internetgebruiker verwag word aan die Internetgebruiker verduidelik word sodat inligting moeiteloos opgespoor kan word. Hiermee saam gaan die wyse waarop die hulpinligting aangebied en georganiseer word (Smith, 1997:4).

Indien 'n webruimte oor 'n soekfasiliteit beskik moet die gesofistikeerdheid daarvan beoordeel word (Van der Westhuizen, 1997:10). Die effektiwiteit waarmee inligting herwin word, bepaal die gesofistikeerdheid van 'n soekfasiliteit. Effektiewe inligtingherwinning word beïnvloed deur die wyse waarop die inligting in 'n webruimte georganiseer is, die duidelikheid van die soekoperatore of soektaal (vergelyk 4.2.3.2), en die beskikbaarheid van effektiewe hulp- en ondersteuningsdienste (Smith, 1997:5 & Van der Westhuizen, 1997:11). 'n Verdere eienskap van 'n soekfasiliteit wat waarde tot 'n webruimte toevoeg is 'n waarderingsisteem waarvolgens die relevantheid van 'n webruimte deur die soekfasiliteit aan die Internetgebruiker weergegee word (Elder & Waterstone, 1998:2).

Nie alle webruimtes beskik oor 'n soekfasiliteit nie. Indien 'n webruimte wel oor 'n soekfasiliteit beskik, moet die doelmatigheid van die soekfasiliteit se organisatoriese ontwerp geëvalueer word deur te let op aspekte soos chronologiese en/of geografiese indelings (Smith, 1997:5). Waar moontlik moet daar vasgestel word wat die omvang van die soektog behels, met ander woorde watter gedeelte(s) van die Internet deursoek word en watter gedeelte(s) van webruimtes, byvoorbeeld die volledige dokument of slegs die URL en/of die titel, deursoek word.

'n Belangrike aspek wat 'n aanduiding van die funksionaliteit van 'n webruimte gee, is die mate waarin die hiperteksskakels aktief of in 'n funksionerende toestand is. Volgens Smith (1997:3) is daar verskeie aspekte met betrekking tot hiperteksskakels waarop gelet moet word. Indien die waarde van webruimtes juis daarin lê dat dit 'n lys van hiperteksskakels bied, moet die bron

waarheen 'n skakel gebied word op grond van toepaslikheid beoordeel word. Verder is dit belangrik dat in gevalle waar hiperteksskakels na eksterne bronne lei, daar aan moontlike kopiereg-vereistes voldoen word deur erkenning te gee aan die skeppers van webruimtes waarheen verwys word (Doyle, 1996:18-19). Waar 'n webruimte oor interaktiwiteitseienskappe soos *cgi scripts* en IRC beskik (vergelyk 3.3.1), is dit belangrik om die funksionaliteit en noodsaaklikheid van hierdie eienskappe in die beoordeling van die bruikbaarheid en nut van die webruimte te oorweeg.

Die funksionaliteit van 'n webruimte word in sommige gevalle verhoog indien kommunikasie en terugvoer tussen professionele moderators en Internetgebruikers kan geskied (Larsen, 1997). Daarom beklemtoon Larsen die belangrikheid van 'n moderator se elektroniese posadres of, waar toepaslik, 'n ander kontaknommer of adres. Verdere eienskappe wat waarde tot 'n webruimte toevoeg is 'n tipe gasteboek wat geleentheid bied vir gebruikers om opmerkings te maak of vrae te stel, of byvoorbeeld 'n Web-opname wat deur middel van elektroniese pos poog om Internetgebruikers se spesifieke behoeftes vas te stel (Elder & Waterstone, 1998:2). Die waarde van 'n webruimte word ook aansienlik verhoog indien daar voorsiening vir gebruikersbehoeftes gemaak word soos die verskaffing van opsommings of ekserpte en die voorsiening van navigasie-instrumente vir effektiewe rondblaai.

'n Laaste aspek wat op die funksionaliteit van 'n webruimte betrekking het, is die tipe apparatuur en programmatuur wat benodig word vir die effektiewe herwinning van inligting wat by sommige webruimtes gebied word. So moet daar volgens Smith (1997:4-5) op bepaalde spesifikasies gelet word soos onder meer die grootte van die rekenaar, die *RAM* of ewetoeganklike geheue wat nodig is, drukkerspesifikasies, netwerkverbindings of die tipe leesprogram en *viewer*-programme, byvoorbeeld *Adobe*, wat vereis word.

4.3.2 Slotgedagte

Alhoewel die siening bestaan dat alle inligting op die Internet gratis is, is daar wel 'n toenemende aantal webruimtes waarvoor 'n toegangsfooi of 'n maandelikse of jaarlikse inskrywingsfooi betaal moet word (Van der Westhuizen, 1997:11). Daarom is dit belangrik dat die Internetbronne waarvan gebruik gemaak word, veral in gevalle waar daar onkostes aangegaan word, vooraf geëvalueer moet word. Vele webruimtes waarvoor 'n inskrywingsfooi vereis word, bied aan Internetgebruikers 'n proeftydperk waartydens die inligting wat gebied word geëvalueer kan word alvorens daar besluit word om op 'n webruimte in te teken. Voorbeelde hiervan is die Butterworths Judgements OnLine- en All South African Law Reports-webruimtes (Uniacke, 1888:1-2).

Ten slotte die opmerking dat alhoewel aspekte soos die funksionele aanwending van grafiese- en multimedia ontwerp en die effektiewe funksionering van hiperteksskakels belangrik is, daar veral

op die kwaliteit van die tekstuele inhoud van 'n webruimte gelet moet word (Smith, 1997:3). Daarom is die samevattende kriterium vir die evaluering van Internetbronne wat tydens die regsnavorsingsproses gebruik word die kwaliteit en betroubaarheid van die tekstuele inhoud van 'n webruimte (Pacifici, 1997:1 & Louis-Jacques, 1998b:8).

4.4 Regsnavorsing met behulp van Internetbronne

Ten einde die Internet as 'n bron van inligting effektief tydens die regsnavorsingsproses aan te wend moet die wyse waarop die bogenoemde inligtingsvaardighede aangewend gaan word, noukeuring beplan word. Soektogbeplanning is volgens Botluk (1997b:ch3c6:1) en Van der Walt (1999:6) 'n voorvereiste vir die effektiewe uitvoer van 'n Internetsoektog. Hierdie beplanning vloei voort uit 'n geskrewe raamwerk of 'n ongeskrewe begripskaart (*mind map*) van die regsprobleem wat ondersoek gaan word. Volgens so 'n raamwerk word byvoorbeeld sinonieme terme, verwante konsepte en ander belangrike trefwoorde of datums waaronder die regsprobleem(e) sorteer, geïdentifiseer (Pickhard, 1998a:3). Soos wat daar met regsnavorsing gevorder word, word die soektogbeplanning aangepas en verskillende soekstrategieë aangewend sodat die fokus op die analisering van die betrokke regsprobleem(e) gerig bly.

Die fases in die regsnavorsingsproses dien as 'n raamwerk waarvolgens die regsnavorser se soektogplan ontwikkel. Waar verskillende fases in die regsnavorsingsproses onderskei word, kan die fases egter nie van mekaar geskei of in 'n statiese of vaste volgorde geplaas word nie. Tog volg die fases mekaar in 'n sekere orde op (vergelyk 2.6 en 2.6.2) en word hierdie volgorde gebruik om 'n sistematiese aanduiding van die moontlike gebruik van Internetbronne tydens die regsnavorsingsproses, te gee (Pickhard, 1998a:3-12). Omdat die hoeveelheid webruimtes wat regsinligting bevat onkwantifiseerbaar is, word slegs 'n paar voorbeelde van Internetbronne wat dalk in die inligtingsbehoeftes van regsnavorsers mag voorsien, in hierdie studie geïdentifiseer.

Die eerste ses fases van die regsnavorsingsproses wat in hoofstuk twee bespreek is, word vervolgens genoem met die klem op die gebruik van Internetbronne tydens elke fase. Die laaste twee fases behels die regsnavorser se vaardighede om die gegewens wat versamel is wetenskaplik te verwerk en daarom word die gebruik van die Internet tydens hierdie fases nie in die volgende bespreking, betrek nie. Die toepaslike fases is soos volg:

4.4.1 Probleemstelling en identifisering van kernfeite en sleutelterme

Die gebruik van die Internet tydens hierdie eerste fase van regsnavorsing varieër na aanleiding van die doel van die navorsing, die regsprobleem of onderwerp wat nagevors word en die tipe inligting wat opgespoor moet word (Botluk, 1997b:ch3b1:1). Waar regswetenskaplike navorsing

daarop gerig is om wetenskaplike regsvrae te ondersoek en te beantwoord (Venter, 1990:103), word die eerste fase in die regsnavorsingsproses deur die afbakening van die regsprobleem wat ondersoek gaan word, gekenmerk.

Tydens hierdie fase het die regsnavorser onder andere Internetbronne nodig wat sal help om die regsprobleem te omskryf en die voorlopige regsaspekte te identifiseer. So byvoorbeeld kan die Butterworths: All South African Law Reports - Words and Phrases-webruimte* gebruik word om 'n oorsig van terminologie wat geregtelik gedefinieër is en wat in gerapporteerde hofverslae voorkom, te verkry. Hierdie webruimte is by **http://www.butterworths.co.za/allsa/index.htm** In hierdie webruimte word hiperteksskakels vanaf alle woorde en frases in die woordeboek na dié hofverslae waarin die tersaaklike woorde en frases voorkom, gebied om navorsing daardeur te vergemaklik.

Ander webruimtes wat moontlik nuttig tydens die eerste fase van regsnavorsing gebruik kan word, is die Web of Online Dictionaries by **http://www.facstaff.bucknell.edu/rbeard/diction.html** wat 600 woordeboeke in 150 tale kombineer, of 'n webruimte soos Eurodicautom by **http://www2.echol.lu/edic/** wat die elektroniese regswoordeboeke van verskeie Europese lande toeganklik maak.

4.4.2 Aanvanklike navorsing

Aanvanklike navorsing behels die insameling en ordening van gegewens wat in gedrukte sowel as elektroniese inligtingsbronne opgespoor kan word. Die regsnavorser sou volgens Botluk (1997b:ch3c5a:1) tydens hierdie fase van 'n verskeidenheid Internetbronne gebruik kon maak om agtergrondinligting oor die navorsingsonderwerp in te samel. Dit sluit byvoorbeeld die webruimtes van akademiese instansies, landsregerings, organisasies en assosiasies wat op die regsprofessie betrekking het, regsfirmas en regsuitgewers, in (vergelyk 3.5.1 tot 3.5.5).

So byvoorbeeld bied die Wits Law School-tuisblad van die regsfakulteit van die Universiteit van die Witwatersrand by **http://www.wits.ac.za/law/** 'n hiperteksskakel wat die regsnavorser in staat stel om deur Suid-Afrikaanse en internasionale regsinligting rond te blaai, naamlik die South African Legal Materials and Links-webruimte by **http://www.law.wits.ac.za/salinks.html** Hierdie webruimte bied verdere skakels na onder andere die *Mbendi's Electronic Encyclopaedia of African Business and Commercial Information*, die regstydskrif *De Rebus* in elektroniese formaat, die dokumente en verslae van die *SA Law Commission* en die webruimtes van regsuitgewers soos *Juta & Co* en *Butterworths*.

Regsnavorsers benodig 'n gebruikersnaam en wagwoord vir die gebruik van die volledige elektroniese Afrikaans-Engelse regswoordeboek by die bogenoemde URL. 'n Demonstrasie webruimte wat toegang tot 'n gedeelte van die regswoordeboek bied word by* **http://www.butterworths.co.az/demo/lists/word.htm *gevind.*

Omdat die tweede fase nie daarop gerig is om alle moontlike hofverslae en statute op te spoor nie, maar eerder om te verstaan waaroor daar nagevors word, sou die Butterworths-webruimtes soos die *Consolidated Indexes* moontlik gebruik kon word om oorsigtelik kennis van 'n paar relevante hofverslae te neem. Hierdie regsindekse stel die regsnavorser in staat om hofverslae onder andere volgens datum; volgens nommer, afdelingsraad of divisie; volgens gerapporteerde hofverslae of volgens onderwerp, te soek. Dit bied ook toegang tot 'n register van Suid-Afrikaanse wetgewing en 'n *Noter-up*. Op hierdie manier kan verwysings na belangrike hofverslae en statute voorlopig aangeteken word.

4.4.3 Die integrasie van navorsing en analise

Nadat die inligting wat tydens die tweede fase opgespoor is in aanmerking geneem is, word daar op die aanvanklike regsprobleem uitgebrei en word die regsprobleem nader omskryf soos wat die feite bepaal (Pickhard, 1998a:6). Gedurende hierdie fase word daar hoofsaaklik van primêre regsbronne gebruik gemaak. Sekondêre regsbronne word deurentyd gebruik om enige tekortkominge in die navorsing wat tot dusver gedoen is, te identifiseer.

Deur onder meer die All South African Law Reports-webruimte by **http://www.lawreports.co.za/** en die South African Legislation-webruimte by **http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/** te gebruik, sou die regsnavorser moontlik relevante statute en hofuitsprake kon opspoor. Hierdie bronne mag moontlik nuttig gebruik word om, nadat dit gelees en geanaliseer is, die meerderheidsbeslissings of afwykende uitsprake wat voorkom, aan te teken. Daar word gedurende die derde fase nog nie gepoog om alle toepaslike hofverslae vir analise op te spoor nie, slegs om die leidende hofuitsprake en tersaaklike wetgewing te bekom (Pickhard, 1998a:6). Die rede hiervoor is dat die regsnavorser 'n duidelike idee of begrip kan vorm van die navorsingstema alvorens 'n volskaalse soektog in regsindekse (gedruk of rekenaarmatig) gedoen word.

4.4.4 Intensiewe navorsing en analisering van hofuitsprake

Die vierde fase van regsnavorsing behels die intensiewe navorsing en analisering van hofuitsprake. Behalwe vir die verwysings wat tydens die aanvanklike navorsing opgespoor is, word daar in hierdie fase volskaalse soektogte na tersaaklike hofuitsprake onderneem (Pickhard, 1998a:7). Hofuitsprake word in hofverslae gevind wat in gedrukte of rekenaarmatige formaat beskikbaar is. Louis-Jacques (1998b:8) en Botluk (1997b:chc1:1) beklemtoon dat die gebruik van Internetbronne tydens hierdie fase slegs addisioneel is tensy geen gedrukte bronne beskikbaar is nie, soos dit die geval mag wees waar internasionale regsinligting benodig word. Die rede hiervoor is dat daar in sommige gevalle nog nie volledige databasisse van regsinligting wat in die jare voor 1990 dateer, op die Internet beskikbaar is nie (Botluk1997b:chc1:1).

Verskeie reekse Suid-Afrikaanse hofverslae, ook hofverslae van voor die 1990's, word deur 'n regsuitgewer soos Juta op die Internet beskikbaar gemaak. 'n Lys van elektroniese produkte wat gebied word, word by Jutastat se Internet Products-webruimte opgespoor met die URL **http://www.jutastat.com/OLProducts.htm** Die hofuitsprake van ander lande kan opgespoor word deur byvoorbeeld van 'n onderwerpsgids soos Hieros Gamos by **http://hg.org** of van soekenjins en soekfasiliteite soos LawRunner by **http://www.lawrunner.com/** en Findlaw by **http://www.findlaw.com** gebruik te maak.

4.4.5 Intensiewe inligtingsoektogte na tersaaklike wetgewing

Gedurende die vyfde fase van die regsnavorsingsproses word 'n intensiewe soektog na alle verbandhoudende wetgewing en regulasies onderneem (Pickhard, 1998a:9). Die Internet bied toegang tot groot hoeveelhede nasionale en internasionale wetgewing, konstitusies, statutêre kodes, wetsontwerp en regulasies (Botluk, 1997b:ch5a:1). So byvoorbeeld bied die Juta- en Butterworths-regsuitgewers by **http://www.jutastat.com** en **http://www.butterworths.co.za** aan regsnavorsers toegang tot Suid-Afrikaanse wetgewing teen 'n vasgestelde intekenfooi. 'n Verdere Internetbron wat nuttig vir die opspoor van wetgewing is aangewend kan word die South African Law Update-webruimte by **http://www.pix.za/hlp/salu/** wat 'n hiperteksskakel, naamlik Legislation by **http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/index.html** bied.

Omdat daar soos voorheen genoem is, soms nie volledige databasisse van regsinligting wat in die jare voor 1990 dateer op die Internet beskikbaar is nie, word die gebruik van die Internet slegs bekomend tot tradisionele inligtingsbronne aanbeveel (Botluk, 1997b:chc1:1). Waar bronne, byvoorbeeld die wetgewing van sekere lande nie geredelik in Suid-Afrikaanse biblioteke se besit gevind kan word nie, bied die Internet wel verskeie webruimtes wat hierdie regsinligting toeganklik maak. 'n Webruimte wat onder meer toegang tot die elektroniese regsinligting van 238 wêreldlande bied is die LawRunner Global Index by **http://www.ilrg.com/nations/**. Waar die regsinligting van een spesifieke land benodig word, byvoorbeeld Australiese regsinligting, kan een van die webruimtes van die *Australasian Legal Information Institute* (AustLII), naamlik Australian Courts & Legislation by **http://www.ula.gov.au/oz/gov/leg.html** gebruik word om Australiese wetgewing en ander regsinligting op te spoor.

Waar fases vier en vyf deur die gebruik van primêre regsinligting, naamlik hofverslae en wetgewing gekenmerk word, is die Internet egter nog nie in so 'n mate ontwikkel dat dit volledig in die inligtingsbehoeftes van regsnavorsers tydens hierdie fases voorsien nie (Botluk, 1997b:chc1:1).

4.4.6 Die kruiskontrolering van navorsing

Deur middel van kruiskontrolering in verskeie Internetbronne soos Butterworths se Consolidated Indexes by **http://www.butterworths.co.za/demo/frconten.html** ('n demonstrasie webruimte)*, kan die regsnavorser homself vergewis dat geen hofuitspraak of geannoteerde wetgewing agterweë gebly het nie. Hierdie en ander soortgelyke webruimtes bied dus gekonsolideerde indekse wat die regsnavorser in staat stel om hofverslae volgens datum; volgens nommer, afdelingsraad of divisie; volgens gerapporteerde hofverslae of volgens onderwerp te soek. Dit bied ook toegang tot 'n register van Suid-Afrikaanse wetgewing en 'n *Noter-up*.

Waar fase ses, benewens die kontrolering van gegewens, ook belangrik is vir die samestelling van 'n bibliografie en die nagaan van korrekte bronverwysings, bied die Internet 'n vinnige wyse om sekere bibliografiese besonderhede te kontroleer. So byvoorbeeld bied die *South African Law Reports (1947 to current)* van Jutastat die volledige teksdokumente van hofverslae wat met betrekking tot lettertipe, bladsynommers en spasiëring presies ooreenstem met die konvensionele gedrukte hofverslae wat deur die Juta-regsuitgewers gepubliseer word (Jutastat, 1998). Deur die gebruik van die verskillende indekse, byvoorbeeld die *Table of Cases*, *Annotations*, *Subject Index*, *Words and Phrases*, *Statutes*, *Rules of Court* en die *Cases Judicially Considered* kan sekere gegewens in voetnote en in die bibliografie vinnig en effektief gekontroleer word.

Soos reeds genoem word die Internet as inligtingsbron nie tydens die laaste twee fases van die regsnavorsingsproses benut nie. Hierdie is die twee fases waartydens die regsnavorser die inligting vanuit primêre en sekondêre bronne in 'n sistematiese raamwerk weergee om daarna die gegewens finaal te analiseer en die navorsingsresultaat skriftelik weer te gee. Die regsnavorser se vaardighede om die gegewens wetenskaplik te verwerk word dus beproef en daarom is die gebruik van die Internet nie in fases sewe en agt ter sprake nie.

4.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gesien dat die gebruik van die Internet tydens regsnavorsing sekere vaardighede behels wat in die definisie van inligtinggeletterdheid saamgevat kan word. Inligtinggeletterdheid, soos dit deur die *American Library Association* omskryf word, behels:

Die URL* **http://www.butterworths.co.za/ *kan geraadpleeg word vir verdere besonderhede in verband met die bronne wat deur die Butterworths-regsuitgewers beskikbaar gemaak word.*

- die vermoë om 'n inligtingsbehoefte te formuleer en die gemotiveerdheid om die inligtingsbehoefte te bevredig;
- om oor sekere vaardighede en kennis te beskik sodat die nodige inligting op verskeie maniere, onder andere deur middel van tegnologiese hulpmiddele, opgespoor kan word;
- om die inligting wat opgespoor is krities te evalueer, te organiseer en kognitief te verwerk;
- en om daarna die inligting in die gegewe situasie te kan aanwend om sodoende 'n probleem op te los of 'n behoefte te bevredig (Snavely & Cooper, 1997:9).

Van der Walt (1992:99-100) voeg ten slotte by hierdie definisie die belangrikheid van proses-evaluering. Dit behels naamlik dat die inligtinggebruiker oor die vermoë beskik om die stappe in 'n inligtingsoektog na te gaan sodat die deeglikheid en sistematiek van die soekproses gekontroleer kan word.

In die lig van die bogenoemde omskrywing van inligtinggeletterdheid is die basiese vaardighede wat vir die opspoor van regs- en ander inligting op die Internet gebruik kan word, bespreek. Om die Internet as 'n navorsingshulpmiddel te kan benut, is dit nodig dat die regsnavorser weet hoe om presiese inligting op te spoor, 'n keuse tussen verskeie inligtingherwinningsinstrumente kan uitoefen, sleutelwoordsoektogte effektief kan deurvoer en produktief op die Internet kan rondblaai. Hierdie vaardighede is nuttig wanneer daar, soos wat Blackman (1998:3) dit stel, in die belang van regsnavorsingsontwikkeling ook met tegnologiese ontwikkeling tred gehou moet word.

Namate 'n regsnavorser 'n ervare Internetgebruiker word, word dit moontlik om net soos in die geval van tradisionele inligtingsbronne, ook Internetbronne wat in die regsnavorser se individuele inligtingsbehoeftes voorsien, te selekteer (Blackman, 1998:3). So kan webruimtes wat relevante inligting bevat en aan die genoemde evalueringskriteria voldoen deur 'n regsnavorser versamel word om 'n persoonlike elektroniese biblioteek te skep. Dit geskied deur op die boekmerk-funksie van 'n leesprogram soos *Netscape Navigator Gold 3.0*, of 'n soortgelyke instruksie van 'n ander leesprogram, te klik. Die instruksie *Add bookmark* sal verskyn waarop geklik word. Op hierdie manier kan die regsnavorser mettertyd 'n versameling betroubare en nuttige Internet-regsinligtingsbronne byderhand hê om daardeur latere soektogte na dieselfde inligting te vermy en die gepaardgaande onkoste en tyd te bespaar.

Alhoewel die Internet in sekere regsnavorsingsterreine werklik voordelig benut kan word, is vele regsgeleerdes en regsbibliotekarisse van mening dat dit nog lank sal duur voordat die Internet 'n vervanger sal wees vir die tradisionele regsbronne wat in biblioteke, regsbiblioteke en die boekeversamelings van regsgeleerdes gevind kan word (Botluk,1997b:ch3c1:1 & Pikowsky, 1999:77,94). Die Internet is gevolglik 'n bron van inligting wat slegs in sommige gevalle voordelig tydens die regsnavorsingsproses gebruik kan word.

Die kundigheid om te oordeel wanneer die Internet 'n aangewese inligtingsbron vir gebruik in die regsnavorsingsproses is, word slegs bereik deur die Internet as 'n inligtingsbron te leerken en 'n ervare Internetgebruiker te word (Botluk, 1997b:ch3c1:1). Wanneer die Internet wel vir navorsingsdoeleindes gebruik word, word deeglikheid in Internetgebruik gekenmerk deur die benutting van verskeie inligtingherwinningsinstrumente. Omdat die inligtingstegnologie vinnig ontwikkel en die regsnavorsingsproses daardeur beïnvloed mag word, is dit raadsaam om op hoogte te bly van die moontlikhede wat die regsnavorsingsproses mag bevoordeel (Blackman, 1998:3; Cnossen & Smith, 1997:1).

In die lig van die vinnig ontwikkelende inligtingstegnologie is die wyse waarop Internet-inligting toeganklik gemaak word, bestuur en aan inligtingbehoeftiges beskikbaar gestel word van die uiterste belang (Pacifici, 1997:1). Hierin speel die biblioteek 'n belangrike rol deur die inligting te organiseer, te beheer en op verskeie maniere meer toeganklik aan regsnavorsers te maak. Die aktiwiteite om hierdie doelwit, naamlik verbeterde toegang tot Internetregsinligting te bereik, behels aansienlike ondernemings en word in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK 5

Die rol van die biblioteek in verbeterde toegang tot regsinligting op die Internet

5.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke is die tipe inligting en inligtingsbronne wat moontlik in regsnavorsers se onderskeie inligtingsbehoeftes mag voorsien, bespreek. 'n Ondersoek is ook ingestel na die mate waarin die Internet 'n waardevolle bron van inligting tydens die regsnavorsingsproses mag wees. Waar daar vasgestel is dat die Internet moontlik voordelig tydens regsnavorsing gebruik sou kon word en in sommige gevalle selfs onontbeerlik is (Bekker, 1997:71; 1996:143), het dit gelei tot die vraag na die vaardighede wat regsnavorsers benodig om relevante Internetbronne te herwin.

Dit is egter dikwels die geval dat selfs ervare Internetgebruikers steeds probleme ondervind om relevante en betroubare inligting vinnig en effektief te herwin (Pickhard, 1998a). Een van die hoof redes wat vir die herwinning van irrelevante inligting aangevoer kan word, is dat die groot hoeveelhede elektroniese inligting wat tans beskikbaar gestel word dikwels nie effektief ontsluit word nie (Koch *et al.*, 1996). Daarom word daar in hierdie hoofstuk gefokus op die wyse waarop inligting in 'n netwerkgebaseerde inligtingsomgewing beter ontsluit en meer toeganklik gemaak kan word.

Daar word van die standpunt, soos gestel deur Shafer (1997a:28), Pasha en Soper (1996), uitgegaan dat inligting meer toeganklik gemaak kan word deur die ontwikkeling van gesofistikeerde wyses van inligtingontsluiting, inligtingbeheer en inligtingbestuur. Vir die beheer en bestuur van inligting wat vir regsnavorsers van belang mag wees, word inligtingstegnologiese aanwendings soos intranet- en hipermediategnologie in hierdie hoofstuk ondersoek. Hiermee saam word die opbou van vakgeoriënteerde Web-onderwerpsgidse wat as inligtingsopritte (*subject gateways*) in kuberruimte dien, ondersoek as 'n manier waarop toegang tot betroubare, kwaliteit inligting aan regsnavorsers voorsien kan word.

Waar verbeterde toegang tot Internetbronne bereik kan word deur onder andere die intranettegnologie en inligtingsopritte met gespesialiseerde onderwerpstoegang en gesofistikeerde soekfunksies, val die klem in hierdie studie nie op die tegniese aspekte van intranette en inligtingsopritte nie. Die doel is eerder om die rol wat die biblioteek in hierdie opsig speel, na te vors. Dit hou naamlik die aanwending van bestaande inligtingontsluitingstelsels en biblioteekkundige benaderings in ten einde meer effektiewe ontsluiting van inligting in die huidige elektroniese inligtingsomgewing te bereik (Nanfito, 1999 & Bradshaw, 1997:251).

Vir die opbou en instandhouding van suksesvolle intranette en inligtingsopritte word sekere praktiese biblioteekkundige benaderings soos klassifikasie, katalogisering en indeksering, toegepas. Dit behels aktiwiteite soos die selektering van betroubare en bruikbare inligting, die ordening en beskrywing van die geselekteerde Internetbronne en die onderwerpsontsluiting daarvan (Hiom, 1998). Hierdie aktiwiteite vind reeds dekades lank in biblioteke plaas waar groot hoeveelhede diverse inligtingsbronne versamel, georden, ontsluit en toeganklik gemaak word. Biblioteke se inligtingontsluitingsfunksie in kuberruimte berus dus nie op nuwe uitvindings nie, maar wel op aktiwiteite wat, toegepas in ooreenstemming met elektroniese inligtingseienskappe sal lei tot vinnige, maklike en effektiewe toegang tot relevante en betroubare inligting (Nanfito, 1999:19,22).

Die benaderings en aktiwiteite wat aangewend kan word om die Internet 'n meer toeganklike bron van inligting te maak, word vervolgens bespreek.

5.2 Benaderings ten opsigte van verbeterde toegang tot Internetbronne

Die *Australasian Legal Information Institute* (AustLII) en die *Law Library Resource Xchange* (LLRX) benader die elektroniese toeganklikheid van regsinligting deur die volgende aktiwiteite: die volledige outomatisering van teks na hiperteks wat voorsien is van hiperteksskakels; die gebruik van 'n soekenjin; die integrasie van hiperteks en teksherwinning; 'n koppelvlak wat vir die doeleindes van regsnavorsing en inligtinglewering geskik is; en subjektiewe menslike analise van inligting in teenstelling met blote objektiewe tegnologiese ingrype deur geprogrammeerde filtreerders of agente (Greenleaf *et al.*, 1997a:4 & Nanfito, 1999:19). Hierdie aktiwiteite, asook die aspekte wat skematies in die klassifikasietabel van die *Institute for Legal Documentation* (1998) uiteengesit word, naamlik die tipe regsinligting en regsinligtingherwinningstelsel; die tipe apparatuur en programmatuur wat gebruik word; en die sekuriteit van inligting in 'n netwerk-gebaseerde inligtingsomgewing, is die faktore wat die toeganklikheid van elektroniese regs-inligting beïnvloed.

In die ondersoek na die maniere waarop die Internet meer toeganklik aan regsnavorsers gemaak kan word, word daar op die gebruik van intranettegnologie vir die bestuur en beheer van regs-inligting en die skep van Internet-inligtingsopritte vir verbeterde onderwerpstoegang, gekonsen-treer. Intranette en inligtingsopritte word in hierdie opsig uitgesonder omdat dit van die bo-genoemde faktore wat die toeganklikheid van Internetregsinligting bevorder, behels. Dit sluit onder meer aspekte soos die skep van hiperteksskakels, die gebruik van 'n soekenjin en die sekuriteitsaspekte van regsinligting, in (Greenleaf *et al.*, 1997a & 1997b).

Vervolgens word die beheer en bestuur van inligting deur die aanwending van intranettegnologie en die ontwikkeling en instandhouding van inligtingsopritte bespreek.

5.2.1 Inligtingbestuur deur intranettegnologie

Intranettegnologie het as 'n uitvloeisel van Internettegnologie ontwikkel om in organisasies, waarby ook regsfirmas ingesluit kan word, se behoeftes aan effektiewe bestuur en beheer van interne inligting te voorsien (Ozolin & Beckwidth, 1998). Vanuit die literatuur word dit afgelei dat die gebruik van intranettegnologie grotendeels op die bestuur van kennis en inligting binne ondernemings of firmas betrekking het, en kan daar gesê word dat die gebruik van intranette hoofsaaklik praktykgerig is (Doyle & Du Toit, 1998; Platt 1998; Pasha & Soper, 1996). Nieteenstaande hierdie afleiding word die gebruik van intranettegnologie in hierdie studie wat die inligtingsbehoeftes van regsakademici ondersoek, wel bespreek omdat dit ook in 'n akademiese omgewing 'n effektiewe benadering is om betroubare regsinligting toeganklik te maak en te beheer (Greenleaf *et al.*, 1997a:2).

Die belangrikste doelstelling van inligtingbestuur is die voorsiening van optimale toegang tot kwaliteit inligting (Pacifici, 1997). Waar die afgelope paar jaar gekenmerk word deur 'n drastiese toename in die beskikbaarheid en gemak waarmee regs- en ander inligting verkry kan word, het inligtingbestuur veral noodsaaklik geword. Hierdie groter gemak waarmee regsinligting opgespoor kan word is moontlik toe te skryf aan die milieu van samewerking en mede-eienaarskap van inligting in 'n netwerkgebaseerde inligtingsomgewing (Doyle & Du Toit, 1998:3). Dit beteken dat die bestaande grense van inligtingbesit verskuif en meer buigbaar geword het. Terselfdertyd het die deursigtige grense van inligtingbesit gelei tot 'n groter behoefte aan die beveiliging van vertroulike interne inligting (Platt, 1998).

In teenstelling met die Internet wat mense met diverse inligtingsbehoeftes van inligting voorsien, is die intranettegnologie daarop gerig om mense met gemeenskaplike inligtingsbehoeftes binne 'n geslote elektroniese inligtingsomgewing te voorsien van inligting wat spesifiek op die inligtingbehoeftes van die groep betrekking het (Pasha & Soper, 1996; Doyle & Du Toit, 1998:4). Waar die intranettegnologie op die Internettegnologie gebaseer is, kan dit spesifieke inligting aan spesifieke persone deur gesofistikeerde inligtingsoekmoontlikhede en ander herwinningshulpmiddele soos die navigeringsfunksies van die Webtegnologie, toeganklik maak (vergelyk 3.3 en 3.3.5). Verder noem Pasha en Sober (1996) dat inligtingstelsels wat op hipermedia gebaseer is en ingesluit is by die intranet, die potensiaal het om groot hoeveelhede inligting te berg en akkuraat vir latere gebruik te herwin.

5.2.1.1 Die voordele wat intranettegnologie vir regsnavorsing inhou

Die voordele wat intranettegnologie vir regsnavorsing inhou is dat dit vinnige en beter toegang tot betroubare inligting bied, die werksprestasie van individue kan verbeter en navorsers van resente inligting voorsien (Platt, 1998). Verder spaar dit waardevolle tyd en geld en bevorder dit die

kommunikasie tussen individue met gemeenskaplike inligtingsbehoeftes (Doyle & Du Toit, 1998:3). Intranettegnologie beskik ook oor betroubare sekuriteitsmaatreëls wat onder meer spesifieke inskakelingsprosedures soos gebruikerskodes en wagwoorde en ander gebruikers-beperkinge soos *firewalls* insluit (Lawson, 1998). Hiermee saam kan vertroulike inligting wat *via* verskeie netwerke versend moet word deur middel van enkripsie-moontlikhede soos SSL (*Secure Sockets Layer*) en protokols soos SHTTP en S/MIME beveilig word.

Die voordele van intranette word deur ekstranette en hibriede netwerke uitgebrei. Hierdie tipe netwerke word merendeels in die regspraktyk gebruik, maar het die potensiaal om ook regs-navorsers se toegang tot elektroniese regsinligting te bevorder en word daarom kortliks genoem.

5.2.1.2 Ekstranette en hibriede netwerke

'n Tipe uitbreiding van intranette word deur Ozolin en Beckwidth (1998) ekstranette genoem. Ekstranette kan beskryf word as netwerke wat verbind is aan intranette om gebruikers buite die onderneming aan die intranet te verbind. 'n Hibridiese netwerk ontstaan wanneer ekstranette en die Internet gekombineer word (Anon, 1999). Deur hierdie uitbreidings word daar gepoog om aan regsgeleerdes optimale toegang tot 'n verskeidenheid regsinligtingsbronne te bied (Katz, 1997 & Young, 1997).

'n Belangrike aspek wat in aanmerking geneem moet word ten einde regsnavorsers deur middel van intranet-, ekstranet- en hibriede netwerktegnologie van regsinligting te kan voorsien, is of die infrastruktuur van die lokale area netwerk 'n hoë-spoed intranet sal kan huisves (Ozolin & Beckwidth, 1998:2-4). Soos vooraf genoem is, word daar vir die doeleindes van hierdie studie egter nie op die tegniese aspekte van onder meer intranette gefokus nie en word uitbreidings soos ekstranette en hibridiese netwerke in kort genoem omdat regsnavorsers ook daardeur toegang tot regsinligting op die Internet kan bekom.

By die implementering van intranette, ekstranette en hibriede netwerke is dit noodsaaklik dat opgeleide persone verantwoordelikheid neem vir die beplanning en ontwikkeling daarvan sodat die doel, naamlik verbeterde toegang tot betroubare inligting daardeur bereik sal kan word (Nel, 1997:174; Davis & Hamilton, 1993:18). Dit behels onder andere die wyse waarop die inligting in 'n intranet geselekteer en georganiseer word en die wyse waarop die kwaliteit van die inligting gekontroleer word. Hierdie aktiwiteite stem met die manier waarop inligting vir inligtingsopritte geselekteer en georganiseer word, ooreen en word in die hieropvolgende punte bespreek.

5.2.2 Onderwerpsgidse as inligtingsopritte

Montgomery (1997:3) beskryf 'n inligtingsoprit of *subject gateway* as 'n beginpunt of wegspringpunt waarvandaan Internetbronne binne 'n sekere vakgebied opgespoor kan word. So 'n wegspringpunt bestaan uit een of meer onderwerpsgidse wat deur middel van hipertekskakels aan Internetgebruikers toegang tot inligting oor 'n spesifieke onderwerp, bied. Kenmerkend van onderwerpsgidse is dat die Internetbronne wat daarin opgeneem word, vooraf deur inligtingkundiges en vakspesialiste aan die hand van bepaalde kriteria vir die evaluering van elektroniese inligting en inligtingsbronne, gemeet en geselekteer word (vergelyk 4.3.1, Hofman & Worsfold, 1998). Hierdie onderwerpsgidse kan soos in 3.4.1 en 4.2.2.2 genoem is, as gespesialiseerde Web-indekse beskryf word omdat dit slegs geselekteerde Internetbronne deur outomatiese indekseringsprogramme sowel as deur menslike insette indekseer.

Die inligting wat in onderwerpsgidse opgeneem word, word volgens 'n bepaalde klassifikasiestelsel georden om dit meer toeganklik te maak (Susskind, 1997:2). Die regs- en ander inligting wat in die indeks of databasis van 'n onderwerpsgids opgeneem word, word dus volgens generiese onderwerpsverwantskappe op 'n hiërargiese wyse ingedeel sodat regsnavorsers sistematies in verskillende onderwerpskategorieë kan rondblaai (Greenleaf *et al.*, 1997b: green3.1.html). Die inligting wat opgeneem word, word deur kundiges gekontroleer om sodoende te verseker dat die inhoud van die webruimte wel bruikbare inligting bevat. Op hierdie manier word slegs webruimtes wat van navorsingsgehalte en akademiese waarde is, in vakgeoriënteerde onderwerpsgidse opgeneem (Montgomery, 1997:3).

Verdere voordele wat onderwerpsgidse vir regsnavorsers inhou, is dat daar in die meeste gevalle 'n kort ekserp voorsien word wat 'n beskrywing gee van die tipe inligting wat by elke hipertekskakel opgespoor kan word (Hofman, 1998:22). Hierby noem Greenleaf *et al.* (1997a) dat onderwerpsgidse wat sleutelwoordsoekfasiliteite bied, regsnavorsers help om Internetregs- en ander inligting makliker, vinniger en op 'n meer effektiewe wyse te kan opspoor.

5.2.2.1 Toegang deur middel van sleutelwoordsoekfasiliteite

Volgens Van der Walt (1998b:64) is dit wenslik dat onderwerpsgidse ook 'n soekfunksie aan Internetgebruikers bied sodat diegene wat nie in die onderwerpskategorieë wil rondblaai nie, se inligtingsbehoeftes deur sleutelwoordsoektogte bevredig sal kan word. Dit is daarom noodsaaklik dat Internetbronne by onderwerpsgidse ook in terme van sleutelwoordsoekterme ontsluit moet word. Sleutelwoordsoekfasiliteite word onder andere geskep deur outomatiese sleutelwoordindekseringsprogramme en behels prosesse soos dataversameling, konsep-indeksering en ekserpering (Van Rijsbergen, 1998:Ch.2.html).

Omdat indeksering oorspronklik 'n biblioteekkundige benadering ten opsigte van die ontsluiting van inligting is, word die aktiwiteite met betrekking tot sleutelwoordsoekfasiliteite en indekseringsprogramme in 5.3.4 in meer besonderhede bespreek.

Die idee van 'n inligtingsoprit is dus om aan Internetgebruikers wat in 'n spesifieke onderwerp belangstel, 'n plek in kuberruimte te voorsien waar skakels na betroubare Internetbronne versamel is en waarvandaan verdere Internetsleutelwoordsoektogte geloots kan word. So 'n inligtingsoprit wat toegang tot Internetbronne verleen kan verder suksesvol met 'n organisasie se intranet geïntegreer word (Van Rijsbergen, 1998:Ch.8.html). Dit hou in dat inligting op 'n geörganiseerde manier in intranette en onderwerpsgidse versamel word en dat die inligtingsbron in so 'n mate omskryf word dat die navorser 'n ingeligte keuse kan maak voordat daar gepoog word om die bron in kuberruimte op te spoor (Bradshaw, 1997:251,253). Hiermee saam word direkte toegang tot inligting deur middel van hiperteksskakels moontlik gemaak (Greenleaf *et al.*, 1997b).

Die benaderings wat tot dusver genoem is, naamlik die versameling, ordening, berging, beskrywing en beskikbaarstelling van inligting stem met tradisionele biblioteke se benaderings ten opsigte van inligtingbestuur, ooreen (Nanfito, 1999). Siende dat die benaderings wat die organisering van inligting in kuberruimte betref tot 'n groot mate dieselfde is as in tradisionele biblioteke, kan die afleiding gemaak word dat biblioteke 'n belangrike rol in die toeganklik maak van Internetbronne speel (Fitchett, 1997:7). Die wyse waarop tradisionele biblioteekkundige benaderings soos klassifikasie, katalogisering en indeksering toegepas kan word om 'n onderwerpsgids as inligtingsoprit effektief te laat funksioneer, word vervolgens bespreek.

5.3 Biblioteekkundige benaderings in die opbou van onderwerpsgidse

Soos tot dusver gesien, kan netwerkgebaseerde regsinligtingsbronne suksesvol deur intranettegnologie beheer en aan regsnavorsers toeganklik gemaak word. Daar kan ook deur onder andere die inligtingstegnologiese skakeling van Internetbronne met intranette aan regsnavorsers met spesifieke inligtingsbehoeftes toegang tot betroubare regs- en ander inligting op die Internet verleen word. Hiermee saam word verbeterde onderwerpstoegang tot Internetbronne deur die skep van inligtingsopritte moontlik gemaak. Deur die verdere integrasie van inligtingsopritte in intranette word die uiteindelike interaksie tussen regsnavorsers met spesifieke inligtingsbehoeftes en die Internet as inligtingsbron, geoptimaliseer (Paliwala, 1997).

Greenleaf *et al.* (1997b) en Paliwala (1997) is van mening dat die skep en ontwikkeling van intranette en onderwerpsgidse op die uitvoering van sekere inligtingontsluitingsprosesse berus en dat die biblioteek juis in hierdie prosesse, soos die selektering, ordening en beheer van bronne deur bronbeskrywing, 'n belangrike rol speel (Hiom, 1998:2 & Nanfito, 1999:19). Verder kan daar vanuit die klassifikasietabel van die *Institute for Legal Documentation* (1998) wat op die inligtings-

tegnologie en die reg betrekking het, afgelei word dat daar ook verskeie ander faktore is wat die toeganklikheid van regsinligting op die Internet kan bevorder. Dit sluit onder andere die evaluering, ekserpering en die selektiewe deseminasie van inligting, in. Nicholson (1997:73) is van mening dat hierdie prosesse, wat saamgevat kan word as die klassifikasie, katalogisering, indeksering en die evaluering van die kwaliteit van die inligting, die belangrikste faktore is wat die herwinning van bruikbare inligting beïnvloed.

Die effektiwiteit van die inligtingontsluitingsprosesse soos hierbo genoem, is bepalend ten opsigte van die herwinning van relevante inligting (Nicholson, 1997:73-74). Inligting wat nie ontsluit is nie, is in 'n groot mate waardeloos omdat dit waarskynlik nie later deur inligtingbehoeftige persone opgespoor sal kan word nie. Inligting word volgens Desai (1997) ontsluit deur die gebruik van bestaande standaarde waarvolgens bronne vir latere herwinning beskryf word. Sekere beskrywende kenmerke met betrekking tot 'n Internetbron word in hierdie prosesse uitgelig sodat die Internetbron dan deur hierdie beskrywing aan ander verbandhoudende bronne verbind word of gekoppel word aan 'n instansie, persoon of persone wat, óf die inligting geskep het, óf die inligting later mag benodig. Op hierdie wyse word die bronne en broninhoude meer toeganklik gemaak.

Die maniere waarop die biblioteek die toeganklikheid van Internetbronne aan regsnavorsers kan bevorder, word vervolgens bespreek. Hierdie bespreking gee 'n aanduiding van die belangrike rol wat biblioteke met tradisionele biblioteekkundige benaderings ten opsigte van die ontsluiting van inligting ook in die ontsluiting van Internetbronne speel.

5.3.1 Kwaliteitbeheer deur middel van seleksie

Vanweë die aard van die Internet is daar gesien dat dit vir persone, ongeag hul outoriteit of intensie, moontlik is om enige inligting op die Internet beskikbaar te stel (vergelyk 3.2.1). Daarom kan die kwaliteit van die inligting wat in die onderwerpsgids se databasis opgeneem word, slegs beheer word indien die inligting vooraf krities geëvalueer en geselekteer word (Hofman & Worsfold, 1998). Dit beteken dat inligtingkundiges en vakspesialiste Internetbronne en Internet-inligting moet goedkeur en waardeer voordat dit in 'n onderwerpsgids aan regsnavorsers toeganklik gemaak kan word.

Die kriteria wat in hoofstuk vier as riglyn vir die evaluering van die kwaliteit van regsinligting aan regsnavorsers voorgehou is, geld in dieselfde mate vir die selektering van Internetbronne vir opname in 'n onderwerpsgids. Dit behels onder andere die outoriteit van die outeur of instansie wat die inligting op die Internet beskikbaar gemaak het, die akkuraatheid, betroubaarheid, geldigheid en objektiwiteit van die inligting asook die inhoud, omvang, aard en die resentheid van die inligting (Botluk, 1997b:ch3c7:1, Pickhard, 1998a:7 & Tyburski, 1998).

Ander aspekte wat tydens die selektering van Internetbronne vir onderwerpsgidse in ag geneem moet word, is die funksionaliteit en funksionering van die hiperteksskakels, die frekwensie waarmee webruimtes nagegaan word en die beleid ten opsigte waarvan die opdatering van inligting in aanmerking geneem word. Hierby is dit belangrik dat die koppelvlak gebruikersvriendelik moet wees, soekfasiliteite en navigasie-instrumente aan gebruikers gebied word en effektiewe hulpmaatreëls of hulpdienste verskaf word. Verder moet die funksionele of oormatige gebruik van grafiese- en multimedia-ontwerp wat in die webruimtes voorkom teen mekaar opgeweeg en krities beoordeel word (Larsen, 1997; Smith, 1997 & Tyburski, 1998). 'n Laaste belangrike aspek in die selektering van Internetbronne vir opname in onderwerpsgidse is die kontrolering van die volledigheid van Internetbronne se metadata (Hofman & Worsfold, 1998). Metadata word verder in 5.3.2.2 bespreek.

Die kriteria vir die selektering en evaluering van Internetbronne wat vir opname in onderwerpsgidse geskik is, is hierbo slegs kortliks genoem omdat dit ooreenstem met die evaluerings-kriteria vir Internetregsinligting wat in 4.3.1 volledig bespreek is. Dit word egter benadruk dat menslike oordeel onontbeerlik is vir die selektering van Internetbronne wat in onderwerpsgidse opgeneem word. Daarom stel Hiom (1998:3) 'n universele stel kwaliteitskriteria voor wat gebruik moet word om Internetbronne wat in 'n onderwerpsgids opgeneem word, vooraf te selekteer. So 'n stel kriteria is deur die DESIRE-projekgroep saamgestel (Hofman & Worsfold, 1998) en word in die *DESIRE - RE 1004: Selection criteria for quality controlled information gateways*-webruimte by **http://www.ukoln.ac.uk/metadata/desire/quality/** vervat.

5.3.2 Inligtingbeheer deur middel van bronbeskrywing

Dit is belangrik dat die groot hoeveelhede inligting wat vir opname in 'n onderwerpsgids geselekteer word deur intensiewe prosesse van bronbeskrywing ontsluit en beheer sal word (Bradshaw, 1997:257). Volgens Hiom (1998:3) ontstaan die potensiaal vir biblioteke om Internetbronne deur koöperatiewe bronbeskrywing bibliografies te beheer juis vanweë die aard van die Internet. Dit hou in dat biblioteke, ongeag hul geografiese verspreidheid, deur middel van netwerke met verskeie ander biblioteke kan deelneem aan die bronbeskrywingsprosesse en meewerk aan die opbou van vakgeoriënteerde onderwerpsgidse. Individue kan dus vanaf hul persoonlike rekenaarwerkstasies (*PC desktops*) beskrywende inligting vir die doeleindes van bibliografiese beheer, skep. Hierdie inligting word dan verder deur die Web se hipermediategnologie tot die onderwerpsgids se databasis toevoeg (Hiom, 1998:3).

Tot op hede speel die biblioteek tradisioneel 'n onmiskenbare rol in die suksesvolle beheer van groot hoeveelhede inligting. Inligtingbeheer behels die vaslegging van die bibliografiese kenmerke van inligting in dokumente deur die toepassing van katalogiseringsreëls soos byvoorbeeld die hersiene tweede uitgawe van die *Anglo American Cataloguing Rules* (AACR2) om plaas-

vervangers vir dokumente, hetsy teks-, beeld- of klank, te skep sodat die inligtingsinhoud daardeur beheer, gefiltreer en georden kan word (Heery, 1996:360 & Shafer, 1997b:19). So byvoorbeeld is katalogusinskrywings in die verlede op kataloguskaartjies en tans as rekenaarmatige rekords in intydse katalogusse (OPAC's) geskep om inligtingsbronne te beskryf.

Tradisioneel bied biblioteekkatalogusse makrotoegang tot items in die biblioteekversameling of ander biblioteke se versamelings en word daar op bibliografiese hulpmiddele soos klassifikasiestelsels, indekse en bibliografieë staatgemaak om mikrotoegang tot dele van items te bied. Tans word meer gespesialiseerde inligtingherwinning deur die ontwikkelende inligtingstegnologie moontlik gemaak. Hiermee word bedoel dat 'n OPAC met elektroniese Internetkatalogusse geïntegreer kan word sodat meervoudige toegangspunte tot afgeleë elektroniese inligting bewerkstellig kan word (Velluci, 1997:15).

5.3.2.1 Die gebruik van standaardformate by bronbeskrywing: AARC2 en MARC

Deur die aanwending van die AACR2 en rekenaar-leesbare katalogiseringsformate (MARC) kan biblioteke rekords met inligting wat Internetbronne beskryf, skep. Hierdie inligting wat 'n dokument beskryf staan tradisioneel as **bibliografiese inligting** of in 'n elektroniese inligtingsomgewing as **metadata** bekend en kan veral gebruik word om die herwinning van irrelevante inligting te beperk (Roszkowski & Lukas, 1998:13).

Volgens Nanfito (1999:19,20) speel biblioteke 'n belangrike rol in die skep van metadata vir Internetbronne wat in 'n onderwerpsgids opgeneem word. Heery (1996) gee 'n uiteensetting van die toegangspunte waarvoor daar nuut in MARC voorsiening gemaak word met die toepassing van die katalogiseringsreëls in die AACR2. Dit sluit byvoorbeeld die titel van die Internetbron by veld **245** in, met die materiaalaanduiding (GMD) as **#h** *Computer file*. By veld **256** word 'n vollediger beskrywing van die tipe materiaal aangedui, soos *Electronic journal*; *FTP site*; *News group*; *Library catalog* of *Computer data*. Die opdateringsfrekwensie word by veld **310** aangedui en die verbindingswyse, naamlik *Access through computer network*; *Mode of access: FTP*, *Electronic mail*, *Gopher* of *Mode of access: Internet* word by veld **538** aangedui. Waar laasgenoemde veld voorkom, moet die Internetbron se URL ook in die nuwe veld **856** ingeskryf word (Shafer, 1997b:2).

Behalwe die URL wat by veld **856** aangedui word, kan ook ander metodes van toegang by addisionele **856**-velde aangedui word, byvoorbeeld die elektroniese posadres, Telnet, FTP of telefoon- en faksnommers. Daar word verder vir addisionele DDK-notasies in veld ***4xx*** voorsiening gemaak en die veld vir beskrywende notas word soos volg uitgebrei: **500** *Text displays in color* of *Includes clickable map;* **516** *Conversion to TEI-conformant markup* of *Hypertext (electronic journal)*; **520** *This report is a plotter-ready file in HPCL2 format* of *Provides*

links to Internet resources of *This is a collection of movie clips* (Dillon & Jul, 1996:202). Ten slotte word enige toegangsbeperkings soos wagwoorde by veld **506** aangedui.

Benewens die gebruik van die AACR2 en MARC-formate vir die skep van bibliografiese inligting oftewel metadata, bestaan daar ook verskeie ander formate. Die verskillende maniere en standaarde waarvolgens metadata geskep kan word, word vervolgens kortliks bespreek.

5.3.2.2 Die gebruik van metadatastandaarde

Vir "bibliografiese beheer" in kuberruimte is strukture wat op die voorsiening van basiese sowel as uitgebreide metadata gerig is, geskep (Stark, 1998:1). Metadata is die term wat gebruik word om die aard van 'n elektroniese rekord, element, dokument of ander elektroniese inligting-draende voorwerp in terme van sekere beskrywende kenmerke te beskryf. Hierdie kenmerke is onder meer die skepper van die inligting, die titel, die toegangswyse, onderwerp, die bron se formaat en die datum waarop die inligting of inligtingsbron geskep of hersien was (Clemson, 1997:59). In die proses van inligtingontsluiting is sulke beskrywende inligting fundamenteel en belangrik omdat dit na die mening van Palowitch & Horowitz (1996) bepalend ten opsigte van die toeganklikheid van Internetbronne is.

Omdat Internetgebruikers se inligtingsbehoeftes verskil het daar meerdere strukture vir die opstel van metadatarekords ontstaan, onder andere die *Dublin Core Qualifiers*, *Text Encoding Initiative*, *Uniform Resource Characteristics* en die gebruik van 'n *Semantic Header* of semantiese kopstuk. 'n Uitgebreide lys van metadatastrukture kan by die webruimte van die International Federation of Library Associations' Digital Libraries gevind word by **http://www.nlc-bnc.ca/ifla/II/metadata .htm**

As 'n voorbeeld van 'n metadatastruktuur word die semantiese kopstuk bespreek. Desai (1997: 203) stel die gebruik van 'n semantiese kopstuk as 'n buigsame inligtingontsluitingsmeganisme wat die toeganklikheid van Internetbronne behoort te bevorder, voor. Die doel van 'n semantiese kopstuk is om deur kontrole definisies wat in die kennisbasis van 'n kundige indekseringstelsel (*expert index entry system*) ingebou is, alle items in te sluit wat gewoonlik tydens 'n inligtingsoektog na gesoek word (Desai, 1995:2). Dit sluit onder andere die titel, outeur, URL en trefwoorde of deskriptore in gekontroleerde of natuurlike taal, in.

Dit is belangrik dat biblioteke hulle vir die skep van omvattende metadatarekords beywer omdat die herwinning van Internetdokumente daardeur bevorder word (Desai, 1997:203), maar dit is nie die taak van die biblioteek alleen om volledige metadata aan Internetbronne te voorsien nie (Hiom, 1998:4). In die lig van die tempo waarteen Internetbronne toeneem, word ook die skeppers van webruimtes betrek en genoodsaak om self sover moontlik die nodige metadata te voorsien (Desai, 1997:192). Om samewerking in hierdie verband te bewerkstellig kan 'n

registrasietemplaat van die semantiese kopstuk byvoorbeeld deur middel van 'n grafiese koppelvlak aan inligtingskeppers voorgehou word om te voltooi (Desai, 1997:198). So 'n registrasietemplaat kan by die Semantic header entry form-webruimte opgespoor word by **http://www.cs.concordia.ca/~grad/mechoue/entry2.html**

'n Kenmerk van die gebruik van 'n semantiese kopstuk is dat die skeppers van Internetbronne wat hul webruimtes registreer, dit terselfdertyd ontsluit sonder dat veel kennis van Internetprotokols, katalogiseringsreëls of besondere inligtingontsluitingsvaardighede benodig word (Desai, 1998:192,198). Nadat 'n webruimte geregistreer is en die basiese metadata deur die outeur self voorsien is, word verdere beskrywende inligting indien nodig, deur professionele inligtingkundiges tot die metadatarekords toegevoeg (Desai, 1997:192,198).

Deur die skep van semantiese kopstukke word waarde tot webruimtes toegevoeg. Waar die biblioteek waarskynlik 'n groot bydrae in die skep van metadata kan lewer, speel die biblioteek dus ook in kuberruimte 'n belangrike rol in die waardetoevoegingsproses (Olson, 1998 & Schwartz, 1997:12). Dit beteken dat waar biblioteke bronne in terme van hul besondere kenmerke beskryf, daar vanweë die toegevoegde waarde daarvan verbeterde toegang tot die bronne is. Hierdie besonderhede, soos byvoorbeeld sleutelwoorde of onderwerpstrefwoorde en 'n ekserp, help Internetgebruikers met ander woorde om meer ingeligte keuses met betrekking tot die moontlike relevansie en die kwaliteit van 'n Internetbron te maak (Hiom, 1998:3). Die regsnavorser word sodoende in staat gestel om, sonder dat dit nodig is om die webruimte fisies af te laai (*down load*), kennis te neem van die tipe dokument en inligting wat ter sprake is, wie die skepper van die inligting is en waar en hoe die inligting opgespoor kan word.

5.3.3 Ordening van inligting deur middel van klassifikasie

'n Oogmerk van bestaande biblioteekklassifikasiestelsels is om inligting te orden en soekpunte daar te stel waardeur inligting later opgespoor of herwin sal kan word (Dolin *et al.*, 1998). Alhoewel sommige Internet-organisasies klassifikasiebeginsels by onderwerpsindeling volg, word die potensiële inligtingontsluitingswaarde van bestaande biblioteekklassifikasiestelsels nie ten volle in kuberruimte besef en benut nie (Shafer, 1997a:28). Benewens die ordening van inligting in onderwerpsgidse speel klassifikasie ook 'n rol tydens die ontwerp van intranette waar die wyse waarop die inligting georganiseer of georden is die vinnige herwinning van relevante inligting beïnvloed (Bregman, 1997:165; Doyle & Du Toit, 1998:6).

Kundiges op die gebied van klassifikasie het lank tevore reeds die potensiële nut van klassifikasie vir gebruik tydens inligtingherwinning in 'n netwerkgebaseerde inligtingsomgewing ingesien (Velluci, 1997:24). Klassifikasiestelsels is egter weens die oorspronklike nie-elektroniese aard daarvan eers onlangs vir die ordening van Internetbronne geïmplementeer (Velluci, 1997:16). So

byvoorbeeld is die Dewey Desimale Klassifikasiestelsel (DDK) sedert 1989 elektronies beskikbaar en staan as die *Electronic Dewey* bekend. Die DDK se 21ste uitgawe het in 1996 verskyn en word sedertdien in verskeie onderwerpsgidse gebruik om Internetbronne te organiseer (DDC, 1996:*xxi*, *lxix* & Velluci, 1997:16).

Voorbeelde van ander biblioteekklassifikasiestelsels wat in kuberruimte gebruik word, is die Universele Desimale Klassifikasiestelsel (UDK) en die *Library of Congress Classification* (LCC). Elk van hierdie klassifikasiestelsels (DDK, UDK en LCC) beskik oor uitgebreide kennisbasisse wat deur onder andere Vizine-Goetz (1996c:3) ondersoek was en geskik bevind word vir die ordening van die diverse bronne en verskeidenheid onderwerpe wat in onderwerpsgidse opgeneem word.

Hiom (1998:2) verwys ook na die nut wat klassifikasie in onderwerpsgidse vir navorsers inhou. Deur die beginsels van klassifikasie toe te pas kan sekere van die inligtingherwinningsprobleme wat deur regsnavorsers ondervind word, vermy word. So byvoorbeeld kan klassifikasie se semantiese en kontekstuele strukturering help deurdat nie net die terminologie wat tot 'n konsep behoort nie, maar ook die konseptuele verwantskappe daarvan aangedui word (Liu & Svenonius, 1991:360). Dit beteken dat die Internetgebruiker die onderwerp binne konteks kan plaas en op 'n spesifieke aspek binne 'n breër onderwerpsgebied kan fokus (Koh, 1995:202). Hiermee saam vertoon klassifikasiestelsels hiërargiese verwantskappe deur opper-, newe- en ondergeskikte onderwerpe en word die Internetgebruiker daardeur gehelp om die onderwerp af te baken, beter aftaskeuses te maak en om terselfdertyd van bestaande, moontlik verbandhoudende onderwerpe kennis te neem (Hiom, 1998:3 & Koh, 1995:202).

Verdere eienskappe van klassifikasiestelsels wat die herwinning van regsinligting kan bevorder en multi-dimensionele toegangsmoontlikhede impliseer, is byvoorbeeld die notasie-skakeling (*mapping*) tussen verwante onderwerpe (*notasie-notasie-skakeling*) en die notasie-skakeling tussen verbandhoudende notasies en indekseerterme (*notasie-trefwoord-skakeling*). Volgens Vizine-Goetz (1996d:8) word die Internetgebruiker deur sodanige skakeling gehelp om spesifieke inligting binne 'n bepaalde verband op te spoor. So byvoorbeeld is die *Electronic Dewey* op hierdie wyse van skakels tussen DDK-notasies en *Library of Congress*-saakhoofde (LCSH) asook met ooreenstemmende skakels tussen die *Electronic Dewey* en die LCC, voorsien. Hiermee saam lei skakels tussen die DDK en LCC met LCSH-gesagrekords tot hoë herwinning en presiesheid (Vizine-Goetz, 1996d:8).

Om al die verskillende fasette wat aan 'n Internetbron toegeskryf kan word te ontsluit, bestaan die moontlikheid om meer as een notasie aan die Internetbron toe te ken (Vizine-Goetz, 1996c:8). So byvoorbeeld kan daar aan die onderwerp: **stemregte van individue** ten minste twee DDK-notasies toegeken word, naamlik **342.672** (*Voting rights and qualifications for voting*) en **324.6** (*Suffrage*). Die aantal notasies wat toegeken word, moet wel beperk word sodat herwinning en

presiesheid nie negatief daardeur beïnvloed word nie (Velluci, 1997:16). Meervoudige notasies en skakeling tussen die notasies en verbandhoudende LCSH-saakhoofde sal die waarskynlike gevolg hê dat 'n regsnavorser so veel as moontlik Internetbronne oor een bepaalde onderwerp in 'n onderwerpsgids kan opspoor.

'n Laaste belangrike eienskap van biblioteekklassifikasiestelsels is dat, juis omdat notasie universeel is, dit vir skakels met ander tale voorsiening maak (Vizine-Goetz,1996d:9). Dit beteken dat notasie as 'n tipe uitruil-meganisme (*switching mechanism*) in 'n elektroniese inligtingsomgewing kan dien. 'n Internetbron waaraan 'n bepaalde notasie of notasies toegeken is, word deur middel van notasie as "uitruiltaal" aan indekseerterme geskakel of gebind, wat outomaties konseptuele en kontekstuele verbande tussen dokumente, ongeag die taal waarin die dokumente verskyn, impliseer (Vizine-Goetz, 1996c:8-9).

Samevattend kan klassifikasiestelsels soos die DDK, UDK en LCC beskou word as meganismes wat nuttig aangewend kan word om multidimensionele toegang tot Internetbronne te bied. Deur die inligtingstegnologie word klassifikasie in 'n elektroniese inligtingsomgewing waardevol gemaak omdat skakels maklik en outomaties tussen verskillende stelsels se verwante notasies, trefwoorde, indekseerterme en saakhoofde geskep kan word (Koh, 1995:200). Volgens Koh (1995:208) is konsensus bereik dat die kragtigste metode vir die organisering en herwinning van Internetbronne in die gebruik van klassifikasiestelsels en klassifikasiebenaderings, gekombineer met die tegnologiese skep van skakels tussen notasies, natuurlike taal en gekontroleerde terminologie, bestaan.

Waar klassifikasie dus voordelig in kuberruimte gebruik kan word, speel biblioteke 'n belangrike rol in die uitbreiding en aanpassing van bestaande klassifikasiestelsels ten einde dit effektief in 'n netwerkgebaseerde inligtingsomgewing aan te wend. Dit beteken volgens Vizine-Goetz (1996d:9) dat byvoorbeeld die DDK en LCC se skedules, onderwerpsindelings en opskrifte, dit wil sê die makro- en mikro-ordes, deurgaans ten opsigte van hul ekspressiwiteit en resentheid geëvalueer moet word. Notasiekomponente moet ontleed word sodat spesifieke onderwerpe geïdentifiseer en verteenwoordig kan word. Hierby is dit die mening van Vizine-Goetz (1996b:9) dat selfs al beskik elke term nie oor 'n eie notasie nie, nuwe terminologie deurgaans as trefwoorde toegevoeg en met verbandhoudende trefwoorde en notasies geskakel moet word om optimale herwinning te bewerkstellig.

Met die oogmerk om die herwinning van inligting te optimaliseer is dit ook belangrik dat skakels na ander gekontroleerde woordelyste uitgebrei word sodat die natuurlike taal van Internetgebruikers met gekontroleerde trefwoordlyste kan korreleer. Nog 'n belangrike aanpassing wat volgens Vizine-Goetz (1996d:9-10) gemaak moet word, is dat die beginsel van literêre waarborg gewysig sal word om die klassifikasie van Internetbronne, wat nie noodwendig in gedrukte formaat verskyn nie, te kan akkommodeer.

Verder wys Thompson, Shafer en Vizine-Goetz (1997:2) daarop dat daar in 'n klassifikasiestelsel soos die DDK se skedules *ca.* 30 000 genoteerde konsepdefinisies is. Die moontlikheid bestaan dat sekere van dié konsepte oorvleuel, dubbelsinnig of oortollig mag wees en gevolglik nadelig op die effektiwiteit van 'n klassifikasiestelsel as inligtingherwinningsmeganisme inwerk. Daarom beklemtoon hierdie inligtingkundiges die noodsaaklikheid om die klasintegriteit van 'n klassifikasiestelsel se kennisbasis deurgaans te ondersoek. Dit beteken dat verskillende perspektiewe van dieselfde onderwerp uit die staanspoor vir Internetgebruikers wat in 'n onderwerpsgids rondblaai, duidelik moet wees. So byvoorbeeld moet die "***legal** status of disabled persons*", die "***social** status of disabled persons*" en die "***mental** status of disabled persons*" duidelik onderskei word as behorende tot verskillende klasse.

Die gevolgtrekking uit bogenoemde is dat waar biblioteke 'n belangrike rol speel in die ordening van diverse inligtingsbronne, bestaande klassifikasiebeginsels ook suksesvol toegepas kan word in die ordeningsproses van Internetbronne in onderwerpsgidse en inligtingsopritte. Ten slotte is daar gesien dat aandag aan die probleme van klassifikasie geskenk moet word sodat klassifikasiestelsels as inligtingherwinningsmeganismes toenemend in kuberruimte aangewend kan word.

5.3.4 Inligtingherwinning en indeksering

Soos voorheen in 5.2.2 genoem is, is dit wenslik dat onderwerpsgidse aan Internetgebruikers 'n soekfunksie sal bied sodat diegene wat nie in die onderwerpskategorieë wil rondblaai nie, se inligtingsbehoeftes deur sleutelwoordsoektogte bevredig sal word (Nanfito, 1999 & Van der Walt, 1998b:64). Sleutelwoordsoekfasiliteite word onder andere deur programme soos outomatiese sleutelwoordindekseringsprogramme geskep en behels prosesse soos onder meer dataversameling, konsep-indeksering en ekserpering (Van Rijsbergen, 1998). Hierdie prosesse wat binne 'n netwerkgebaseerde inligtingsomgewing plaasvind, is gebaseer op herhaaldelike (*iterative*) robotgegenereerde aktiwiteite wat die Web vir nuwe bronne deursoek. Bronne wat sodoende opgespoor word, word dan geïndekseer deur sekere inligting daaruit te onttrek en in 'n databasis op te neem sodat dit later gedurende 'n inligtingsoektog herwin kan word (Desai, 1997:198).

Die maniere waarop data versamel en geïndekseer word asook die metodes waarop ekserpering plaasvind, het 'n invloed op die herwinning van relevante inligting (Nicholson, 1997:73). Faktore wat hierdie prosesse beïnvloed is die diversiteit en die wisselende inligtingswaarde van Internetbronne. Dit lei daartoe dat sommige Internetbronne voldoende deur outomatiese indekseringsprogramme ontsluit kan word terwyl ander volgens die hoogste vlak van inligtingontsluiting deur middel van kundige- of ekspertstelsels en vakkundige menslike oordeel, hanteer moet word (Godby & Reighart, 1998:1; Koch *et al.*, 1996).

Die indekseringsprosesse is bepalend vir die opspoor van presiese inligting omdat faktore soos die akkuraatheid en volledigheid van beskrywende inligting, wat onder meer indekseerterme insluit, die herwinning van relevante of presiese inligting beïnvloed (Desai, 1997:191 & Koch *et al.*, 1996). Soos reeds gemeld, speel biblioteke 'n onmiskenbare rol in die proses waartydens hierdie beskrywende inligting, oftewel metadata soos trefwoorde, onderwerpsleutelwoorde, saakhoofde, deskriptore of ander beskrywende inligting as indekseerterme, aan Internetbronne in onderwerpsgidse toegeken word (Bradshaw, 1997:261-262 & Fitchett, 1997:7).

Hierdie metadata (vergelyk 5.3.2.2) vorm deel van 'n metataal wat die wisselwerking tussen die inligtingsbron en die inligtinggebruiker vereenvoudig (Boon, 1982:4; Roszkowski & Lukas, 1998). Dit hou in dat metadata inligtingherwinning vergemaklik deurdat soekterme in natuurlike of gekontroleerde taal veronderstel is om die gebruiker na presiese inligting te lei sonder enige versperrings of dat irrelevante inligting opgespoor word (Morrison, 1997:2). Die ideale onderwerpsgidsindeks balanseer dus die mate waarin soveel as moontlik relevante bronne herwin word en die mate waarin al die mees relevante of presiese bronne opgespoor word.

Die indekseringsrol wat die biblioteek speel, is om alle waardevolle Internetbronne deur volgehoue, sistematiese onderwerpsanalise van toegangspunte tot spesifieke inligting te voorsien (Greenleaf *et al.*, 1997b). Dit is egter nie 'n eenvoudige taak nie en daarom bestaan 'n groeiende behoefte aan goeie indekse tot Internetbronne (Cooper, 1997). In hierdie behoefte kan voorsien word deur biblioteke se aktiwiteite as skeppers van inligtingsopritte met kenmerke soos uitgebreide indekse en goeie sleutelwoordsoekfasiliteite (Bradshaw, 1997 & Hiom, 1998).

Indekse tot Internetbronne wat tot op hede geskep is, ontwikkel op drie maniere, naamlik indeksering wat volgens 'n manier genaamd *back-of-the-book* geskied, indeksering wat deur soekenjinrobotte gedoen word en die indekseringsprosesse van onderwerpsgidse (ASI, 1998:1). Die eersgenoemde manier was byvoorbeeld deur die WAIS-projek gebruik, maar funksioneer tans nie meer nie (Ardö, 1996 & ASI, 1998), en word daarom slegs genoem. Die laasgenoemde twee maniere word bespreek om die rol van die biblioteek tydens hierdie prosesse aan te toon. Hierdie twee maniere, naamlik die indekseringsprosesse van soekenjinrobotte en dié van onderwerpsgidse se soekmeganismes, stem grotendeels ooreen en word vervolgens saam as Web-indekseringsprosesse bespreek.

5.3.4.1 Web-indekseringsprosesse

In die Websoektogte van soekenjinrobotte en die soekmeganismes van onderwerpsgidse word daar hoofsaaklik twee benaderings gevolg, naamlik sleutelwoordsoektogte en konsep-gebaseerde soektogte (Botluk, 1997). Sleutelwoordsoektogte word deur indekseringsprogramme moontlik gemaak wat elke woord in 'n dokument indekseer, terwyl konsepsoektogte deur meer gesofis-

tikeerde konsepindekseringsprogramme ondersteun word (Koch *et al.*, 1996). In teenstelling met die inligting op CD-ROM's en die meeste tradisionele databasisse wat gewoonlik deur gekontroleerde taal geïndekseer word met spesifieke soekvelde soos outeur, titel en onderwerp, word Internetbronne deur outomatiese sleutelwoordindeksering geïndekseer waar daar hoofsaaklik van natuurlike taal gebruik gemaak word (Weinberg, 1996:2).

In beide sleutelwoordindeksering en konsepindeksering word twee tipes indekseerterme onderskei, naamlik objektiewe en subjektiewe indekseerterme (Van Rijsbergen, 1998). Objektiewe indekseerterme sluit gedefinieërde "eenhede" soos outeur, URL en titel in. Oor objektiewe indekseerterme bestaan daar duidelikheid en eenstemmigheid. Hierteenoor word onderwerpsterme of deskriptore wat die dokument inhoudelik beskryf op 'n subjektiewe wyse deur verskillende indekseerders en indekseerprogramme toegeken en mag die relatiewe aard van hierdie proses die latere herwinning van inligting moontlik beïnvloed (Nanfito, 1999:19,21,22).

Die meeste indekseerprogramme maak van outomatiese indekseringsalgoritmes gebruik om indekseerterme te identifiseer en toe te ken. Voorbeelde van algoritmes is die *Fish-search algorithm* en die *Shark-search algorithm* wat in meer tegniese besonderhede bespreek word by die URL: **http://www.elsevier.nl/cas/tree/store/comnet/free/www7/1849.com1849.htm** Algoritmes onttrek byvoorbeeld woorde uit Internetbronne se titels en/of URL's en/of die volledige teksdokument en ken in sommige gevalle gewigte toe aan meer betekenisvolle woorde of skakel verbandhoudende woorde met mekaar (Koch, 1996:3). Op hierdie manier word die indekseerterme wat uit Internetbronne onttrek word, gebruik om die relevansie van die bron vir die regsnavorser te bepaal. Meer oor gewigtoekenning volg later in hierdie bespreking.

Biblioteke speel, benewens in die outomatiese of meganiese indekseringsprosesse, ook in die intellektuele of organiese Web-indekseringsprosesse 'n belangrike rol waar menslike indekseerders met behulp van inligtingstegnologiese hulpmiddele poog om die Internet te indekseer (Nanfito, 1999:19 & Koch, 1997). Hierdie prosesse is egter baie duur en tydsaam omdat die hoeveelheid Internetbronne vir indeksering menslik onhanteerbaar is. Tog is menslike logika en intellektuele konsep-indekseringsprogramme verkieslik bo outomatiese sleutelwoordindeksering, want laasgenoemde lei dikwels tot die herwinning van irrelevante inligting (De Mulder *et al.*, 1997:7 & Weinberg, 1996:6).

Omdat dit prakties onmoontlik is om deur middel van menslike hulpbronne alleen die Internet te indekseer, word daar tot 'n groot mate van robotte of indekseringsprogramme gebruik gemaak om inligting wat vir onderwerpsgidse geselekteer word, te indekseer (vergelyk 3.4.2). In die literatuur (Hersovici *et al.*, 1998 & Cohen, 1998) word drie metodes waarop robotte data vir indekseringsdoeleindes versamel, geïdentifiseer. Een metode is om 'n URL-saadjie (*seed URL*) in die robotprogram te "plant" waarvandaan verdere URL's of nodusse opgespoor en nagevolg word. 'n Tweede metode is om 'n aantal URL's wat op grond van populariteit geïdentifiseer word,

as begin-URL's te laat dien. Die laaste meer omvattende en aangewese metode is waar robotte geprogrammeer word om webruimtes volgens domein te deursoek.

Verskillende robotte het verskillende indekseringstrategieë waarvolgens databasisse saamgestel word (Dong & Su, 1997:72). Waar sommige soekenjins volledige geoutomatiseerde indeksering verrig, is ander soekenjins geprogrammeer om geselekteerde gedeeltes of velde, byvoorbeeld slegs die URL en/of die titel en/of die eerste 10 of 20 reëls van die dokument te indekseer (Morrison, 1997:3). Tydens volledige teksindeksering word elke woord in die databasis opgeneem sodat dit tydens 'n gebruiker se inligtingsoektog met die gebruiker se soekterme vergelyk kan word. Omdat elke woord op 'n basis wat aan min of geen gesagsbeheer en gekontroleerde taalgebruik onderhewig is geïndekseer word, word irrelevante dokumente dikwels opgespoor (Van Rijsbergen, 1998). Hierteenoor lewer veld-indeksering, waar biblioteke in die meeste gevalle 'n rol speel, meer relevante resultate omdat indekseerterme konsekwent toegeken word en beheer oor die gebruik van indekseerterme uitgeoefen word.

Daar is verskeie ander belangrike aspekte wat soekenjinrobotte se prestasie ten opsigte van die herwinning van presiese inligting beïnvloed. So word daar onder andere tydens outomatiese sleutelwoordindeksering gewigte aan indekseerterme toegeken sodat die resultate wat tydens 'n Internetsoektog opgespoor word in volgorde van waarskynlike relevansie aan Internetgebruikers vertoon kan word (Dong & Su, 1997:73). Gewigtoekenning verskil van soekenjin tot soekenjin, maar berus grootliks op die beginsels van gewigtoekenning in H.P. Luhn se "*significance factor*"-teorie wat gebaseer is op die betekenisvolheid van sekere frekwensiële woorde wat konsekwent op bepaalde plekke in sinne voorkom (Cooper, 1997 & Van Rijsbergen, 1998). Verder word sommige robotte geprogrammeer om stopwoorde soos *the*, *this*, en *and* te ignoreer, minder betekenisvolle woorde weg te laat en woorde wat wel betekenisvol mag wees, maar nutteloos herhaal word (*spamming*) te identifiseer en oor te slaan (Koch *et al.*, 1996).

Die outomatiese indekseringsprosesse van robotte kan deur die gebruik van meta-etikette en gestandaardiseerde kontrole-definisies aangehelp en verbeter word (Van Rijsbergen, 1998). Dit is veral tydens die skep van html-meta-etikette waar biblioteke 'n belangrike rol speel (Desai, 1997). Hierdie meta-etikette sluit onder andere die titel, outeur of skepper van die Internetbron, trefwoorde in natuurlike of gekontroleerde taal, 'n ekserp en inhoudsopgawe, in.

'n Aspek wat nagevors behoort te word sodat toegang tot elektroniese regsinligting toenemend sal verbeter (vergelyk 6.5.1), is die praktiese uitvoerbaarheid van die rekenaarmatige verwerking van natuurlike taal (*natural language processing*) in elektroniese regsbronne (Greenleaf *et al.*, 1997b). Dit beteken dat teks outomaties op 'n meer gespesialiseerde vlak as in die verlede ontleed moet kan word om daardeur meer effektiewe indekse op te bou. Inligtingkundiges moet dus daarin poog om bestaande wyses van indeksering te verbeter en gevorderde prosesse vir die

rekenaarmatige verwerking van woorde, frases, konsepte en betekenisvolle verhoudings tussen woorde in natuurlike taal, te ontwikkel.

Hierdie prosesse behels onder andere die outomatiese normalisering van rou data; die toekenning van meta-etikette aan data; die verbinding van etikette om saamgestelde woorddele te vorm; die toekenning van sintaktiese strukture aan groepe woorde en die identifisering van semantiese verhoudings tussen woorde (Godby & Reighart, 1998:2; Van Rijsbergen, 1998). Alhoewel hierdie prosesse wel die presiesheid van inligtingherwinning bevorder, bestaan daar tekortkominge soos stadige teksverwerking en die herwinning van irrelevante inligting wat verdere navorsing verg. Alheit (1990:44) skryf die herwinning van irrelevante inligting as die grootste probleem van regsinligtingherwinningstelsels daaraan toe dat die deskriptore of sleutelwoorde wat gebruik word nie in terme van die inhoud van die dokument beduidend is nie.

In hierdie opsig en waar daar na moontlike oplossings vir Web-indekseringsprobleme gesoek moet word, speel biblioteke 'n belangrike rol en word vervolgens kortliks bespreek. Dit word egter beklemtoon dat die bestaande Web-indekseringsprobleme en die gevolglike prestasie van inligtingherwinningsinstrumente in 'n nadere ondersoek nagevors behoort te word ter bevordering van die toeganklikheid van Internetbronne aan regsnavorsers.

5.3.4.2 Moontlike oplossings vir Web-indekseringsprobleme

As 'n moontlike oplossing vir inligtingherwinningsprobleme in kuberruimte het Koch en Day (1997) navorsing oor die gebruik van gekontroleerde woordeskat, tesourusse en saakhooflyste gedoen ten einde die herwinning van presiese inligting te bevorder. Navorsing is verder met betrekking tot die ontwikkeling van klassifikasiestelsels en indekseertale as kennisstrukturerings- en inligtingontsluitingsmeganismes in kuberruimte in die afgelope twee jaar onderneem. So byvoorbeeld word DDK-inskrywings aangepas om met Internet-eindgebruikers se natuurlike taalgebruik ooreen te stem en word DDK-notasies deur middel van skakels aan verskeie ander klassifikasiestelsels, tesourusse en saakhooflyste gekoppel (Vizine-Goetz, 1996a & 1996b).

Verdere oplossings vir Web-indekseringsprobleme lê moontlik in die gebruik van tegnieke soos bondelvorming en *lexical disambiguation* waar algoritmes gebruik word om verwysingsdatabasisse op te bou. Hierdie tegnieke is gegrond op statistiese analises van die verskillende kontekste waarin woorde moontlik mag voorkom (Taubes, 1998:2). Die resultate van 'n Internetsoektog word deur hierdie tegnieke verbeter omdat dit die saamgroepering van verbandhoudende onderwerpe behels. So byvoorbeeld sal 'n regsnavorser met die trefwoorde *legal issues and informatics* ook *Computer law* en *Information law*, opspoor.

Samevattend kan gesê word dat biblioteke deur middel van indeksering poog om Internetbronne meer toeganklik te maak en om regsnavorsers te help om presiese inligting vinniger te herwin. Die ideaal is dat alle webruimtes in hul geheel, volledig geïndekseer behoort te word. Dit beteken dat indekseringsprogramme so ontwikkel moet wees dat alle sinne semanties geanaliseer kan word en die betekenisvolle woorde geïdentifiseer sal word. Die betekenisvolle woorde moet dan kontekstueel met uitgebreide tesourusse vergelyk kan word en deur middel van skakels met gekontroleerde taal verbind word sodat inligtingherwinning optimaal sal kan plaasvind (Greenleaf *et al.*, 1997b; De Mulder *et al.*, 1997; Pasha & Soper, 1996).

Ten slotte word twee tegniese aspekte, naamlik *mirroring* en *caching*, wat Hiom (1998:5) as belangrike faktore in die opbou en uitbreiding van onderwerpsgidse beskou, vervolgens kortliks genoem.

5.3.5 Die biblioteek se bydrae in tegniese aspekte soos *mirroring* en *caching*

Die tegniese maniere waarop biblioteke 'n bydrae kan lewer ten einde goedkoper en vinniger toegang tot Internetbronne te verseker sluit aspekte soos *mirroring* en *caching* in (Hiom, 1998:5). Hierdie maniere word ter wille van volledigheid genoem sonder om die tegniese besonderhede daarvan te bespreek. *Mirroring* behels die proses waar daar vir webruimtes waarvoor 'n groot aanvraag buite die geografiese gebied van die betrokke bediener bestaan, spieëlbeelde binne die geografiese grense waar die behoefte voorkom, gemaak word (Hiom, 1998:5). Op hierdie wyse word daar op internasionale bandwydte bespaar en die gebruiker se soektyd word bespoedig.

Met *caching* word daar gepoog om die mate van Internetverkeer te verminder en die reaksietyd van Internetsoektogte te verbeter. Dit word bereik deur kopië van Internetbronne wat gereeld deur Internet-eindgebruikers benut word, te maak. Hierdie kopië word dan in 'n ruimte of *location* wat nader aan die eindgebruiker geleë is, gestoor vir vinnige latere herwinning (Hiom, 1998:5). Die aanwending van tegniese moontlikhede soos *mirroring* en *caching* is belangrike aspekte in die funksionering van onderwerpsgidse en moet daarom deur biblioteke ontgin word om aan inligtingbehoeftige persone vinnige en maklike toegang tot inligting te verseker.

5.3.6 Samevatting

Daar is in die voorafgaande bespreking gesien dat inligting reeds dekades lank deur verskillende biblioteekkundige aktiwiteite effektief beheer, georden en bestuur word met die doel om die herwinning van inligting te vergemaklik. Die behoefte wat as gevolg van die ontwikkeling van die inligtingstegnologie gedurende die afgelope jare by regsnavorsers ontstaan het, is dat bruikbare inligting gelokaliseer moet word en dat toegang tot betroubare, langdurige of permanente elektroniese inligting moontlik gemaak moet word (Susskind, 1997:2). Daarom is dit die taak van

die biblioteek om deur die skep van vakgeoriënteerde onderwerpsgidse, waarde aan Internetbronne toe te voeg sodat die herwinning van relevante inligting moontlik en maklik sal wees (Hiom, 1998:1).

Deur die ontwikkeling en instandhouding van onderwerpsgidse en intranette kan inligting op die Internet moontlik beter beheer, bestuur en toeganklik gemaak word. Onderwerpsgidse maak Internetbronne meer toeganklik deurdat inligtingsbronne wat vooraf geëvalueer en geselekteer is en volgens onderwerp georden is, direk deur middel van hiperteksskakels bereik kan word (Hiom, 1998:3). Hierby bied onderwerpsgidse aan regsnavorsers die opsie om sistematies rond te blaai en word inligtingsoektogte deur middel van trefwoorde gefasiliteer (vergelyk 4.2.4).

In die bespreking van onder meer klassifikasie en indeksering in kuberruimte is gesien dat daar wegbeweeg word van die liniêre en sekwensiële datavaslegging van die verlede wat slegs 'n eendimensionele benadering tot die ontsluiting van inligting ingehou het (Koh, 1995:198). Die dinamiese aard van inligting word tans ontgin deur eerder 'n multidimensionele benadering ten opsigte van inligtingontsluiting te volg. Hierdie benadering hou tred met die tendens van kulturele-, taal- en nasionale grense wat besig is om as gevolg van die ontwikkeling van die Internet saam te vloei. Multidimensionele toegangspunte is daarom nodig om Internetbronne effektief te ontsluit en te herwin en word deur die ontsluitingsprosesse van katalogisering, klassifikasie en indeksering bereik (Hiom, 1998) sowel as deur die gepaardgaande tegniese skakelingsprosesse (Vizine-Goetz, 1996d:8).

Vir biblioteke om hoë kwaliteit onderwerpsgidse te skep en in stand te hou, is dit tans en word dit in die toekoms toenemend belangrik geag om met inligtingverspreiders wat betroubare inligting teen 'n vasgestelde tarief op die Internet beskikbaar stel, te onderhandel (Smith, 1997:5). Wat die kwaliteit en effektiwiteit van inligtingontsluiting en inligtingherwinning verder betref word dit ten slotte weereens beklemtoon dat die inligting wat deur onderwerpsgidse toeganklik gemaak word vooraf aan die hand van sekere kwaliteitskriteria gemeet word en die inligtingontsluitingsprosesse deurgaans ten opsigte van effektiwiteit geëvalueer sal word. Die taak en funksie van biblioteke in kuberruimte lê dus grootliks in die skep en instandhouding van hoë gehalte onderwerpsgidse.

5.4 Bestaande inligtingsopritte vir regsinligting op die Internet

As 'n uitbreiding van die inligting in 3.4, 3.5 en 4.2.2.2 word 'n meer volledige lys van hiperteksskakels van inligtingsopritte wat moontlik op regsnavorsing betrekking mag hê, hier genoem. Met hierdie lys word daar gepoog om Michalson (1996:292) se mening oor die potensiële waarde van die Internet toe te lig, naamlik:

"A whole new world can be explored by legal practitioners and the necessary infrastructures put into place, provided only that we take the initiative in gearing ourselves and the environment in which we operate with a view to maximising the enormous potential that the Internet provides."

5.4.1 Suid-Afrikaanse inligtingsopritte vir regsnavorsers

Die volgende lys van URL's* meld slegs 'n paar van die Suid-Afrikaanse webruimtes wat moontlik aan regsnavorsers wegspringpunte tydens Internet-inligtingsoektogte mag bied:

LAW LINKS
http://www.lawsa.co.za/links.htm

LegalNET
http://www.legalnet.co.za/nmframe.html

South African Government Internet Sites
http://www.polity.org.za/lists/govsites.html

South African Law Update
http://www.pix.za/hlp/salu/

Wits Law School
http://www.wits.ac.za/law/

Benewens die bogenoemde nasionale inligtingsopritte en ander webruimtes wat moontlik deur regsnavorsers as wegspringpunte tydens Internetsoektogte benut sou kon word, is daar ook 'n verskeidenheid internasionale webruimtes wat vir regsnavorsers van belang mag wees.

**Die korrektheid van die URL's van webruimtes wat genoem word, is op 22 Maart 1999 gekontroleer.*

5.4.2 Internasionale inligtingsopritte vir regsnavorsers

Net soos die lys van Suid-Afrikaanse URL's, is die volgende URL's* van internasionale inligtingsopritte slegs 'n seleksie uit die groot hoeveelheid webruimtes wat moontlik nuttig tydens die regsnavorsingsproses gebruik sou kon word. Die URL's wat genoem word, bied toegang tot inligtingsopritte sowel as ander webruimtes wat nie noodwendig onderwerpsgidse is nie, maar wat verdere skakels na moontlik bruikbare en nuttige inligtingsopritte bied:

AustLII: Australasian Legal Information Institute
http://bar.austlii.edu.au/

Cornell Law School - the legal information institute
http://www.law.cornell.edu/clr/lawlinks.htm

FindLaw
http://findlaw.com/

Gateway services and comprehensive law sites
http://www.sas.ac.uk/ials/lawsites.htm

Hieros Gamos: the comprehensive legal and government portal
http://hg.org/

ILRG: Internet Legal Resource Guide
http://irlg.com/

Infolaw: Gateway to UK legal Internet
http://www.infolaw.co.uk/

LLRX: Guide to European Legal Databases
http://www.llrx.com/features/europe.htm

SOSIG: Social Science Information Gateway - LAW
http://www.sosig.ac.uk/roads/subject-listing/World-cat/law.html

---

**Die korrektheid van die URL's van webruimtes wat genoem word, is op 22 Maart 1999 gekontroleer.*

THOMAS: Legislative information on the Internet
http://thomas.loc.gov/home/thomas2.html

World Wide Web Virtual Library - LAW
http://www.law.indiana.edu/law/v-lib/lawindex.html

Daar is met die bogenoemde URL-lyste nie gepoog om 'n omvattende weergawe van alle webruimtes wat moontlik van belang vir regsnavorsers mag wees, saam te stel nie. Daar is wel gepoog om 'n oorsig te gee van watter inligting op die Internet deur instansies, soos onder andere biblioteke, toeganklik gemaak word deur die toepassing van biblioteekkundige beginsels en die aanwending van die inligtingstegnologie.

5.5 Gevolgtrekking

Soos in die verlede, hou inligtingstegnologiese ontwikkeling altyd 'n uitdaging aan biblioteke as inligtingverskaffers. Daarom is dit belangrik dat die rol wat die biblioteek in terme van die toeganklikheid van regs- en ander inligting in 'n netwerkgebaseerde inligtingsomgewing speel, uitgebrei word en in ooreenstemming met die veranderende inligtingsbehoeftes en inligting-herwinningsprobleme van regsnavorsers aangepas moet word (Nanfito, 1999:19). Hierdie veranderinge behels 'n beleid van voortdurende aanpassing, hersiening en verbetering van inligting-verskaffing aan inligtinggebruikers (Hiom, 1998:1-2). Dit vereis ook volgehoue navorsing ten opsigte van die ontwikkeling van onderwerpsgidse en inligtingsontsluitingstandaarde sodat die biblioteek die volgende funksies kan verrig (vergelyk 1.1, Floridi, 1996:47-51):

- die skep van konstante toegang tot resente elektroniese inligting;
- die evaluering van die kwaliteit en betroubaarheid van elektroniese inligting;
- die ontwikkeling en toepassing van inligtingbeheer en -bestuur sodat primêre, sekondêre en afgeleide of nabootsende inligting later effektief herwin sal kan word;
- en om ondersteuning te bied in die verbetering van navorsingsmetodes en soektegnieke op die Internet.

Benewens die tradisionele biblioteekdienste soos interbiblioteeklenings en aktualiteitsdienste (*current awareness services*) wat steeds aan regsnavorsers gelewer moet word, is dit belangrik dat die biblioteek die Internet as 'n waardevolle addisionele bron van inligting sal monitor en onderwerpsgidse en intranette sal ontwikkel en in stand hou. Die doel hiervan is om waardevolle inligting op die Internet te identifiseer en dit vir opname in onderwerpsgidse te selekteer. Om verder deur middel van inligtingontsluitingsprosesse soos katalogisering, klassifikasie en indeks-

ering sowel as deur gesofistikeerde sleutelwoordsoekfasiliteite die geselekteerde inligting aan regsnavorsers toeganklik te maak. Tydens hierdie prosesse is dit deurgaans belangrik dat die wyse waarop die biblioteek inligting organiseer en toeganklik maak met die behoeftes van die eindgebruikers ooreenstem (Doyle & Du Toit, 1998:6). Die rede hiervoor is dat die doel, naamlik verbeterde toegang tot Internetbronne ter bevordering en vergemakliking van die regsnavorsingsproses, bereik kan word.

HOOFSTUK 6

Afleidings, gevolgtrekking en aanbevelings

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n opsomming van die belangrikste fasette van die studie gegee. Verslag word gelewer van die afleidings uit die bevindinge van die opname en die voorafgaande hoofstukke word samevattend in oënskou geneem. 'n Gevolgtrekking lei hieruit voort en sekere aanbevelings word aan die hand gedoen soos wat dit met die doelstellings in 1.2 verband hou.

Waar 'n verkennende en beskrywende navorsingsontwerp (vergelyk 1.5.1) gevolg is en 'n vraelys as meetinstrument gebruik is, word daar vervolgens uit die bevindinge van die opname gepoog om 'n globale beeld te vorm van regsnavorsers se gebruik van Internetbronne vir navorsingsdoeleindes en hul beoordeling van die waarde van Internetbronne vir regsnavorsing. Die verloop van die verwerking en interpretasie van die gegewens volg die stappe wat deur Finch (1990:132) onderskei word vir die maak van afleidings in 'n kwalitatiewe ondersoek.

6.2 Afleidings uit die bevindinge van die opname

Die volledige besonderhede van die bevindinge van die kwalitatiewe ondersoek deur middel van 'n vraelys word in aanhangsel A3 weergegee. Die gegewens van die opname is in die lig van die verkennende oogmerk van die navorsing en in ooreenstemming met die navorsingsvrae en doelstellings van die studie geïnterpreteer en sekere afleidings is gemaak.

Daar is met die respons van die eerste vyf vrae bevestig dat die persone in die ondersoekgroep rekenaarvaardige regsnavorsers is waarvan die grootste persentasie (91.0%) oor toegang tot Internetbronne beskik, alvorens die volgende afleidings met betrekking tot regsnavorsers se gebruik van die Internet gemaak is:

Eerstens is daar bevind dat die meeste regsnavorsers feitlik altyd van beide primêre en sekondêre regsinligtingsbronne in gedrukte formaat gebruik maak. Siende dat die meeste regsnavorsers verlang dat primêre bronne altyd of feitlik altyd opgespoor moet word vir gebruik tydens navorsing, word afgelei dat die toeganklikheid van primêre bronne in die besonder belangrik is. Waar regsnavorsers aandui dat sekondêre bronne in gedrukte formaat op 'n gemiddelde basis gebruik word en sommige van die regsnavorsers meen dat gedrukte sekondêre bronne slegs in uitsonderlike gevalle benut word, word 'n tweeledige afleiding gemaak, naamlik dat regsnavorsers moontlik 'n groter behoefte aan gedrukte primêre bronne as aan gedrukte sekondêre bronne

mag hê en/of dat sekondêre bronne ook in ander formate in die plek van die konvensionele gedrukte sekondêre bronne gebruik word.

Tweedens word die afleiding na aanleiding van die relatief lae gemiddelde persentasie (45.0%) van regsnavorsers wat wel bewus is van die verskeidenheid inligting wat deur die Internet beskikbaar gestel word, gemaak dat regsnavorsers oor die algemeen tot 'n groot mate onbewus is van die inligting wat die Internet as 'n addisionele bron van inligting bied. Hiermee saam word die afleiding met betrekking tot regsnavorsers se inligtingherwinningsvaardighede gemaak dat regsnavorsers op 'n gemiddelde basis bekend is met die gebruik van soekenjins (55.0%) en URL's (45.0%) tydens Internetsoektogte, maar dat die formulering van soekstellings deur die gebruik van byvoorbeeld Boolese operatore redelik onbekend is (40.0%), óf nie gebruik word nie (25.0%).

'n Algemene afleiding met betrekking tot die tipe regsinligting wat op die Internet beskikbaar is, kan uit die response van vrae 14, 15 en 22 gemaak word (vergelyk A2.3, A3.3 en A3.4), naamlik dat die Internet nasionale en internasionale primêre regsinligting onder meer statute en hofverslae toeganklik maak sowel as nasionale en internasionale sekondêre regsinligting soos in elektroniese regstydskrifte, wetsontwerp, wit- en groenskrifte en regsensiklopedieë gevind word. Hiermee saam word ander inligting byvoorbeeld inligting aangaande regerings- en finansiële sake op nasionale en internasionale terrrein, toeganklik gemaak.

Derdens dui die response daarop dat die meeste regsnavorsers (91.0%) die Internet as 'n belangrike bron van inligting beskou. Die gemiddelde mate (54.0%) waarmee regsnavorsers wel Internetbronne vir navorsing gebruik wys óf daarop dat bruikbare bronne nie opgespoor **kan** word nie; óf dat die inligting wat opgespoor word aanvanklik as belangrik beskou word, maar later inhoudelik mag blyk dat dit nie gebruik kan word nie; óf dat die inligting wat verlang word geredelik op 'n ander manier as op die Internet opgespoor kan word.

Met betrekking tot die laasgenoemde twee moontlikhede toon die resultate van die opname dat die grootste persentasie regsnavorsers Internet-inligting as baie belangrik, belangrik of redelik belangrik beskou teenoor die minderheid wat hieroor onseker is of wat Internet-inligting onbelangrik ag (vergelyk A3.4, tabel 5). In die lig hiervan en waar die gemiddelde respons daarop dui dat ongeveer 'n derde (29.5%) van die inligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word **nie** op 'n ander wyse as deur die Internet geredelik aan regsnavorsers beskikbaar sou wees nie, is die afleiding dat Internetbronne regsnavorsing in 'n relatiewe groot mate mag bevorder en in sekere fasette van navorsingsvraagstukke moontlik die enigste bron van inligting mag wees.

Verder word daar aan die hand van die resultate met betrekking tot die waarde van die inligting wat tydens Internet-inligtingsoektogte opgespoor word (vergelyk A3.5) 'n paar afleidings gemaak.

Hierdie afleidings betref die vraag na die kwaliteit van Internetregsinligting sowel as die effektiwiteit van inligtingherwinning, naamlik:

- 'n Redelik voldoende aantal Internetbronne word oor die algemeen tydens Internetsoektogte opgespoor, maar beter of meer uitgebreide soekresultate sou egter verkies word.
- Die akkuraatheid of mate waarin die inligting in 'n spesifieke inligtingsnavraag beantwoord, is oor die algemeen bevredigend. Meer akkurate soekresultate word in sommige gevalle verwag.
- Internet-inligting wat opgespoor word, is vyf uit die tien kere relevant, maar daar is wel 'n gewisse mate van ontevredenheid omdat relevante inligting met tye nie na wense opgespoor word nie.
- Wanneer inligting opgespoor word, is dit meestal inligting wat vir navorsingsdoeleindes gebruik sal kan word.
- Alhoewel daar grootliks resente inligting opgespoor word, bestaan die behoefte in sommige gevalle aan meer resente inligting.
- Inligting wat opgespoor word vir gebruik is meestal gesaghebbend, maar die gesaghebbendheid van bronne word wel in 'n mate deur regsnavorsers bevraagteken.
- Die spoed waarmee Internetbronne opgespoor word is oor die algemeen onbevredigend. Waar uiterste aanduidings toon dat die spoed waarmee inligting herwin word aan die een kant **altyd** en aan die ander kant **nooit** bevredigend is nie, word die afleiding gemaak dat faktore soos byvoorbeeld die las van netwerkverkeer of die regsnavorser se begrip van vinnige inligtingherwinning moontlik 'n rol speel in die beoordeling van die spoed waarmee inligting herwin word.

Die algemene gevolgtrekking uit die bostaande afleidings is dat die Internet as 'n waardevolle bron van inligting beskou kan word wat moontlik voordelig in regsnavorsing gebruik sou kon word. Daar is egter sekere aspekte met betrekking tot die kwaliteit van die inligting en die effektiwiteit van inligtingherwinning wat aangespreek moet word alvorens die Internet as 'n bron van inligting met beter resultate gebruik sal kan word.

Vierdens word daar ooreenkomstig die bogenoemde gevolgtrekking en ten opsigte van die laaste navorsingsvraag (vergelyk 1.1) die volgende opmerkings vanuit die bevindinge van die opname gemaak:

- Die voordele wat die Internet as 'n bron van inligting vir regsnavorsers inhou is dat, met inagneming van netwerkverkeer, inligting vinnig herwin word en navorsing daardeur bespoedig word. Navorsing word ook uitgebrei omdat sekere inligting wat voorheen nie geredelik

beskikbaar was nie tans deur middel van die Internet makliker bekom kan word. Die Internet mag daarom deur sommige regsnavorsers as 'n kontemporêre bron van inligting beskou word wat resente inligting toeganklik maak en regsnavorsers sodoende op hoogte van die nuutste ontwikkelings op hul onderskeie regsgebiede hou.

Op grond van dié voordele word die afleiding gemaak dat die Internet, wat as 'n belangrike bron van inligting beskou word, deur biblioteke as inligtingverskaffers toeganklik gemaak moet word ten einde in gebruikers se inligtingsbehoeftes te voorsien.

- Aspekte wat die gebruik van die Internet as 'n bron van inligting bemoeilik, is dat probleme moontlik ondervind kan word wanneer daar van 'n rekenaarskerm af gewerk moet word. Verder mag navorsing moontlik negatief beïnvloed word deur die tyd wat Internetsoektogte in beslag neem. Die korrektheid of betroubaarheid van Internet-inligting word soms bevraagteken. Ook word daar nie altyd in die verwagting van die resentheid van inligting voldoen nie. Onkoste verbonde aan apparatuur, implementering, instandhouding en ander onkoste soos papier vir uitdrukke moet ook in aanmerking geneem word.

  Na aanleiding van hierdie probleme wat deur regsnavorsers geïdentifiseer is, word die afleiding gemaak dat biblioteke bykomende dienste in ooreenstemming met sekere van die behoeftes van die regsnavorsers moet skep. Dit is egter nie die standpunt van die outeur dat alle probleme wat tydens Internetsoektogte deur regsnavorsers ondervind word, soos byvoorbeeld rekenaarskerm aflees of stadige netwerkverkeer in geheel deur biblioteekdienslewering opgelos kan word nie.

Omdat die Internet oor die algemeen as 'n waardevolle bron van inligting beskou kan word, maar terselfdertyd aanleiding gee tot probleme wat inligtingherwinning betref, is dit belangrik dat die biblioteek se rol as inligtingverskaffer aangepas word om te voorsien in die behoeftes van gebruikers. Hierdie behoeftes, soos afgelei uit die bevindinge van die opname, is die vraag na konstante toegang tot Internetbronne, meer inligting met betrekking tot die Internet en veral regsinligting op die Internet, Internet-opleiding, die verskaffing van aktuele URL's en 'n behoefte aan inligting aangaande Internet-diensverskaffers en die toetrede tot kuberruimte, byvoorbeeld tot nuusgroepaktiwiteite en aangaande die geregistreerde gebruik van sekere webruimtes.

6.3 Samevatting

Die navorsingsbevindinge soos vanuit die literatuurstudie en die vraelys verkry, word globaal onder die volgende vyf indelings in 'n geïntegreerde bespreking weergegee om 'n oorsig te bied van die argumentasielyn wat gevolg is:

- Oriëntering
- Regsnavorsers, regsinligtingsbronne en die regsnavorsingsproses
- Regsinligting op die Internet
- Die gebruik van Internetbronne in die regsnavorsingsproses
- Die rol van die biblioteek in die toeganklikheid van Internetbronne

6.3.1 Oriëntering

In hoofstuk een is die probleem wat ondersoek is in konteks geplaas deur die verskeie aspekte wat op die Internet as 'n addisionele bron van inligting met potensiële waarde vir regsnavorsers betrekking het, uit te lig. Soos aangetoon is daar tot op hede min navorsing aangaande die toeganklikheid van spesifiek regsinligting op die Internet gedoen. Daarom is daar in hierdie studie onder meer gepoog om 'n analise te maak van:

- die tipes regsinligting en inligtingsbronne wat tydens die regsnavorsingsproses deur regsnavorsers gebruik word;
- die tipes regsinligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word en die vaardighede wat vir die effektiewe herwinning van Internet-inligting benodig word;
- die mate waarin die Internet die regsnavorsingsproses moontlik kan bevorder;
- en die rol wat die biblioteek in verbeterde toegang tot Internetregsinligting speel.

6.3.2 Regsnavorsers, regsinligtingsbronne en die regsnavorsingsproses

In hoofstuk twee is die ontstaan en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse regstelsel ondersoek ten einde perspektief met betrekking tot die tipes inligtingsbronne wat in regsnavorsers se inligtingsbehoeftes voorsien, te bekom. Alhoewel verskillende regsnavorsers diverse of uiteenlopende inligtingsbehoeftes het, kan die tipes bronne wat in hul behoeftes voorsien in twee kategorieë ingedeel word, naamlik primêre en sekondêre regsinligtingsbronne. Daar is kortliks aandag gegee aan die plan waarvolgens regsnavorsers tydens regsnavorsing te werk gaan deur die verskillende fases in die regsnavorsingsproses te ontleed. Die doel hiermee is om binne die afgebakende eenhede te probeer bepaal aan watter tipe inligting regsnavorsers 'n behoefte het asook watter tipe bronne in daardie behoeftes sal voorsien.

6.3.3 Regsinligting op die Internet

Nadat die tipes inligtingsbronne wat moontlik in regsnavorsers se onderskeie inligtingsbehoeftes sal voorsien ondersoek is, is die Internet as 'n addisionele bron van inligting verken. In hoofstuk drie is 'n kort oorsig van die ontstaan en die aard van die Internet gegee ten einde 'n begrip te vorm van die potensiële voordele en nadele wat die Internet as bron van inligting vir regsnavorsing mag inhou. Die verskillende tipes inligtingherwinningsinstrumente en maniere waarop Internetsoektogte uitgevoer kan word is inleidend ter oriëntering, bespreek. Die doel van die bespreking is hoofsaaklik geleë in die identifisering van die verskaffers of skeppers van regsinligting op die Internet sowel as die tipes regsinligting wat op die Internet opgespoor kan word alvorens die gebruik van Internetbronne in regsnavorsing ondersoek is.

6.3.4 Die gebruik van Internetbronne in die regsnavorsingsproses

In hoofstuk vier is 'n breedvoerige bespreking van die gebruik van Internetregsinligting vir regsnavorsing gedoen waarin belangrike aspekte soos die basiese vaardighede vir die opspoor van bruikbare Internetbronne en die kriteria vir die evaluering van Internet-inligting onder die loep geneem is. Hierdeur is 'n moontlike aanduiding gegee van die belangrikheid asook die noodsaaklikheid dat regsnavorsers wat wel van die Internet as 'n addisionele of 'n alternatiewe bron van inligting gebruik wil maak, sekere bykomende inligtingsvaardighede sal moet aanleer ten einde die volle potensiaal van die Internet te kan benut.

Indien regsnavorsers oor sekere basiese inligtingherwinningsvaardighede beskik en mettertyd ervaring in die uitvoer van Internetsoektogte bekom, sal die Internet moontlik algaande meer voordelig in die regsnavorsingsproses benut kan word. Ter illustrasie is daar in hoofstuk vier aan die hand van die fases in die regsnavorsingsproses voorbeelde gegee van die tipes Internetregsinligtingsbronne wat die regsnavorsingsproses moontlik sou kon bevorder.

6.3.5 Die rol van die biblioteek in die toeganklikheid van Internetbronne

Benewens die aanleer van sekere inligtingherwinningsvaardighede blyk dit uit die literatuurstudie dat die wyse waarop Internetbronne toeganklik gemaak oftewel ontsluit word, 'n saak is wat belangrike implikasies vir die suksesvolle herwinning van presiese inligting, inhou. In hierdie lig is verskillende benaderings met betrekking tot die bestuur en beheer van elektroniese inligting beskou. Waar die beginsels van inligtingbestuur en inligtingbeheer in kuberruimte grotendeels met biblioteke se benaderings van inligtingontsluiting ooreenstem, is die bydrae wat die biblioteek onder meer in terme van die vasstelling van ontsluitingstandaarde sou kon lewer, verken. Aanvullend hierby is die toepassing van bestaande biblioteekkundige benaderings en inligting-

ontsluitingsprosesse vir die ordening van groot hoeveelhede diverse elektroniese inligting ondersoek.

Hierdie inligtingontsluitingsprosesse word saamgevat in die bespreking van die skep en instandhouding van hoë gehalte onderwerpsgidse wat as inligtingsopritte aan regsnavorsers in kuberruimte sal kan dien. In 'n toeligting van die bestaande inligtingsopritte vir regsinligting op die Internet is die URL's van 'n paar nuttige inligtingsopritte en ander webruimtes vir nasionale en internasionale regsinligting ten slotte gelys. Dié URL-lyste dien 'n tweeledige doel, naamlik om aan te toon dat biblioteke benewens die tradisionele biblioteekdienste wat aan regsnavorsers gelewer word, 'n taak het om die inligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word, te orden en ontsluit deur byvoorbeeld die skep van onderwerpsgidse. Om verder ook aan regsnavorsers te toon watter verskeidenheid Internetregsinligtingsbronne vir die moontlike bevordering en vergemakliking van die regsnavorsingsproses tot hul beskikking is.

In die lig van die voorafgaande samevattende bespreking en die afleidings uit die bevindinge van die opname, word die volgende gevolgtrekking gemaak.

6.4 Gevolgtrekking

In die ondersoek is gepoog om die volgende sentrale teoretiese stellings te bewys:

Eerstens dat alhoewel regsnavorsing nie deur 'n standaardprosedure gekenmerk word nie, onderskeie fases wel geïdentifiseer kan word met een deurlopende vereiste, naamlik dat betroubare en relevante bronne tydig opgespoor moet word. Waar regsnavorsers in die lokalisering van spesifieke bronne geïnteresseerd is, is die stelling dat die inligtingsvaardighede waaroor regsnavosers beskik die suksesvolle herwinning van spesifieke inligting beïnvloed.

Tweedens dat doeltreffende toegang tot akkurate inligting 'n belangrike aspek tydens die regsnavorsingsproses is. Alhoewel die Internet verskeie inligtingherwinningsinstrumente bied om toegang tot Internetbronne te vergemaklik, word irrelevante inligting egter in 'n groot mate opgespoor. Omdat die opspoor van irrelevante inligting onder andere aan ondoeltreffende toegang tot inligting toegeskryf kan word, word die stelling gemaak dat die wyse waarop Internetbronne beheer, georden en ontsluit word die sukses waarmee bruikbare inligting aan regsnavorsers toeganklik gemaak word, beïnvloed.

Dit was gevolglik die doel van hierdie studie om binne die raamwerk van die bogenoemde twee stellings vas te stel watter inligtingsbronne deur regsnavorsers benodig word in die regsnavorsingsproses, watter vereistes aan hierdie inligtingsbronne gestel word alvorens dit vir navorsingsdoeleindes gebruik kan word en watter vaardighede vir die suksesvolle herwinning van sulke inligtingsbronne nodig is. Hierdie ondersoek is spesifiek met betrekking tot die Internet en

die regsinligtingsbronne wat daardeur toeganklik gemaak word, uitgevoer. In die lig van die ontwikkelingstendense en die Internet wat as 'n potensiële bron van waardevolle inligting groei, is die gevolgtrekking dat:

a.) regsnavorsers wat in die algemeen gesien oor 'n middelmatige kennis en bewustheid van die Internet as 'n bron van inligting beskik,

b.) maar wat wel tot 'n groot mate die voordele van die Internet as 'n bron van inligting tydens die regsnavorsingsproses wil benut,

c.) verkieslik sekere inligtingherwinningsvaardighede sal moet aanleer ten einde bruikbare inligting suksesvol te herwin.

Die gevolgtrekking wat verder spruit uit die ontwikkelingstendense en die Internet wat as 'n potensiële bron van inligting groei, is dat:

a.) die suksesvolle herwinning van betroubare Internet-inligting afhanklik is van faktore soos die wyse waarop dit beheer, georden en ontsluit word,

b.) en dat die manier waarop inligting in 'n netwerkgebaseerde inligtingsomgewing ontsluit word tot so 'n mate ontwikkel en aangepas moet word dat dit oplossings sal bied vir die probleme wat met betrekking tot die toeganklikheid van betroubare inligting ondervind word,

c.) en dat juis die biblioteek moontlik in hierdie proses 'n belangrike rol speel omdat bestaande biblioteekkundige ordeningstelsels en ontsluitingstandaarde reeds etlike jare suksesvol vir die beheer en bestuur van groot hoeveelhede diverse inligting aangewend word.

Wat deurgaans van groot belang is, is dat biblioteke hul inligtingontsluitingsfunksies in ooreenstemming met die vereistes wat deur die veranderende inligtingstegnologie gestel word, sal aanpas en die veranderende behoeftes van gebruikers, in hierdie geval regsnavorsers, as hul eerste prioriteit sal stel. Dit is veral ten opsigte van regsnavorsers as inligtinggebruikers dat dié studie onderneem is en daarom word 'n paar aanbevelings in hierdie verband gemaak.

6.5 Aanbevelings

Teen die agtergrond van die onderhawige studie en uit die afleidings uit die bevindinge van die opname word die volgende aanbevelings gemaak:

- Met die oog op die bevordering van die regsnavorsingsproses is dit belangrik dat die regsinligting wat deur die Internet beskikbaar gemaak word deeglik deur inligtingkundiges en vakkundiges nagespeur, geïdentifiseer en gekeur sal word sodat dit byvoorbeeld in onderwerpsgidse ontsluit en aan regsnavorsers bekend gestel kan word. Waar dit as wenslik

beskou word dat alle regsnavorsers oor ongekompliseerde toegang tot betroubare elektroniese inligtingsbronne beskik, word dit aanbeveel dat biblioteke met regsnavorsers as inligtinggebruikers, die rol met betrekking tot die ontsluiting van Internetregsinligting sal oorweeg om 'n groter mate van Internettoeganklikheid en benutting van die Internet te probeer bewerkstellig.

- In die lig van die probleme wat soms tydens Internetsoektogte deur regsnavorsers ondervind word, word die aanleer van sekere inligtingherwinningsvaardighede aanbeveel ten einde die frekwensie waarmee akkurate inligting opgespoor word, te verhoog. Pogings moet dienooreenkomstig aangewend word om, waar daar 'n behoefte daarvoor bestaan, Internetopleiding aan regsnavorsers te verskaf deur opleidingsessies en/of kort handleidings met onder meer basiese inligting aangaande die funksionering van soekenjins en die uitvoer van Internetsoektogte. Sodoende sal die herwinning van irrelevante inligting moontlik verminder, Internetsoektogte minder tydrowend wees en 'n groter nut uit die Internet as 'n bron van inligting geput kan word.
- 'n Alternatiewe moontlikheid wat in dié verband aanbeveel word, is dat daartoe oorgegaan word om opleiding intyds deur die Internet aan regsnavorsers te bied. Dit beteken dat die beginsels van afstandsonderrig oorweeg word om van die Internet self gebruik te maak om aan regsnavorsers in Suid-Afrika die geleentheid te bied om ervaring in Internetsoektogte na nasionale en internasionale inligting op te doen.

Benewens die bogenoemde aanbevelings met betrekking tot die toeganklikheid van regsinligting op die Internet, is daar in die verloop van hierdie studie sekere probleemareas geïdentifiseer wat oënskynlik verdere navorsing regverdig.

6.5.1 Verdere navorsing

Dit het uit die studie geblyk dat die terrein aangaande die doeltreffendheid van die onderskeie Web-inligtingherwinningsinstrumente, veral met betrekking tot die dataversamelings- en indekseringsprosesse van byvoorbeeld soekenjins se soekprogramme, aandag vereis. Daar word dus aanbeveel dat verdere navorsing gedoen word om onder meer te bepaal op watter wyses die inligtingherwinningsprestasie van Web-inligtingherwinningsinstrumente soos soekenjins in die algemeen, maar ook ten opsigte van die herwinning van regsinligting in die besonder, verbeter of verhoog kan word.

6.6 Slotgedagte

Ten slotte word die opinie uitgespreek dat die geskiktheid van die Internet as 'n addisionele bron van inligting vir regsnavorsingsdoeleindes nie gering geag behoort te word nie, maar teenswoordig en in die toekoms noukeurig vir moontlike gebruik gemonitor moet word en deur verdere navorsing op 'n breër grondslag as in die onderhawige studie, geëvalueer, ontsluit en toeganklik gemaak moet word vir optimale gebruik deur regsgeleerdes.

Die grootste waarde van die studie kan gesien word as die feit dat dit die Internet as 'n relatief onbekende en onderbenutte bron van inligting verken het en as rigtingwyser dien vir verdere navorsing in die veld van die toeganklikheid van Internetbronne, veral met betrekking tot die toeganklikheid van netwerkgebaseerde regsinligtingsbronne.

AANHANGSEL A1

Werkswyse van die kwalitatiewe ondersoek

Waar daar vir die doel van hierdie studie hoofsaaklik verkennende en beskrywende navorsing voorgeneem is, is 'n kwalitatiewe ondersoek ingestel na regsnavorsers se menings met betrekking tot die Internet as 'n bron van inligting. Die werkswyse van die kwalitatiewe ondersoek word vervolgens in terme van die ondersoekgroep, die tipe meetinstrument wat gebruik is en die prosedure en ontledingstegnieke wat gevolg is, bespreek.

A1.1 Ondersoekgroep

Vooraf word daarop gewys dat persone in die ondersoekgroep na verwys word as 'deelnemers'. Die rede hiervoor is dat die alternatiewe term 'respondent' moontlik in regskonsep 'n negatiewe assosiasie by die ondersoekgroep, wat uitsluitlik regsgeleerdes is, mag inhou.

Met inagneming van die doelstellings van die studie is prof. I. Vorster, die dekaan van die Fakulteit Regte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, mnr. N. M. Ferreira, die regsbibliotekaris verbonde aan die Departement Biblioteekdienste van die Universiteit van Suid-Afrika en mej. H.M. Buys, inligtingkundige aan die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria, genader om persone te identifiseer wat aan die volgende vereistes sal voldoen:

- Die deelnemer moet as 'n **regsnavorser** kwalifiseer, met ander woorde 'n regsgeleerde wat op 'n sistematiese wyse regs- en ander inligting inwin en samehangende gegewens orden en interpreteer om met die resultate 'n regsprobleem om te los.
- Die deelnemer moet op die een of ander wyse aan 'n universiteit verbonde wees aangesien die studie op die inligtingsbehoeftes van **regsakademici** gerig is, dit wil sê die persoon moet 'n regsdosent of 'n voltydse of deeltydse LL.D-student wees.
- Die deelnemer moet verkieslik oor toegang tot die **Internet** beskik of andersins deur middel van 'n instansie soos 'n biblioteek se dienste van Internetbronne gebruik kan maak.
- Die deelnemer moet vooraf vertroud wees met terminologie soos **Internetbronne** oftewel elektroniese inligtingsbronne wat deur rekenaarnetwerke toeganklik is; en **soekenjins** oftewel soekprogramme met funksies soos die fasilitering van inligtingherwinning op die Web, die outomatiese versameling en indeksering van Internetbronne en die uitvoer van inligtingsoektogte aan die hand van gebruikers se soekstellings.

Op grond van hierdie kriteria is 30 deelnemers aan drie Suid-Afrikaanse universiteite geïdentifiseer, naamlik:

- 10 deelnemers van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- 10 deelnemers van die Universiteit van Suid-Afrika.
- 10 deelnemers van die Universiteit van Pretoria.

A1.2 Meetinstrument

In die opname van regsnavorsers se menings ten opsigte van die Internet as 'n bron van inligting is die voor- en nadele van die gebruik van 'n vraelys oorweeg ten einde die aanwending van hierdie tipe meetinstrument, gegewe die tipe navorsing en die omstandighede, te regverdig. Tersaaklike handleidings wat in hierdie verband gebruik is, sluit onder andere die werke van Slater (1990), McMillan en Schumacher (1989), Borg en Gall (1989) en Wolmarans en Eksteen (1987) in.

A1.2.1 Die gebruik van 'n vraelys as meetinstrument

Nadat daar gedurende 1997 met die versameling en verkenning van toepaslike literatuur begin is en die voorondersoek aanvang aangeneem het, is 'n seminaar oor navorsingsmetodes bygewoon en kundiges in die opstel van 'n voorlopige vraelys geraadpleeg (Eiselen, 1998; Greeff, 1998 & Monteith, 1998). As grondslag vir die vraelys is die instansie, *Microsoft Corporation*, se omvattende vraelys met betrekking tot regsgeleerdes se gebruik van netwerkgebaseerde inligtingsbronne, gebruik en aangepas by die aard en omvang van die studie wat onderneem is.

Die volledige vraelys, naamlik The Internet Lawyer - Microsoft Corporation: survey questionnaire kan by **http://www.internetlawyer.com/surform.htm** opgespoor word. Hierdie vraelys bestaan uit die volgende 11 afdelings:

- *General information about you.*
- *General information about your practice.*
- *General information about your firm.*
- *General computer information.*
- *Commercial and legal online services.*
- *Internet use information (access).*
- *Internet use information (email).*
- *Internet use information (research).*
- *Internet use information (marketing).*
- *Internet use information (purchasing).*
- *Internet use information (future).*

Slegs sekere van die bogenoemde afdelings en vrae het volgens die navorser op die doelstellings van die voorgenome studie betrekking gehad en is 'n voorlopige vraelys opgestel met die oogmerk om in ooreenstemming met die navorsingsdoelstellings die volgende te bepaal:

- of toegang tot die Internet beskikbaar is, of regsnavorsers die Internet as 'n bron van inligting vir navorsingsdoeleindes gebruik en of spesifieke metodes gebruik word om Internet-inligting op te spoor;
- of regsnavorsers sekere voorkeure met betrekking tot navorsingsmateriaal het en die mate te bepaal waarin 'n behoefte na spesifieke tipes regsinligting ondervind word;
- of regsnavorsers bewus is van die verskeidenheid nasionale en internasionale regsinligting wat beskikbaar is deur die Internet en of dit as belangrik of minder belangrik beskou word dat die Internet toegang tot dié inligting bied;
- of die Internet as 'n bron van inligting wat die regsnavorsingsproses moontlik kan bevorder beskou word en of die kwaliteit van die inligting vir navorsingsdoeleindes geskik is;
- of die biblioteek na aanleiding van regsnavorsers se kommentaar in die oop vrae van die vraelys, nodig het om 'n bydrae in die toeganklikheid van die regsinligting op die Internet te lewer.

A1.2.2 Die voorlopige vraelys

In oorleg met die dekaan van die Fakulteit Regte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is die voorlopige vraelys aan 10 finale jaar LL.B-studente voorgehou ter evaluering. Evaluering is gegrond op die aspekte wat volgens Line (1982:52-77), McMillan en Schumacher (1989:255) en Borg en Gall (1989:423,431) tersaaklik is by die opstel van 'n vraelys met wetenskaplike data-insameling as oogmerk. Dit sluit onder andere die volgende in:

- Die duidelike en ondubbelsinnige formulering van die vrae.
- Die duidelikheid en eenvoud van die instruksies.
- Realistiese skaalgebruik.
- Die uitleg van die vraelys, dit wil sê voldoende lynspasie by oop vrae of die logiese plasing van opsies soos byvoorbeeld [ja] [nee] by geslote vrae.
- Die tyd wat dit neem om die vraelys te voltooi.
- Die doel en toepaslikheid van die vrae.
- Die gebruik van onverstaanbare tegniese terme.

- Die teenwoordigheid van vooroordeel en partydige of emosionele vrae.
- Die handhawing van neutraliteit, vermyding van rigtinggewende of gelaaide vrae of vrae wat mag lei tot response wat dui op sosiaal-aanvaarbare houdings, gedrag of menings.
- Die dekking van alternatiewe antwoorde op vrae.

Nadat terugvoer op die voorlopige vraelys ontvang is, is die kommentaar van die proef-deelnemers ontleed en die leemtes wat geïdentifiseer is met die oog op die verbetering van die vraelys, reggestel. Benewens die samesprekings met mev. M.A. Buys as studieleier, is prof. G.T.S. Eiselen, Departement Privaatreg van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ook in verband met die beplanning van die vraelys geraadpleeg.

A1.2.3 Die finale vraelys

In die beplanning en konstruksie van die vraelys (vergelyk A2.3) is daar gepoog om die kwalitatiewe ondersoek wat onderneem is in ooreenstemming met erkende wetenskaplike prosedures te laat geskied. So byvoorbeeld is daar getoets of die vrae in terme van inhoudsgeldigheid en gesigsgeldigheid meet wat dit veronderstel is om te meet. Daar is ook gelet op die mate van konsekwentheid of stabiliteit waarmee dieselfde vrae oor 'n tyd heen of met verskillende vorms van dieselfde instrument die veranderlike meet. Dit is gedoen sodat die betroubaarheid van die meetinstrument wat deur (Monteith, 1998:6) beklemtoon word, getoets kon word. Toetsing is uitgevoer deur die meetinstrument in alternatiewe vorms tydens verskillende stadia van die navorsing telkens aan dieselfde drie regsnavorsers voor te lê ter voltooiing met die doel om moontlike toevallige of ander veranderlikes wat die betroubaarheid van die meetinstrument mag beïnvloed, te identifiseer.

Monteith (1998:3) noem dat die ontvangs van 'n voldoende terugvoer-persentasie een van die grootste probleme van 'n vraelysopname is. Monteith beklemtoon in hierdie verband die belangrikheid van 'n goed geformuleerde begeleidende brief. Om die terugvoer-persentasie te bevorder het die navorser in die begeleidende brief (vergelyk A2.1) die redes vir die voltooiing en terugstuur van die vraelys aan die deelnemers uiteengesit, die doel van die ondersoek kortliks verduidelik en die waarde wat die deelnemer se antwoorde vir navorsing en indirek vir die deelnemer inhou, as motivering voorgehou.

Line (1982:70-71) wys daarop dat 'n terugvoer-persentasie van 40.0% waarskynlik sal lei tot substansiële foute en vooroordele, maar dat 'n terugvoer-persentasie van 60.0% aanvaarbaar is. Met die verstryking van die eerste versoekdatum is terugvoer van 60.0% van die deelnemers ontvang. In reaksie hierop is daar in oorleg met mev. M.A. Buys as studieleier, besluit om op grond van die tipe studie wat onderneem is en die grootte van die ondersoekgroep, te poog om 'n vollediger terugvoer te verwerf. Nadat 'n opvolgbrief (vergelyk A2.2) en duplikaat van die vraelys

aan die deelnemers versend is, is die terugvoer na 80.0% verbeter. Dit wil sê 24 deelnemers van die oorspronklike ondersoekgroep van 30 persone het hul terugvoer gelewer. Hierdie terugvoer is as voldoende basis vir die maak van algemene gevolgtrekkings beskou.

A1.2.4 Beskrywing en uiteensetting van die vraelys

Die vraelys is in die volgende vyf afdelings ingedeel en word vervolgens kortliks beskryf:

Afdeling 1: Agtergrondinligting
Afdeling 2: Die Internet as inligtingsbron
Afdeling 3: Voorkeure ten opsigte van navorsingsmateriaal
Afdeling 4: Regsinligting op die Internet (in besonder op die Web)
Afdeling 5: Die waarde van inligting opgespoor tydens Internet-inligtingsoektogte

Afdeling 1: Agtergrondinligting

Om seker te maak dat die deelnemers aan die kriteria wat aan die ondersoekgroep gestel is (vergelyk A1.1), voldoen en oor die inligting en vermoë beskik om die vrae te kan beantwoord, is drie agtergrondsvrae met betrekking tot die deelnemer se bevoegdheid, gevra.

Afdeling 2: Die Internet as inligtingsbron

Waar die terrein van die studie tot regsakademici se gebruik van elektroniese inligtingsbronne afgebaken is (vergelyk 1.3), en meer spesifiek tot Internetbronne en Web-dokumente in besonder, is daar eerstens gekontroleer of die deelnemers oor die nodige toegang tot Internet-fasiliteite beskik. Met die fokus op die Internet as 'n inligtingsbron is gepoog om deelnemers se belang by die Internet as 'n bron van inligting uit die staanspoor vas te stel.

Verder is daar na aanleiding van die doelstelling met betrekking tot regsnavorsers se rekenaar-vaardighede probeer om met die vrae in afdeling twee vas te stel of die deelnemers rekenaar-geletterd is en of bepaalde metodes gebruik word om Internetbronne te herwin. Hierdie vrae korreleer met sekere van die vaardighede wat in 4.2 genoem is en sluit die gebruik van soek-enjins, URL's en Boolese operatore tydens inligtingsoektogte, in.

'n Oop item is gebruik om te bepaal of dié deelnemers wat wel soekenjins vir die uitvoer van inligtingsoektogte aanwend, spesifieke soekenjins verkies en die redes vir gebruik daarvan te stipuleer. Die doel van hierdie item is om vas te stel watter soekenjins by regsnavorsers bekend is en hoekom dit gebruik word.

Afdeling 3: Voorkeure ten opsigte van navorsingsmateriaal

Omdat regsnavorsers se inligtingsbehoeftes varieër en die tipes inligtingsbronne wat in die onderskeie regsnavorsers se inligtingsbehoeftes voorsien, verskil (vergelyk 2.3 en 2.4) is die deelnemers in die opname gevra om aan te dui in watter mate watter tipe regsinligtingsbron vir navorsingsdoeleindes gebruik word. In die meting van regsnavorsers se voorkeure ten opsigte van navorsingsmateriaal is 'n grafiese evalueringskaal in die styl van 'n Likert-skaal gebruik.

'n Stel numeriese waardes is aan 'n aantal stellings toegeken waarvan die een uiterste van die kontinuum positiewe waardering van die stelling verteenwoordig en geleidelik verwissel na die ander uiterste van die kontinuum wat die negatiewe waardering van die stelling verteenwoordig. Daar is verder in ooreenstemming met die kwalitatiewe aard van die studie ook in die skaal voorsiening gemaak vir die moontlikheid dat sommige deelnemers onseker mag wees of geen mening met betrekking tot die stelling kan uitspreek nie. Die skaal sien soos volg daar uit:

1. *Altyd* - *elke keer wat u na inligting soek*
2. *Meestal* - *feitlik altyd, maar gebruik soms ander formate*
3. *Gereeld* - *vyf uit die tien kere*
4. *Selde* - *baie min, slegs in uitsonderlike gevalle*
5. *Nooit* - *geen gebruik*
6. *Onseker*

Daar is verder deur middel van twee oop items probeer om 'n oorsig te kry van watter primêre en sekondêre bronne deur regsnavorsers op die Internet opgespoor word.

Afdeling 4: Regsinligting op die Internet (in besonder op die Web)

Die items in die vierde afdeling het betrekking tot die vraag na die mate waarin regsnavorsers bewus is van die regsinligting wat op die Internet opgespoor kan word (vergelyk 1.1). Vir hierdie doel is 'n verteenwoordigende groep regsverwante webruimtes deur onder andere Eiselen (1998) geïdentifiseer, waarna 'n seleksie van die inligting telkens aan die deelnemers voorgehou is om uit te ken.

Na aanleiding van die navorsingsvraag na die mate waarin die Internet die regsnavorsingsproses kan bevorder, is deelnemers gevra om ten opsigte van die genoemde Internetbronne 'n aanduiding te gee van watter inligting **nie** op 'n ander manier as deur die Internet geredelik bekombaar sou wees **nie**. Die itemkonstruksie is doelbewus negatief sodat die verwysingsraamwerk, naamlik regsnavorsers se bewustheid van Internetbronne en die moontlike uniekheid van sekere Internetbronne, bewustelik en konsekwent deur die deelnemers in die beantwoording van die vrae in aanmerking geneem sou word.

Die mate waarin die Internet die regsnavorsingsproses bevorder is verder in afdeling vier deur middel van oop items ondersoek. Deelnemers is op hierdie wyse telkens die geleentheid gebied om hul menings met betrekking tot die belangrikheid van die inligting wat by die genoemde webruimtes opgespoor kan word, uit te spreek. Die oogmerk van hierdie items is om die mate te bepaal waarin die deelnemers die inligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word, as noodsaaklik, belangrik, gerieflik, nuttig of onbelangrik beskou. Hier val die klem daarop dat die inligting wel deur die **Internet** as alternatiewe medium toeganklik gemaak word.

Die afdeling met betrekking tot regsinligting op die Internet en in besonder op die Web, word afgesluit deur 'n verdere poging om vas te stel in watter mate die Internet die regsnavorsings-proses sou kon bevorder. Vir hierdie doel is deelnemers deur middel van 'n gestruktureerde item gevra of daar Internetbronne is wat op 'n gereelde basis gebruik word. Indien deelnemers wel gereeld van sekere Internetbronne gebruik maak, is 'n oop item gebruik om uit te vind watter webruimtes dikwels deur die deelnemers gebruik word.

Afdeling 5: Die waarde van inligting opgespoor tydens Internet-inligtingsoektogte

Die laaste afdeling is hoofsaaklik daarop gerig om vas te stel of die kwaliteit van Internet-inligting na die menings van die deelnemers voldoende vir navorsingsdoeleindes is. Vir die opname van regsnavorsers se waardeskatting van die inligting in hierdie opsig, is 'n grafiese evalueringskaal in die styl van 'n Likert-skaal gebruik. Soos ook in afdeling drie is daar voorsiening vir deel-nemers gemaak wat moontlik onseker mag wees oor die waarde van die inligting wat tydens Internetsoektogte opgespoor word. Die skaal sien soos volg daar uit:

1. *Altyd* - *elke keer wat u na inligting soek*
2. *Meestal* - *feitlik altyd, selde ontevrede met die resultaat*
3. *Gereeld* - *redelik tevrede, kan beter wees*
4. *Selde* - *baie min, nie voldoende nie*
5. *Nooit* - *glad nie*
6. *Onseker*

Volgens hierdie skaal is daar gepoog om deelnemers se menings met betrekking tot die waarde van die inligting, die akkuraatheid, die betroubaarheid en gesaghebbenheid en die verlangde resentheid van die inligting wat opgespoor word, te meet. Ondersoek is ook ingestel na die mate waarin die deelnemers vind dat voldoende relevante bronne herwin word en tevrede is met die spoed waarmee die resultate opgespoor word.

Ten slotte word die vraelys met 'n oop item afgesluit met die doel om na aanleiding van die deelnemers se kommentaar oor die Internet as 'n bron van inligting tot enige verdere insigte ten

opsigte van regsnavorsers se Internet-beskouing, Internet-gebruik en Internet-behoeftes te kom. Waar die oogmerk van die vraelys die insameling van gegewens met betrekking tot regsnavorsers se gebruik van die Internet as 'n bron van inligting is, is rigtinggewende of biblioteekgerigte vrae en die gebruik van tegniese biblioteekterminologie deurgaans vermy. Tog is daar probeer om vanuit die deelnemers se kommentaar oor die Internet as 'n bron van inligting vas te stel of die biblioteek moontlik 'n bydrae in die toeganklikheid van die Internet sou kon lewer. Met die laaste oop item is daar dus onder andere response met waarskynlike betrekking tot die bydrae wat die biblioteek kan lewer, verwag.

A1.3 Prosedure en ontledingstegnieke

Vraelyste is in samewerking met die dekaan van die Fakulteit Regte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 'n inligtingkundige aan die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria en die regsbibliotekaris van die Universiteit van Suid-Afrika se Departement Biblioteekdienste, aan die 30 deelnemers versend of persoonlik oorhandig.

'n Tydperk van vier maande in totaal is voorsien vir deelnemers se respons en terugstuur van die vraelyste en die opvolg-vraelyste. Nadat terugvoer van 80.0% van die deelnemers ontvang is (vergelyk A1.2.3), is daar met die verwerking van die gegewens voortgegaan. Omdat daar met die gebruik van die vraelys gepoog is om die menings van 'n klein verteenwoordigende groep regsnavorsers te bekom ten einde 'n oorsigtelike kwalitatiewe verslag van regsnavorsers se menings met betrekking tot die Internet as 'n bron van inligting te lewer, is die rekenaarmatige verwerking van die gegewens deur 'n instansie soos die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys se Departement Statistiese- en Konsultasiedienste nie as 'n opsie in die statistiese verwerking van die gegewens in aanmerking geneem nie.

Verslag van die resultaat van die ondersoek word in hoofstuk ses gedoen. Die gegewens wat deur die vraelys ingesamel is, is waar toepaslik tot persentasie-waardes verwerk en waar nodig in tabelvorm weergegee. Om die objektiwiteit van die meetinstrument in terme van die kwalitatiewe aard van die ondersoek nie in die gedrang te laat kom nie, is die menings van die deelnemers woordeliks in aanhangsel drie weergegee. Hiervolgens kan die mate waarin die objektiwiteit van die meetinstrument deur die oortuigings of vooroordele van die navorser beïnvloed word, in die afleidings in 6.2 gekontroleer word.

AANHANGSEL A2

Vraelys

A2.1 Begeleidende brief (soos aan Afrikaanssprekende deelnemers versend)

Departement Inligtingstudies
PU vir CHO
Privaatsak X05
NOORDBRUG
2522
26 Junie 1998

Geagte Deelnemer

Studie insake die toeganklikheid van Internetbronne in inligtingverskaffing aan regsgeleerdes

Hierdie studie word gedoen ter vervulling van die vereistes vir 'n Meestersgraad (M.Bibl.) in die Departement Inligting-studies aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die doel van hierdie studie is:

- om vas te stel of regsgeleerdes **bewus** is van die regsinligting op die Internet;
- om inligting in te samel oor regsleerdes se **gebruik** van die Internet as inligtingsbron;
- en om regsgeleerdes se menings insake die **waarde** van Internetbronne te bekom.

Hierdie studie is belangrik omdat die gebruik en toeganklikheid van die Internet as 'n bron van inligting sekere voordele of nadele met betrekking tot die regsnavorsingsproses tans en in die toekoms mag inhou. Omdat dit noodsaaklik is dat navorsing wat in hierdie verband gedoen word aan die kriteria vir geldigheid en betroubaarheid moet voldoen, is dit belangrik om ook u antwoorde oor die Internet in hierdie opname te inkorporeer. Hierby ingesluit vind u een vraelys en een gefrankeerde koevert. Geliewe die voltooide vraelys terug te stuur **VOOR of OP Maandag, 2 Augustus 1998**.

Indien u enige verdere navrae het, kan u met my in verbinding tree deur middel van:

E.pos-adres : ilsmab@PUKNET.PUK.ac.za
Telefoonnommer : (018) 299 1538 (14:00-18:00)

Baie dankie vir u hulp en samewerking.

Die uwe,

Tanya Feiertag
(Navorser)

Mev. M.A. Buys
(Studieleier)

A2.2 Opvolgbrief (soos aan Engelssprekende deelnemers versend)

Department of Information Studies
PU for CHE
Private bag X05
NOORDBRUG
2522
25 August 1998

Dear Mr Noeth

Study to ascertain the accessibility of Internet resources in providing information to legal practitioners

A questionnaire regarding legal practitioners' use of the Internet as a source of information was sent to you during July 1998. Given the possibility that you might not have received the questionnaire I am therefore sending you another copy. If you have already completed a questionnaire, please ignore this correspondence.

Because this study is being carried out in order to bring about more effective use of the Internet in the legal profession, it is important that your opinion is part of this survey. What I am trying to ascertain is:

- whether legal practitioners are **aware** of legal information available on the Internet;
- whether legal practitioners make **use** of the Internet as a source of information;
- and what legal practitioners' opinions are on the informational **value** of Internet resources.

Due to the fact that this research must answer to the criteria of validity and reliability, it is of utmost importance to me to incorporate your answers in my research project. Included you will find one questionnaire and one stamped envelope.

Please return the completed questionnaire to me **before or on Monday, 14 September 1998.**

If any aspect of the questionnaire is unclear to you, please contact me at:

E.mail address : ilsmab@PUKNET.PUK.ac.za
Telephone number: (018) 299 1538 (14:00-18:00)

Thank you for your assistance and co-operation.

Yours sincerely,

Tanya Feiertag

A2.3 Finale vraelys

VRAELYS

Afdelings

Afdeling 1: Agtergrondinligting
Afdeling 2: Die Internet as inligtingsbron
Afdeling 3: Voorkeure ten opsigte van navorsingsmateriaal
Afdeling 4: Regsinligting op die Internet (in besonder op die WWW)
Afdeling 5: Die waarde van inligting opgespoor tydens Internet-inligtingsoektogte

Instruksies

- Beantwoord asseblief al die vrae
- Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie, byvoorbeeld: ja | nee | onseker (X)
- Gee asseblief u mening in die oop ruimte waar dit van u verlang word

Verklaring van terminologie

Internetdokumente: Elektroniese inligtingsbronne wat toeganklik is deur 'n Wye Area Netwerk.

Regsnavorser: 'n Regsgeleerde wat op sistematiese wyse regs- en ander inligting inwin en samehangende gegewens orden en interpreteer om met die resultate 'n regsprobleem op te los.

Soekenjin: Verskillende soekprogramme met verskeie funksies soos die fasilitering van inligtingherwinning op die WWW, outomatiese versameling en indeksering van Internetbronne en die uitvoer van gebruikersoektogte na aanleiding van soekstellings.

AFDELING 1: Agtergrondinligting

1. Beskou u uself as 'n regsnavorser? ja | nee

2. Is u verbonde aan 'n universiteit? Indien **nie**, noem asseblief u professie. ja | nee

_____

_____

3. Soek u self na inligting wat vir u navorsing nodig is? Indien u **nee** antwoord, spesifiseer wie u help en/of hoe u inligting vind: ja | nee

_____

_____

*Indien u **nee** geantwoord het, voltooi dan verder vanaf **afdeling 3-5**.*
*Indien u **ja** geantwoord het, moet u asseblief **afdelings 2-5** voltooi.*

AFDELING 2: Die Internet as inligtingsbron

4. Beskik u oor toegang tot die Internet? | ja | nee | soms |

5. Is u rekenaargeletterd? | ja | nee | taamlik |

6. Beskou u die Internet as 'n belangrike bron van inligting? | ja | nee | onseker |

7. Doen u inligtingsoektogte op die Internet? | ja | nee | nie self nie |

*Indien u **nee** of **nie self nie** antwoord, ignoreer asseblief vrae 8 -10*

8. Maak u tydens 'n Internetsoektog gebruik van soekenjins om inligting te herwin? | ja | nee | soms |
Spesifiseer watter soekenjin(s) u gebruik, en waarom u dit verkies:

_____

_____

9. Maak u van URL's (Internet adresse) gebruik tydens Internetsoektogte? | ja | nee | soms |

10. Gebruik u Boolese Operatore om u inligtingsoektogte te verfyn? | ja | nee | onseker |

AFDELING 3: Voorkeure ten opsigte van navorsingsmateriaal

Gebruik die volgende skaal:

1. *Altyd* - *elke keer wat u na inligting soek*
2. *Meestal* - *feitlik altyd, maar gebruik soms ander formate*
3. *Gereeld* - *vyf uit die tien kere*
4. *Selde* - *baie min, slegs in uitsonderlike gevalle*
5. *Nooit* - *geen gebruik*
6. *Onseker*

11. Gebruik u primêre bronne wat in gedrukte formaat is? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

12. Gebruik u sekondêre bronne wat in gedrukte formaat is? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

13. Maak u in u navorsing van Internetdokumente gebruik? | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

14. Indien u van Internetdokumente gebruik maak, spesifiseer asseblief watter primêre bronne u gebruik, byvoorbeeld: *Die Suid-Afrikaanse Statute wat deur Jutastat op die Internet beskikbaar gemaak word.*

_____

_____

15. Indien u van Internetdokumente gebruik maak, noem asseblief die sekondêre bronne wat u gebruik, byvoorbeeld: *Die tydskrif - DE REBUS wat elektronies deur middel van die Internet beskikbaar is.*

_____

_____

AFDELING 4: Regsinligting op die Internet (In besonder op die WWW)

In vrae 16-21 word die name van 6 verskillende webbladsye gegee. ***Sekere*** *van die inligting wat elke webblad bied, word telkens numeries gelys. Indien u* ***WEL*** *bewus is van die inligting op die Internet, omsirkel asseblief die toepaslike nommer, bv.:*

1 - SA wetgewing
2 - Wetsontwerp
(3) - Proklamasies

Die daaropvolgende vraag is gerig op die herwinning van die gelyste inligting in bronne ***anders as*** *die Internet. Indien u* ***ONSEKER*** *is of daar 'n ander wyse is; of daar is na u mening* ***NIE*** *'n ander moontlik geredeliker wyse van inligting-herwinning nie, omkring dan asseblief die ooreenstemmende nommer, bv.:*

- Sou u hierdie inligting ook geredelik op 'n ander wyse as op die Internet kon bekom? **1** (2) (3)

16. **Index to Government Information**

- Is u bewus daarvan dat die volgende inligting op die Internet beskikbaar is?

1 - SA Wetgewing
2 - Wetsontwerpe
3 - Proklamasies
4 - Wit- en Groenskrifte
5 - Inligting oor konstitusionele aangeleenthede
6 - Toesprake en persverklarings wat deur die Staatspresident gemaak is

- Sou u hierdie inligting ook geredelik op 'n ander wyse as op die Internet kon bekom? Indien u antwoord **NEE** is, omkring asseblief die ooreenstemmende nommer(s): **1 2 3 4 5 6**
- Hoe belangrik beskou u die inligting wat die **Index to Government Information**-webblad bied?

_____

_____

17. **All South African Law Reports**

- Is u bewus daarvan dat die volgende inligting op die Internet beskikbaar is?

7 - Butterworths: SA Case reports
8 - Butterworths: SA Legal calender
9 - *De Rebus* in elektroniese formaat
10 - *Judgements Online*: bied toegang tot hofbeslissings wat nog gepubliseer gaan word, asook tot hofbeslissings wat moontlik nie gepubliseer sal word nie

- Sou u hierdie inligting ook geredelik op 'n ander wyse as op die Internet kon bekom? Indien u antwoord **NEE** is, omkring asseblief die ooreenstemmende nommer(s): **7 8 9 10**
- Hoe belangrik beskou u die inligting wat die **All South African Law Reports**-webblad bied?

_____

_____

18. **Fulltext of the latest Government Gazettes**

- Is u bewus daarvan dat die volgende inligting op die Internet beskikbaar is?

11-Die Staatskoerant (*Slegs geregistreerde gebruikers.*)

- Sou u hierdie inligting ook geredelik op 'n ander wyse as op die Internet kon bekom? Indien u antwoord **NEE** is, omkring asseblief die ooreenstemmende nommer(s): **11**
- Hoe belangrik beskou u die inligting wat die **Fulltext of the latest Government Gazettes**-webblad bied?

_____

_____

19. **Wits Law School**

- Is u bewus daarvan dat die volgende inligting op die Internet beskikbaar is?

12 - Inligting oor die SA Konstitusionele Hof en hofbeslissings
13 - Skakels na die Wits Regsbiblioteek
14 - Skakels na die Human Rights Library
15 - *German Federal Statutes Fulltext*
16 - *European Court of Human Rights*
17 - *The House of Commons Hansard* en *The House of Lords Hansard*

- Sou u hierdie inligting ook geredelik op 'n ander wyse as op die Internet kon bekom? Indien u antwoord **NEE** is, omkring asseblief die ooreenstemmende nommer(s): **12 13 14 15 16 17**
- Hoe belangrik beskou u die inligting wat die **Wits Law School**-webblad bied?

---

20. **The Cornell Law Review**

- Is u bewus daarvan dat die volgende inligting op die Internet beskikbaar is?

18 - *Decisions of the International Court of Justice*
19 - Elektroniese tydskrifte, bv.: *The Oxford Journal of Legal Studies.*

- Sou u hierdie inligting ook geredelik op 'n ander wyse as op die Internet kon bekom? Indien u antwoord **NEE** is, omkring asseblief die ooreenstemmende nommer(s): **18 19**
- Hoe belangrik beskou u die inligting wat die **Cornell Law Review**-webblad bied?

---

21. **World Wide Web Virtual Library - LAW**

- Is u bewus daarvan dat die volgende inligting op die Internet beskikbaar is?

20 - Regsinligting geklassifiseer volgens instansies, bv.: Die *Harvard Online Library Information System* wat saamgestel is uit die 10 databasisse van die *Harvard University Libraries*
21 - Regsinligting geklassifiseer volgens onderwerp, bv. *Foreign and International Law*
22 - Soek hulpmiddele soos: *Internet Legal Resource Guide* en *How to find United Nations Documents*
23 - Volledige teksdokumente soos: *Rules of Procedure of the European Parliament*
24 - Elektroniese tydskrifte, bv: *Journal of African Law* ('n intekenfooi word vereis)
25 - Inligting soos: *USA State Presidents' speeches in full text*

- Sou u hierdie inligting ook geredelik op 'n ander wyse as op die Internet kon bekom? Indien u antwoord **NEE** is, omkring asseblief die ooreenstemmende nommer(s): **20 21 22 23 24 25**
- Hoe belangrik beskou u die inligting wat die **WWW Virtual library - Law**-webblad bied?

---

22. Is daar Internetbronne waarvan u op 'n gereelde basis gebruik maak? ja nee
Indien ja, watter?

AFDELING 5: Die waarde van inligting opgespoor tydens Internet-inligtingsoektogte

Gebruik asseblief die volgende skaal:

1.	*Altyd*	*- elke keer wat u na inligting soek*
2.	*Meestal*	*- feitlik altyd, selde ontevrede met resultaat*
3.	*Gereeld*	*- redelik tevrede, kan beter wees*
4.	*Selde*	*- baie min, nie voldoende nie*
5.	*Nooit*	*- glad nie*
6.	*Onseker*	

23. Word daar tydens 'n Internet-inligtingsoektog **voldoende** verwysings na dokumente opgespoor? 1 2 3 4 5 6

24. Beantwoord hierdie inligting u **spesifieke inligtingvraag**, met ander woorde: Is die inligting **akkuraat**? 1 2 3 4 5 6

25. Is hierdie inligting **relevant** met betrekking tot u navorsingsgebied? 1 2 3 4 5 6

26. Beskou u hierdie inligting as **waardevol** vir u navorsing, met ander woorde: Is dit inligting wat u gebruik? 1 2 3 4 5 6

27. Is die inligting wat op die Internet beskikbaar is na u behoefte **resent** genoeg? 1 2 3 4 5 6

28. Beskou u die primêre bronne wat tydens 'n Internetsoektog herwin word, as betroubare **gesaghebbende** regsbronne? 1 2 3 4 5 6

29. Is u tevrede met die **spoed** waarmee Internetdokumente opgespoor word? 1 2 3 4 5 6

30. Het u enige verdere opmerkings met betrekking tot die Internet as bron van inligting?

_____

_____

_____

_____

_____

Baie dankie vir u deelname.

AANHANGSEL A3

Bevindinge van die kwalitatiewe ondersoek

Omdat daar vooraf op grond van die tipe navorsing wat voorgeneem is, naamlik verkennende en beskrywende navorsing, besluit is om op 'n kwalitatiewe eerder as 'n empiriese wyse ondersoek in te stel 'n klein verteenwoordigende groep regsakademici se menings met betrekking tot die gebruik van die Internet as 'n bron van inligting, is die terugvoer van die deelnemers kwalitatief deur die navorser geïnterpreteer. Dit beteken dat, waar kwantitatiewe navorsing meer in die breedte en hoogte dimensies, oftewel die beskrywende en verklarende dimensies funksioneer, kwalitatiewe navorsing in die diepte dimensie, oftewel die verkennende en ondersoekende dimensie, funksioneer (Greeff, 1998:2).

Waar die meeste vrae en antwoorde hulle daartoe leen om volgens syferwaardes gekategoriseer te kan word, is die deelnemers se terugvoer waar toepaslik statisties deur die navorser verwerk. In ooreenstemming met die doel en navorsingsontwerp van die studie is die rekenaarmatige verwerking van die gegewens nie gekies nie, omdat daar met die bevindinge van die ondersoek hoofsaaklik gepoog is om die menings van die deelnemers met betrekking tot die Internet as 'n bron van inligting in 'n verkennende verslag weer te gee. Ten einde die statistiese verwerking wetenskaplik uit te voer is steekproewe as kontrolemaatreël, gedoen. Om subjektiwiteit by die interpretasie van deelnemers se menings te probeer uitskakel is die deelnemers se terugvoer in die verwerking van die oop items bloot woordeliks weergegee.

Vervolgens word die volgorde van die vrae in die vraelys gebruik om die bevindinge van die ondersoek sistematies aan te bied.

A3.1 Agtergrondinligting

Vir duidelikheid word dit herhaal dat uit die oorspronklike ondersoekgroep van 30 persone, 'n totaal van 24 persone aan die opname deelgeneem het (vergelyk 1.5.3.1 en A1.1). Van die 24 deelnemers is terugvoer van 23 persone ontvang wat hulself as regsnavorsers beskryf of beskou, dit wil sê regsgeleerdes wat op 'n sistematiese wyse regs- en ander inligting inwin en die samehangende gegewens orden en interpreteer om met die resultate 'n regsprobleem op te los. Een persoon beskou hom- of haarself nie as 'n regsnavorser nie, maar dui in die volgende twee vrae aan dat hy/sy 'n prokureur is wat inligtingsoektogte vir navorsingsdoeleindes uitvoer.

Twintig van die 24 deelnemers is aan 'n universiteit verbonde, hetsy in die hoedanigheid van regsdosent, hetsy as voltydse of deeltydse LL.D-student. Twee persone het aangedui dat hulle nie aan 'n universiteit verbonde is nie, maar het die volgende agtergrondinligting verskaf wat 'n aanduiding gee dat hulle wel aan 'n universiteit verbonde is, naamlik:

- Landdros, Departement Justisie en buitemuurse LL.D-student (UNISA).
- 'n Deelnemer wat hom/haarself as 'n aspirant akademikus beskryf wat tans met sy/haar LL.D-studie (UNISA) besig is.

Twee persone het aangedui dat hulle nie aan 'n universiteit verbonde is nie en het die volgende agtergrondinligting verskaf:

- Prokureur, SA Mediese Vereniging.
- Regsbibliotekaris, Universiteit van Pretoria.

Van die 24 deelnemers soek 92.0% self na inligting wat vir navorsing benodig word; terwyl 8.0% se inligtingsoektogte deur iemand anders verrig word. Persone wat as hulp tydens inligtingsoektogte genoem is, is navorsingsassistente, biblioteekpersoneel en vakbibliotekarisse.

A3.2 Die Internet as inligtingsbron

Voordat die gebruik van die Internet as 'n inligtingsbron ondersoek kan word, was dit nodig om vas te stel of die deelnemers oor die nodige fasiliteite en vaardighede beskik om die Internet as 'n addisionele bron van inligting te kan gebruik.

Afdeling twee is deur 23 persone beantwoord waarvan 91.0% wel oor toegang tot die Internet beskik; terwyl 9.0% nie oor die nodige fasiliteite vir Internetgebruik beskik nie.

In die vraag na rekenaargeletterdheid het 74.0% van die deelnemers aangetoon dat hulle rekenaargeletterd is; en 26.0% beskou hulself as taamlik rekenaargeletterd. Alle deelnemers het aangedui dat hulle in 'n mindere of meerdere mate oor basiese rekenaarvaardighede beskik.

Van die 23 deelnemers is 91.0% van mening dat die Internet 'n belangrike bron van inligting is; 4.5% meen dat die Internet nie 'n belangrike bron van inligting is nie; en 4.5% is onseker daaroor of die Internet 'n belangrike bron van inligting is.

Diegene wat self inligtingsoektogte op die Internet doen is 82.5%; 4.5% van die deelnemers laat Internetsoektogte namens hulle doen; en 13.0% van die deelnemers doen nie Internetsoektogte vir navorsingsdoeleindes nie.

Die deelnemers wat wel Internetsoektogte doen of laat doen, het soos volg geantwoord: 55.0% maak tydens Internetsoektogte van soekenjins gebruik; 15.0% maak soms van soekenjins gebruik; 15.0% maak nie van soekenjins gebruik nie; en 15.0% het die vraag met betrekking tot die gebruik van soekenjins nie beantwoord nie.

bruik; 15.0% maak nie van soekenjins gebruik nie; en 15.0% het die vraag met betrekking tot die gebruik van soekenjins nie beantwoord nie.

Diegene wat wel tydens Internetsoektogte van soekenjins gebruik maak, het die volgende soekenjins genoem en die rede vir gebruik daarnaas gegee:

- 4 deelnemers gebruik Alta Vista - Funksionele soekenjin. Grote van databasis.
- 4 deelnemers gebruik Yahoo! - Gebruikersvriendelik.
- 2 deelnemers gebruik Ananzi - Maak Suid-Afrikaanse soektogte moontlik. Is vinnig en akkuraat. Is gebruikersvriendelik.
- 2 deelnemers gebruik Lycos.
- 2 deelnemers gebruik "die eerste die beste een" of "wat ookal opkom" en dui daarnaas aan "ken nie die name nie".
- 1 deelnemer gebruik Webcrawler - Ondersteun seleksie.
- 1 deelnemer gebruik Metacrawler - Maak internasionale soektogte moontlik. Is vinnig en akkuraat.
- 1 deelnemer gebruik Infoseek - Omvattend.
- 1 deelnemer gebruik Aardvark - Suid-Afrikaanse inligting.
- 1 deelnemer gebruik Findlaw.
- 1 deelnemer gebruik die *Who's Who*-funksie van 'n soekenjin, maar noem nie die betrokke soekenjin nie.
- 1 deelnemer gebruik *Netscape Navigator Search*, die soekfunksie van die *Netscape Navigator*-leesprogram.
- 1 deelnemer gebruik die soekfasiliteit wat deur die ANC-webruimte aangebied word.

Vir die opspoor van Internetbronne maak 45.0% van die deelnemers van URL's gebruik; 45.0% maak soms van URL's gebruik; en 10.0% maak nie van URL's tydens Internetsoektogte gebruik nie.

Wat die gebruik van Boolese operatore tydens Internetsoektogte betref, maak 35.0% van die deelnemers daarvan gebruik; 25.0% maak nie van Boolese operatore gebruik nie; en 40.0% is onseker of Boolese operatore gebruik word tydens Internetsoektogte.

A3.3 Voorkeure ten opsigte van navorsingsmateriaal

Omdat regsleerdes verskillende bronne tydens die regsnavorsingsproses benut, is 'n grafiese evalueringskaal gebruik om die mate waarin sekere tipes bronne as navorsingsmateriaal gebruik word, onderskeidelik te meet.

Deelnemers wat elke keer wat daar na inligting gesoek word, verlang dat primêre bronne wat in gedrukte formaat is, opgespoor moet word vir gebruik, is 12.5%; dié wat dit feitlik altyd verlang, maar ook van ander formate gebruik maak, is 62.5%; terwyl 25.0% meen dat primêre bronne vyf uit die tien kere opgespoor moet word vir gebruik tydens regsnavorsing. Nie een deelnemer het aangedui dat primêre bronne slegs in uitsonderlike gevalle gebruik word of dat primêre bronne min of glad nie vir navorsingsdoeleindes gebruik word nie.

Ten opsigte van die gebruik van sekondêre bronne in gedrukte formaat het 4.0% aangetoon dat dit noodsaaklik is dat sekondêre bronne elke keer wat inligting gesoek word, vir gebruik opgespoor moet word; 50.0% verlang feitlik altyd sekondêre bronne, maar gebruik ook ander formate; 33.5% soek vyf uit die tien kere na sekondêre bronne vir gebruik tydens regsnavorsing; 12.5% maak min gebruik van inligting in sekondêre bronne of slegs in uitsonderlike gevalle. Geen deelnemer is van mening dat sekondêre bronne nie tydens regsnavorsing gebruik word nie. Daar is dus nie aangedui dat daar nooit na gedrukte sekondêre bronne tydens inligtingsoektogte gesoek hoef te word nie.

Van die deelnemers maak 8.5% elke keer wat daar na inligting gesoek word van die Internet as 'n inligtingsbron gebruik; 12.5% maak feitlik altyd van die Internet gebruik, maar ook van ander formate; 54.0% verkies om slegs op 'n gemiddelde grondslag van Internetbronne gebruik te maak; 8.5% gebruik Internetbronne selde of slegs in uitsonderlike gevalle; 12.5% maak nooit van Internetbronne gebruik nie; terwyl 4.0% onseker is of Internetbronne gebruik word.

Diegene wat wel van Internetbronne gebruik maak tydens regsnavorsing het aangedui dat die volgende primêre bronne deur hulle gebruik word:

- 10 deelnemers maak van Jutastat se *Suid-Afrikaanse Statute* gebruik. Sommige het egter aangedui dat hulle waarskynlik van die Jutastat CD-ROM gebruik maak.
- 7 deelnemers benut die *Konstitusionele Hofverslae* wat deur die Wits Law School-webruimte beskikbaar gestel word en 3 deelnemers dui verder aan dat hierdie webruimte toegang tot 'n verskeidenheid ander nuttige primêre bronne bied.
- 4 deelnemers maak van Jutastat se *Suid-Afrikaanse Hofverslae* gebruik. Sommige het egter aangedui dat hulle waarskynlik van die Jutastat CD-ROM gebruik maak.
- 3 deelnemers maak van Butterworths se primêre bronne in elektroniese formaat gebruik, maar dui ook aan dat daar moontlik van CD-ROM gebruik gemaak word.

- 3 deelnemers benut die ANC-webruimte vir onder andere *South African Legislation.*
- 3 deelnemers besoek die UCC- en/of die UN-webruimte vir internasionale konvensies.
- 2 deelnemers maak van die Internet gebruik vir toegang tot die *US Statutes and Code.*
- 2 deelnemers dui aan dat daar te veel bronne is om op te noem.
- 1 deelnemer gebruik die Internet om buitelandse grondwette op te spoor.
- 1 deelnemer meld die gebruik van die SARS/FB.
- 1 deelnemer besoek die webruimte van die Organisation for African Unity vir primêre inligting.
- 1 deelnemer bekom inligting met betrekking tot *English cases and other jurisdictions via relevant URL's.*
- 1 deelnemer bekom toegang tot *Lexis-Nexis*-databasisse deur middel van die Internet.
- 1 deelnemer spoor wetgewing en hofverslae van Australië op deur middel van die AustLII-webruimte.

Verder het dié deelnemers wat wel van Internetbronne gebruik maak die volgende sekondêre bronne genoem wat tydens regsnavorsing gebruik word:

- 14 deelnemers noem dat elektroniese tydskrifte en koerante, Suid-Afrikaanse sowel as internasionale publikasies, soos *De Rebus*, *International Journal of Comparative Law*, *Personal Finance*, *Business Day*, *Financial Mail* en *Insurance & Investments* gereeld benut word.
- 1 deelnemer gebruik die International Association of Property Lawyers-webruimte vir sekondêre bronne wat daardeur toeganklik gemaak word.
- 1 deelnemer benut die ANC-webruimte vir wit- en groenskrifte.
- 1 deelnemer gebruik die Government of National Unity Index-webruimte vir wetsontwerp en regulasies.
- 1 deelnemer maak gebruik van die regsensiklopedie *American Jurisprudence* wat deur middel van die Internet toeganklik is.

A3.4 Regsinligting op die Internet

Ondersoek was ingestel na die mate waarin regsnavorsers bewus is van die regsinligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word. Die bevinding is dat:

- 66.0% van die deelnemers bewus is dat die Index to Government Information-webruimte toegang bied tot Suid-Afrikaanse Wetgewing, wetsontwerp, proklamasies, wit- en groenskrifte, inligting oor konstitusionele aangeleenthede en ander inligting soos die President van Suid-Afrika se toesprake en persverklarings.
- 58.0% van die deelnemers daarvan bewus is dat die All South African Law Reports-webruimte toegang bied tot onder andere Butterworths se *SA Case Reports* en die *SA Legal calender*, dat toegang tot die tydskrif *De Rebus* in elektroniese formaat gebied word en ook toegang tot gepubliseerde sowel as ongepubliseerde hofbeslissings deur middel van die hiperteksskakel *Judgements Online (JOL)* gebied word.
- 50.0% van die deelnemers daarvan bewus is dat die Suid-Afrikaanse Staatskoerant by die webruimte Fulltext of the latest Government Gazette beskikbaar is.
- 50.0% van die deelnemers weet dat die Wits Law School-webruimte onder andere inligting oor die Suid-Afrikaanse Konstitusionele hof en hofbeslissings toeganklik maak, skakels na die Wits Regsbiblioteek en die *Human Rights Library* en hul onderskeie databasisse bied en dat toegang deur middel van verskeie hiperteksskakels verleen word tot byvoorbeeld die *German Federal Statutes Fulltext*, *European Court of Human Rights*, *The House of Commons Hansard* en *The House of Lords Hansard*.
- 23.0% van die deelnemers bewus is dat onder andere die *Decisions of the International Court of Justice* en toegang tot elektroniese tydskrifte soos die *Oxford Journal of Legal Studies* by die webruimte van die Cornell Law Review gebied word.
- 22.0% van die deelnemers kennis dra van 'n elektroniese biblioteek soos die World Wide Web Virtual Library se regsafdeling wat hiperteksskakels bied na onder andere die *Harvard Online Library Information System* (HOLLIS) wat byvoorbeeld 10 van die *Harvard University Libraries* se databasisse aan Internetgebruikers toeganklik maak, dat inligting met betrekking tot *Foreign and International Law* opgespoor kan word en soekhulpmiddele soos die *Internet Legal Resource Guide* en *How to find United Nations Documents* aangebied word; verder dat toegang tot elektroniese tydskrifte soos onder andere die *Journal of African Law* en volledige teksdokumente soos die *Rules of Procedure of the European Parliament* en inligting soos die *USA State President's speeches in full text* gebied word.

Omdat die inligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word dikwels ook in gedrukte formaat *via* tradisionele metodes verkrygbaar is, is ondersoek ingestel na die mate waarin die deelnemers dieselfde inligting wat deur die Internet bekombaar is, geredelik op 'n ander wyse as deur die Internet sou kon bekom. Deelnemers het soos volg aangedui dat:

- 26.0% van die deelnemers die inligting wat die Index to Government Information-webruimte bied makliker deur middel van die Internet bekom as op 'n ander wyse.
- 25.0% van die deelnemers vind dat die All South African Law Reports-webruimte toegang bied tot inligting wat andersins nie geredelik toeganklik sou wees nie.
- 12.5% van die deelnemers meen dat toegang deur die Internet tot die Fulltext of the latest Government Gazette geriefliker is as *via* tradisionele maniere.
- 44.0% van die deelnemers vind dat die Wits Law School-webruimte toegang bied tot inligting wat andersins nie geredelik bekombaar sou wees nie.
- 40.0% van die deelnemers deur die Cornell Law Review-webruimte se versameling hiperteksskakels toegang verleen word tot inligting wat sonder die Internet minder toeganklik sou gewees het.
- 31.0% van die deelnemers nie geredelik op 'n ander wyse as deur die Internet toegang tot internasionale regs- en ander inligting soos wat deur die World Wide Web Virtual Library - LAW-webruimte beskikbaar gemaak word, sou kon bekom nie.

Die gemiddeld van bogenoemde respons met betrekking tot die mate waarin die Internet inligting toeganklik maak wat andersins nie geredelik opgespoor sou kon word nie, is 29.5%.

Voorts is daar deur middel van oop items ondersoek ingestel na die mate waarin deelnemers die inligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word, beskou as belangrik dat dit wel **deur die Internet** toeganklik gemaak word. Met die vraag was die bedoeling dat deelnemers 'n aanduiding sou gee van die mate waarin hulle die Internet as 'n noodsaaklike, belangrike, nuttige of gerieflike bron van inligting beskou. Deelnemers het na aanleiding van die vraag, hul mening gegee oor die belangrikheid van die betrokke inligting wat as verkrygbaar by die onderskeie voorbeeld-webruimtes gelys was. Die menings van die deelnemers is hoofsaaklik in die volgende woorde uitgedruk:

- baie belangrik, *essential* of *extremely important*;
- belangrik, *important* of *good tool*;
- redelik of taamlik belangrik, nuttig, gerieflik, *convenient* of *fairly important*;
- nie belangrik nie, gebruik dit nie of *not as important*.

Uitdrukkings soos "*I wouldn't survive without it!*" (met betrekking tot die Wits Law School-webruimte); "*I'm an international law researcher, so to me the Cornell Law Review is crucial*" en "*Wits-website is the best!*" is as *baie belangrik* gereken. Waar een deelnemer se respons in afdeling vier by elke vraag: "Geen mening" was, met die rede: "Omdat ek as 'staatsamptenaar' nie in werksopset toegang tot [die] Internet veroorloof word nie, kan geen mening uitgespreek

word nie"; en 'n ander telkens die vrae in afdeling vier soos volg beantwoord het: "*Not applicable.* [...] *But I am aware that Court cases may be retrieved* [...] *my subject librarian at UNISA do this for me*", is hierdie twee deelnemers se respons nie in berekening gebring nie.

Die volgende skaal word gebruik om deelnemers se menings met betrekking tot die nut of belangrikheid van die inligting wat by die gegewe voorbeeld-webruimtes aangetref word, volgens persentasie in tabelvorm uit te druk:

1. Baie belangrik
2. Belangrik
3. Redelik belangrik
4. Nie belangrik nie
5. Onseker
6. Vraag onbeantwoord

Webruimte:	**1**	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**
Index to Government Information	54.5%	14.0%	4.5%	4.5%	0.0%	23.0%
All South African Law Reports	41.0%	4.5%	23.0%	14.0%	0.0%	18.5%
Fulltext of the latest Government Gazette	27.0%	4.5%	41.0%	0.0%	0.0%	27.0%
Wits Law School	54.5%	18.0%	0.0%	4.5%	0.0%	23.0%
The Cornell Law Review	14.0%	23.0%	18.0%	9.0%	0.0%	36.0%
World Wide Web Virtual Library - LAW	18.0%	23.0%	9.0%	9.0%	4.5%	36.0%
Gemiddelde persentasie	**35.0%**	**14.5%**	**16.0%**	**7.0%**	**0.5%**	**28.0%**

Tabel 5: Meningsopname met betrekking tot die nut van Internettoegang

Van die deelnemers wat Internetsoektogte doen of laat doen, maak 13 deelnemers op 'n gereelde basis van spesifieke webruimtes gebruik. Hierdie webruimtes is soos volg, met 'n aanduiding in hakkies daarna van die aantal persone wat elke webruimte gebruik:

- Wits Law School-webruimte (12)
- Jutastat-webruimte (3)
- Cornell Law Review-webruimte (2)
- United Nations-webruimte (2)
- UCC-webruimte (2)
- Judgements OnLine-webruimte (1)
- African National Congress-webruimte (1)

- De Rebus-webruimte (1)
- South African Revenue Service-webruimte (1)
- Financial Services Board-webruimte (1)
- Australasian Legal Information Institute-webruimte (1)
- South African Government-webruimte (1)

A3.5 Die waarde van inligting opgespoor tydens Internet-inligtingsoektogte

'n Grafiese evalueringskaal is gebruik om deelnemers se opinies met betrekking tot die waarde, akkuraatheid, betroubaarheid, gesaghebbendheid en resentheid of tydigheid van die inligting wat opgespoor word, te meet. Verder is ook die mate waarin voldoende relevante bronne herwin word en die spoed waarmee dit opgespoor word, ondersoek. Deelnemers wat self Internet-soektogte doen of laat doen het die waarde van Internetbronne met betrekking tot bogenoemde aspekte soos volg geëvalueer:

- 4.0% van die deelnemers meen dat daar elke keer wat daar na inligting op die Internet gesoek word, voldoende inligting opgespoor word; 22.0% dui aan dat daar feitlik altyd voldoende inligting opgespoor word; 61.0% voel redelik tevrede met die resultate wat herwin word, maar meen dat dit beter behoort te wees; 9.0% dui aan dat daar min of onvoldoende verwysings na dokumente opgespoor word; en 4.0% is onseker of daar voldoende inligting herwin word tydens Internetsoektogte.
- 9.0% van die deelnemers dui aan dat die soekresultate altyd in hul spesifieke inligtings-navraag beantwoord; 43.0% is selde ontevrede met die akkuraatheid van die inligting wat herwin is; 35.0% is redelik tevrede maar dink dat die akkuraatheid van inligtingherwinning behoort te kan verbeter; 9.0% meen dat daar selde of baie min akkurate of presiese inligting opgespoor word tydens inligtingherwinning; en 4.0% is onseker of daar tydens Internet-soektogte akkurate inligting herwin word.
- 4.0% van die deelnemers vind dat die inligting wat tydens Internetsoektogte opgespoor word altyd relevant is met betrekking tot hul navorsingsgebied; 39.0% dui aan dat hulle selde ontevrede is met die relevantheid van die inligting wat opgespoor word; 39.0% meen dat, alhoewel hulle redelik tevrede is met die mate waarin relevante inligting herwin word, soek-resultate meer relevansie behoort te toon; 13.0% vind dat daar min of onvoldoende relevante inligting opgespoor word; en 4.0% is onseker of daar relevante inligting tydens Internet-soektogte herwin word.
- 22.0% van die deelnemers beskou die inligting wat deur middel van die Internet toeganklik gemaak word waardevol vir navorsingsdoeleindes; 52.0% meen dat die inligting wat

opgespoor word feitlik altyd nuttig en bruikbaar is; 22.0% meen dat die waarde van die inligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word redelik bevredigend is, maar behoort te verbeter; en 4.0% is onseker oor die waarde wat Internetbronne ten opsigte van hul navorsingsterrein inhou.

- 9.0% van die deelnemers meen dat, in ooreenstemming met hul individuele inligtingsbehoeftes, daar met elke Internetsoektog resente inligting opgespoor word; 48.0% beskou die inligting wat opgespoor word as feitlik altyd resent en meen dat hulle selde ontevrede is met die soekresultaat; 30.0% is redelik tevrede met die resentheid van die inligting, maar dui aan dat meer resente inligting toeganklik behoort te wees; 9.0% ervaar dat resente inligting baie min of in 'n onbevredigende mate opgespoor word; en 4.0% is onseker of daar resente inligting tydens Internetsoektogte opgespoor word.
- 9.0% van die deelnemers beskou die primêre regsinligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word, as gesaghebbende en betroubare inligting; 56.5% meen dat daar feitlik altyd betroubare primêre inligting opgespoor word; 26.0% meen dat die inligting wat herwin word bevredigend is maar verwag dat Internetsoektogte meer gesaghebbende inligting behoort te lewer; 4.0% beskou die inligting wat herwin word selde as betroubaar of gesaghebbend; en 4.0% is onseker oor die betroubaarheid of gesaghebbendheid van die inligting wat deur die Internet toeganklik gemaak word.
- 13.0% van die deelnemers is altyd tevrede met die spoed waarmee Internetbronne opgespoor word; 17.0% is selde ontevrede met die spoed van inligtingherwinning; 26.0% is wel tevrede, maar meen dat inligting vinniger opgespoor behoort te kan word; 30.0% is selde tevrede met die spoed waarmee inligting herwin word; 4.0% meen dat Internetsoektogte nooit vinnig genoeg plaasvind nie; en 9.0% is onseker daaroor of Internetsoektogte teen 'n bevredigende spoed plaasvind.

Om 'n algemene oorsig van die deelnemers se beskouing van die Internet as 'n bron van inligting te bekom, is 'n laaste oop vraag na enige verdere opmerkings aan deelnemers gestel. Hieruit het sekere voordele en nadele met betrekking tot die gebruik van die Internet na vore gekom asook 'n paar versoeke en algemene opmerkings.

A3.5.1 Voordele van die Internet as 'n bron van inligting

- Vinnige inligtingherwinning.
- Bespoedig navorsing.
- Brei navorsing uit.
- Bekom inligting wat voorheen nie maklik beskikbaar was nie.

- Vergemaklik navorsing.
- Inligting is dadelik beskikbaar.
- Kontemporêre bron.
- Resente inligting.
- Waardevol - toegang tot inligting wat voorheen nie bereikbaar was nie.
- *Give information on a more recent basis.*
- *It makes legal research a lot easier.*
- *Keeps researcher up to date with relevant legal developments.*

A3.5.2 Nadele van die Internet as 'n bron van inligting

- Dit is moeilik om van [die rekenaar-]skerm af te werk.
- Uitdrukkoste en papier.
- Gekelder deur tyd wat dit neem.
- Baie tydsaam.
- Belangrik dat inligting gekontroleer word.
- *One expects the Internet to be very recent* [*or*] *up to date, but then one finds that it is not.*

A3.5.3 Versoeke met betrekking tot die Internet as 'n bron van inligting

- Wil graag die Internet meer benut [en] benodig meer inligting met betrekking tot regsinligting op die Internet.
- Vra adresse van die webruimtes wat in die vraelys genoem word.
- [...] hoe word ek 'n geregistreerde gebruiker?
- Vra 'n behoorlike kursus in Internetsoektogte.
- Meer inligting rakende die Internet word benodig.
- *It should be made available in libraries for ALL legal researchers.*

A3.5.4 Algemene opmerkings met betrekking tot die Internet as bron van inligting

- 'n Onontbeerlike bron van inligting.
- Vraelys verskaf baie waardevolle inligting wat lei tot die besef dat die Internet 'n belangrike bron van inligting is.

BRONNELYS

ADKINS, A.Z. 1997a. Why the Internet is important ot the legal profession. [Beskikbaar op Internet:] http://www.internetlawyer.com/tutorial/index.htm [Datum van gebruik: 24 Mar. 1998].

ADKINS, A.Z. 1997b. Research on the net: commercial legal directories. [Beskikbaar op Internet:] http://www.internetlawyer.com/tutorial/tut3.htm [Datum van gebruik: 19 Nov. 1997].

ALEXANDER, J. & TATE. 1998. Checklist for an informational Web page: how to recognize an informational Web page. [Beskikbaar op Internet:] http://www.science.widener.edu/~withers.inform.htm [Datum van gebruik: 19 Jun. 1998].

ALHEIT, K. 1990. Regsinligtingherwinning. *Codicillus*, 31(1):44-47, Mei.

ALTA VISTA. 1998. Alta Vista help. [Beskikbaar op Internet:] http://altavista.digital.com/av/continent/help.html

ASI
kyk
AMERICAN SOCIETY OF INDEXERS

AMERICAN SOCIETY OF INDEXERS. 1998. Indexing the Web. [Beskikbaar op Internet:] http://www.asindexing.org/webndx.html [Datum van gebruik: 20 Okt. 1998].

ANAGNOSTELIS, B. 1997. Thinking critically about information on the Web. *Vine,* 104:21-28. [Beskikbaar op Internet:] http://omni.ac.uk/agec/vine.htm [Datum van gebruik: 12 Jun. 1998].

ANON. 1999. The hybrid network: using Macintosh and Apple II computers together to access the Internet. [Beskikbaar op Internet:] http://apng.edu.tw/gsh/ednet/intacs4.htm [Datum van gebruik: 2 Feb. 1999].

ARDÖ, A. 1996. WAIS: no more updates. [Beskikbaar op Internet:] http://www.ub2.lu.se/auto/UDC.html [Datum van gebruik: 20 Okt. 1998].

BARRY, C.A. 1997. Information skills for an electronic world: training doctoral research students. *Journal of information science,* 23(3):225-238.

BEKKER, L. 1996. The Bar on the Internet. *Consultus*, 9(2):142-143, Nov.

BEKKER, L. 1997. Electronic legal research in South Africa. *Consultus*, 10(1):69-71, May.

BLACKMAN, J. 1998. How to use the Internet for legal research: excerpt from the book. [Beskikbaar op Internet:] http://www.internetlawyer.com/book/excerpt.html [Datum van gebruik: 31 Aug. 1998].

BLUNT, A. 1980. Law librarianship: outlines of modern librarianship. New York : Bingley. 126 p.

BOON, J.A. 1982. User evaluation of information retrieval systems: some methodological considerations. Pretoria : University of South Africa. (Miscellanea 33. *Mousaion II. 11.*)

BORG, W.R. & GALL, M.D. 1989. Educational research. 5th ed. New York : Longman. 418 p.

BOTLUK, D. 1997a. Search engines: what's your flavor? [Beskikbaar op Internet:] http://www.llrx.com/features/search.htm [Datum van gebruik: 6 Aug. 1998].

BOTLUK, D. 1997b. The legal list: research on the Internet. [Beskikbaar op Internet] http://www.lcp.com/The-Legal-List/ [Datum van gebruik:19 Jun. 1998].

BRADSHAW, R. 1997. Introducing ADAM: a gateway to Internet resources in art, design, architecture and media. *Program*, 31(3):251-267, Jul.

BREGMAN, R. 1997. LegalNet: a local Internet legal-resource guide for lawyers. *De rebus*, (350):165, Mar.

BROWN, R.O. 1997. Intranet technologies and issues: what you need to know. *Telecommunications*, 31(1):1-4, Jan.

BURDZIK, A. 1982. Introduction to the South African legal system: sources of the law. (*In* University of the Witwatersrand. An introduction to law librarianship: papers given at an occasional course of the department of librarianship and information science held in July-August 1982. Johannesburg. Occasional publications no. 9:1-15, Oct.)

BUTTERWORTHS. 1998. Judgements OnLine. [Beskikbaar op Internet] http://www.butterworths.co.za/lawrept/about.htm [Datum van gebruik: 18 Feb. 1998].

CHABOT, E. 1997. The complete Internet researcher: excerpt on the accuracy of Internet resources from Josh Blackman's how to use the Internet for legal research. [Beskikbaar op Internet:] http://www.law.ab.umd.edu/marshall/workshop/blackman.html [Datum van gebruik: 31 Aug. 1998].

CLEMSON, P.A. 1997. An inside approach to networked document cataloging. *Journal of Internet cataloging*, 1(2):57-64.

CLINCH, P. 1992. Using a law library: a student's guide to legal research skills. London : Blackstone. 252 p.

CNOSSEN, C. & SMITH, V.M. 1997. New technology: implications for legal research methodology. (*In* British & Irish Legal Education Technology Association. The future of legal education and practice. The 12th BILETA conference held on the 24th and 25th of March 1997 at Collingwood College, University of Durham.) [Beskikbaar op Internet:] http://www.law.warwick.ac.uk/html/97-6.html [Datum van gebruik: 16 Jun. 1998].

COHEN, L. 1998. Searching the Internet: recommended sites and search techniques. [Beskikbaar op Internet:] http://www.albany.edu/library/internet/search.html [Datum van gebruik: 23 Mei 1998].

COOPER, I. 1997. Indexing the world. [Beskikbaar op Internet:] http://stork.ukc.ac.uk/computer_science/Html/Pubs/IHC10-94/ [Datum van gebruik: 18 Okt. 1998].

COVER, R. 1000. The SGML/XML Web page: SGML/XML conferences, seminars, tutorials, workshops. [Beskikbaar op Internet:] http://www.oasis-open.org/cover/conf.html [Datum van gebruik: 3 Mei 1999].

CUFFE, N. 1997. Griffith University Faculty of Law: legal research techniques. [Beskikbaar op Internet:] http://www.gu.edu.au/gwis/law/legretec.html [Datum van gebruik: 11 Feb. 1998]

DAVIS, G.B. & HAMILTON, S. 1993. Managing information: how information systems impact organizational strategy. Burr Ridge, Ill. : Irwin Professional Publishing. 288. (The IRWIN/APICS library of integrated management.)

DAVIS, L. 1985. The function of a law librarian: law associations. *OSALL supplement,* (1):12-16, Sep.

DDC
kyk
DEWEY

DE MULDER, R.V.; VAN DEN HOVEN, M.J. & WILDEMAST, C. 1997. The concept of concept in 'conceptual legal information retrieval'. *Law technology journal*, 3(1). [Beskikbaar op Internet:] http://www.law.warwick.ac.uk/ltj/3-1c.html [Datum van gebruik: 29 Sep. 1998].

DESAI, B.C. 1995. The semantic header and indexing and searching on the Internet. [Beskikbaar op Internet:] http://www.cs.concordia.ca/~faculty/bcdesai/cindi-system-1.1.html [Datum van gebruik: 20 Okt. 1998].

DESAI, B.C. 1997. Supporting discovering in virtual libraries. *Journal of the American Society for Information Science*, 48(3):190-204, Mar.

DEWEY, M. 1851-1931 (1996). Dewey decimal classification and relative index volume 1. 4 vol. 21st ed. Albany : Forest Press. 625 p.

DILLON, M. & JUL, E. 1996. Cataloging Internet resources: the convergence of libraries and Internet resources. *Cataloging & classification quarterly*, 22(3/4):197-238.

DODD, D.G. 1996. Grass-roots cataloging and classification: food for thought from WWW subject orientated hierargical lists. *Library resources and technical services,* 40(3):275-286, Jul.

DOLIN, A., AGRAWAL, D., EL ABBADI, A. & PEARLMAN, J. 1998. Using automated classification for summarizing and selecting heterogeneous information sources. [Beskikbaar op Internet:] http://www.dlib.org/dlib/january98/dolin/01dolin.html [Datum die gebruik: 30 Sep. 1998].

DONG, X. & SU, L.T. 1997. Search engines on the World Wide Web and information retrieval from the Internet: a review and evaluation. *Online & CD-ROM review,* 21(2):67-80.

DOYLE, D. 1996. Competitive advantage and the Internet. *OSALL: newsletter for South African law libraries,* 7(9):13-22, Jun.

DOYLE, D. & DU TOIT, A. 1998. Knowledge management in a law firm. *ASLIB proceedings*, 50(1):3-8, Jan.

DU PLESSIS, L.M. 1990. Navorsingsmetodes en -tendense. (*In* Venter, F., *red.* Regsnavorsing: metode en publikasie. Kaapstad : Juta. p. 54-92.)

DU PLESSIS, L.M. & DU PLESSIS, A.G. 1995. Inleiding tot die reg. 2e uitg. Kenwyn : JUTA. 252 p.

DU PLESSIS, L.M. & VENTER, F. 1990. Grondbegrippe van regsnavorsing. (*In* Venter, F., *red.* Regsnavorsing: metode en publikasie. Kaapstad : Juta. p. 1-22.)

EISELEN, G.T.S. 1998. Samesprekings gedurende Februarie 1998. Potchefstroom. (Aantekeninge in besit van die outeur.)

ELDER, M. & WATERSTONE, M.B. 1998. Weaving your way through the Web: evaluating and searching Web index sites. [Beskikbaar op Internet:] http://www.lawlib.uh.edu/handi/webweave.html [Datum van gebruik: 12 Jun. 1998].

FINCH, H. 1990. Analysing qualitative material. (*In* Slater, M., *ed.* Research methods in library and information studies. London : The Library Association. p. 128-147.)

FITCHETT, T. 1997. The road to the virtual library: the Center for Electronic Text in the Law builds DIANA. *Journal of information, law and technology*, (3). [Beskikbaar op Internet:] http://elj.warwick.ac.uk/jilt/virtlib/97_3fitc/fitchett.TXT [Datum van gebruik: 10 Des. 1998].

FLORIDI, L. 1996. The Internet: which future for organized knowledge, Frankenstein or Pygmalion? *Electronic library,* 14(1):43-52.

GODBY, C.J. & REIGHART, R.R. 1998. The WordSmith toolkit. [Beskikbaar op Internet:] http://www.oclc.org/research/publications/review97/godby/godby_wordsmith.htm [Datum van gebruik: 19 Okt. 1998].

GREEFF, M. 1998. Kwalitatiewe navorsing. (Voordrag gelewer tydens 'n seminaar oor navorsingsmetodologie op 8-9 Mei 1998. Aangebied deur die Navorsingskomitee, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.) Potchefstroom. 7 p. (Ongepubliseer.)

GREENLEAF, G., MOWBRAY, A. & KING, G. 1997a. Public legal information via Internet: AustLII's first six months. *Law technology journal*, 4(2). [Beskikbaar op Internet:] http://www. law.warwick.ac.uk/ltj/ 4-2b.html [Datum van gebruik: 29 Aug 1998].

GREENLEAF, G., MOWBRAY, A. & KING, G. 1997b. The AustLIIpapers: new directions in law via the Internet. *Journal of information, law and technology*, (2). [Beskikbaar op Internet:] http://elj.warwick.ac.uk/jilt/legalinfo/97_2/gree/ [Datum van gebruik: 10 Des. 1998].

HARRIS, R. 1997. Evaluating Internet research sources. [Beskikbaar op Internet:] http://www.sccu.edu/RHarris/evalu8it.htm [Datum van gebruik: 21 Nov. 1998].

HEERY, R. 1996. Review of metadata formats. *Program*, 30(4):345-373, Oct.

HERSOVICI, M., JACOVI, M., MAAREK, Y.S., PELLEG, D., SHTALHAIM, M. & SIGALIT, U. 1998. The shark-search algorithm: an application tailored Web site mapping. [Beskikbaar op Internet:] http://www.elsevier.nl/cas/tree/store/comnet/free/www7/1849/com1849.htm [Datum van gebruik: 12 Okt. 1998].

HICKS, F.C. 1942. Materials and methods of legal research. 3rd rev. ed. Rochester, N.Y. : Lawyers Co-operative Publishers. 659 p.

HIOM, D. 1998. The Social Science Information Gateway: putting theory into practice. *Information research,* 4(1):1-6, Jul. [Beskikbaar op Internet:] http://www.shef.ac.uk/~is/publications/infres/ paper48.html [Datum van gebruik: 22 Jan. 1999].

HOFMAN, J. 1998. Is there a free lunch on the Internet? *De Rebus*, (361):22, Feb.

HOFMAN, P. & WORSFOLD, E. 1998. Desire - RE 1004: selection criteria for quality controlled information gateways. [Beskikbaar op Internet:] http://www.ukoln.ac.uk/metadata/ desire/quality/ [Datum van gebruik: 30 Okt. 1998].

HOLLIS. 199?. Harvard Online Library Information System. [Beskikbaar op Internet:] http://hplus.harvard.edu/alpha/HOLLIS.html [Datum van gebruik: 10 Aug. 1998]

HULTS, P. 1995. Noodling down the Internet: or one foot in the fast lane, the other stuck in the trenches. *Reference librarian*, (51/52):235-240.

ILRG
kyk
INTERNET LEGAL RESOURCE GUIDE

INFOSEEK. 1998. Help: how do I search? [Beskikbaar op Internet:] http://www.infosseek.com/Help?pg=HomeHelp.html [Datum van gebruik: 19 Aug. 1998].

INSTITUTE FOR LEGAL DOCUMENTATION. 1998. Institute for legal documentation of the Italian National Research Council: information technology and the law: an international bibliography. [Beskikbaar op Internet:] http://www.idg.fi.cnr.itita/idg/itlaw/class.htm [Datum van gebruik: 11 Des. 1998].

INTERNET LEGAL RESOURCE GUIDE. 1998. LawRunner: a legal research tool. [Beskikbaar op Internet] http://www.lawrunner.com [Datum van gebruik: 14 Aug. 1998].

JUTASTAT. 1998. The South African law reports: 1947 to current. [Beskikbaar op Internet:] http://www.jutastat.com/products/online/olsalr47.htm [Datum van gebruik: 29 Jul. 1998].

KATZ, A. 1997. LINK - the legal information network: a practitioners view. [Beskikbaar op Internet:] http://www.law.warwick.ac.uk/ltj/3-3j.html [Datum van gebruik: 1 Okt. 1998].

KLEYN, D.G. & VILJOEN, F. 1996. Beginnersgids vir regstudente. Kenwyn : Juta. 326 p.

KLOPPERS, M. 1991. The academic law library in S.A. with reference to UNISA law library. *Mousaion 3,* 9(1):111-121.

KOCH, T. 1996. Verbesserte Suchmechanismen im Internet: vorhandene Anzätze und das EU-Projekt DESIRE. [Beskikbaar op Internet:] http://www.ub2.lu.se/tk/demos/BFD9602.html [Datum van gebruik: 20 Okt. 1998].

KOCH, T. 1997. Verbesserung der Recherchemöglichkeiten im Internet: internationale Überblick. [Beskikbaar op Internet:] http://www.ub2.lu.se/tk/demos/DGD97.html [Datum van gebruik: 19 Okt. 1998].

KOCH, T. & DAY, M. 1997. The role of classification schemes in Internet resource description and discovery: work package 3 of telematics for research project DESIRE (RE 1004). [Beskikbaar op Internet:] http://www.ukoln.ac.uk/metadata/desire/classification/class_ti.htm [Datum van gebruik: 29 Okt. 1998].

KOCH, T., ARDÖ, A., BRÜMMER, A. & LUNDBERG, S. 1996. The building and maintenance of robot based Internet search services: a review of current indexing and data collection methods. [Beskikbaar op Internet:] http://www.ub2.lu.se/desire/radar/reports/D3.11v0.3/ [Datum van gebruik: 20 Okt. 1998].

KOH, G.S. 1995. Classification and the new technology: options in classification available through modern technology. *Cataloging and classification quarterly,* 19(3/4):195-211.

LARSEN, L.L. 1997. Information literacy: the web is not an encyclopedia. [Beskikbaar op Internet:] http://www.inform.udm.edu/LibInfo/literacy.html [Datum van gebruik; 15 Jun. 1998].

LAWRUNNER. 1998. A legal research tool. [Beskikbaar op Internet:] http://www.lawrunner.com [Datum van gebruik: 19 Aug. 1998].

LAWSON, J. 1998. Security for intranets and extranets. [Beskikbaar op Internet:] http://www.llrx.com/extras/security.htm [Datum van gebruik: 1999].

LEEDY, P.D. 1997. Practical research: planning and design. 6th ed. Upper Saddle River, N.J. : Prentice Hall. 304 p.

LEINER, B.M. *et al.* 1997. A brief history of the Internet. [Beskikbaar op Internet:] http://www.isoc.org/internet-history/brief.html [Datum van gebruik: 11 Jun. 1998].

LINE, M.B. 1982. Library surveys: an introduction to the use, planning, procedure and presentation of surveys. 2nd ed. London : Clive Bingley. 162 p.

LIU,S. & SVENONIUS, L. 1991. DORS: DDC online retrieval system. *Library resources and technical services,* 35(4):360.

LOUIS-JACQUES, L. 1997. Law lists on the Internet. [Beskikbaar op Internet] http://www.law.warwick.ac.uk/ltj/ltj3-2.html [Datum van gebruik: 21 Aug. 1998].

LOUIS-JACQUES, L. 1998a. Law lists. [Beskikbaar op Internet] http://www.uchicago.edu/~llou/lawlists/intro.html [Datum van gebruik: 20 Mrt. 1998].

LOUIS-JACQUES, L. 1998b. Legal research using the Internet. [Beskikbaar op Internet:] http://www.lib.uchicago.edu/~llou.mboctalk.html [Datum van gebruik: 12 Mei 1998].

LYNDEN, F.C. 1996. Tradeoffs or not: the pros and cons of the electronic library. *Electronic resources: implications for collection management,* 21(1):65-92.

McMILLAN, J.H. & SCHUMACHER, S. 1989. Research in education. 2nd ed. London : Scott, Foresman.

MICHALSON, L. 1996. The Internet and SA practice. *De Rebus*, (340):289-292, May.

MILLER, W. 1997. Let's straighten out the misconceptions about electronic information. *College and research libraries*: 6-7, Jan.

MILTON, J.R.L. 1991. Legal research methods. *OSALL newsletter for South African law libraries,* 5(5):6-12, Mar.

MONTEITH, J.L.de K. 1998. Vraelysontwerp, houdingskale, betroubaarheid en geldigheid van meetinstrumente. (Voordrag gelewer tydens 'n seminaar oor navorsingsmetodologie op 8-9 Mei 1998. Aangebied deur die Navorsingskomitee, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.) Potchefstroom. 10 p. (Ongepubliseer.)

MONTGOMERY, A. 1997. Using the Web effectively. [Beskikbaar op Internet:] http://www.Swan.ac.uk/library.using.htm [Datum van gebruik: 2 Feb. 1999].

MORRISON, H. 1997. Indexing the Web: an overview of current and proposed approaches. [Beskikbaar op Internet:] http://www.slis.ualberta.ca/598/heather/hmindex.htm [Datum van gebruik: 20 Okt. 1998].

NANFITO, M. 1999. The indexed Web: engineering tools for cataloging, storing and delivering web-based documents. *Information outlook*, 3(2):18-22, Feb.

NEL, S. 1997. Defamation on the Internet and other computer networks. *Comparative and international law journal of Southern Africa*, 30(2):155-174, Jul.

NETSCAPE NAVIGATOR. 1997. Netscape navigator: nethelp. [Beskikbaar op Internet:] file:///C|/ProgramFiles/Netscape...Nethelp/netscape/navigatr/nav.htm [Datum van gebruik: 22 Apr. 1998].

NICHOLSON, S. 1997. Indexing and abstracting on the World Wide Web: an examination of six Web databases. *Information technology and libraries*, 16(2):73-81, Jun.

OLIVIER, P.J.J. 1991. Law and the changing South Africa. *OSALL newsletter for South African Law Libraries*, 5(8):1-6, Dec.

OLSON, N. 1998. Cataloging Internet resources: a manual and practical guide. [Beskikbaar op Internet:] http://www.oclc.org/oclc/man/9256cat/comver.htm [Datum van gebruik: 26 Jan. 1998].

OSALL. 1994. Report of OSALL meeting on constitutional law sources and resources. *OSALL newsletter for South African law libraries*, 7(2):3-5, May.

OZOLIN, P.J. & BECKWIDTH, M. 1998. Knowledge discovery in Web-enabled databases and intranets /extranets. [Beskikbaar op Internet:] http://www.llrx.com/features/discovery.htm [Datum van gebruik: 19 Nov. 1998].

PACIFICI, S.I. 1997. Law librarians and their evolving role as information technology managers. [Beskikbaar op Internet:] http://www.llrx.com/features/evolving.htm [Datum van gebruik: 31 Aug. 1998].

PALIWALA, A. 1997. User needs in electronic law reporting: a research study of the law reports. *Journal of information, law and technology*, (2). [Beskikbaar op Internet:] http://elj.warwick.ac.uk/jilt/legalinfo/97_2pal/paliwala.TXT [Datum van gebruik: 10 Des. 1998].

PALOWITCH, C. & HOROWITZ, L. 1996. Meta-information structures for network information resources. *Cataloguing & classification quarterly*, 21 (3/4):109-130.

PASHA, M.A. & SOPER, P.J. 1996. Combining the strengths of information management technologies to meet the needs of legal professionals. [Beskikbaar op Internet:] http://elj.warwick.ac.uk/elj/jilt/itpract/2pasha/contents.htm [Datum van gebruik: 10 Des. 1998].

PICKHARD, M. 1998a. Legal research starting points. [Beskikbaar op Internet:] http://qsilver.queensu.ca/law/starting.htm [Datum van gebruik: 20 Apr. 1998].

PICKHARD, M. 1998b. Legal research starting points: secondary material. [Beskikbaar op Internet:] http://qsilver.queensu.ca/monper.htm [Datum van gebruik: 20 Apr. 1998].

PIENAAR, G.P. 1990. Die geskiedenis van SA regsnavorsing. (*In* Venter, F., *red.* Regsnavorsing: metode en publikasie. Kaapstad : Juta. p. 23-53.)

PIENAAR, G.P. & VENTER, F. 1990. Die bronne van die reg. (*In* Venter, F., *red.* Regsnavorsing: metode en publikasie. Kaapstad : Juta. p. 118-135.)

PIKOWSKY, R.A. 1999. A bibliographic essay on law-related Internet sites. *Serials librarian*, 35(3):77-97.

PITTER, K. & MINATO, R. 1996. Every student's guide to the World Wide Web. New York : McGraw-Hill. 146 p.

PLATT, N. 1998. Knowledge management: can it exist in a law office. [Beskikbaar op Internet:] http://www.llrx.com/features/km.htm [Datum van gebruik: 11 Des. 1998].

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS. 1995. Handleiding vir nagraadse studie. 9e uitg. Potchefstroom. 68p. (S104/95.)

POULTER, A. 1997. The design of World Wide Web search engines: a critical overview. *Program,* 31(2):131-145, Apr.

POWELL, R.P. 1991. Basic research methods for librarians. 2nd ed. Norwood, N.J. : Ablex Publishing. 213 p.

PU vir CHO
kyk
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ROSZKOWSKI, M. & LUKAS, C. 1998. A distributed architecture for resource discovery using metadata. [Beskikbaar op Internet:] http://www.dlib.org/dlib/june98/scout/06roszkowski.html [Datum van gebruik: 30 Sep. 1998].

ROZNOVSCHI, M. 1998. Guide to european legal databases. [Beskikbaar op Internet:] http://www.llrx.com/features/europe.htm [Datum van gebruik: 4 Sep. 1998].

RUSSELL, M.R. 1989. Information as a resource for the legal community. *OSALL newsletter for South African law libraries,* 4(10):14-20, Nov.

SCHOLZ-CRANE, A. 1998. Evaluating World Wide Web information. [Beskikbaar op Internet:] http://crab.rutgers.edu/~scholzcr/eval.html [Datum van gebruik: 5 Aug. 1998].

SCHWARTZ, R. 1997. Uniform Resource Identifiers and the effort to bring "bibliographic control" to the Web: an overview of current progress. *Bulletin of the American Society for Information Science*: 12-27, Oct./Nov.

SHAFER, K. 1997a. Scorpion helps catalog the Web. *Bulletin of the American Society for Information Science,* 24(1):28-29.

SHAFER, K. 1997b. Scorpion helps catalog the Web. [Beskikbaar op Internet:] http://orc.rsch.oclc.org: 6109/b-asis.html [Datum van gebruik: 23 Apr. 1998].

SIDORKO, P. 1998. An introduction to legal research. [Beskikbaar op Internet:] http://wwwlib.newcasle.edu.au/faculty/law/intro.html [Datum van gebruik: 5 Mei 1998]

SLATER, M. 1990. Qualitative research. (*In* Slater, M., *ed.* Research methods in library and information studies. London : The Library Association. p. 107-127.)

SMITH, A.G. 1997. Criteria for evaluation of Internet information resources. [Beskikbaar op Internet:] http://www.vuw.ac.nz/~agsmith/evaln/index.htm [Datum van gebruik: 11 Aug. 1998].

SNAVELY, L. & COOPER, N. 1997. The information literacy debate. *Journal of academic librarianship,* 23(1):9-13, Jan.

STANLEY, T. 1998. Search engines corner: meta-searching on the Web. [Beskikbaar op Internet:] http://www.ariadne.ac.uk/issue14/search-engines/intro.html [Datum van gebruik: 27 Jul. 1998].

STARK, I. 1998. Bibliographic management. [Beskikbaar op Internet:] http://www.ukoln.ac.uk/bib-man/papers/ [Datum van gebruik: 24 Aug. 1998].

STIGTING VIR AFRIKAANS. 1997. Taalnuus: Afrikaanse rekenaar- en Internetterme. [Beskikbaar op Internet] http://www.afrikaans.com/taal.html [Datum van gebruik: Jan. - Aug. 1998].

SURRENCY, E.C. 1966. A guide to legal research. New York : Oceana Publications. 128 p.

SUSSKIND, R. 1997. LINK - the legal information network: user's views. *Law technology journal*, 3(3). [Beskikbaar op Internet:] http://www.law.warwick.ac.uk/ltj/3-3j.html [Datum van gebruik: 1 Okt. 1998].

TAUBES, G. 1998. Indexing the Internet. [Beskikbaar op Internet:] http://www.edoc.com/aaas/computers/webindex.html [Datum van gebruik: 20 Okt. 1998].

THOMPSON, R., SHAFER, K. & VIZINE-GOETZ, D. 1997. Evaluating Dewey concepts as a knowledge base for automatic subject assignment. [Beskikbaar op Internet:] http://orc.rsch.oclc.org:6109/eval_dc.htm [Datum van gebruik: 30 Sep. 1998].

TYBURSKI, G. 1997a. In search of "good" law on the 'net. [Beskikbaar op Internet:] http://www.llrx.com/columns/federal.htm [Datum van gebruik: 31 Aug. 1998].

TYBURSKI, G. 1997b. Publishers wanted, no experience necessary: information quality on the Web. [Beskikbaar op Internet:] http://www.llrx.com/columns/quality.htm [Datum van gebruik: 31 Aug. 1998].

TYBURSKI, G. 1997c. The complete Internet researcher: advanced strategies and techniques. Topical research: an overview. [Beskikbaar op Internet:] http://aall.wuacc.edu/products/crab/text/topical.htm [Datum van gebruik: 4 Mei 1999.]

TYBURSKI, G. 1998. The virtual chase: information quality. [Beskikbaar op Internet:] http://www.virtualchase.com/Quality.html [Datum van gebruik: 20 Aug. 1998].

UNIACKE, C. 1998. Butterworths: Internet products and services. [Beskikbaar op Internet:] http://www.butterworths.co.za/catalog/internet/intro.html [Datum van gebruik: 29 Jul. 1998].

VAN BRAKEL, P. 1996. Enhancing scholarly communication: a personal home page on the World Wide Web. *South African journal of librarianship and information science*, 64(4):199-204.

VAN DER WALT, A.J. & VENTER, F. 1990. Die publikasie van navorsingsresultate. (*In* Venter, F., *red.* Regsnavorsing: metode en publikasie. Kaapstad : Juta. p. 301-321.)

VAN DER WALT, C.F.C. 1990. Die regsvergelykende metode. (*In* Venter, F., *red.* Regsnavorsing: metode en publikasie. Kaapstad : Juta. p. 206-244.)

VAN DER WALT, E.J. 1992. Die universiteitsbiblioteek en opleiding in literatuurstudie vir navorsing. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie - M.Bibl.) 149 p.

VAN DER WALT, E.J. 1998a. Wetenskaplike vaardighede: inligtinggeletterdheid (INL 111). Potchefstoom : PU vir CHO. 155 p. (Studiegids D147/98.)

VAN DER WALT, E.J. 1999. Internet: searching the World Wide Web. Potchefstroom : PU vir CHO. 62 p. (Scientific Skills Series.)

VAN DER WALT, M.S. 1998b. Snuffelgidse op die Web: die gebruik van klassifikasie vir die organisering van inligtingsbronne op die Internet. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir biblioteek en inligtingkunde*, 66(2):56-66, Jun.

VAN DER WESTHUIZEN, S. 1997. Opleidingsessie in die gebruik van die World Wide Web. [Beskikbaar op Internet:] http://www.puk.ac.za/fpbWeb/tutorial1.html [Datum van gebruik: 2 Feb. 1998].

VAN RIJSBERGEN, C.J. 1998. Information retrieval. [Beskikbaar op Internet:] http://www.iro.umontreal.ca/~nie/IR-book/ [Datum van gebruik: 12 Okt. 1998].

VAN ZYL, F.J. & VAN DER VYVER, J.D. 1982. Inleiding tot die regswetenskap. 2e uitg. Durban : Butterworth. 669p.

VELLUCCI, S.L. 1997. Options for organizing electronic resources: the coexistence of metadata. *Bulletin of the American Society for Information Science,* 24(1):14-17.

VENTER, F. 1990. Navorsingsbeplanning en -ondersteuning. (*In* Venter, F., *red.* Regsnavorsing: metode en publikasie. Kaapstad : Juta. p. 99-116.)

VENTER, F., *red.* 1990. Regsnavorsing: metode en publikasie. Kaapstad : JUTA. 429 p.

VIZINE-GOETZ, D. 1996a. Classification research at OCLC. [Beskikbaar op Internet:] http://www.oclc.org/oclc/research/publication/review96/class.htm [Datum van gebruik: 19 Okt. 1998].

VIZINE-GOETZ, D. 1996b. From book classification to knowledge organization: improving Internet resource description and discovery. *Bulletin of the American Society for Information Science,* 24(1):24-27.

VIZINE-GOETZ, D. 1996c. Online classification: implications for classifying and document(-like object) retrieval. [Beskikbaar op Internet:] http://orc.rsch.oclc.org:6109/dvgisko.htm [Datum van gebruik: 25 Sep. 1998].

VIZINE-GOETZ, D. 1996d. Using library clasification schemes for Internet resources. [Beskikbaar op Internet:] http://www.oclc.org/oclc/man/colloq/v-g.htm [Datum van gebruik: 29 Sep. 1998].

WALL, D.S. 1998. Information technology and the shaping of legal practice in the UK. (*In* British & Irish Legal Education Technology Association. The changing jurisdiction. The 13th BILETA conference held on the 27th and 28th of March 1998 at Trinity College, Dublin.) [Beskikbaar op Internet:] http://www.bileta.ac.uk/98papers/wall.html [Datum van gebruik: 27 Jul. 1998].

WAT
kyk
WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL

WEINBERG, B.H. 1996. Complexity in indexing systems; abandonment and failure: implications for organizing the Internet. [Beskikbaar op Internet:] http://www.asis.org/annual-96/ElectronicProceedings/ weinberg.html [Datum van gebruik: 20 Okt. 1998].

WHARTON'S LAW LEXICON. 1938. Warthon's law lexicon forming an epitome of the laws of England under statute and case law, and containing explanations of technical terms and phrases ancient, modern and commercial, with selected titles relating to the Civil, Scots and Indian law. 14th ed. London : Law Publishers. 1079 p.

WOLMARANS, I.S. & EKSTEEN, J.J. 1987. Behoeftebepaling: besin voor jy begin. Johannesburg : Gutenberg Boekdrukkers. 143 p.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1961. Hermeneutiek - heuristiek. Deel 4. Pretoria : Staatsdrukker. 731 p.

YOUNG, M. 1997. LINK - the legal information network: an academic view. [Beskikbaar op Internet:] http://www.law.warwick.ac.uk/ltj/3-3j.html [Datum van gebruik: 1 Okt. 1998].

ALFABETIESE URL-LYS

ALL LAW - onderwerpsgids

http://www.AllLaw.com/

ALL SOUTH AFRICAN LAW REPORTS

http://www.lawreports.co.za/

ALTA VISTA - soekenjin

http://www.altavista.com/

AMERICAN BAR ASSOCIATION

http://www.abanet.org

ARBITRATION FOUNDATION OF SOUTHERN AFRICA

http://www.arbitration.co.za

ARCHIE

http://www.lerc.nasa.gov/archieplex

AUSTLII: Australasian Legal Information Institute

http://bar.austlii.edu.au/

AUSTRLALIAN COURTS & LEGISLATION

http://www.ula.gov.au/oz/gov/leg.html

BIBLIOTEEKKATALOGUSSE - lys

http://www.lcp.com/The-Legal-List/

BUTTERWORTHS - regsuitgewers

http://www.butterworths.co.za

BUTTERWORTHS: All South African Law Reports - Words and phrases

http://www.butterworths.co.za/allsa/index.htm

BUTTERWORTHS: WORDS AND PHRASES - Demonstrasie webruimte

http://www.butterworths.co.az/demo/lists/word.htm

CORNELL - The Legal Information Institute at Cornell

http://www.law.cornell.edu

CORNELL LAW SCHOOL - The Legal Information Institute

http://www.law.cornell.edu/clr/lawlinks.htm

DESIRE - RE 1004: Selection criteria for quality controlled information gateways

http://www.ukoln.ac.uk/metadata/desire/quality/

ELSEVIER - uitgewer

http://www.elsevier.com

FINDLAW - onderwerpsgids

http://www.findlaw.com

FISH-SEARCH ALGORITHM

http://www.elsevier.nl/cas/tree/store/comnet/free/www7/1849.com1849.htm

FORUM DEUTSCHES RECHT

http://www.recht.de/recht/forum/

GATEWAY SERVICES AND COMPREHENSIVE LAW SITES

http://www.sas.ac.uk/ials/lawsites.htm

GOPHER

http://galaxy.einet.net/gopher/gopher.html

HARVARD UNIVERSITY: LAW SCHOOL - telnet

telnet://hollis.harvard.edu

HIEROS GAMOS: The Comprehensive Legal and Government Portal

http://hg.org/

HOUSE OF REPRESENTATIVES LAW LIBRARY

http://law.house.gov

ILRG: Internet Legal Resource Guide

http://irlg.com/

INDEX TO GOVERNMENT INFORMATION

http://www.polity.org.za/gnuindex.html

INFOLAW: Gateway to UK legal Internet

http://www.infolaw.co.uk/

INFOSEEK - soekenjin

http://www.infoseek.com/

INTERNATIONAL FEDERATION OF LIBRARY ASSOCIATIONS' DIGITAL LIBRARIES

http://www.nlc-bnc.ca/ifla/II/metadata.htm

INTERNATIONAL LEGAL RESOURCE GUIDE - onderwerpsgids

http://www.ilrg.com/

THE INTERNET LAWYER - Microsoft Corporation: survey questionnaire

http://www.internetlawyer.com/surform.htm

INTERNET PRODUCTS

http://www.jutastat.com/OLProducts.htm

JUDGEMENTS ONLINE

http://www.butterworths.co.za/lawrept/about.htm

JUTASTAT - regsuitgewers

http://www.jutastat.com

LAW FIRMS AND LAWYERS

http://www.findlaw.com/14firms/index.html

LAW LINKS

http://www.lawsa.co.za/links.htm

LAW LISTS

http://www.lib.uchicago.edu/~llou/lawlists/intro.html

LAWCRAWLER - soekenjin

http://www.lawcrawler.com

LAWRUNNER - onderwerpsgids

http://www.lawrunner.com/

LAWRUNNER GLOBAL INDEX

http://www.ilrg.com/nations/

LegalNET

http://www.legalnet.co.za/nmframe.html

LEGISLASIE

http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/1998/index.html

LEGISLATION

http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/index.html

LIBRARY OF CONGRESS GUIDE TO LAW ONLINE

http://lcweb2.loc.gov/glin/worldlaw.html

LIST OF LAW SCHOOLS AND ACADEMIC LAW LIBRARIES

http://www.lcp.com/The-Legal-List/ch4c.html

LISTSERV - nuusgroepe

http://www.lib.uchicago.edu/~llou/lawlists.txt

LLRX: Guide to European Legal Databases

http://www.llrx.com/features/europe.htm

INFERENCE FIND - soekenjin

http://www.infind.com/infind/

PRETORIA BAR ASSOCIATION

http://www.pretoriabar.co.za

SEMANTIC HEADER ENTRY FORM

http://www.cs.concordia.ca/~grad/mechoue/entry2.html

SOSIG: Social Science Information Gateway - LAW

http://www.sosig.ac.uk/roads/subject-listing/World-cat/law.html

SOUTH AFRICAN CONSTITUTIONAL COURT NOTIFICATION LIST

http://www.law.wits.ac.za/ccnotify.html

SOUTH AFRICAN GOVERNMENT INTERNET SITES

http://www.polity.org.za/lists/govsites.html

SOUTH AFRICAN LAW FIRMS ONLINE

http://www.pix.za/hlp/salu/indices.htm

SOUTH AFRICAN LAW UPDATE

http://www.pix.za/hlp/salu/

SOUTH AFRICAN LEGAL MATERIALS AND LINKS

http://www.law.wits.ac.za/salinks.html

SOUTH AFRICAN LEGISLATION

http://www.polity.org.za/govdocs/legislation/

TAX ANALYSTS DISCUSSION GROUP

http://www.tax.org/notes/default.htm

TELNET- adreslys

http://www.lcp.com/The-Legal-List/ch4c.html

THOMAS: Legislative information on the Internet

http://thomas.loc.gov/home/thomas2.html

USENET - nuusgroepe

http://www.lib.uchicago.edu/~llou/lawlists/newsgroups.html

WEB OF ONLINE DICTIONARIES

http://www.facstaff.bucknell.edu/rbeard/diction.html

WITS LAW SCHOOL

http://www.wits.ac.za/law/

WORLD WIDE WEB VIRTUAL LIBRARY - LAW

http://www.law.indiana.edu/law/v-lib/lawindex.html

YAHOO - Web-onderwerpsgids

http://www.yahoo.com

ZAZOO - Web-onderwerpsgids

http://www.wna.co.za/zazoo/

My opregte dank en waardering word aan die volgende persone betuig

my familie vir hul gebede, liefde en ondersteuning
my studieleier vir haar hulp en aanmoediging
my vriende vir hul belangstelling en humor
spesiale dank aan Stef vir sy begrip
aanmoediging en opoffering

die grootste dank en lof aan God vir
Sy liefde en genade ~ Psalm 139 ~
"Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.
Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit,
U ken my gedagtes nog voordat hulle
by my opgekom het. Of ek reis en of
ek oorbly, U bepaal dit. U is met al
my paaie goed bekend. Daar is nog
nie 'n woord op my tong nie of U, Here,
weet wat dit gaan wees. U omsluit my
van alle kante, U neem my in besit.
Dié wete oorweldig my, dit is te hoog
vir my begrip."